# NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE IN DIE PREDIKING VAN DIE BLOEMFONTEINSE APOSTOLIESE GELOOFSENDING

MARéSA LOTTER

Hierdie verhandeling word voorgelê ingevolge die vereistes van die graad
M.A. (Kommunikasiekunde) in die
Departement Kommunikasiewetenskap in die Fakulteit Geesteswetenskappe
aan die Universiteit van die Vrystaat

Mei 2011

Studieleier: Me. W. Marais
Mede-studieleier: Prof. J.C. de Wet

**VERKLARING**

Ek verklaar dat die verhandeling wat hiermee ingedien word vir die kwalifikasie M.A. (Kommunikasiekunde) aan die Universiteit van die Vrystaat my eie, onafhanklike werk is en dat ek nie voorheen dieselfde werk vir ‘n kwalifikasie aan/in ‘n ander universiteit/fakulteit ingedien het nie. Ek erken dat outeursreg van hierdie verhandeling aan die Universiteit van die Vrystaat behoort.

Naam: Marésa Lotter

Datum: Mei 2011

# Abstrak

Die mens is baie vatbaar vir die retoriese mag van narratiewe kommunikasie. Narratiewe kommunikasie is ‘n organiseringselement wat mense help om sin te maak van die wêreld waarin hulle leef. Retoriek is die toepassing van rede tot verbeelding om die wil in beweging te bring. In die wêreld van religieuse kommunikasie, veral kommunikasie binne die Christelike lewensbeskouing, word narratiewe kommunikasie gereeld gebruik as ‘n retoriese strategie. Die Apostoliese Geloofsending (AGS) is die oudste en grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika. Die primêre doelwit van die studie was om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes te ontleed. Die navorsingsvraag is hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie manifesteer in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes. Sekondêre doelwitte was om die frekwensie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te meet, om te bepaal watter narratiewe storie-elemente en stylelemente gebruik word; en om te bepaal of daar ’n verskil in die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is. Twaalf preke, drie oggenddiens-preke en drie aanddienspreke van twee pastore van verskillende gemeentes, is deur sigbare waarneming en inhoudsanalise ondersoek. Daar is video-opnames van al die preke gemaak sodat die navorser weer deur die preke kon gaan om die resultate te bevestig. Inhoudsanalise was die primêre navorsingsmetode tydens hierdie studie. Tydens die kerkdienste het die navorser die waarnemer-as-deelnemer rol ingeneem. Daar is verskeie elemente om ’n teks as “narratief” te kwalifiseer en te identifiseer. Hierdie elemente word “storie-elemente” genoem, aangesien hulle hoofsaaklik voorkom as deel van ’n verhaal of vertelling. Voorbeelde van storie-elemente is storielyn, narratiewe ligging en ervaringsnarratief. Indien die kommunikator die verbeelding van die gehoor wil aangryp en hulle emosioneel by die boodskap wil betrek, moet daar veral aandag aan die styl van die kommunikasie-aksie of vertelling gegee word. Selfs al is daar nie ’n volledige vertelling teenwoordig nie, maar van hierdie stylelemente word gebruik, kan die kommunikasie-aksie as narratief beskou word. Hierdie narratiewe stylelemente sluit ook sekere taalelemente en nie-verbale elemente in. Die eenheid van analise vir hierdie studie was die narratiewe storie-elemente en stylelemente wat voorgekom het in die twaalf preke. Hierdie elemente is uit die literatuurstudie geïdentifiseer. Die

kategorieë van analise was die storie-elemente en stylelemente. Vir die doel van hierdie studie is daar gesê dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in ‘n preek aangewend word wanneer daar 50 % van die narratiewe storie-elemente of 50 % van die narratiewe stylelemente binne ‘n spesifieke preek gebruik word. Daar is tydens elke geanaliseerde preek aan hierdie minimum vereiste voldoen en dus kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens elke preek aangewend is. Die narratiewe storie-elemente wat die meeste gebruik is, is inleiding, gevolglike verbindings, protagonis en narratiewe ligging. Die gebruik van humor, die gebruik van metafore en die self-openbaring van die verteller is die stylelemente wat die meeste voorgekom het. Daar is in totaal baie meer van die narratiewe stylelemente gebruik gemaak as van die narratiewe storie-elemente. Die enigste verskil in die gebruik van narratiewe kommunikasie, wanneer daar gekyk word na die oggenddienste en aanddienste, is dat daar tydens die oggenddienste meer gefokus word op die gebruik van narratiewe stylelemente as tydens die aanddienste. Daar is gevind dat die predikante se kennis oor die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking beperk is. Uit die literatuurstudie het dit egter geblyk dat narratiewe kommunikasie baie effektief as ‘n retoriese strategie tydens prediking aangewend kan word. Die samestelling van ‘n narratiewe model vir prediking in die AGS, sowel as in ander denominasies, kan dus in die toekoms van groot nut wees.

**Sleutelterme**

Narratiewe kommunikasie

Retoriese strategie

Retoriek

Religieuse kommunikasie

Prediking

Apostoliese Geloofsending

Inhoudsanalise

Sigbare waarneming

Narratiewe stylelemente

Narratiewe storie-elemente

# Abstract

Human beings are susceptible to the rhetorical power of narrative communication. Narrative communication is an organisational element that helps people to make sense of the world they live in. Rhetoric is the application of reason to imagination to bring the human will into movement. In the world of religious communication, especially communication within the Christian philosophy, narrative communication is used as a rhetorical strategy regularly. The Apostolic Faith Mission (AFM) is the oldest and biggest Pentecostal church in South Africa. The primary aim of the study was to analyse the use of narrative communication as rhetorical strategy within the preaching of the traditional Afrikaans-speaking Apostolic Faith Mission congregations in Bloemfontein. The research question is how narrative communication manifests as a rhetorical strategy in the preaching of the traditional Afrikaans-speaking Apostolic Faith Mission (AFM) congregations in Bloemfontein. Secondary aims of the study were to measure the frequency of narrative communication as rhetorical strategy in the preaching of the Apostolic Faith Mission in Bloemfontein; to determine which narrative story elements and style elements are used; and to determine whether there is a difference in the application of narrative communication during the morning services and the evening services. Twelve sermons, three morning sermons and three evening sermons of two pastors of different congregations, were analysed by overt observation and content analysis. Video recordings were made of all the sermons in order for the researcher to go through all of the sermons again to verify the results. Content analysis was the primary research strategy during this study. During the church services, the researcher fulfilled the observer-as-participant role. There are different elements to qualify and identify a text as “narrative”. These elements are called “story elements”, seeing that they usually form part of a story. Storyline, narrative location and experience narrative are examples of story elements. If the communicator wants to capture the imagination of the audience and if he wants to get them emotionally involved in the message, he must pay attention to the style of the communication action. The communication action can be seen as narrative if these style elements are applied, even if there is not a complete story present. These narrative style elements include certain language elements and non-verbal elements. The unit of analysis for this study was the narrative story elements and style elements that were found in die twelve sermons. These elements were identified in the literature study. The categories of analysis were the story elements and the style elements. For the sake of this study, it was said that narrative communication was

applied as a rhetorical strategy in a sermon when 50% of the identified narrative story elements or 50% of the identified narrative style elements were found within that sermon. This sub-minimum was met in every analysed sermon and thus it can be said that narrative communication was applied as rhetorical strategy during every sermon. Introduction, causal relations, protagonist and narrative location are the narrative story elements that were used most frequently. The use of humour, the use of metaphors and the self revelation of the storyteller are the style elements that were used most frequently. Narrative style elements were used more frequently than narrative story elements. The only difference between the use of narrative communication in the morning services and in the evening services was that narrative style elements were used more frequently during the morning services than during the evening services. The pastors' knowledge about the use of narrative communication during preaching was limited. However, the literature study showed that narrative communication can be applied as a rhetorical strategy during preaching with great success. Thus, the construction of a narrative model for preaching in the AFM, and in other denominations, could be useful.

**Key Terms**

Narrative communication

Rhetorical strategy

Rhetoric

Religious communication

Preaching

Apostolic Faith Mission

Content analysis

Overt observation

Narrative style elements

Narrative story elements

***VIR MAMMA***

# INHOUDSOPGAWE


Bladsynommer

**HOOFSTUK EEN: INLEIDING** **1**

1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 3

1.2.1 Primêre doelwit en navorsingsvraag 3

1.2.2 Sekondêre doelwitte 4

1.3 NAVORSINGSONTWERP 4

1.4 OPERASIONELE DEFINISIES VAN SLEUTELTERME 6

1.5 TEORETIESE GRONDSLAG 7

1.6 WAARDE VAN DIE NAVORSING 8

1.7 KORT OORSIG OOR DIE HOOFSTUKKE 9

1.8 AANHANGSELS EN VERWYSINGS 10

**HOOFSTUK TWEE: NARRATIEWE KOMMUNIKASIE** **12**

2.1 INLEIDING 12

2.2 OMSKRYWING VAN "NARRATIEF" AS BEGRIP 13

2.3 NARRATIEWE TEORIE VAN KOMMUNIKASIE 15

2.4 GESKIEDENIS VAN NARRATIEWE TEORIE 16

2.5 NARRATIEWE TEORIE – IN-DIEPTE ONDERSOEK 18

2.5.1 Alle mense is storievertellers 19

2.5.2 Alle vorme van menslike kommunikasie moet fundamenteel as stories gesien word 19

2.5.3 Mense gebruik "goeie redes" as redes vir hul optredes en aannames 19

2.5.4 Mense gebruik narratiewe logika om kommunikasie te evalueer 20

2.5.5 Mense skep en herskep realiteit deur versamelings stories waaruit hul voortdurend moet kies om sodoende die lewe voluit te leef 20

2.6 TEORETIESE KONSEPTE VAN NARRATIEWE TEORIE 21

2.6.1 Basiese konsepte 22

2.6.1.1 *Vertelling of Storie* 22

2.6.1.2 *Logiese redes* 23

2.6.1.3 *Goeie redes* 23

2.6.2 Strukturele konsepte 24

2.6.2.1 *Boodskap-struktuur-konsepte: Karakterisering* 25

2.6.2.2 *Boodskap-struktuur-konsepte: Storielyn (Intrige)* 26

2.6.2.3 *Boodskap-struktuur-konsepte: Plek van aanbieding* 26

2.6.2.4 *Dinamiese-struktuur-konsepte: Idealistiese/moralistiese mite* 27

2.6.2.5 *Dinamiese-struktuur-konsepte: Materialistiese mite* 27

2.6.2.6 *Kommunikator-struktuur-konsepte: Storieverteller* 28

2.6.2.7 *Kommunikator-struktuur-konsepte: Gehoor* 29

2.6.2.8 *Medium-struktuur-konsepte: Ontvanklike Demokratiese Samelewing* 29

2.6.3 Evaluering van stories deur die gebruik van die Narratiewe teorie 29

2.6.3.1 *Gehoor* 30

2.6.3.2 *Narratiewe waarskynlikheid* 30

2.6.3.3 *Narratiewe getrouheid* 31

2.7 STREKKING EN KRAG VAN NARRATIEWE TEORIE 33

2.8 KRITIEK TEEN NARRATIEWE TEORIE 33

2.8.1 Nie 'n algemene kommunikasieteorie nie 34

2.8.2 Lei nie tot nuwe kennis nie 34

2.8.3 Narratiewe waarskynlikheid bestaan nie 34

2.8.4 Verkleineer rasionaliteit 35

2.9 NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS KOMMUNIKASIEMODUS 35

2.9.1 Aangesig-tot-aangesig narratiewe 38

2.9.2 Standaardstorie 39

2.10 NARRATIEWE ELEMENTE 39

2.10.1 Gehoor 40

2.10.2 Tyd 40

2.10.3 Struktuur 41

2.10.4 Verteller 47

2.10.5 Geïmpliseerde outeur 49

2.10.6 Karakter 50

2.10.7 Ligging 53

2.10.8 Rame 54

2.10.9 Oriëntasies 55

2.11 NARRATIEWE STYL 55

2.11.1 Klank 56

2.11.2 Gebare 57

2.11.3 Stilstaande prente 58

2.11.4 Musiek 60

2.11.5 Digitale media 61

2.11.6 Parateks 64

2.11.7 Mites, geskiedenis, legendes 64

2.11.8 Metafore 65

2.11.9 Temas en motiewe 65

2.11.10 Outobiografiese openbaring 65

2.12 INTERPRETASIE VAN NARRATIEWE 66

2.12.1 Intensionele benadering 66

2.12.2 Simptomatiese benadering 67

2.13 DOEL EN GEBRUIK VAN NARRATIEWE 68

2.14 SAMEVATTING 69

**HOOFSTUK DRIE: NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE BINNE PREDIKING 71**

3.1 INLEIDING 71

3.2 OMSKRYWING VAN "RETORIEK" EN "RETORIESE STRATEGIE" AS BEGRIPPE 71

3.3 HISTORIESE KONTEKS VAN RETORIEK 73

3.4 RETORIEK AS WYSE VAN KOMMUNIKASIE 75

3.4.1 Retoriese appèlle 76

3.4.2 Identifikasie 77

3.4.3 Vyf leerstellinge (kanons) van retoriek 78

3.4.4 Drie soorte retoriese toesprake 79

3.4.5 Retoriese style 80

3.4.6 Retoriek en verbale boodskappe 84

3.4.6.1 *Neem menslike emosies in ag* 84

3.4.6.2 *Wees rasioneel* 86

3.4.6.3 *Toon geloofwaardigheid* 88

3.4.7 Retoriek en nie-verbale boodskappe 89

3.4.8 Interpretasie van retoriese boodskappe 90

3.5 ROL VAN RETORIEK IN DIE EEN-EN-TWINTIGSTE EEU 91

3.6 NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE 92

3.6.1 Analogie en Metafoor as retoriese strategie 94

3.6.2 Gebruik van temas as retoriese strategie 95

3.6.2.1 *Gebruik van kort sinne as ‘n retoriese strategie* 96

3.6.2.2 *Gebruik van eenvoudige woorde as ‘n retoriese strategie* 96

3.6.2.3 *Gebruik van direkte rede as retoriese strategie* 97

3.6.2.4 *Gebruik van uitroepe as retoriese strategie* 97

3.6.2.5 *Gebruik van herhaling, alliterasie en assonansie as retoriese strategie* 98

3.6.2.6 *Gebruik van temporale oorgangswoorde as retoriese strategie* 99

3.6.3 Gebruik van humor as retoriese strategie 100

3.6.4 Gebruik van onomatopieë en sintuiglike waarnemings as retoriese strategieë 100

3.6.5 Gebruik van historiese konteks as retoriese strategie 101

3.7 INTERPRETASIE VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE 101

3.8 OMSKRYFWING VAN ‘RELIGIEUSE KOMMUNIKASIE’ EN ‘PREDIKING’ AS BEGRIPPE 103

3.9 PREDIKING EN DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE 105

3.10 VOORDELE VAN DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS PREDIKING 108

3.11 PROBLEME EN GEVARE MET DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS PREDIKING 110

3.12 TEGNIEKE EN RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE TYDENS PREDIKING 113

3.13 SAMEVATTING 119

**HOOFSTUK VIER: DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA (AGS) 122**

4.1 INLEIDING 122

4.2 NAAM VAN DIE KERK 122

4.3 KORT GESKIEDENIS VAN DIE KERK 123

4.4 AGS VANDAG 127

4.5 MISSIE VAN DIE AGS 131

4.6 GRONDWET VAN DIE AGS 132

4.7 AGS IN BLOEMFONTEIN 132

4.7.1 AGS Siloam 132

4.7.2 AGS Jubilate 135

4.8 SAMEVATTING 137

**HOOFSTUK VYF: NAVORSINGSMETODOLOGIE** **139**


5.1 INLEIDING 139

5.2 INHOUDSANALISE 139

5.2.1 Voordele van die gebruik van inhoudsanalise 143

5.2.2 Nadele van die gebruik van inhoudsanalise 144

5.3 VELDWAARNEMING 145

5.3.1 Voordele van die gebruik van veldwaarneming 147

5.3.2 Nadele van die gebruik van veldwaarneming 148

5.4 FORMULERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG 150

5.4.1 Primêre doelwit 150

5.4.2 Sekondêre doelwitte 150

5.5 STEEKPROEF EN LOODSONDERSOEK 151

5.6 EENHEID VAN ANALISE TYDENS DIE INHOUDSANALISE 152

5.6.1 Narratiewe storie-elemente 152

5.6.1.1 *Storielyn* 152

5.6.1.2 *Inleiding* 153

5.6.1.3 *Katalisator* 153

5.6.1.4 *Spanning en klimaks* 153

5.6.1.5 *Ontknoping van die konflik* 153

5.6.1.6 *Onverwagse wending van gebeure* 154

5.6.1.7 *Gevolglike verbindings* 154

5.6.1.8 *Karakterisering* 154

5.6.1.9 *Skep identifisering met karakters* 155

5.6.1.10 *Plat karakters* 155

5.6.1.11 *Ronde karakters* 155

5.6.1.12 *Antagonis* 156

5.6.1.13 *Protagonis* 156

5.6.1.14 *Derdepersoonsverteller* 156

5.6.1.15 *Eerstepersoonsverteller* 156

5.6.1.16 *Narratiewe ligging* 157

5.6.1.17 *Terugflitse* 157

5.6.1.18 *Ingeboude narratief* 157

5.6.1.19 *Ervaringsnarratief* 157

5.6.2 Narratiewe stylelemente 158

5.6.2.1 *Direkte aanhalings* 158

5.6.2.2 *Metafore* 158

5.6.2.3 *Gelykenisse* 159

5.6.2.4 *Spreekwoorde* 159

5.6.2.5 *Vergelykings* 160

5.6.2.6 *Illustrasies* 160

5.6.2.7 *Geselstrant* 160

5.6.2.8 *Aanspreek van basiese menslike behoeftes* 161

5.6.2.9 *Gebruik van algemene en gedeelde ervarings* 161

5.6.2.10 *Toepassing op realiteit* 161

| | | |
|---|---|---|
| 5.6.2.11 | *Afstuur op 'n keuse* | 162 |
| 5.6.2.12 | *Waarde-gelaaide preek* | 162 |
| 5.6.2.13 | *Self-openbaring van die verteller* | 162 |
| 5.6.2.14 | *Temas en motiewe* | 162 |
| 5.6.2.15 | *Anti-outoritêre aanbieding* | 163 |
| 5.6.2.16 | *Gebruik van kleurvolle detail* | 163 |
| 5.6.2.17 | *Humor of verskuilde humor* | 163 |
| 5.6.2.18 | *Sintuiglike waarnemings* | 164 |
| 5.6.2.19 | *Stereotipes* | 164 |
| 5.6.2.20 | *Mites, fabels en legendes* | 164 |
| 5.6.2.21 | *Geskiedenis* | 165 |
| 5.6.2.22 | *Poëtiese taal* | 165 |
| 5.6.2.23 | *Kort sinne* | 166 |
| 5.6.2.24 | *Eenvoudige woordgebruik* | 166 |
| 5.6.2.25 | *Direkte rede* | 166 |
| 5.6.2.26 | *Uitroepe* | 166 |
| 5.6.2.27 | *Alliterasie* | 167 |
| 5.6.2.28 | *Assonansie* | 167 |
| 5.6.2.29 | *Temporale oorgangswoorde* | 167 |
| 5.6.2.30 | *Gebruik stem en liggaam om narratief te versterk* | 167 |
| 5.6.2.31 | *Gebruik van digitale media* | 168 |
| 5.6.2.32 | *Gebruik van prente en foto's* | 168 |
| 5.6.2.33 | *Gebruik van musiek* | 168 |

5.7 SAMEVATTING 169

**HOOFSTUK SES: RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGS 170**

6.1 INLEIDING 170

6.2 RESULTATE VAN DIE PRIMêRE DOELWIT 170

6.2.1 AGS Siloam, 19 Oktober 2008, Oggenddiens 171

6.2.2 AGS Siloam, 19 Oktober 2008, Aanddiens 173

6.2.3 AGS Siloam, 26 Oktober 2008, Oggenddiens 176

6.2. 4 AGS Siloam, 2 November 2008, Aanddiens 178

6.2.5 AGS Siloam, 9 November 2008, Oggenddiens 181

6.2.6 AGS Jubilate, 9 November 2008, Aanddiens 185

6.2.7 AGS Jubilate, 23 November 2008, Oggendddiens 188

6.2. 8 AGS Jubilate, 4 Januarie 2009, Oggenddiens 190

6.2.9 AGS Jubilate, 4 Januarie 2009, Aanddiens 192

6.2.10 AGS Jubilate, 11 Januarie 2009, Oggenddiens 194

6.2.11 AGS Siloam, 11 Januarie 2009, Aanddiens 197

6.2.12 AGS Jubilate, 25 Januarie 2009, Aanddiens 199

6.3 BESPREKING VAN DIE PRIMêRE DOELWIT 202

6.4 GEBRUIK VAN NARRATIEWE STORIE-ELEMENTE 203

6.4.1 Storielyn 203

6.4.2 Inleiding 203

6.4.3 Katalisator 203

6.4.4 Spanning en klimaks 204

6.4.5 Ontknoping van die konflik 204

6.4.6 Onverwagse wending van gebeure 204

6.4.7 Gevolglike verbindings 204

6.4.8 Karakterisering 205

6.4.9 Skep identifisering met karakters 205

6.4.10 Plat karakters 205

6.4.11 Ronde karakters 205

6.4.12 Antagonis 205

6.4.13 Protagonis 206

6.4.14 Derdepersoonsverteller 206

6.4.15 Eerstepersoonsverteller 206

6.4.16 Narratiewe ligging 206

6.4.17 Terugflitse 206

6.4.18 Ingeboude narratief 207

6.4.19 Ervaringsnarratief 207

6.5 GEBRUIK VAN NARRATIEWE STYLELEMENTE 207

6.5.1 Direkte aanhalings 208

6.5.2 Metafore 208

6.5.3 Gelykenisse 208

6.5.4 Spreekwoorde 209

6.5.5 Vergelykings 209

6.5.6 Illustrasies 209

6.5.7 Geselstrant 209

6.5.8 Aanspreek van basiese menslike behoeftes 210

6.5.9 Gebruik van algemene en gedeelde ervarings 210

6.5.10 Toepassing op realiteit 210

6.5.11 Afstuur op ’n keuse 211

6.5.12 Waarde-gelaaide preek 211

6.5.13 Self-openbaring van die verteller 211

6.5.14 Temas en motiewe 211

6.5.15 Anti-outoritêre aanbieding 212

6.5.16 Gebruik van kleurvolle detail 212

6.5.17 Humor of verskuilde humor 212

6.5.18 Sintuiglike waarnemings 212

6.5.19 Stereotipes 213

6.5.20 Mites, fabels en legendes 213

6.5.21 Geskiedenis 213

6.5.22 Poëtiese taal 214

6.5.23 Kort sinne 214

6.5.24 Eenvoudige woordgebruik 214

6.5.25 Direkte rede 214

6.5.26 Uitroepe 215

6.5.27 Alliterasie 215

6.5.28 Assonansie 215

6.5.29 Temporale oorgangswoorde 215

6.5.30 Gebruik van stem en liggaam om narratief te versterk 216

6.5.31 Gebruik van digitale media 216

6.5.32 Gebruik van prente en foto's 216

6.5.33 Gebruik van musiek 216

6.6 BESPREKING VAN EN GEVOLGTREKKING OOR DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE STORIE-ELEMENTE EN NARRATIEWE STYLELEMENTE 217

6.7 GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS OGGENDDIENSTE EN AANDDIENSTE 218

6.8 SAMEVATTING 220

**HOOFSTUK SEWE: OORSIG, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS 221**

7.1 OORSIG 221

7.2 TEKORTKOMINGE 226

7.3 AANBEVELINGS EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING 227

7.4 SAMEVATTING 227

**LYS VAN VERWYSINGS** 229

## LYS VAN AANHANGSELS

AANHANGSEL A 242

## LYS VAN TABELLE


TABEL 1 171

TABEL 2 173

TABEL 3 176

TABEL 4 179

TABEL 5 182

TABEL 6 185

TABEL 7 188

TABEL 8 190

TABEL 9 192

TABEL 10 194

TABEL 11 197

TABEL 12 200


## LYS VAN FIGURE


FIGUUR 1 43

# HOOFSTUK EEN: INLEIDING

## 1.1 INLEIDING

Die mens is 'n narratiewe wese. Van geboorte tot sterwe is ons lewe 'n verhaal – vol stories wat ons lees, sien en hoor; wat ons lewe aangryp en beïnvloed (Hattingh 2004: 1). Die begrip "narratief", en so ook "narratiewe kommunikasie", tree op as 'n organiseringselement wat mense help om sin te maak van die wêreld waarin hulle leef. Dit interpreteer die wêreld en omvorm dit in 'n verstaanbare medium wat mense toelaat om die geveg tussen die "magte van lig en donker, goed en sleg", te aanskou (Kruger, Rayner & Wall 2004: 42). Van die vroegste tye af is die primêre stories wat mense inspireer die groot religieuse stories (Dechant & Fasching 2001: 10). In die arena van die Christendom was nie net Jesus 'n bobaas-storieverteller nie (Hattingh 2004: 1), maar ook die apostels van die vroeë kerk, die kerk van die boek *Handelinge* in die Nuwe Testament van *Die Bybel*.

Met die huwelik tussen kerk en staat in die vierde en vyfde eeu het daar egter 'n verskuiwing gekom om sodoende die aksent op die argument en rede te plaas (Hattingh 2004: 2). Die verhaal het plek gemaak vir die ordelike en die logiese (Hattingh 2004: 2). Hoewel narratiewe vertelling as 'n vorm van prediking vandag in akademiese kringe erken word (Janse van Rensburg 2003: 1), maak slegs 'n handjievol predikante van hierdie metode gebruik. Verklarende en tematiese prediking word steeds vooropgestel.

Daar is vele definisies van retoriek. Volgens George Campbell is retoriek die talent waarvolgens spraak aangewend word om 'n doel te bereik. Die vier doelwitte van spraak is om die verstand te verlig, die verbeelding tevrede te stel, passies in beweging te bring en die wil te beïnvloed (in Eidenmuller 2008: 1). In ooreenstemming hiermee, definieer Francis Bacon retoriek as die toepassing van rede tot verbeelding om die wil in beweging te bring (in Eidenmuller 2008: 1).

Daar is drie moderne definisies wat die begrip retoriek goed opsom. Gerard A. Hauser stel die volgende: "Retoriek is die instrumentele gebruik van taal. Een persoon beset 'n ander persoon deur die uitruil van simbole om 'n sekere doel te bereik. Dit is nie blote kommunikasie vir kommunikasie se onthalwe nie. Retoriek is kommunikasie wat poog om sosiale aksie te reguleer, daarom is retoriese kommunikasie uitsluitlik pragmaties. Die doel daarvan is om menslike keuses oor spesifieke sake, wat onmiddellike aandag nodig het, te beïnvloed" (in Eidenmuller 2008: 2). C. H. Knoblauch sluit by die voorafgaande definisies aan deur te sê: "Retoriek is die proses om taal te gebruik om ervaringe te organiseer en dit aan ander te kommunikeer. Dit is ook die studie van hoe mense taal gebruik om ervaringe te organiseer en te kommunikeer. Die woord verwys na beide 'n kenmerkende menslike aktiwiteit, sowel as na die 'wetenskap' wat met die begrip van hierdie aktiwiteit verband hou" (in Eidenmuller 2008: 2). Die Merriam Webster aanlyn-woordeboek (2008: s.p.) som die term "retoriek" op as die kuns om effektief te skryf of te praat, en spraak en skrif te bestudeer om effektiewe kommunikasie en oorreding tot gevolg te hê.

Vir die doel van hierdie studie is 'n operasionele definisie van "retoriek" saamgestel uit die bogenoemde definisies. "Retoriek" sal dus in hierdie verhandeling gesien word as "die kunstige gebruik van spraak en skrif, met die doel om te oorreed en 'n verandering in houding en optrede teweeg te bring."

Die mens is baie vatbaar vir die oorredende mag van narratiewe kommunikasie (Abbott 2002: 79). Narratiewe kan ook sekere kulturele norme oordra en toepas, en juis daarom is dit so 'n kragtige retoriese strategie. In die wêreld van religieuse kommunikasie, veral kommunikasie binne die Christelike lewensbeskouing, word narratiewe kommunikasie gereeld gebruik as 'n retoriese strategie. Hier word narratiewe kommunikasie dus aangewend om oorreding te bewerkstellig. Snyman (1986: 5) stel dat alle religieuse stelsels retories is, aangesien dit pogings is om religieuse waarhede te kommunikeer net soos wat politieke diskoers 'n poging is om politieke doktrines te kommunikeer, en dus noodgedwonge retories is. Retoriese kenmerke word in die Ou en Nuwe Testament van die Bybel gevind (Snyman 1986: 14). Wanneer 'n mens retories besig is binne die veld van religieuse kommunikasie, dit wil sê

wanneer hy kommunikeer met die doel om die ontvanger te oorreed, moet hy een of ander strategie gebruik, anders gaan hy nêrens kom nie (Snyman 1986: 14). Narratiewe kommunikasie kan een van hierdie strategieë wees.

Die Apostoliese Geloofsending (AGS) het op 25 Mei 1908 tot stand gekom onder die bediening van John G. Lake en Thomas Hezmalhalch (*Die AGS is 100 Jaar!!!* 2008b: 3). Hierdie kerkgenootskap het in 2008 sy eeufees gedenk. Die AGS is gevestig as ’n gerespekteerde kerk in Suid-Afrika (Burger & Nel 2008b: 472). Die AGS se leerstellinge het wortels wat vanaf die Nuwe Testamentiese tyd regdeur die kerkgeskiedenis loop (Möller 1989: 5). Hierdie kerkgenootskap is deel van die Pinkster-beweging (Burger 1987: 14). Volgens Burger (1987: 11) is die AGS ook die oudste en grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika.

Daar is tans twee tradisionele Afrikaanse AGS-gemeentes in sentrale Bloemfontein. AGS Siloam, ook bekend as AGS Wes-Universitas (AGS Siloam 2008a: 4) en AGS Jubilate, ook bekend as AGS Sentraal (South Africa Tourism 2010: 1).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Primêre doelwit en navorsingsvraag

- Die **primêre doelwit** van die studie is om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes te ontleed.
- Die **navorsingsvraag** is hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie manifesteer in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes.

### 1.2.2 Sekondêre doelwitte

Uit die primêre doelwit vloei daar verskeie sekondêre doelwitte, naamlik:

- Om die begrip "narratiewe kommunikasie" as proses van kommunikasie te omskryf;
- Om die toepassing van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie te omskryf;
- Om narratiewe kommunikasie in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te kontekstualiseer;
- Om die frekwensie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te meet;
- Om te bepaal watter narratiewe storie-elemente en stylelemente gebruik word;
- Om te bepaal of daar 'n verskil in die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is.

## 1.3 NAVORSINGSONTWERP

Die onderbou van die navorsing is 'n literatuurstudie van die begrippe "narratiewe kommunikasie", "retoriese strategie" en die "Apostoliese Geloofsending". Dit word gedoen om die navorser se begrip van narratiewe kommunikasie en retoriese strategie te verbreed, met die doel om die gebruik van narratiewe kommunikasie in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te ondersoek.

Die volgende stap van navorsing is gedoen om te bepaal of narratiewe kommunikasie-tegnieke, indien enige, wel in die praktyk toegepas word. Dit is gedoen deur 'n loodsondersoek by AGS Siloam, die groter AGS-gemeente in Bloemfontein, te onderneem. Die aanwending van narratiewe kommunikasie-tegnieke is wel hier gevind, dus kon die res van die ondersoek voortgaan om sodoende te bepaal hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie aangewend word. Die steekproef bestaan uit 12 preke wat by die twee tradisionele Afrikaanssprekende AGS-gemeentes in Bloemfontein, naamlik AGS Siloam en AGS Jubilate, waargeneem is. Die volgende metodes is gebruik:

- Die preke van die pastore van bogenoemde gemeentes is deur inhoudsanalise en veld-waarneming ondersoek. Sigbare waarneming, waar die studie-onderwerp daarvan

bewus is dat hy waargeneem word (Du Plooy 2006: 186-187), is gebruik. Aangesien toestemming vir waarneming van die pastore verkry moet word, is dit die enigste roete wat gevolg kan word. Daar is ses preke van albei die gemeentes se presiderende pastore (hoof-predikante) geanaliseer. Oggend-, sowel as aanddienste is bygewoon om vas te stel of daar ‘n verskil in preekstyle is. Die waarneming vind plaas in die maande waarin daar nie belangrike gebeure op die kerkkalender is nie. Sodoende word realistiese resultate vir die deursnee-preke verkry.

Tydens die kerkdienste vervul die navorser die waarnemer-as-deelnemer rol. Wanneer die waarnemer-as-deelnemer rol vervul word, neem die waarnemer nie die rol van ’n groeplid aan nie, hoewel hy / sy met die groep in wisselwerking tree en kommunikeer (Du Plooy 2006: 187). Die navorser kom na die groep en die groepsligging as ’n navorser van buite en word beskou as iemand wat teenwoordig is om navorsing te doen. Die groep is bewus van die navorser se deelname en die feit dat hy waarnemings maak. Dit het tot gevolg dat die navorser ’n meer volledige beeld van die situasie kan kry (Du Plooy 2006: 187). Hierdie proses vind plaas om te verseker dat daar ook op sekere nie-verbale tegnieke van narratiewe kommunikasie gefokus word, hoewel die studie primêr op verbale tegnieke fokus. Dit is tegnieke wat narratiewe kommunikasie onderskei van ander vorme van kommunikasie en moet dus ingesluit word in die studie. Die navorser is ‘n lid van die AGS Siloam-gemeente.

- Die primêre navorsingsmetode wat gebruik word, is inhoudsanalise. Dit word tydens die veldwaarneming toegepas, maar ook na die tyd. Die preke word opgeneem en ‘n inhoudsanalise word as na-toets uitgevoer. Dit word gedoen om bevindings te bevestig. Inhoudsanalise is ‘n navorsingsmetode wat gebruik word om die hoeveelheid kere wat sekere simbole of temas voorkom, te bepaal (Du Plooy 2006: 191-192). Die inhoudsanalise wat in hierdie studie gebruik word, kan as beide kwantitatief en kwalitatief omskryf word. Dit is kwantitatief, aangesien daar wel aandag gegee word aan die frekwensie van narratiewe kommunikasie en spesifieke narratiewe kommunikasietegnieke wat in die onderskeie boodskappe gebruik word. Dit is egter ook kwalitatief aangesien sekere afleidings gemaak word oor die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens die boodskappe. Die primêre literatuurstudie

van narratiewe kommunikasie word gebruik om op die simbole en temas te besluit wat gemeet sal word.

## 1.4 OPERASIONELE DEFINISIES VAN SLEUTELTERME

Die operasionele definisies van die sleutelterme is saamgestel deur die navorser uit verskeie definisies wat in die literatuurstudie (sien afdelings 2.2, 3.2 en 3.8) gevind kan word. Die volgende sleutelterme is van groot belang vir hierdie studie:

- **Narratiewe kommunikasie** is enige kommunikasie-aksie waarin die inligting logies en samehangend, binne ’n bepaalde tyd en plek, rangskik word, om sodoende die mens te help om sin te maak van sy daaglikse bestaan. ’n Kommunikasie-boodskap word ook nie net deur die kommunikator se intensie as narratief gedeklassifiseer nie, maar ook deur die onvanger se interpretasie van die spesifieke boodskap.
- **Retoriek** is die kunstige gebruik van spraak en skrif, met die doel om te oorreed en ‘n verandering in houding en optrede teweeg te bring.
- **Retoriese strategie** is enige strategie wat geïmplementeer word met retoriese doelwitte. Die Concise Oxford Dictionary (1979: 1138) bestempel “strategie” as planne wat geformuleer word om die vyand uit te oorlê, of altans, om te bereik wat die strateeg begeer.
- **Religieuse kommunikasie** word gedefinieer as ‘n oorvleuelingsdissipline waarin *Godsdienskunde,* sowel as *Kommunikasiekunde* bestudeer word om sodoende ‘n beter begrip te vorm van die oordra van sekere geloofsisteme.
- **Prediking** word in hierdie verhandeling beskou as die oordra van religieuse diskoers binne die Christelike kerk, met die doel om die ontvanger te vermaan, te leer, aanbevelings te maak en te waarsku.

## 1.5 TEORETIESE GRONDSLAG

Die studie berus op die volgende teoretiese grondslag, wat in Hoofstukke twee, drie en vier breedvoerig bespreek word.

Daar is vier basiese natuurlike behoeftes wat tydens diskoers bevredig word (Brooks & Warren 1970: 56). Hierdie vier soorte diskoers staan bekend as eksposisie, oorreding (of retoriek – sien 1.1, 1.4 en 3.3), beskrywing en narratief.

Tydens eksposisie word ‘n idee of ‘n konsep aan die ontvanger verduidelik (Brooks & Warren 1970: 57). ‘n Karakter of situasie kan hier geanaliseer word, ‘n term kan gedefinieer word, of instruksies kan verskaf word. Eksposisie word dus gebruik om die ontvanger in te lig. Retoriek word gebruik om die ontvanger te oorreed om sy houding, sy sienswyse, sy gevoel oor ‘n saak of sy standpunt te verander (Brooks & Warren 1970: 57). Beskrywing word gebruik om die ontvanger bewus te maak van ‘n gewaarwording van die spreker of skrywer (Brooks & Warren 1970: 57). Hierdie beskrywing kan na enige voorwerp wat deur die sintuie waargeneem kan word, verwys. Wanneer narratief gebruik word, word ‘n ervaring aan die ontvanger oorgedra. Dit sal beskryf wat gebeur het en hoe dit gebeur het (Brooks & Warren 1970: 57).

Hierdie vier soorte diskoers kom egter nie altyd in hul suiwer, individuele vorm voor nie. Daar kom die meeste van die tyd ‘n vermenging van hierdie diskoersvorme voor (Brooks & Warren 1970: 57). So word narratiewe kommunikasie gereeld saam met, of selfs as ‘n strategie van, retoriek gebruik.

Kruger, Rayner en Wall (2004: 43) stel dat die gebruik van narratief baie effektief aangewend kan word om die reaksie van die gehoor teenoor ‘n spesifieke boodskap te beïnvloed. Josselson en Lieblich (1999: 170) bevestig hierdie stelling deur te sê dat ‘n narratief se doel nie net is om ‘n situasie te beskryf nie, maar om mense te motiveer om op ‘n bepaalde wyse op te tree sodat ‘n sekere praktyk kan voortduur of kan verander. Dus kan narratief as ‘n retoriese strategie gesien word aangesien dit gebruik word om die ontvanger van die kommunikasieboodskap te oorreed om te doen wat die stuurder van die kommunikasieboodskap begeer. Die navorser het tydens hierdie studie die prediking van die Bloemfonteinse AGS ontleed aan die hand van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie. Daar is gekyk watter narratiewe tegnieke die meeste aangewend word, en of daar meer narratiewe tegnieke tydens die oggenddienste of die aanddienste gebruik word.

## 1.6 WAARDE VAN DIE NAVORSING

Narratiewe kommunikasie vorm ‘n fundamentele deel van die menslike prosesse van bewustelike besluitneming, kennis, realiteitskonstruksie en persoonlike identiteit (Rankin 2002: 1). Die voorkoms en gebruik van narratiewe kommunikasie in die kerke-wêreld is egter nog min vanuit ‘n akademiese en retoriese kommunikasie-perspektief ondersoek. Enkele voorbeelde hiervan is die werk van prof. Johan Janse van Rensburg in *Narrative preaching: theory and praxis of a new way of preaching* (in Acta Theologica 2003) en die werk van prof. Jan Hattingh in *Narratiewe Prediking: ‘n Kontemporêre wyse van preek* (2004). Janse van Rensburg en Hattingh se navorsing fokus egter op die teologiese perspektief eerder as op die retoriese kommunikasie-perspektief. Tydens hierdie studie gaan daar dus gefokus word op die studie van narratiewe kommunikasie in die AGS vanuit ‘n akademiese en retoriese kommunikasie perspektief. Die ondersoek van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse AGS ‘n studieveld wat nog nie voorheen ondersoek is nie.

## 1.7 KORT OORSIG OOR DIE HOOFSTUKKE

*Hoofstuk 2* gee aan die leser ‘n breë oorsig oor die begrip “narratief” en oor narratiewe kommunikasie. Daar word vlugtig gekyk na die geskiedenis van die narratiewe teorie en die narratiewe teorie word in diepte bespreek. Die teoretiese konsepte van die narratiewe teorie geniet baie aandag. Die strekking en krag van die narratiewe teorie en die kritiek teen die narratiewe teorie word ook bespreek. Die besprekings oor narratiewe kommunikasie as kommunikasiemodus en oor narratiewe elemente en narratiewe styl beslaan die grootste deel van die hoofstuk, aangesien dit aangewend word om die kategorieë vir die inhoudsanalise te bepaal. Die interpretasie van narratiewe word ook bespreek, aangesien dit belangrik is vir die inhoudsanalise van die preke, sowel as die interpretasie van die vraelyste. Die doel en gebruik van narratiewe word bespreek omdat die gebruik van narratiewe tydens prediking ondersoek gaan word.

*Hoofstuk 3* gee aandag aan narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, aangesien daar in hierdie studie na narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne die prediking van die Bloemfoneinse Apostoliese Geloofsending gekyk word. Aspekte wat bespreek word, is die begrippe “retoriek” en “retoriese strategie” en die historiese konteks van retoriek. Retoriek as ‘n kommunikasiemodus en die rol van retoriek in die 21ste eeu word vlugtig bespreek. Die aanwending van narratiewe tegnieke en stylelemente as retoriese strategie, die interpretasie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie en die omskrywing van die begrippe “religieuse kommunikasie” en “prediking” word ondersoek. Die voordele van en die nadele verbonde aan die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking word uitgelig. Tegnieke en riglyne vir die effektiewe gebruik van Narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking word ook verskaf.

*Hoofstuk 4* kyk uitsluitlik na die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS). Aspekte wat bespreek word, is die naam van die kerk, die geskiedenis van die kerk, die AGS vandag, die missie van die AGS en die grondwet van die AGS. Die AGS in Bloemfontein, en dan veral die AGS Siloam-gemeente en die AGS Jubilate-gemeente, geniet besondere aandag,

aangesien dit die steekproef vir hierdie studie is. ‘n Bespreking van die AGS is noodsaaklik, aangesien dit die konteks vir hierdie studie skep.

*Hoofstuk 5* fokus op die navorsingsmetode wat in hierdie studie gebruik word. Daar is gekyk na die inhoudsanalise en veld-waarneming wat gebruik word om die preke te ontleed, asook na die prosedures en die voor- en nadele van hierdie metodes. Hierna is die navorsingsvraag geformuleer en die primêre en sekondêre doelwitte is bespreek. Laastens is die steekproef, die eenheid van analise en die kategorieë van analise, wat vir die inhoudsanalise gebruik word, ook bespreek.

*Hoofstuk 6* bespreek die resultate en gevolgtrekkings van die studie. Resultate en gevolgtrekkings word aan die hand van die primêre en sekondêre doelwitte van die studie verkry. Die resultate van die primêre doelwit word eerstens bespreek, waarna die onderskeie sekondêre doelwitte aandag geniet. Hier word gekyk na die voorkoms van narratiewe storie-elemente, die voorkoms van narratiewe stylelemente en die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggendpreke en die aandpreke.

*Hoofstuk 7* gee ‘n oorsig oor die studie, waarna die tekortkominge en aanbevelings kortliks bespreek word.

## 1.8 AANHANGSELS EN VERWYSINGS

Een aanhangsel is bygevoeg om die inhoud van die verhandeling verder toe te lig. Aanhangsel A bevat ‘n volledige voorbeeld van die tabel wat vir die inhoudsanalise van die 12 preke gebruik is.

Die lys van verwysings sluit alle bronne wat gebruik is in. Dokumente wat van die internet verkry is, verskyn in die lys met ‘n webadres en soveel as moontlik ander inligting. Daar is ook van verskeie akademiese joernale en korporatiewe tydskrifte gebruik gemaak. Hierdie verwysingsinligting is ook so volledig as moontlik aangedui.

# HOOFSTUK TWEE: NARRATIEWE KOMMUNIKASIE

## 2.1 INLEIDING

Sedert die begin van tyd is die mens nie net storievertellers nie, maar ook storie-bewoners (DeChant & Fasching 2008: 20). Vandag nog sien en verstaan die mens die wêreld deur die lense van hul stories. Maar waarom het stories dan so'n groot invloed op die mens se lewe? 'n Storieverteller het hierdie vraag met die volgende verhaal beantwoord (Van Rensburg 2008: i-ii):

> "Waarheid was gewoond daaraan om kaal rond te loop, net soos hy gebore is. Niemand wou hom in hulle huis inlaat nie. En wanneer hulle hom op straat raakgeloop het, het hulle bang weggehardloop. Die naakte Waarheid was vir die mense een te veel! Waarheid het baie beswaard hieroor gevoel en kon geen rus vir sy siel kry nie.
>
> Eendag ontmoet Waarheid vir Storie met haar kleurvolle klere en vriendelike gesig. Toe Storie sien hoe moedeloos Waarheid lyk, vra sy hom: "Waarom lyk jy so teneergedruk, my vriend?" Waarheid antwoord met 'n frons: "Ek is in 'n moeilike situasie. Ek is baie oud en niemand wil iets met my te doen hê nie." "Nee, my vriend," het Storie geantwoord. "Kyk, ek is net so oud soos jy. En hoe ouer ek word, hoe liewer word die mense vir my. Laat ek met jou die geheim van my gewildheid deel: Mense hou van alles wat 'n bietjie vermom – en natuurlik ook opgetof – is. Kom ek gee jou my klere, en jy sal dadelik sien dat mense mal sal wees oor jou." Waarheid het Storie se raad gevolg en hom met haar klere vermom. Van daardie dag af loop Waarheid en Storie hand aan hand. En die mense? Wel, hulle is lief vir albei. Trek vir Waarheid die klere van 'n storie aan – en mense luister nie net gretig daarna nie, hulle neem sommer die Waarheid saam huis toe."

Uit die bogenoemde aanhaling blyk dit dat die mens van die narratiewe gebruik maak om sin van die lewe en sy waarhede te maak. Kruger, Rayner, en Wall (2008: 42) bevestig hierdie gedagte wanneer hulle meld dat narratiewe organiseringselemente by die mens voorkom juis om hulle te help om die wêreld te interpreteer en te omvorm in ’n meer verstaanbare en gemaklike formaat.

Baie mense se eerste herinneringe hou verband met slaaptydstories (Kruger, Rayner & Wall 2004: 42). Dit is dalk so omdat narratiewe en vertellings ’n belangrike bron van gerusstelling en versekering in ’n onseker, onvriendelike heelal is (Kruger, Rayner & Wall 2004: 42). Duidelik is die narratiewe ’n onlosmaaklike deel van die menslike belewenis.

## 2.2 OMSKRYWING VAN “NARRATIEF” AS BEGRIP

Daar word dikwels aan narratiewe gedink as kunsvorme soos literatuurskatte, teaterproduksies of selfs die vroeëre mense se volkstaaltjies, volksliedjies en volksdanse (DeChant & Fasching 2008: 20). Hoewel dit waar is dat die begrip *narratief* na ’n kunsvorm kan verwys, en dat kuns dikwels deur narratiewe geïnspireer word (Abbott 2002: 1), strek die veld van *narratiewe kommunikasie* veel wyer. Elke mens neem daagliks aan die narratiewe proses deel. Hulle narratiewe deelname begin die oomblik wanneer hulle betrokke raak in die kommunikasieproses (Abbott 2002: 1). *Narratief* is ’n onvermydelike menslike vermoë wat daagliks gebruik word (Abbott 2002: xii). In hierdie opsig is dit amper soos die gebruik van taal (Abbott 2002: xii) en, net soos die gebruik van taal, kan dit in diepte nagevors en geanaliseer word.

Abbott (2002: xi) verduidelik dat almal – bewustelik of onbewustelik – deel vorm van die narratiewe proses. ’n Eenvoudige stelling soos: “Ek het met die motor werk toe gery” kwalifiseer as ’n narratiewe stelling (Abbott 2002: xi). Hoe meer gedetailleerd ’n stelling oor ’n gebeurtenis in tyd word, hoe dieper raak die mens betrokke in die komplekse prosesse van die wêreld van narratiewe. So is die mens ook die konstante ontvanger van boodskappe

vanuit die narratiewe realm (Abbott 2002: xi). Narratief is ’n kognitiewe skema sowel as ’n diskoerstipe, en kan binne literêre en nie-literêre uitdrukkingsvorme gevind word (Macé 2005: 2).

Volgens Abbott (2002: xi) kwalifiseer ’n stelling as narratief sodra dit ’n gebeurtenis in tyd voorstel. Narratief word gebruik om onverwante feite en gebeure in ’n logiese vorm te organiseer, sodat mense dit kan interpreteer en verwerk (Kruger, Rayner & Wall 2004: 43). Dit is ’n metode waardeur die vloei van inligting gevorm en beheer kan word (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Eenvoudig gestel is narratief dus die rangskikking van inligting oor spesifieke gebeure in ’n logiese en samehangende struktuur binne ’n bepaalde tyd en plek (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44).

Die onderliggende struktuur van alle narratiewe is min of meer dieselfde (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Variasie vind slegs plaas in terme van die karakters en die ligging. Kloepfer (in Ryan 2004: 110) veskaf ook ’n definisie van die term *narratief*: Dit is die voorstelling van ’n werklike of fiktiewe wêreld binne gebeure of aksies wat uitgevoer word deur menslike agente deur die loop van ’n spesifieke tydspan en binne ’n spesifieke ruimte.

Toolan (in Longenecker 2002: 20) verskaf nog ’n definisie van narratief: Dit is ’n waargenome opeenvolging van nie-toevallige verbinde gebeure. “Gebeure” kan beskou word as ’n verandering in toestand. Dit is ’n onlosmaaklike deel van narratiewe. Die “nie-toevallige verbinding” van gebeure dui daarop dat die gebeure gevolglike verbindings moet hê en nie bloot in chronologiese volgorde moet voorkom nie. Die verhouding tussen gebeure moet geïdentifiseer kan word. Hier kan oorsaak, motivering en kontinuïteit ’n rol speel. Die nie-toevallige verbindings moet “waargeneem” word. Hierdie aktiwiteit moet deur die ontvanger uitgevoer word en is ’n voorvereiste vir ’n teks om as ’n narratief beskou te word (Longenecker 2002: 20). Die ontvanger besluit dus of ’n teks as ’n narratief beskou kan word of nie.

In terme van hierdie verhandeling word die konsep "narratief" gedefinieer as enige kommunikasie-aksie waarin die inligting logies en samehangend, binne 'n bepaalde tyd en plek, rangskik word, om sodoende die mens te help om sin te maak van sy daaglikse bestaan. 'n Kommunikasie-boodskap word ook nie net deur die kommunikator se intensie as narratief gedeklassifiseer nie, maar ook deur die onvanger se interpretasie van die spesifieke boodskap.

Walter Fisher (in Terblanche & Terblanche 2007: 98) het oorspronklik met hierdie teorie, wat bekend staan as die *Narratiewe teorie van kommunikasie,* ook bekend as die *Narratiewe teorie,* vorendag gekom.

## 2.3 NARRATIEWE TEORIE VAN KOMMUNIKASIE

Hierdie teorie se wortels lê in die uitgangspunt dat alle mense storievertellers is. Mense sien en verstaan die wêreld deur die lense van hulle stories (DeChant & Fasching 2008: 20).

Die Narratiewe teorie van kommunikasie fokus veral op die wyse waarop storievertel bydra tot die waarde-regverdiging van menslike aksie (Cragan & Shields s.a.: 150). Mense gebruik dus stories as "goeie redes", waardes of waardebelaaide regverdigings om op sekere wyses te glo of op te tree (Fischer 1987: xi). Die Narratiewe teorie is 'n algemene kommunikasieteorie wat poog om alle vorme van kommunikasie in alle kontekste te verduidelik (Cragan & Shields s.a.: 150). Fisher (1987: s.p) som die Narratiewe teorie as volg op:

- Mense is in wese storievertellers;
- Mense baseer hul besluite op goeie redes;
- Geskiedenis, biografie, kultuur en karakter bepaal wat mense as goeie redes beskou;
- Narratiewe rasionaliteit word bepaal deur die samehang en getrouheid van mense se stories; en
- Die wêreld is 'n stel stories waaruit die mens voortdurend sy lewe kies en herskep.

Hierdie teorie sal later in meer besonderhede bespreek word. Vervolgens ’n oorsig oor die geskiedenis van die Narratiewe teorie.

**2.4 GESKIEDENIS VAN NARRATIEWE TEORIE**

Al word Aristoteles beskou as die skepper van die Narratiewe Teorie (Media @ ESF s.a.: 1), kan Walter Fisher as die vader van die Narratiewe Teorie beskou word. Aristoteles het baie tyd bestee aan die studie van die dramatiese storielyn. Hy het bevind dat narratief binne ’n eenheid van tyd, ruimte en aksie plaasvind. Alle aksie moet dus tot ’n logiese, en morele, uitkoms lei (Media @ ESF s.a.: 1).

Gustav Freytag het in die negentiende eeu antieke Griekse en Shakespeareaanse dramas geanaliseer om sy teorie te vorm (Media @ ESF s.a.: 1). Hy het die dramatiese kurwe, wat verdeel is in vyf dele, neergepen. Hierdie vyf dele is die eksposisie, die toenemende aksie, die klimaks, die afnemende aksie en resolusie of katastrofe (Media @ ESF s.a.: 1 - 2).

Todorov, Vladimir Propp, Barthes en Levi-Strauss het ook groot bydraes tot die Narratiewe teorie van kommunikasie gelewer (Media @ ESF s.a.: 2). Dit was egter Tzvetan Todorov wat die Franse term, *narratologie*, vir die eerste keer neergepen het (Phelan & Rabinowitz 2005: 19). In 1969 het hy hierdie term gebruik as ’n parallelle term vir biologie en sosiologie, aangesien dit verwys het na die wetenskap van narratiewe.

Walter Fisher en sy teorieë het spoedig gevolg. In die 1970’s, terwyl Fisher by die Universiteit van Suid-Carolina gewerk het, het hy vas geglo dat kommunikasiekunde ’n teorie nodig gehad het wat alle menslike waardes kan identifiseer en omskryf om sodoende hul implikasies te omskryf (Cragan & Shields s.a.: 150 - 151). Hy wou ’n teorie skep wat logiese redenering, sowel as waarde-redenering vervat om sodoende ’n meer volledige prentjie te skep van die mens se simboliese regverdiging van aksies (Cragan & Shields s.a.:

151). Hy is veral bekend vir die formulering van die narratiewe benadering tot retoriese kommunikasie. In die voorwoord van sy boek oor die narratiewe teorie skryf hy dat die boek antwoorde op die volgende vrae voorstel (Fisher 1987: xi):

- Hoe gebeur dit dat mense op grond van kommunikatiewe ervaring oortuig word, en handel?
- Wat is die aard van rede en rasionaliteit in hierdie ervaringe?
- Wat is die rol van waardes in menslike besluitneming en handeling?
- Hoe kan rede en waardes geassesseer word (Terblanche & Terblanche 2007: 97)?

Fisher het die historiese agtergrond van poësie, retoriek en logika ondersoek en gevind dat daar nie in die antieke Griekse en Romeinse skryfwerk parallelle tussen hierdie aktiwiteite getrek is nie (Cragan & Shields s.a.: 151). Hy het besef dat die Antieke *waardes* as ’n belangrike komponent van kennis en wysheid beskou was, en dus het hy voorgestel dat in die Narratiewe teorie waardes weer tot sy ereplek herstel moet word (Cragan & Shields s.a.: 151). Waardes is immers van uiterste belang wanneer kennis toegepas word.

Fisher se werk maak die Narratiewe teorie toeganklik vir die alledaagse persoon (Cragan & Shields s.a.: 151). Hy het sy werk beskou as die terugkeer na antieke begrip van die inter-afhanklikheid van die Griekse begrippe *logos* en *mitos*, oftewel logiese redenering en narratiewe storievertel.

Fludernik (in Phelan & Rabinowitz 2005: 48) glo dat die mens homself vandag in die “kognitivistiese draai” bevind. Dit hang saam met die “narratiewe draai” in die sosiale wetenskappe en die narratiewe teorie se skuif na mediastudie. Die narratiewe teorie begin al meer fokus op die kognitiewe wortels, wat gesien word in die strukturele en morfologiese tradisies (Phelan & Rabinowitz 2005: 19). Dit absorbeer ook inligting van kognitiewe linguistiek en empiriese kognitiewe studies. Daarom hang een van die Narratiewe teorie-tydlyne ook saam met die voorkoms van die linguistieke paradigmas van die twintigste eeu (Phelan & Rabinowitz 2005: 19). Hierdie tydlyn lyk soos volg:

1) Klassieke narratologie (afkomstig van strukturalisme)
2) Teksgrammatika (afkomstig van generativistiese linguistiek)
3) Spraakkunsteorie (afkomstig van semantiek en pragmatiek)
4) Gesprekanalises en kritiese gespreksanalise (afkomstig van teks-linguistiek)
5) Kognitivistiese narratologie (afkomstig van kognitiewe linguistiek).

Vervolgens sal die Narratiewe teorie in-diepte bespreek word.

## 2.5 NARRATIEWE TEORIE – IN-DIEPTE ONDERSOEK

Alle teorieë neem iets aan oor die aard van die mens, hoe die mens weet wat hy weet en die waardes teenwoordig in diskoers (Cragan & Shields s.a.: 151). Waarde-belaaide stories dien as die simboliese feite van die Narratiewe teorie (Cragan & Shields s.a.: 150). Hierdie stories kompeteer dan as verduidelikings van die werklikheid, aangesien hierdie teorie alle menslike kommunikasie as deel van ’n storie of vertelling beskou. Volgens Cragan en Shields (s.a.: 150) kan dit alle vorme van kommunikasie in alle kontekste verduidelik.

Die Narratiewe teorie stel dat narratiewe rasionaliteit in alle mense voorkom (Cragan & Shields s.a.: 150). Dit gee aan die mens die vermoë om te onderskei tussen goeie en slegte stories, morele en immorele stories, en aanvaarbare en onaanvaarbare stories. Volgens die Narratiewe teorie sal die mens dan ’n storie aanvaar op grond van die storie se samehangendheid en waarheid, soos gesien uit sy of haar eie ervaring.

Die Narratiewe teorie steun op sekere aannames. Fisher (in Cragan & Shields s.a.: 151) het die vyf filosofiese aannames van die Narratiewe Kommunikasie Teorie daargestel:

### 2.5.1 Alle mense is storievertellers

Alle kommunikasie word beskou as ’n vorm van storievertel (Cragan & Shields s.a.: 151). Fisher noem die mens “homo narrans” (Cragan & Shields s.a.: 151). Hy stel voor dat hierdie mensbeskouing by metafore soos *homo faber, homo economics, homo politicus, homo sociologicus, homo sapiens* en ook die mens as psigologiese of geestelike of rasionele wese gevoeg word (Terblanche & Terblanche 2007: 99). Hierdie is ’n ontologiese aanname, aangesien dit handel oor vrae oor bestaan (Terblanche & Terblanche 2007: 98 - 99).

### 2.5.2 Alle vorme van menslike kommunikasie moet fundamenteel as stories gesien word

Wanneer daar na menslike kommunikasie deur die lens van die Narratiewe teorie gekyk word, is stories die enigste waarneembare objek (Cragan & Shields s.a.: 151). Hierdie teorie verduidelik dan veral die mens se aanvaarding of verwerping van hierdie stories (Cragan & Shields s.a.: 152), sowel as hulle aksies nadat hulle hierdie stories gehoor het en die proses waardeur hulle die stories evalueer het. Die Narratiewe teorie stel die mens instaat om te oordeel watter stories kan geglo word, en watter nie (Cragan & Shields s.a.: 152). Dit kan gedoen word aangesien die Narratiewe teorie aanneem dat almal waarde-belaaide stories vertel (Cragan & Shields s.a.: 152). Hierdie is ’n aksiologiese aanname, aangesien dit handel oor vrae oor waardes (Terblanche & Terblanche 2007: 98 - 99).

### 2.5.3 Mense gebruik “goeie redes” as redes vir hul optredes en aannames

Fisher verduidelik dat die Narratiewe teorie aanneem dat goeie redes die waardes verskaf wat alle mense gebruik om stories te aanvaar of te verwerp (Cragan & Shields s.a.: 152). Rasionele redenering en bewyse is onvoldoende verduidelikings van die mens se aanvaarding van die waarheid, kennis en realiteit (Cragan & Shields s.a.: 152). Hierdie is ook ’n ontologiese aanname (Terblanche & Terblanche 2007: 99).

### 2.5.4 Mense gebruik narratiewe logika om kommunikasie te evalueer

Die wortel van hierdie ontologiese aanname lê in Fisher se stelling dat "homo narrans" 'n aangebore vermoë het om stories te evalueer en te bepaal of stories waar is (Cragan & Shields s.a.: 152). Hierdie proses van evaluering om waarheid, kennis en realiteit te bepaal, word narratiewe rasionaliteit genoem (Cragan & Shields s.a.: 152).

Narratiewe rasionaliteit is praktiese wysheid wat die mens help om 'n storie te evalueer in die lig van vorige, soortgelyke stories wat hy gehoor het (Cragan & Shields s.a.: 152). Die mens word instaat gestel om tussen goeie en slegte en aanvaarbare en onaanvaarbare stories te onderskei. Verder beskik die mens oor die natuurlike vermoë om die samehang en getrouheid van die stories wat hulle vertel en ervaar, te herken (Terblanche & Terblanche 2007: 99). Samehang en getrouheid kan gesien word as die twee hoofelemente van narratiewe rasionaliteit.

**Samehang** word gevind wanneer die storie struktureel sin maak. Hier word gekyk of die storie konsekwent is met genoegsame besonderhede en betroubare karakters. Daar moet ook geen groot verrassings in die storielyn wees nie (Fisher 1987: 88 - 105). **Narratiewe getrouheid** verwys na 'n storie se waarheidgetrouheid of waarheidkwaliteite (Fisher 1987: 88). Fisher (1987: 105) kyk na die verskillende komponente van stories en of hierdie komponente akkurate verklarings omtrent die sosiale realiteit verteenwoordig en sodoende goeie redes vir oortuiging en handeling konstitueer. Dit gaan hier oor die mate waarin die storie met die logika van goeie redes ooreenstem. Narratiewe getrouheid ondersoek dus die deeglikheid van beredenering en die waarde van die waardes (Terblanche & Terblanche 2007: 103).

### 2.5.5 Mense skep en herskep realiteit deur versamelings stories waaruit hul voortdurend moet kies om sodoende die lewe voluit te leef

Hierdie aanname verwys na hoe realiteit geskep en herskep word deur die vertel en hervertel van stories (Cragan & Shields s.a.: 151). Wanneer daar gekyk word na die struktuur van

stories, kan ’n mens sien dat hulle ingesluit word in ander stories. Die diep struktuurwaardes van alle stories vloei, volgens Fisher, vanuit twee meestermites. Hierdie mites staan bekend as die idealistiese/moralistiese mite en die materialistiese mite. Hierdie konsepte sal in die volgende afdeling bespreek word. Hierdie is ’n epistemologiese aanname, aangesien dit vrae oor kennis beantwoord (Terblanche & Terblanche 2007: 98 - 99).

## 2.6 TEORETIESE KONSEPTE VAN NARRATIEWE TEORIE

Die konsepte van ’n teorie is die terme wat in ’n teorie voorkom en die omskrywings van hierdie terme (Terblanche & Terblanche 2007: 98). Hierdie terme druk ’n abstrakte idee uit deur waarnemings te veralgemeen en op te som (Dominick & Wimmer 2006: 44). Dit is belangrik om die konsepte van ’n teorie te identifiseer en te verstaan, aangesien dit die navorsingsproses vereenvoudig en die kommunikasie en gedeelde verstaan van die teorie vergemaklik (Dominick & Wimmer 2006: 44). In die Narratiewe teorie kan onderskei word tussen basiese konsepte, strukturele konsepte en evaluatiewe konsepte.

Die teorie bevat drie basiese konsepte (vertelling of storie, logiese redes, goeie redes); agt strukturele konsepte (karakterisering, storielyn, plek van aanbieding, idealistiese/moralistiese mite, materialistiese mite, storieverteller, gehoor, ontvanklike demokratiese samelewing) en twee evaluatiewe konsepte (narratiewe waarskynlikheid, narratiewe getrouheid) (Cragan & Shields s.a.: 153).

**Basiese konsepte** verwys na die ontledingseenhede wat vanuit die perspektief van ’n bepaalde teorie in kommunikasieverskynsels en –artefakte waargeneem en ontdek moet word (Terblanche & Terblanche 2007: 98). Aangesien die Narratiewe teorie ’n simboliese teorie is, vorm die simboliese feite wat in waarde-belaaide stories vervat is, die eenhede vir ontleding (Terblanche & Terblanche 2007: 98).

**Strukturele konsepte** verskaf die bloudruk of superstruktuur van die entiteit wat deur die teorie onder waarneembare fokus gebring word (Terblanche & Terblanche 2007: 98). Dit help dus om die waargenome kommunikasieverskynsels (die realiteit) te omvorm wanneer ’n bepaalde teorie gebruik word.

Die **evaluatiewe konsepte** voorsien ’n middel vir die assessering van ’n narratiewe teks, asook ’n lens om te bepaal of die proses wat deur die teorie beskryf word, voorkom in die kommunikasieverskynsels wat bestudeer word (Terblanche & Terblanche 2007: 99). Hierdie konsepte word gebruik om die bruikbaarheid van die Narratiewe Paradigma Teorie in die oplossing van probleme te evalueer.

Al word hierdie konsepte nou afsonderlik beskryf, is dit belangrik om te onthou dat hulle verwant is en dikwels onlosmaaklik van mekaar verskyn (Cragan & Shields s.a.: 153).

### 2.6.1 Basiese konsepte

#### *2.6.1.1 Vertelling of Storie*

Vertelling is die verklaring of herverklaring van ’n waarde-gelaaide simboliese aksie wat in woorde en dade vervat word (Cragan & Shields s.a.: 153). Hierdie woorde en dade reflekteer tyd, plek en volgorde.

Gesien deur die lens van die Narratiewe teorie, is stories die eerste element van menslike kommunikasie wat opval (Cragan & Shields s.a.: 153). ’n Storie is die weergee van aksies in volgorde, tyd en plek. As daar nie ’n storie te vinde is nie, het jy nie te make met die Narratiewe teorie nie. Elke storie het ’n eksposisie en verskaf volgorde en waardes met betekenis vir dié wat die stories beleef, skep of interpreteer (Cragan & Shields s.a.: 154 - 155).

Binne die Narratiewe teorie is daar drie soorte stories: Die persoonlike narratief, die kollektiewe narratief en die gevallestudie-narratief (Cragan & Shields s.a.: 155). Persoonlike narratief is die vertelling van staaltjies of die daarstelling van ’n persoonlike beskrywing (Terblanche & Terblanche 2007: 100). Kollektiewe narratief is generiese vorme van narratief, soos argumentasie (Terblanche & Terblanche 2007: 100). Gevallestudie-narratief verwys na ’n konseptuele raamwerk vir ’n begrip van menslike besluitneming, diskoers en handeling (Terblanche & Terblanche 2007: 100).

Die Narratiewe teorie fokus veral op die waarde-gelaaide regverdigings binne ’n storie (Cragan & Shields s.a.: 155).

*2.6.1.2 Logiese redes*

Redes is die dryfvere vir handeling, beslissings, besluite en oortuigings (Terblanche & Terblanche 2007: 100). Fisher glo dat redes deur ’n verskeidenheid geïndividualiseerde diskoersvorme of uitvoeringe uitgedruk kan word (Terblanche & Terblanche 2007: 100). Dit kan onder meer in en deur argumente, metafore, mites en gebare voorkom.

’n Rasionele argument is ’n eis wat deur redes ondersteun word (Cragan & Shields s.a.: 155). Daar is twee hoofsoorte rasionele argumente, naamlik deduktief en induktief**.** Wanneer iemand ’n storie vertel, maak hy of sy van rasionele of logiese redes gebruik om menslike gedrag te verklaar. Hierdie redes vloei uit die gebruik van oorsaak-argumente, tekens, voorbeelde, vergelykings, outoriteit en dissosiasie (Cragan & Shields s.a.: 155).

*2.6.1.3 Goeie redes*

Goeie redes is die waardes wat in stories ingebou word (Cragan & Shields s.a.: 156). Fisher glo dat hierdie waardes die oorredingsmag van redes binne elke narratief bepaal en dat hierdie waardes self redes kan voorstel. Goeie redes laat die hoorder of leser toe om te besluit of hulle sal optree nadat hulle ’n storie gehoor het. Stories hou ook dikwels kompeterende

waardes voor. Die hoorder of leser moet dan tussen hierdie kompeterende waardes kies. Fisher het ’n lys saamgestel van waardes wat binne ’n vertelling kan voorkom (Cragan & Shields s.a.: 156). Hierdie waardes sluit die antieke Aristoteleaanse waardes, moderne waardes en waardes wat a.g.v. die sosialisasie-proses binne ’n bepaalde gemeenskap ontwikkel, in. Hier is ’n kort opsomming van elk van hierdie waarde-groepe:

- Antieke Aristoteleaanse waardes: geregtigheid, durf, matigheid, grootsheid, grootmoedigheid, sagtheid, vrygewigheid, wysheid en versigtigheid.
- Moderne waardes: vryheid, demokrasie, individualiteit, gemeenskap, vasberadenheid en die soektog na geluk.
- Waardes a.g.v. die sosialisasie-proses binne ’n gemeenskap: Meegevoel, geld, tyd en eiendom.

Al hierdie waardes kan met een van twee meestermites geassosieer word (Cragan & Shields s.a.: 156). ’n Waarde is deel van die moralistiese mite of van die materialistiese mite. Hierdie twee mites sal later bespreek word.

### 2.6.2 Strukturele konsepte

Die strukturele konsepte van ’n algemene kommunikasieteorie hou verband met die boodskap, dinamika, kommunikator en medium (Cragan & Shields s.a.: 156). Uit ’n vereenvoudigde perspektief gesien, verduidelik die Narratiewe Teorie dat kommunikators (storievertellers) kommunikeer (vertel en hervertel van stories) binne ’n medium (oop, demokratiese samelewing).

Die Narratiewe teorie bevat drie boodskap-struktuur-konsepte, twee dinamiese-struktuur-konsepte, twee kommunikator-struktuur-konsepte en die medium-2-struktuur-konsepte (Cragan & Shields s.a.: 157).

Die boodskap-struktuur-konsepte bou voort op ’n teorie se basiese konsepte. In die geval van die Narratiewe teorie sluit dit karakterisering, storielyn (intrige) en plek van aanbieding in

(Cragan & Shields s.a.: 157). Daar kom konflik voor binne die diep-struktuur van die stories binne die Narratiewe teorie. Die konflik kom veral voor tussen die twee diep-struktuur waarde-sisteme wat moet kompeteer as die oorheersende goeie redes vir die gehoor om op te tree na die aanhoor van ’n storie (Cragan & Shields 2005: 158). Hierdie twee waarde-sisteme staan bekend as die idealistiese/moralistiese mite en die materialistiese mite. Hulle dien albei as die dinamiese-struktuur-konsepte van die teorie.

Die kommunikator-struktuur-konsepte van die teorie identifiseer die kommunikators (Cragan & Shields s.a.: 160). Hierdie konsepte sluit die storieverteller en die gehoor in. Aangesien die Narratiewe teorie aanneem dat alle kommunikasie vorme van vertellings is, is almal dus besig om ’n storie te vertel of om ’n storie te hoor of te lees (Cragan & Shields s.a.: 160). Die hoorder of leser sal dan besluit of die storie saamhang en waar lui na aanleiding van vorige stories wat deel uitmaak van hul kennis-raamwerk.

Daar is drie soorte media binne elke teorie (Cragan & Shields s.a.: 161). Medium 1 verwys na die dissipline se ses hoofkontekste, nl. interpersoonlike, kleingroep-, publieke, massa, organisatoriese en interkulturele kommunikasie. Fisher het bewys dat die Narratiewe teorie kommunikasie binne-in en regoor alle kontekste verduidelik (Cragan & Shields s.a.: 161). Medium 2 verwys na die ruimte waarin kommunikasie groei en vooruitgang toon (Cragan & Shields s.a.: 161), terwyl Medium 3 verwys na die kanaal waardeur kommunikasie vloei, soos die lug, boeke of film (Cragan & Shields s.a.: 161). Binne die area van struktuurkonsepte word daar veral gefokus op die Medium 2-konsep, wat ’n oop demokratiese samelewing is.

Die afsonderlike struktuurkonsepte is die volgende:

#### *2.6.2.1 Boodskap-struktuur-konsepte: Karakterisering*

Karakterisering is die uitbeelding van die karakters wat in die vertelling teenwoordig is (Cragan & Shields s.a.: 157). Karakterisering is baie belangrik binne die narratiewe wêreld,

aangesien karakters sentraal staan in alle vertellings. Karakters moet getrou aan hul karakterisering optree, anders is daar geen voorspelbaarheid nie. Voorspelbaarheid is nodig vir vertroue, gemeenskap en rasionele orde.

Dit is belangrik dat die waardes van die karakters binne ’n vertelling sal ooreenstem met die waardes van die verteller (Cragan & Shields s.a.: 157). Hierdie ooreenstemming is veral belangrik wanneer dit by oorredingsboodskappe kom, soos in die arena van politieke of religieuse kommunikasie.

#### *2.6.2.2 Boodskap-struktuur-konsepte: Storielyn (Intrige)*

Die intrige is die reeks gebeurtenisse en situasies in ’n storie (Terblanche & Terblanche 2007: 101). Dit verwys ook na die aksies van die karakters binne-in ’n storie (Cragan & Shields s.a.: 157). Aangesien alle kommunikasie ’n vertelling is, bevat alle kommunikasie ’n storielyn. Volgens Fisher speel hierdie aksies altyd in ’n historiese, situasionele of biografiese konteks af (Terblanche & Terblanche 2007: 101).

#### *2.6.2.3 Boodskap-struktuur-konsepte: Plek van aanbieding*

Die plek van aanbieding is die plasing of ligging van die gemeenskap waarin ’n storie fisiek of simbolies afspeel (Cragan & Shields s.a.: 158). Hierdie plek is gewoonlik die plek waar ’n gemeenskap van mense met gedeelde waardes voorkom (Cragan & Shields s.a.: 158). So sal die universiteitsgemeenskap ’n waardesisteem onderhou van intelligensie, moraliteit en wysheid, terwyl die familie-gemeenskap ’n plek sal wees waar vriendskap, liefde en lojaliteit voorkom.

Hier moet dan ook ’n ooreenkoms wees tussen die ligging van die storie en die ligging waarin die storie vertel word deur die storieverteller (Cragan & Shields s.a.: 158). Sekere stories sal nie aanvaar word in die kerk, sinagoge, moskee of om die familietafel nie.

### *2.6.2.4 Dinamiese-struktuur-konsepte: Idealistiese/moralistiese mite*

Fisher voer aan dat alle vorme van menslike kommunikasie deurdrenk is van mites (in Terblanche & Terblanche 2007: 101). Mites is idees wat nie geverifieer of absoluut bewys kan word nie. Hierdie idees kom in metafore, waardes en gebare voor. Die mees meeslepende, oorredende stories is mities van aard (Terblanche & Terblanche 2007: 101). Hierdie stories sal "openbare drome", wat betekenis aan die lewe gee, weerspieël.

Die Idealistiese/moralistiese meestermite het sy oorsprong in die "Amerikaanse Droom". Dit hou verband met broederskap en beklemtoon die egalitariese geloof dat alle mense gelyk geskape is (Cragan & Shields 2005: 158). Die waardes van liefde, verdraagsaamheid, betroubaarheid, geregtigheid, aanvaarding en respek vir die waardigheid van elke individu word hier voorop gestel. Mense is geregtig op sekere onvervreembare regte soos "lewe, vryheid en die strewe na geluk". Die regering word aangestel om hierdie regte te beskerm (Terblanche & Terblanche 2007: 101).

Dr. Martin Luther King Jnr. se "I have a dream" -toespraak, wat op 28 Augustus 1963 te Washington D.C. gelewer is (Eidenmuller 2010: 1), is 'n tekenende voorbeeld van 'n vertelling wat hierdie mite bevat. Menseregte-bewegings, soos hierdie beweging vir die emansipasie van die Amerikaanse minderheidsrasse, se intrinsieke waardes is altyd op hierdie mite gebaseer.

### *2.6.2.5 Dinamiese-struktuur-konsepte: Materialistiese mite*

Die Materialistiese meestermite is 'n kompeterende mite wat individuele prestasie vier (Cragan & Shields s.a.: 159). Waardes soos kompetisie, self-onderhoubaarheid, selfverheerliking, selfvertroue, inisiatief, deursettingsvermoë, werketiek, politieke vaardigheid en enterpreneurskap is hier van belang. Dit is interessant dat hierdie mite se oorsprong ook in die "Amerikaanse Droom" lê.

Heldhaftige kapitalistiese, politieke en sportprestasies word hoog op prys gestel binne die raamwerk van hierdie mite. Die Bill Gates-storie is ’n goeie voorbeeld van ’n storie wat binne hierdie kategorie val. Ander verhale wat hier genoem kan word, is dié van J.D. Rockefeller, Howard Hughes, Henry Ford, Bill Clinton en Martina Navratilova. Hulle het almal van ’n arm agtergrond gekom en die hoogste sport binne hul leefwêreld bereik.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie twee meestermites, idealisties/moralisties en materialisties, in oorlog met mekaar verkeer binne elke vertelling (Cragan & Shields s.a.: 159).

#### *2.6.2.6 Kommunikator-struktuur-konsepte: Storieverteller*

Die storieverteller is die persoon wat die stories van menslike aksies vertel of hervertel (Cragan & Shields s.a.: 160). Dus is alle kommunikators storievertellers.

Soos vroeër verduidelik, het Fisher geglo dat alle mense die inherente vermoë het om stories te vertel en te evalueer. Daar moet ’n kategoriese samehang tussen die waardes van ’n storie en die karaktereienskappe van die storieverteller en die karakters van die storie wees (Cragan & Shields s.a.: 160). Dit beteken dat die storieverteller se geloofwaardigheid onthul word deur die karakterisering van die storieverteller en die karakterisering van die storievertellers binne-in die storie (Cragan & Shields s.a.: 160).

Fisher (in Cragan & Shields s.a.: 160) verduidelik dat die lede van die gehoor outomaties ’n storie beoordeel deur die karakterisering van die karakters in die storie te vergelyk met dit wat hulle reeds weet van die storieverteller. Die gehoor sal hulleself afvra: “Is hierdie storie konsekwent met ander stories wat aan my inligting verskaf oor die storieverteller?” Indien dit wel die geval is, sal die gehoor daardie storie dan as waar beskou.

*2.6.2.7 Kommunikator-struktuur-konsepte: Gehoor*

Die gehoor bestaan uit die hoorders of lesers van stories wat 'n gegewe storie sal evalueer om te bepaal of dit volgens hulle ervaringe samehangend is en waar lui (Cragan & Shields s.a.: 161). Dus is 'n verhaal net so goed as die gehoor wat dit sal aanvaar. Soos 'n gehoor meer toeganklik word vir die vrye vloei van idees, en hoe meer 'n gehoor se vermoëns en gesofistikeerdheidsvlakke toeneem, hoe beter moet die goeie redes in 'n storie wees om die gehoor se aanvaarding te bewerkstellig (Cragan & Shields s.a.: 161). Alle mense het dus 'n natuurlike narratiewe vermoë, maar geleerdheid en 'n vrye, oop samelewing dra by tot die verhoogde vermoë om stories te gebruik en te evalueer (Cragan & Shields s.a.: 161).

*2.6.2.8 Medium-struktuur-konsepte: Ontvanklike Demokratiese Samelewing*

'n Oop, demokratiese samelewing is 'n gemeenskap mense wat in 'n vry samelewing, waar idees natuurlik en gewillig ondersoek word, bestaan (Cragan & Shields s.a.: 161). Hier floreer vertellings. Oopheid bevorder die bestaan van kompeterende vertellings en vryheid gee die geleentheid vir die gehoor om hul narratiewe rasionaliteit te verbeter deur hierdie kompeterende vertellings te evalueer (Cragan & Shields s.a.: 161). Hierdie toets-proses verbeter dan die lewenskwaliteit binne hierdie gemeenskap.

### 2.6.3 Evaluering van stories deur die gebruik van die Narratiewe teorie

Hierdie teorie word gebruik om te bepaal of 'n storie saamhang en waar lui vir 'n gehoor (Cragan & Shields s.a.: 162). Die Narratiewe teorie se primêre evaluatiewe konsepte is dus Gehoor, Narratiewe waarskynlikheid en Narratiewe getrouheid (Terblanche & Terblanche 2007: 102). Met behulp van hierdie konsepte kan die mag van narratiewe as 'n regverdiging van menslike aksie, evalueer word (Cragan & Shields s.a.: 162). Hierdie konsepte bepaal ook die Narratiewe rasionaliteit van 'n vertelling (Terblanche & Terblanche 2007: 102).

### *2.6.3.1 Gehoor*

Stories deel nie net iets oor die wêreld mee nie, maar impliseer ook ’n gehoor (Terblanche & Terblanche 2007: 102). Die gehoor se belangrikheid lê daarin dat hulle die hoofbepalers van die sukses van ’n meeslepende storie is (Terblanche & Terblanche 2007: 102). Aangesien mense die natuurlike vermoë besit om die samehang en getrouheid van stories te herken, is hulle aktiewe, ononderdrukbare deelnemers aan die betekenissamestelling van die storie (Terblanche & Terblanche 2007: 102).

### *2.6.3.2 Narratiewe waarskynlikheid*

Narratiewe waarskynlikheid verwys na die gehoor se evaluering van die vertelling se samehang (Cragan & Shields s.a.: 162). Samehang is die komponent wat die storie as geheel in fokus bring (Terblanche & Terblanche 2007: 102).

Fisher (in Terblanche & Terblanche 2007: 102) stel dat narratiewe waarskynlikheid ook verwys na die formele kenmerke van ’n storie, bedink as ’n onderbroke opeenvolging van gedagtes en/of handelinge in die lewe of in literatuur. Die vertelling moet dus vry wees van teenstrydighede. Daar is vier vrae wat die gehoor dan hulself moet afvra (Cragan & Shields s.a.: 162):

- Is die storie samehangend?
- Is die storie intern konsekwent of konstant?
- Is die storie konsekwent of in lyn met ander stories oor dieselfde onderwerp wat ons al gehoor het?
- Is die storie in lyn met vorige karakteriserings van die storieverteller?

Fisher (in Cragan & Shields s.a.: 162) het drie maniere voorgestel om die narratiewe waarskynlikheid van ’n storie te bepaal:

- **Kyk na die storie se strukturele samehang:** Hier word gekyk of die storie intern konstant of konsekwent is. Dit beteken dat die dele van die storie bymekaar inpas en dus nie weersprekend van aard is nie (Terblanche & Terblanche 2007: 102).
- **Ondersoek die storie se materiële samehang:** Dit staan ook bekend as eksterne konsekwentheid (Terblanche & Terblanche 2007: 102). Dit dui op die mate waarin die storie rekenskap gee van feite wat as waar bekend staan (Terblanche & Terblanche 2007: 102). Hier word gekyk of enige bewyse vermis word en of enige hoofargumente wat gewoonlik in kompeterende stories as hoofargumente voorkom, vermy word.
- **Analiseer die storie se karakterologiese samehang:** Hier word gekyk of die optrede van die karakters in die verhaal konsekwent en betroubaar is en of die karakters se optrede konsekwent is met dié van die storieverteller. Wanneer daar karaktereienskappe van die storieverteller is wat verskil van die algemene optrede van die karakters in die storie, vernietig dit die storie se materiële samehang, sowel as die karakterologiese samehang (Cragan & Shields s.a.: 163).

#### *2.6.3.3 Narratiewe getrouheid*

Narratiewe getrouheid ondersoek hoe waar 'n storie is. Wanneer hierdie evaluerende konsep gebruik word, toets die navorser om te sien of die storie "waar lui" in vergelyking met ander stories wat min of meer in dieselfde kategorie val (Cragan & Shields s.a.: 163). Fisher (in Cragan & Shields s.a.: 163) beveel twee toetse vir narratiewe getrouheid aan:

- Die toets van rasionele redes.
- Die toets van waardebelaaide goeie redes.

Die toets van rasionele redes vind plaas wanneer 'n gehoorlid die rasionele argumente van die storie kritiseer en die bewyse binne die storie toets (Cragan & Shields s.a.: 163). Ten einde volgens Fisher te kan besluit of 'n boodskap waar klink of nie, is daar met betrekking tot die logika van redes in 'n storie vyf aspekte waarop gelet moet word (Terblanche & Terblanche 2007: 103):

- Neem in aanmerking of die stellings in die boodskap wat voorgee om "feite" te wees, inderdaad "feite" is. Word die stellings deur konsensus of betroubare getuies bevestig?
- Bepaal of relevante "feite" uitgelaat is en of die "feite" wat aangebied word op enige wyse verwring of buite konteks gebruik is.
- Herken en assesseer die onderskeie redenasiewyses deur hoofsaaklik van die maatstawwe van informele logika gebruik te maak.
- Assesseer die relevansie van die individuele argumente met betrekking tot die uitspraak wat in die boodskap voorkom. Dit gaan nie net oor die deeglikheid van die argumente nie, maar ook oor die mate waarin al die betekenisvolle argumente wat aangewend behoort te word, geïdentifiseer is.
- Oordeel of die boodskap die "werklike" kwessie in die saak direk aanspreek. Oordeel of die boodskap aandag gee aan die vrae waarom die hele saak draai of behoort te draai.

Met betrekking tot die assessering van die waardebelaaide redes wat 'n rol in die bepaling van die waarheidsgetrouheid van stories speel, het Fisher vyf vrae voorgestel om die waardebelaaide goeie redes van 'n storie te toets (Terblanche & Terblanche 2007: 104). Dit sluit feite-, relevansie-, gevolge-, konsekwentheids-, en transendente kwessie-vrae in (Cragan & Shields s.a.: 163):

- **Feite-vraag:** Watter waardes word in die storie gereflekteer, hetsy op 'n implisiete of eksplisiete wyse (Fisher 1987: 109)?
- **Relevansie-vraag:** Is die waardes wat in die storie gereflekteer word relevant, akkuraat en onverdraaid vir die onderwerp wat die storie voorstel?
- **Gevolge-vraag:** Wat is die uitkomste, in terme van die mense wat die vertelling hoor en hul verhouding met ander in die samelewing, wanneer daar gehoor gegee word aan die waardes wat die vertelling bevat?
- **Konsekwentheidsvraag:** Is die waardes in die vertelling konsekwent met die gehoor se waardes, die waardes van diegene wat hulle respekteer en die waardes van 'n ideale gehoor?
- **Transendente kwessie-vraag:** Al kom die storie as waar voor in 'n sekere geval, is die waardes in die storie in lyn met die waardes van die idealistiese/moralistiese mite

of die materialistiese mite? Dit verwys ook na watter mate die vertelling se waardes die ideale basis vir menslike gedrag voorstel (Fisher 1987: 109).

Wanneer die gehoor die waardebelaaide goeie redes van ’n storie aanvaar, beskou hulle dus die storie as waar (Cragan & Shields s.a.: 163).

## 2.7 STREKKING EN KRAG VAN NARRATIEWE TEORIE

Hierdie teorie se krag lê in sy vermoë om die implisiete en eksplisiete waardes van stories wat tot menslike aksie lei, te verduidelik en te evalueer (Cragan & Shields s.a.: 150). Dit is ’n teorie met ’n wye omvang, aangesien dit gebruik word om die krag van vertelling binne ’n breë spektrum kommunikasiesituasies te verduidelik.

Narratiewe kommunikasie kom voor in persoonlike gesprekke, kleingroep-interaksies, toesprake, geskiedkundige tekste, toneelstukke, onderhoude, verkiesingswerwing, hofsake, filmresensies, korporatiewe kommunikasie, joernalistieke mediums, wetenskaplike verduidelikings (Cragan & Shields 2005: 150) en, laaste maar beslis nie die minste nie, binne die wêreld van religieuse kommunikasie. Narratiewe kommunikasie binne die konteks van retoriese en religieuse kommunikasie word later in meer besonderheid bespreek.

## 2.8 KRITIEK TEEN NARRATIEWE TEORIE

Hoewel die Narratiewe teorie ’n relatiewe nuwe kommunikasieteorie is, het dit reeds heelwat kritiek van verskillende kritici uitgelok (Cragan & Shieldss.a.: 170). Volgens Cragan en Shields (s.a.: 171) kan die kritiek in vier hoofstellings opgesom word, nl.

- Die Narratiewe teorie is nie ’n algemene kommunikasieteorie nie.
- Die Narratiewe teorie lei nie tot nuwe kennis nie.

- Narratiewe waarskynlikheid bestaan nie.
- Die Narratiewe teorie verkleineer rasionaliteit.

### 2.8.1 Nie ’n algemene kommunikasieteorie nie

Gronbeck en Megill (in Cragan & Shields s.a.: 171) meen dat alle historiese geskrifte nie narratief is nie terwyl Rowland (in Cragan & Shields s.a.: 171) eis dat uitgeweide, onsamehangende materiaal nie deur die gebruik van die Narratiewe teorie geanaliseer kan word nie. Sommige teoretici voel ook dat retoriese narratiewe in so ’n mate van fiksionele narratiewe verskil dat fiksionele narratiewe konsepte nie gebruik kan word om retoriese narratiewe te analiseer nie (Cragan & Shields s.a.: 171).

Hierdie kritici neem egter nie in ag dat die narratiewe ’n begripsraamwerk skep waaruit alle menslike diskoers verstaan kan word nie (Cragan & Shields s.a.: 171). Wanneer dit wel in ag geneem word, kan die Narratiewe Teorie as ’n algemene kommunikasieteorie gesien word.

### 2.8.2 Lei nie tot nuwe kennis nie

Warnick (in Cragan & Shields s.a.: 171) redeneer dat die Narratiewe teorie ’n sirkulêre teorie is omdat die teoretiese insigte van die praktisyn self afkomstig is, eerder as van die praktisyn se toepassing van die teorie. Wanneer daar egter na die werk van verskeie van die praktisyne van die Narratiewe teorie gekyk word (Hollihan en Riley [1987] of Katriel en Shenhar [1992]) is dit duidelik dat die insigte beslis uit die toepassing van die teorie gevloei het (Cragan & Shields s.a.: 171), en nie net uit die praktisyne self nie.

### 2.8.3 Narratiewe waarskynlikheid bestaan nie

Cali en Warnick (in Cragan & Shields s.a.: 171) bevraagteken Fisher se ontologiese stelling dat alle mense storievertellers is met die vermoë om die waarskynlikheid van stories te beoordeel, sowel as die natuurlike neiging om waar en regverdige stories bo onwaar en onregverdige stories te kies. Cali en Warnick (in Cragan & Shields s.a.: 171 - 172) redeneer

dat as dit wel die geval was, sou mense nooit deur kultusleiers of korrupte politici (soos Adolf Hitler) verlei kon word nie.

Fisher (in Cragan & Shields s.a.: 172) verduidelik egter dat mense feilbaar is en valslik verlei kan word deur knap narratiewe. Binne ’n vrye demokratiese samelewing hoef daar egter nie hiervoor gevrees te word nie, aangesien goeie narratiewe gewoonlik hier gepropageer word (Cragan & Shields s.a.: 172). In die geval van Hitler se Duitsland was daar ook geen kompeterende narratiewe nie, terwyl daar in ’n demokratiese samelewing veelvuldige narratiewe is wat verkondig word.

### 2.8.4 Verkleineer rasionaliteit

Fisher word daarvan beskuldig dat hy rasionaliteit verplaas (Cragan & Shields s.a.: 172). Dit is egter nie die geval nie, aangesien waardes sowel as rasionele redes gebruik word om die narratiewe waarskynlikheid van ’n storie te bepaal (Cragan & Shields s.a.: 172). Waardes en logika speel byna ’n gelyke rol in hierdie teorie.

Die Narratiewe teorie, en die kritiek teen hierdie teorie is breedvoerig bespreek. Narratiewe kommunikasie as ’n kommunikasiemodus sal volgende bespreek word.

## 2.9 NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS KOMMUNIKASIEMODUS

Ricoeur en Brooks (in Ryan 2004: 2) verduidelik dat die daad van vertelling mense in staat stel om tyd, bestemming en verganklikheid te verwerk, om identiteit te skep en te projekteer en om hulleself binne die samelewing te posisioneer. Vertelling is ’n manier om betekenis aan die lewe te gee, alternatiewe realiteit te ondersoek en om gedagtes te strek verby die tasbare wêreld. Dit gee toegang tot die wêreld van drome, fantasie en moontlikhede. Narratiewe verwys egter nie net na fiktiewe tekste nie, maar ook na nie-fiktiewe tekste (Kruger, Rayner & Wall 2004: 42).

Turner (in Ryan 2004: 3) sien stories as een van die fundamentele denk-instrumente. Volgens hom gebruik die mens dieselfde kognitiewe beginsels wanneer hy in die alledaagse lewe handel as wat hy gebruik wanneer hy stories lees en hoor. Maar waar Turner narratiewe sien as dié instrument van menslike denke, beskryf Jerome Bruner (in Ryan 2004: 3) dit eerder as een van twee fundamentele denkwyses. Hy onderskei die narratiewe denkwyse van die paradigmatiese, of argumentatiewe, denkwyse. Argumente oortuig van waarheid, maar stories oortuig van lewensgetrouheid.

Die narratiewe modus is ’n spesifieke modus. Dit hanteer en verwys na menslike bedoelings en aksies en die gevolge daarvan (Ryan 2004: 3). Ryan (2004: 8 – 9) stel die volgende vereistes vir herkenning van ’n narratiewe teks voor:

- ’n Narratiewe teks moet ’n wêreld skep wat met karakters en voorwerpe gevul word. Dit beteken dat ’n narratiewe teks altyd die bestaan van karakters, en hierdie karakters se kenmerke, sal voorhou.
- Die wêreld waarna die teks verwys moet ’n toestandsverandering ondergaan, wat deur ongewone fisieke gebeure veroorsaak word. Dit kan toevallige gebeure wees of na doelbewuste menslike aksies verwys. Hierdie veranderinge skep ’n temporale dimensie en plaas die narratiewe wêreld binne die verloop van geskiedenis.
- Die teks moet die rekonstruksie van ’n interpreterende teks van doelwitte, planne, oorsaak-verhoudings en psigologiese motiverings rondom die narratiewe gebeure toelaat. Hierdie implisiete redes gee samehang en verstaanbaarheid aan die fisieke gebeure en omvorm hulle tot ’n storielyn.

Wanneer ’n teks aan die bogenoemde vereistes voldoen, kan dit dus as ’n narratiewe teks beskou word. Ryan (2004: 9) definieer *narratief* as ’n tekstuele daad van voorstelling. Die teks word geënkodeer om ’n spesifieke soort betekenis voor te stel. Enige tekens kan gebruik word vir hierdie enkoderingsproses. Verder is *narratief* ook ’n denkbeeld of ’n kognitiewe konstruksie wat deur die interpreteerder gebou word in reaksie op die teks. Hierdie voorstelling kan deur verskeie stimuli veroorsaak word, nie net deur narratiewe tekste nie. Daar word dikwels narratiewe beelde in die mens se gedagtes gevorm in reaksie op die lewe, wat nie noodwendig ’n narratiewe teks sal wees nie. Hier kan nou onderskei word tussen

twee modaliteite (Ryan 2004: 9), naamlik tussen “om ’n narratief te wees” en “om narratiwiteit te besit”.

“Om ’n narratief te wees” is van toepassing op enige semiotiese voorwerp wat geskep word met die doel om ’n narratiewe teks in die denke van die gehoor te skep (Ryan 2004: 9). “Om narratiwiteit te besit” verwys na enige kommunikasie-aksie wat die vermoë besit om ’n narratiewe teks in die denke van die gehoor te skep, al is dit nie noodwendig vir daardie doel geskep nie. Prente, musiek, dans en die lewe self besit narratiwiteit, al is dit nie letterlike narratiewe nie. Dit is duidelik dat taal die beste semiotiese kode is wanneer dit by storievertel kom (Ryan 2004: 10), aangesien dit meer volledig as enige van die ander kodes is.

In hierdie studie gaan daar hoofsaaklik op die verbale elemente van narratiewe kommunikasie gefokus word. Teoreties gesproke is die betekenis wat narratiewe skep nie gekoppel aan’n spesifieke medium nie, maar prakties gesien, besit narratiewe ’n medium van keuse en hierdie medium is taal (Ryan 2004: 13). Juis hieroor is kortverhale, nuus, geskiedenis en gespreksvertellings die bekendste vorme van narratief (Ryan 2004: 13).

Die nie-verbale elemente gaan in ’n mindere mate aandag geniet. Hierdie elemente kan egter nie uitgelaat word nie, aangesien sekere betekenis bloot beter op ’n visuele of nie-verbale wyse uitgedruk word, as wat dit op ’n verbale wyse uitgedruk sou word (Ryan 2004: 12).

Ryan (2004: 13 – 14) stel ’n oop lys van narratiewe pare voor. Hier word ruimte gemaak vir verskeie soorte narratiewe:

- ***Diaktiese/Mimeties:*** Diaktiese vertelling verwys na die verbale storievertellingsaksie van ’n verteller. Taal is hiervoor nodig, hetsy in die verbale of geskrewe vorm. Mimetiese vertelling is die aksie van “wys”. Hier werk die ontvanger van die narratief onder die leiding van die vertellersbewustheid, maar daar is geen vertellersfiguur nie. Dit kan veral in die dramatiese kunste, soos film, teater, dans en opera, gesien word. Hierdie twee narratiewe tipes kan ook oorvleuel.

- ***Outonoom/Verduidelikend:*** Die outonome teks dra ’n nuwe storie aan die ontvanger oor. Die logiese ankerpunte van die storie moet dus sigbaar wees in die teks. Die verduidelikende teks hervertel en voltooi ’n storie en maak staat op die ontvanger se vorige kennis van die storielyn. Dit kan daarom gebeur dat ’n teks ’n bekende storie op ’n nuwe, veranderde manier vertel. Hierdie teks val dan binne albei kategorieë van die paar.
- ***Ontvanklik/Deelnemend:*** In die ontvanklike teks speel die ontvanger geen aktiewe rol in die gebeure wat in die narratief voorgestel word nie. Die ontvanger ontvang bloot net ’n vertelling van die narratiewe aksie as ’n eksterne getuie. Die storielyn van die deelnemende teks is nie heeltemal vasgepen nie. Die ontvanger word ’n aktiewe karakter in die vertelling en dra by tot die skryf van die storielyn. Hierdie soort narratief kom veral voor in improvisasie-teater en interaktiewe digitale media.
- ***Aktueel/Virtueel:*** In die aktuele modus spesifiseer die teks ’n voldoende aantal punte op die narratiewe baan om ’n redelike definitiewe storielyn te projekteer. In die virtuele modus word net een of twee punte gespesifiseer. Die ontvanger moet dan die res van die virtuele kurwes van die verhaal self verbeel en voorstel.
- ***Letterlik/Metafories:*** Letterlike narratiewe voldoen aan al die vereistes van tradisionele narratiewe definisies, terwyl metaforiese narratiewe net aan sekere vereistes voldoen.

Daar is ook ’n aantal ander soorte narratiewe, wat vervolgens bespreek sal word.

### 2.9.1 Aangesig-tot-aangesig narratiewe

Aangesig-tot-aangesig narratiewe verwys nie net na mondelinge narratiewe nie (Ryan 2004: 40). Daar is twee eienskappe waaraan ’n narratief moet voldoen om aan hierdie kategorie te behoort, en hierdie eienskappe kom nie net by mondelinge narratiewe voor nie.

Eerstens moet die narratief interaktief wees (Ryan 2004: 40). Die verteller sal sy verhaal aanpas vir die betrokke gehoor se behoeftes. Die verhaal word geskep en herskep soos die

vertelling plaasvind. Die verteller reageer op verskeie faktore, soos vrae wat die gehoor mag hê, onderbrekings, versoeke om verduidelikings, lag en gesigsuitdrukkings.

Tweedens moet die narratief binne die multi-kanaal dimensie, naamlik die askoestiese ruimte, plaasvind (Ryan 2004: 40). Aangesig-tot-aangesig vertelling is meer as net ’n kognitiewe ervaring van taal gebaseer op sintaksis en semantiek; dit is ook ’n liggaamlike optrede waar betekenis geskep word deur gebare, gesigsuitdrukkings en intonasie.

### 2.9.2 Standaardstorie

’n Standaardstorie kan gesien word as ’n storie wat oor en oor herhaal word om sodoende stabiliteit aan ’n professionele praktyk te verleen (Josselson & Lieblich 1999: 171). Hierdie stories se aansprake op waarheid word nie getoets of gedebatteer nie, maar bloot aanvaar. Dié storie is so selfverduidelikend dat die aanspraak wat dit op geldigheid maak die behoefte aan bewyse oorskadu. ’n Standaardstorie sal dus as waar aanvaar word totdat daar ’n storie met teenoorgestelde waarheid na vore kom (Josselson & Lieblich 1999: 172). Wanneer dit gebeur, sal die storie wat die mees bevrydende gevolge vir die gehoor het, aanvaar word.

Vervolgens gaan die elemente van narratiewe kommunikasie aandag geniet. Van hierdie elemente gaan ook later deur die navorser gebruik word om te bepaal of ’n bepaalde teks as ’n narratief beskou kan word, of nie.

## 2.10 NARRATIEWE ELEMENTE

Daar is verskeie elemente om ’n teks as “narratief” te kwalifiseer en te identifiseer. Elkeen van hierdie elemente sal nou breedvoerig beskryf word.

### 2.10.1 Gehoor

Boje (in Josselson & Lieblich 1999: 170) definieer stories as "'n mondelinge of geskrewe optrede wat twee of meer mense wat 'n verlede of verwagte ervaring interpreteer, insluit." Volgens hierdie definisie sal stories ontwikkel, verander en oorgedra word in gesprekke. Dus het storievertellers altyd 'n stel luisteraars, of 'n gehoor, nodig.

Storievertel is 'n sosiale en vasgestelde taal-optrede (Josselson & Lieblich 1999: 170). Die primêre doel van 'n storie is nie om 'n situasie te beskryf nie, maar om mense (luisteraars) te motiveer om op 'n sekere wyse op te tree sodat 'n gebruik kan voortbestaan of verander kan word.

### 2.10.2 Tyd

Narratiewe is die primêre wyse waarop die menslike spesie sy begrip van tyd organiseer (Abbott 2002: 3). Ricoeur glo dat die mate waartoe tyd, "menslike tyd" word, word bepaal deur die verloop van die narratief (Abbott 2002: 4).

Narratiewe verskil van ander tekste, aangesien dit gewoonlik chronologies verloop en daarom 'n dubbele temporale logika bevat (Abbott 2002: 14). Daar word ekstern en intern deur tyd beweeg. Die eksterne beweging verwys na die duur van die aanbieding van die narratief self. Dit kan na die fisieke tydsduur van die verhaal in 'n boek, film of toneelstuk verwys en kom voor op die diskoersvlak van narratief.

Die interne beweging is die beweging van tyd binne-in die narratief, dus die intrige. Hierdie beweging kom voor binne die storie-vlak van narratief. Hierdie tyd hou verband met gebeure in die narratief en stem nie noodwendig ooreen met kloktyd nie (Abbott 2002: 5). Dit staan ook bekend as narratiewe tyd. Dit is ook belangrik om daarop te let dat al word stories agteruit vertel, dieselfde chronologiese volgorde van gebeure voorgehou word.

Volgens Fourie (2008: 458) is tyd binne narratiewe om drie redes belangrik:

- **Temporale orde:** Dit is die orde waarin gebeure, soos wat tyd verloop, plaasvind. Selfs wanneer gebeure buite volgorde voorgestel word, sal die gehoor dit in die regte volgorde kan herrangskik
- **Temporale duur:** Dit verwys na die hoeveelheid tyd wat dit neem vir die gebeure van die narratief om plaas te vind en kan verwys na die lengte of duur van die storielyn, die lengte van die boek of die lengte of duur van die film.
- **Temporale frekwensie:** Dit is die hoeveelheid kere wat ’n sekere aksie binne ’n film of vertelling herhaal word. Soms kan daar oor en oor na ’n enkele aksie verwys word of ’n aksie wat herhaalde kere plaasgevind het, kan slegs een keer aangehaal word.

Daar moet ook gekies word tussen teenwoordige tyd en verlede tyd wanneer ’n storie vertel word (Janse van Rensburg 2003: 68). Die teenwoordige tyd word gebruik om ’n dramatiese effek te skep, maar dit is beslis meer ingewikkeld om hiervan gebruik te maak. Verlede tyd word dus meer gebruik in die oordra van ’n vertelling. Verkieslik moet daar slegs van een van hierdie twee tye in elke vertelling gebruik gemaak word, tensy die vertelling die gebruik van albei noodsaak.

### 2.10.3 Struktuur

’n Reeks semiotiese strukture span saam om die tekstualiteit van ’n narratief te vorm (Ryan 2004: 110). Hierdie strukture sluit gebeure, menslike agente, tydspan en plek in. Hierdie elemente staan bekend as die narratiewe struktuur.

Die drie vlakke van narratief sluit die juiste vlak van narratief, die meta-narratiewe vlak en die paranarratiewe vlak in (Ryan 2004: 112). Elkeen van hierdie vlakke stel ’n ander stel gebeure voor wat bydra tot die narratiewe gebeure. Elk van hierdie vlakke spesifiseer ’n ander waarde vir die parameters van aksie, persoon, tyd en ruimte (Ryan 2004: 112).

Cassell en McNeil (in Ryan 2004: 113) hou vyf gebeure-lyne, of strekkingstye, voor wat die drie vlakke van narratief sal vul:


- Eerstens is daar die volgorde van gebeure van die storie wat intrige-tyd en tyd van fiksie insluit.
- Daar moet gelet word op die medium wat gebruik word om die storie oor te dra. Daar is verskeie media wat gebruik kan word, in verkeie vorms.
- Die ontvang van die teks het ook sy eie temporale volgorde. Dit verwys na die volgorde waarin die luisteraar of ontvanger die gebeure voor hom sien afspeel.
- Die ontvanger skep ’n voorstelling van die teks wat min of meer in lyn is met die volgorde van gebeure wat in die teks self uitgebeeld word. Beskrywings van al die aksies wat deur al die karakters uitgevoer word in die oorspronklike temporale orde is optimaal sigbaar, terwyl terugflitse en opsommings minder sigbaar is.
- Daar kom ook ’n punt wat die narratief hervertel kan word deur die ontvanger. Dit staan bekend as ’n interpersoonlike narratief. Op hierdie punt word die ontvanger die verteller.

Elk van hierdie narratiewe lyne is van uiterste belang, want dit mag dalk juis dié lyn wees wat die ontvanger hoor of lees (Ryan 2004: 113). Die volgorde van gebeure is die juiste vlak van narratief of die narratiewe diskoersvlak (Ryan 2004: 114). Die medium van die teks, die ontvang van die teks en die voorstelling van die teks skep die meta-narratiewe vlak (Ryan 2004: 114). Dit is die deel van die narratief wat met die aksie van vertelling te make het. Die interpersoonlike narratief is op die paranarratiewe vlak (Ryan 2004: 114). Hier klim die verteller uit die storie uit en praat met sy/haar eie stem met die ontvanger.

Tarasti (in Ryan 2004: 284) onderskei ook tussen twee interaktiewe vlakke van narratiwiteit. Die vertellingsvlak verwys na die storie wat vertel word en die vertellersvlak verwys na die spesiale wyse waarop die storie vertel word. Dit is dieselfde as die begrippe storie (vertellingsvlak) en diskoers (vertellersvlak) wat in Amerikaanse narratologie gevind word.

Die Bulgaarse teoretikus Todorov (in Kruger, Rayner & Wall 2004: 44) het die konsep van narratief vereenvoudig tot hierdie herhalende formule:

**FIGUUR 1: TODOROV SE NARRATIEWE FORMULE**




Narratiewe moet met ’n toestand van ewewig of vrede, waarin daar ’n duidelike sin van sosiale orde is, begin (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Daarna sal ’n mag van onewewig of verwoesting die verhaal binnekom met die doel om die staat van ewewig te vernietig (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Hierdie mag kan fisiek, psigologies, sosiaal of bonatuurlik wees (Longenecker 2002: 23). Deur die inmenging van nog ’n party sal die bose mag oorwin word en vrede en harmonie sal herstel word. So word ’n nuwe ewewig geleidelik geskep.

Hierdie storielyn kan gesien word as ’n liniêre narratief, aangesien die vertelling en ontwikkeling in ’n reguit lyn beweeg (Kruger, Rayner & Wall 2004: 52). Parallel-aksie narratiewe verskaf weer inligting aan die gehoor oor gebeure wat op dieselfde tyd in twee afsonderlike plekke afspeel (Kruger, Rayner & Wall 2004: 52). Daar is ook die anti-narratief, waar die narratiewe vloei doelbewus omver gewerp word om sodoende ’n bepaalde doel te bereik (Kruger, Rayner & Wall 2004: 52). Hier word die chronologiese volgorde van gebeure belemmer en sekere gebeure word keer op keer herhaal.

Daar is verskeie struktuurelemente wat deel uitmaak van die ewewigsformule. Hierdie struktuurelemente is ’n intrinsieke deel van alle narratiewe. Dit kan beskou word as die narratiewe baan. Alle gehore wil hê dat die narratief iewers heen moet lei en dié struktuurelemente help om hierdie doel te bereik (Longenecker 2002: 22).

Aristoteles het gesê dat alle goeie storielyne ’n begin, ’n middel en ’n einde sal hê (Longenecker 2002: 23). Die begin is “wat nie nodig het om enige iets te volg nie, maar

waarna daar iets anders volg of gebeur as ’n natuurlike gevolg”. Die einde is “die natuurlike gevolg van iets, maar daar kan niks daarna volg nie”. Die middel “volg iets anders en iets anders volg daarna”.

Elkeen van hierdie bogenoemde struktuurelemente sal nou afsonderlik, en in meer diepte, aandag geniet. Dit kan gesien word as die storielyn-elemente of die elemente van die intrige:

- *Blootlegging / Eksposisie:* Dit is die deel van die vertelling wat die inligting verskaf om die stories as’t ware op te stel (Hattingh s.a.: 8). Hierdie kan ’n plek, ’n tyd of persone wees. Dit kan selfs kort knippies inligting of agtergrond-skildering wees. Hierdie struktuurelement loop hand-aan-hand met die konsep van ligging.

  Die blootlegging kan dus as die inleiding van die vertelling beskou word. Die inligting in die inleiding moet op so ’n wyse rangskik word dat dit ’n verwagting by die ontvangers sal skep (Janse van Rensburg 2003: 59), sonder om te veel inligting te verklap. Dit is die vertrekpunt van die narratief.

- *Spanning:* Spanning ontstaan sodra die ewewig versteur word. Dit is een van die faktore wat lewe verleen aan ’n narratief (Abbott 2002: 53). Narratiewe sluiting of oplossing is ’n menslike behoefte wat bevredig moet word, maar dit kan nie te gou bevredig word nie, want mense geniet die opwinding voor die slot van ’n narratief. Soos wat die storie ontwikkel, groei die spanning en bykomende komplikasies word ingewerk (Hattingh 2004: 4). Daar kan ook somtyds rusposes voorkom om die spanning te breek en weer op te bou.

- *Verrassing:* Alle goeie narratiewe is ’n ketting van spanning en verrassings wat mense laat fluktueer tussen ongeduld, bewondering, en gedeeltelike satisfaksie (Abbott 2002: 53). Mense bly in hierdie ketting totdat die narratief sluit. Somtyds sal die verrassing van geen slot ook die gehoor bevredig.

- *Konflik:* Konflik is sentraal tot die funksionering van narratiewe, aangesien die konflik die gehoor uitnooi om kant te kies (Kruger, Rayner & Wall 2004: 49). Konflik was dan ook die ruggraat van Griekse tragedies gewees (Abbott 2002: 51), een van die mees geykte vorme van narratief. Konflik binne narratiewe is ’n manier waarop kulture hul intrakulturele konflik deurtrap en uitsorteer. Hierdie konflik sal altyd verband hou met opponerende waardes, idees, gevoelens en wêreldbeskouings (Abbott 2002: 51).

Konflik is nie bloot die teenoormekaarstelling van goed en sleg nie (Abbott 2002: 51), en daar is dikwels meer as een konfliklyn in elke narratief. Konflik kan ook bekend staan as die *krisis* of *komplikasie* van ’n vertelling (Hattingh s.a.: 8).

- *Samestellende gebeure:* Hierdie gebeure is noodsaaklik vir die storie om die storie te wees wat dit is (Abbott 2002: 20). Dit kan gesien word as die kern, of die draaipunte, wat die gebeure vorentoe dryf en dan tot ander gebeure lei. Baie energie, morele belangrikheid en openbaarmakingskrag kan binne hierdie sleutelgebeure gevind word (Abbott 2002: 21). Baie inligting oor die protagonis (held of hoofkarakter) word ook gedurende hierdie gebeure ontbloot.

- *Supplementêre gebeure:* Dit staan ook bekend as satelliet-gebeure of kataliseerders (Abbott 2002: 20). Hierdie gebeure is nie noodsaaklik vir die bestaan van die storie nie. Dit lei nie na ’n spesifieke punt nie. Al word dit verwyder van die vertelling, sal die storie steeds herkenbaar wees as dieselfde storie. Somtyds kan daar egter ’n groot deel van die dieper betekenis van die narratief in hierdie gebeure opgesluit lê (Abbott 2002: 21).

- *Klimaks:* Dit moet altyd baie duidelik en ooglopend wees en moet in die verteller se gedagtes uitgewerk wees voordat die vertelling begin (Hattingh 2004: 4). Die klimaks kan gesien word as die hoogtepunt van die konflik.

- *Resolusie:* Narratiewe gebeure gee aanleiding daartoe dat die ontvangers op so ’n wyse betrokke raak by die verhaal dat hulle dit wat hulle hoor interpreteer en antwoorde en oplossings soek (Janse van Rensburg 2003: 62). Die resolusie skep ’n gevoel van tevredenheid deur die ontknoping van die konflik.

  Die resolusie is die uitloop van die krisis. Dit kan positief of negatief wees (Hattingh s.a.: 8). Die resolusie is dus nie noodwendig die oplossing van die krisis as sulks nie, maar eerder die einde van die loop van die krisis. Die afwesigheid van ’n oplossing kan ook ’n vorm van resolusie wees.

- *Terugflitse:* Hierdie organiseringselement kom voor wanneer daar nie bloot ’n chronologiese voorstelling van die storielyn is nie (Kruger, Rayner & Wall 2004: 46). Daar sal dikwels terug verwys word na gebeure in verskeie punte van die karakters se lewens. Dit gebeur om duidelikheid te kry oor gebeure wat tans in die storielyn plaasvind (Kruger, Rayner & Wall 2004: 52).

- *Slot:* Wanneer konflik binne narratiewe opgelos word, of ten einde loop, bereik dit ’n sluitingsoomblik, en dit word die einde van die narratief (Abbott 2002: 52). Mense verwag dus dat stories sal eindig sodat die konflik opgelos kan word.

  Wanneer die gebeure vinnig tot ’n slot kom, sal dit ’n dramatiese effek skep (Janse van Rensburg 2003: 62). Dit is ook belangrik dat die slot nie te omslagtig sal wees nie en dat daar ekonomies met woorde gewerk sal word.

Die bogenoemde storielyn en storielyn-elemente dien ook ’n bepaalde doel. Die storielyn skep ’n spanningslyn wat die ontvanger nuuskierig maak (Hattingh 2004: 6). Die vertragingseffek, weerhou van inligting, emosies en menslike gebeure is hier ook van uiterste belang, aangesien dit die identifikasie van die ontvanger met die vertelling skep.

### 2.10.4 Verteller

Dit is belangrik om daarop te let dat die storie nooit direk gesien word nie, maar altyd deur die proses van narratiewe diskoers oorgedra word (Abbott 2002: 17). Die storie word dus bemiddel deur ’n stem of skryfstyl, sodat die ontvanger die storie-produk kan skep deur wat hy/sy sien, hoor en aflei. Hierdie bemiddelaar kan as die verteller van die verhaal gesien word.

Sodra daar ’n verteller is, sal die betroubaarheid van die verteller aandag moet geniet (Abbott 2002: 63). Daar moet altyd gevra word (Abbott 2002: 69): “Tot watter mate kan die feite wat die verteller deurgee as akkuraat beskou word?” Wanneer al die feite beskikbaar is, kan daar ook gevra word tot watter mate die verteller se interpretasie van die feite gerespekteer kan word. Hierdie vrae sal bepaal of die verteller betroubaar of onbetroubaar is. Die voordeel van ’n onbetroubare verteller is dat die uitdagings in die narratief soveel meer na vore kom en dat die ware karakters se kenmerke duidelik word. Dit gebeur veral indien daar ’n onbetroubare eerstepersoonsverteller is.

Die verteller moet egter nie met die skepper van die teks verwar word nie. Die verteller is ’n instrument, konstruksie of gereedskap wat deur die skepper gebruik word om die verhaal oor te dra (Abbott 2002: 64). Dit kan ’n karakterverteller wees, wat die hoofkarakter in die narratief is, of ’n nie-karakterverteller, wat totaal buite die narratief as ’n onbekend, anonieme stem voorkom (Fourie 2008: 459). Die teenwoordigheid van ’n verteller lei nie noodwendig tot groter insig vir die gehoor nie, maar is altyd ten doel om die vloei van inligting te beheer (Fourie 2008: 459). Daar is ook drie belangrike vertellerselemente waarop gelet moet word (Abbott 2002: 64):

- ***Stem***

  Stem verwys na wie die mense “hoor” die vertelwerk doen (Abbott 2002: 64). Grammatikaal is daar drie “persone” wat die vertelwerk kan doen, naamlik die eerstepersoonsverteller (gebruik “ek”), die tweedepersoonsverteller of die

alomteenwoordige derdepersoonsverteller (gebruik “hy / sy / hulle”). Die verteller is persoonlik betrokke in die eerstepersoonsvertelling, hetsy op ’n aktiewe of passiewe wyse (Hattingh s.a.: 10), terwyl die verteller buite die storiewêreld van die derdepersoonsvertelling leef (Abbott 2002: 65). Die tweedepersoonsverteller sal dinge van ’n afstand af beskryf, maar steeds binne die realiteit van die storie leef (Hattingh s.a.: 10).

Die eerstepersoonsverteller se kennis is beperk tot sy/haar eie ervarings en konsep van realiteit (Hattingh s.a.: 10). Die tweedepersoonsverteller beskik oor meer inligting as die eerstepersoonsverteller, maar weet tog nie alles nie. Die derdepersoonsverteller is in die meeste gevalle alwetend, terwyl die gevoelens van sekere karakters soms vir ’n oomblik van die derdepersoonsverteller se uitkyk en menings “besit” kan neem (Abbott 2002: 71). Somtyds sal daar verskeie vertellers binne ’n teks voorkom (Hattingh s.a.: 10).

Daar is ook iets soos eerstepersoon-meervoud-verteller. Die eerstepersoonsverteller word hier in die meervoudsvorm gebruik. “Ons” sal die “ek” vervang en “julle” sal die “jy” van eerstepersoonsverteller in die enkelvoud vervang (Phelan & Rabinowitz 2005: 402).

’n Kombinasie van al die bogenoemde vertellersperspektiewe kan ook gebruik word. In so ’n geval sal die verteller byvoorbeeld die verhaal in die derdepersoon vertel, maar tog sy/haar eie kommentaar, gevoelens, afleidings en oplossings in die vertelling insluit (Janse van Rensburg 200: 69). Die verteller word dus met tye die “ek” van die vertelling.

Die karakter, of nie-karakter, van die stem wat die vertelling inkleur, speel ook ’n belangrike rol (Abbott 2002: 65). Die karakter van die verteller gaan bepaal hoe betroubaar mense die vertelling beleef (Abbott 2002: 66). In gevalle waar hierdie stem besonders sterk of interessant is, sal die verteller die middelpunt van aandag wees, pleks van die storie self.

- ***Vokalisasie***

Dit is die lens waardeur die karakters en gebeure in die narratief aanskou word (Abbott 2002: 66). In baie gevalle is die verteller die vokalisator; die gehoor aanskou dus die vertelling deur sy/haar oë. Daar is egter uitsonderings hierop; die vertelling word somtyds aanskou deur die oë van een van die karakters. Vokalisasie dra by tot hoe die ontvanger voel en dink terwyl die narratief beleef word (Abbott 2002: 67).

- ***Afstand***

Die graad waartoe die verteller deelneem aan die vertelling, het ’n invloed op die ontvanger se evaluasie van die inligting in die vertelling (Abbott 2002: 67). Afstand verwys na die graad van die verteller se betrokkendheid in die storie wat hy/sy vertel. Die vertellingsafstand sal groter word indien die vertellerstem verder van die verhaal verwyder word. Indien die verteller geen betrokkenheid in die vertelling toon nie, is die afstand reusagtig.

### 2.10.5 Geïmpliseerde outeur

Ontvangers soek dikwels die rede agter die konstruksie van die narratief (Abbott 2002: 77). Hierdie rede sal die grondslag van hul interpretasies vorm. ’n Goeie term vir hierdie rede is die geïmpliseerde outeur. Die verteller kan nie altyd as die geïmpliseerde outeur beskou word nie en die werklike outeur kan nie as ’n grondslag van interpretasie gebruik word nie, aangesien die gehoor hom/haar nie altyd werklik sal leer ken nie. Dus speel outoritêre intensie en die geïmpliseerde outeur ’n belangrike rol in die interpretasie van die narratief.

Die geïmpliseerde outeur is die kombinasie van gevoel, intelligensie, kennis en mening wat rekenskap gee vir die narratief (Abbott 2002: 77). Hierdie geïmpliseerde outeur se sieninge sal ooreenstem met al die narratiewe diskoerselemente waarvan die gehoor bewus is. Natuurlik sal baie van die werklike outeur ooreenstem met die geïmpliseerde outeur, maar die geïmpliseerde outeur bly ’n konstruksie wat verantwoordelik is vir die ankering van die narratief. Dit kan ook bekend staan as die afgeleide outeur, aangesien die persepsie van die

outeur staatmaak op die persepsie van die ontvanger. Elke ontvanger sal ook anders na die geïmpliseerde outeur kyk. Die afgeleide outeur sal egter altyd die ontvanger se mening oor die voorgenome betekenis van die narratief bepaal (Abbott 2002: 78).

Die werklike outeur is ’n werklike mens met ’n komplekse lewe. Dus kan hy nooit ten volle verstaan word nie (Abbott 2002: 78). Daarom word die geïmpliseerde outeur, wat die skepping van die werklike outeur is, eerder gebruik en geanaliseer.

### 2.10.6 Karakter

Narratiewe is een van die wyses waarop mense hulleself leer ken (Abbott 2002: 123). Mense beskou hulleself as karakters binne hul eie lewensverhaal. Sommige teoretici gaan sover om te sê dat die mens slegs homself ken deur die gebruik van narratiewe waarin hy deur die verloop van tyd ’n aktiewe rolspeler is.

Karakter is ’n sentrale element van narratiewe, veral in fiktiewe tekste (Kruger, Rayner & Wall 2004: 48). Ontvangers verwag dat die gebeure binne ’n narratief veroorsaak word en ervaar word deur individue met wie hulle kan identifiseer (Longenecker 2002: 21). In die afwesigheid van karakters bestaan daar dus nie ’n narratiewe teks nie.

Sedertdien die onderskeid tussen *karakters* en *aksie* binne narratiewe meer as 2000 jaar gelede na vore getree het, het teoretici op die primêre belang van *of* karakter *of* aksie gefokus (Abbott 2002: 123). Aristoteles het aksie, of die gebeure van die storie, as die belangrikste beskou, terwyl Leslie Stephen veral gefokus het op die belang van karakters (Abbott 2002: 124). Hy het geglo dat die doel agter narratiewe aksie die ontbloting van karakter was.

’n Derde standpunt is dat karakter en aksie onafskeidbaar van mekaar is. Henry James (in Abbott 2002: 124) het hierdie standpunt ondersteun. Karakters is agente in narratiewe. Dit beteken dat hulle die dryfvere agter die aksie is; dus veroorsaak hulle dat dinge gebeur. Soos

hulle die aksie dryf, openbaar hulle wie hulle is in terme van hulle motiewe, hulle sterk punte, hulle swak punte, hulle betroubaarheid en hulle vermoë om emosies te ervaar. Deur hierdie aksies leer die ontvanger die karakters ken.

Karakters in intrige-gedrewe narratiewe vervul bekende rolle, soos dié van die protagonis, of die held, en antagonis, die held se hoofopponent (Longenecker 2002: 21). Bykarakters is positief, negatief of neutraal teenoor die protagonis of antagonis (Hattingh s.a.: 8).

Vladimir Propp (in Kruger, Rayner & Wall 2004: 48) het feëverhale bestudeer om ’n aantal karaktertipes, of stereotipes, te identifiseer. Daar is spesifieke gebeure wat met elke stereotipe geassosieer word. Hierdie gebeure staan bekend as *funksies.* Daar is 31 funksies wat in narratiewe tekste gevind kan word.

Hier volg ’n lys van Propp se stereotipes en hul funksies (in Kruger, Rayner & Wall 2004: 48):

- **Die held** – die protagonis.
- **Die skurk** – die antogonis.
- **Die donateur** – bied ’n geskenk met magiese eienskappe aan.
- **Die afstuurder** – stuur die held op ’n missie.
- **Die helper** – ondersteun die held.
- **Die prinses** – die held se beloning.
- **Die vals held** (Media @ ESF s.a.: 2).
- **Die prinses se vader** (Media @ ESF s.a.: 2).

Hierdie stereotipes word gebruik aangesien geen karakter al die kompleksiteit en veranderlikes van werklike mense kan vervat en uitbeeld nie (Abbott 2002: 129). Die gebruik van stereotipes vergemaklik die vertellingsproses, aangesien karakterisering volgens karaktertipes ongelooflik baie menslike kompleksiteite kan akkommodeer (Abbott 2002:

131). Dit is belangrik om daarop te let dat ’n sekere karakter egter meer as een funksie kan vervul. So kan die donateur ook dalk die helper wees (Media @ ESF s.a.: 2).

Elke kultuur en sub-kultuur maak van stereotipes gebruik binne ’n wye reeks narratiewe modusse (Abbott 2002: 129). Van die ander algemene voorbeelde van stereotipes is: Die skynheilige, die flankeerder, die sterk moeder, die bedrieër, die goeie Samaritaan, die rebel, die boekwurm, die feeks, die suksesvolle besigheidsman, die arme weeskind en die hartebreker (Abbott 2002: 129). Sekere kulturele groepe is ook al tot geykte stereotipes omvorm, soos Jode, Gipsies en Serwiërs.

Karakters besit ook sekere eienskappe wat eksplisiet deur evaluerende uitsprake van die verteller ontbloot word, of wat, soos reeds genoem, implisiet deur die karakter se optrede in die narratief ontbloot word (Longenecker 2002: 22). Juis om hierdie rede is die beskrywing van die karakters, sowel as die karakters se name, baie belangrik (Hattingh s.a.: 8).

Die belangrikste funksie wat karakters vervul, is dié van oorsaak (Kruger, Rayner & Wall 2004: 48). Dit hou verband met die oorsaak en gevolge van die aksies. Karakters het gewoonlik motiewe wat hul aksies dryf. Soos wat die verskillende karakters voorgestel word, sal hul motiewe en doelwitte ook duidelik word. Hierdie motiewe sal dan die oorsaak wees van die gebeure wat rondom hierdie karakter draai. Die voorstelling van die karakters en hul doelwitte vind gewoonlik aan die begin van ’n vertelling plaas. Hierdie motiewe veroorsaak dan die konflik tussen karakters met uiteenlopende doelwitte (Kruger, Rayner & Wall 2004: 49).

Daar is ’n verdere onderskeid wat tussen karakters getref kan word; die onderskeid tussen plat karakters en ronde karakters**.** Volgens E.M. Forster (in Abbott 2002: 126) is ’n plat karakter ’n karakter wat geen verskuilde kompleksiteit of diepte besit nie. Plat karakters sal veral binne komedies, satires en melodramas baie voorspelbaar optree. Hier word die

menslike tot die meganiese gereduseer, wat dikwels komiese nagevolge kan hê. Wat die ontvanger sien, is in effek wat die ontvanger kry.

Die alternatief vir plat karakters is ronde karakters (Abbott 2002: 126). Ronde karakters openbaar verskeie grade van diepte en kompleksiteit en kan nie deur ’n enkele stelling opgesom word nie. Hier word karakters geskets op so ’n wyse dat hulle ware menslikheid openbaar (Abbott 2002: 127).

Dit is belangrik om te onthou dat karakters nie net in fiktiewe tekste gevind word nie, maar ook in nie-fiktiewe tekste (Abbott 2002: 128). Die geskiedenis, biografieë en dokumentêre is vol voorbeelde van werklike mense wat as karakters funksioneer en optree. Aangesien hierdie tekste die belangrikste element van narratiewe besit, kan dit beslis as ’n vorm van narratiewe beskou word.

**2.10.7 Ligging**

Hierdie element is ook noodsaaklik in alle narratiewe. Toolan (in Longenecker 2002: 22) glo dat, alhoewel ligging minder belangrik as karakters in narratiewe is, die skets van ’n duidelike verhaal-ligging ’n psigologiese voorkeur van meeste ontvangers is.

Die ontvangers van verhale wil altyd weet waar die gebeure in ’n narratief plaasgevind het (Longenecker 2002: 22). Hulle wil eksplisiet ingelig word omtrent die tipografiese en chronologiese indikatore van ’n storie binne tyd en ruimte. Die hoeveelheid inligting wat meegedeel word, kan egter van storie tot storie verskil. Die graad waarin die ligging bydra tot die narratief verskil ook van vertelling tot vertelling. Somtyds verskaf dit net die agtergrond vir die vertelling, maar somtyds speel dit ’n meer aktiewe rol in die vertelling. Die ligging kan selfs somtyds die rol van nog ’n karakter inneem.

### 2.10.8 Rame

Volgens Young (in Ryan 2004: 76) is rame 'n vorm van meta-kommunikasie. Dit kan dus gesien word as kommunikasie oor kommunikasie. Rame kan verder verduidelik word as die beskrywing waaronder die gebeurtenis van die vertelling gesien kan word (Ryan 2004: 76). Hier kan tussen twee begrippe onderskei word, naamlik verhale-wêreld en storie-realm.

Die verhale-wêreld is die gebeure waaroor die storie handel (Ryan 2004: 77). Dit is 'n realiteit wat bewoon word deur die persone vir wie die gebeure ontvou volgens ontologiese konvensies.

Storie-realm verwys na die aanbieding van die bogenoemde gebeure in die vorm van 'n storie (Ryan 2004: 77). Dit bestaan uit vertellings, geskrifte en optredes wat die gebeure in 'n ander realm aan mense oordra.

Sowel die verhale-wêreld as die storie-realm word geraam deur 'n groter realm, die realm van gesprek (Ryan 2004: 83). Dit word ingelei deur 'n opening en afgesluit deur 'n slot. Die verhale-wêreld en die storie-realm kan dus tussen die opening en slot van die realm van gesprek gevind word. Die doel van die realm van gesprek is om die narratiewe gebeurtenis van ander gebeure binne 'n gesprek te onderskei. Die opening en slot raam die storie-realm wat binne die realm van gesprek voorkom. Die verhale-wêreld, wat binne die storie-realm voorkom, word op sy beurt geraam deur die begin en einde.

Die laaste stel rame is voorwoorde en kodas**.** Hulle baken die begin en einde van die realm van gesprek af. Die voorwoord verbind die gesprek met die begin van die storie-realm en verhale-wêreld, terwyl die koda die storie-realm en verhale-wêreld met die einde van die gesprek verbind (Ryan 2004: 90).

Narratiewe rame help om tussen gebeure in die regte wêreld en gebeure in die verbeelde wêreld te onderskei (Ryan 2004: 77), en dit help om tussen verskillende diskoerssoorte en verskillende soorte narratiewe gebeure te onderskei.

### 2.10.9 Oriëntasies

Young (in Ryan 2004: 91) verduidelik dat oriëntasies die inligting voorsien wat nodig is om te verstaan wat in die verhalewêreld aangaan. Oriëntasies kom gewoonlik aan die begin van ’n verhaal voor om sodoende die agtergrond te verskaf vir die verloop van die gebeure (Ryan 2004: 92). Hierdie narratiewe element oriënteer die luisteraar in terme van plek, persoon, tyd en gedragsagtergrond. Oriënterende opmerkings, verduidelikings en verklarings kan ook in of na die vertelling gevind word. So word konteks geskets binne die verhaal deur inligting in die verhaal in te pas wat ’n groter waardering vir die gebeure teweeg bring. Dit is belangrik dat hierdie oriëntasie juis op die regte punt van die vertelling moet plaasvind. Die ideaal is dat dit plaasvind op daardie punt wat die luisteraar dit die nodigste sal hê. In effek skep die oriëntasie die invalshoek waaruit die luisteraars na die vertelling sal luister.

## 2.11 NARRATIEWE STYL

Volgens Hattingh (2004: 4 – 5) is daar ook ’n aantal tegnieke wat gebruik kan word om narratiewe vertellings effektief oor te dra. Wanneer een van hierdie tegnieke gebruik word, kan dit dus dui op ’n narratiewe vertelling, of dat die vertelling ’n mate van narratiwiteit besit:

- Maak gebruik van dialoog en direkte aanhalings van karakters se woorde. In die geval van ’n enkele karakter kan innerlike dialoog ook gebruik word. Hier word die karakter se gedagtes in verbale vorm uitgedruk.
- Gebruik detail soos name en karakterisering. Al hierdie detail moet egter verband hou met die tema.
- Maak gebruik van humor en verskuilde humor.

- Hou in gedagte dat elke verhaal ’n doel het. Dus moet elke verhaal afstuur op ’n antwoord en ’n keuse, al is dit nie so duidelik sigbaar nie.
- Maak gebruik van eenvoudige taal. Kort sinne moet gebruik word.
- Maak gebruik van sterk imperatiewe, soos uitroepe en emotiewe uitlatings (Hattingh s.a.: 11).
- Gebruik herhalings van woorde en/of sinne (Hattingh s.a.: 11), sowel as opstapelings (onomatopieë), alliterasie (herhaling van mede-klinkers) en assonansie (herhaling van klinkers).
- Maak gebruik van sintuiglike waarnemings (Hattingh s.a.: 11).
- Gebruik spanning, kontras en hiperbool (Hattingh s.a.: 11).
- Alle ingewikkelde teologiese spekulasie moet vermy word.

Hierdie tegnieke staan bekend as die styl van die vertelling. Blote kennis van die struktuur en feite van die verhaal is nie genoeg vir die effektiewe vertel van ’n storie nie (Janse van Rensburg 2003: 72 - 73). Indien die verteller die verbeelding van die gehoor wil aangryp en hulle emosioneel by die vertelling wil betrek, sal daar veral aandag aan die styl van vertelling gegee moet word. Die oordrag van die boodskap is dikwels net so belangrik as die inhoud van die boodskap, veral in die geval van ’n reeds bekende verhaal.

’n Aantal narratiewe tegnieke en styl-elemente word nou breedvoerig bespreek:

### 2.11.1 Klank

Klank speel ’n belangrike rol in literatuur, veral in die narratiewe soort (Phelan & Rabinowitz 2005: 382). Verwysings na spesifieke klanke kan as leitmotiv dien en strukturele vorm aan die narratief verleen. Dialoog binne narratiewe vorm ’n fundamentele element van narratiewe. In die twintigste eeu, met sy moderne tegnologie en groot stede, is daar ook al meer klanknabootsings in verhale ingeskryf (Phelan & Rabinowitz 2005: 383).

Klank inisieer dikwels die ervaring van die ontvanger van die narratief (Phelan & Rabinowitz 2005: 395). Ander sensoriese waarnemings kan ook bydra tot die ontvanger se perseptuele kennis, wat dan lei tot totale insig. Deur gebruik te maak van sensoriese waarnemings, en veral klank, kan die ontvanger 'n model van realiteit opbou wat hom/haar sal help om die verhalewêreld, en dalk die werklike wêreld, beter te verstaan.

Dit is nooit 'n slegte idee om van klank in vertellings gebruik te maak nie. Die oor kan immers soveel meer waarneem en inneem as net blote sig (Phelan & Rabinowitz 2005: 395). Die "hoor-brein" is geoefen om in vuil, alledaagse toestande te oorleef, terwyl die "sig-brein" dikwels kliniese toestande nodig het om optimaal te funksioneer.

### 2.11.2 Gebare

Wanneer mense praat, maak hulle spontane bewegings wat bekend staan as gebare (Ryan 2004: 114). Dit sal gewoonlik bewegings van die hande en arms wees, maar somtyds sal die res van die liggaam ook deelneem. Hierdie bewegings stem ooreen met die vloei van spraak en dra dan by tot die narratiewe diskoers. Daar is vier hooftipes gebare wat deur McNeill en Levy gelys word (Ryan 2004: 114):

- **Ikoniese gebare:** Dit het 'n formele verhouding met die semantiese inhoud van 'n toespraak (Ryan 2004: 114). Hierdie gebare se vorm en manier van uitvoer vertoon aspekte en gebeure wat deur die narratiewe diskoers beskryf word (Ryan 2004: 115). Holistiese ikoniese gebare stel 'n totale karakter as geheel voor, terwyl analitiese ikoniese gebare slegs 'n aksie van 'n karakter voorstel (Ryan 2004: 115).

- **Metaforiese gebare:** Dit is ook voorstellingsgebare, maar dit reflekteer 'n abstrakte idee (Ryan 2004: 115) en nie 'n konkrete objek of gebeurtenis nie. Hierdie gebare weerspieël die voorwerpe van 'n metafoor, soos wanneer twee hande gebruik word om 'n skaal voor te stel om die werkwoord "besluit" uit te beeld (Ryan 2004: 116). 'n Geleidingsmetaforiese gebaar is gewoonlik in die vorm van 'n bak hand wat die narratief "vashou" en aan die luisteraar voorhou (Ryan 2004: 116).

- **Ritmes:** Wanneer ritmes gebruik word, sal die hand saam met die ritmiese gang van die spraak beweeg (Ryan 2004: 117). Dit dui op die strespunte van die spraak. Die beweging bly dieselfde en word nie deur die inhoud van die storie beïnvloed nie. Dit is ’n vinnige beweging van die hand en dui op die belangrikheid van die woord of fase wat dit vergesel (Ryan 2004: 118). Ritmes word veral gebruik om nuwe karakters en ’n nuwe ruimte voor te stel, of om die aksie op te som.

- **Abstrakte Wys:** Diaktiese gebare, of wysers, dui die voorwerpe rondom die verteller aan (Ryan 2004: 119). Hulle speel ook ’n rol in vertellings waar daar niks voorkom om na te wys nie. Hierdie gebaar plaas die verteller en ontvanger binne-in die wêreld van die vertelling deur na voorwerpe in die vertelling te wys asof dit langs hulle voorkom.

Gebare word veral gebruik om die narratiewe struktuur van ’n vertelling voor te stel en te analiseer (Ryan 2004: 120). Gebare “merk” in effek die verskeie elemente in ’n vertelling en word gebruik om die aksie, persoon, plek en tyd uit te beeld. Dit ondersteun die vertellersperspektief en beeld abstrakte komponente op ’n spesifieke manier vir ’n spesifieke storie uit (Ryan 2004: 120 - 121).

### 2.11.3 Stilstaande prente

Alleenstaande prente kan nie redes en oorsake uitbeeld nie, dus lê hul primêre narratiewe waarde in die illustratiewe modus (Ryan 2004: 139). Varga (in Ryan 2004: 139) glo dat prente nie ’n tweede manier is om ’n verhaal te vertel nie, maar eerder ’n manier is om ’n verhaal te herroep. Hierdie stelling is ook van toepassing op musiek en dans.

Prente leef in ’n simbiotiese verhouding met die oorspronklike, verbale teks (Ryan 2004: 139). In die ideale geval sal die verbale en visuele saamsmelt in die gedagtes van die ontvanger om een kragtige beeld te vorm. Hier vul elke weergawe die leemtes gelaat deur die ander. Stil films en pantomimes val ook in hierdie kategorie.

Dit is belangrik om daarop te let dat prente net een punt binne ’n vertelling kan voorstel (Ryan 2004: 140). Hierdie oomblik of punt staan dikwels bekend as ’n swanger oomblik, wat die bekendste oomblik binne ’n sekere narratief sal wees. Die oomblik skep afwagting en voorsien die ontvanger met ’n reeks narratiewe moontlikhede (Ryan 2004: 140). Elke ontvanger sal hul eie narratief verder skep.

Narratiewe prente het groot geskiedkundige waarde. Die skilderye in die Middeleeuse katedrale het ’n belangrike kulturele funksie vervul (Ryan 2004: 141). Dit het Bybelse verhale uitgebeeld aan diegene wat nie kon lees nie. Steiner vertel dat hierdie skilderye die ontvangers aan totale vertellings blootgestel het, aangesien daar ’n reeks skilderye sou wees wat verskillende punte in die verhaal sou uitbeeld (Ryan 2004: 141). Tog sou vooraf-kennis van die verhaal nodig wees om die ware betekenis van die narratiewe prente te verstaan.

Moderne strokiesverhale kan ook gesien word as narratiewe prente. Die basiese storielyn word deur die teks uitgebeeld, maar die sketse bied sterk narratiewe ondersteuning. Verskillende groottes raampies stel verandering in die narratiewe pas voor, ander raampies stel vooruit-flitse voor, die verwydering van raamlyne stel die vergroting van ruimte voor en tematiese herhaling kan ook deur die sketse voorgestel word (Ryan 2004: 143 – 144). Die voorkoms van karakters kan ook as letterlike metafore dien (Ryan 2004: 144). Die sketse verskaf soms subtiele, bykomende inligting.

Films is prente in beweging en kan dus ook as narratiewe beskou word. Oor die algemeen is prente egter nie-liniêr en nie-temporaal en skep hulle dus nie-liniêre en nie-temporale narratiewe. Hier is dit egter belangrik om daarop te let dat die nie-liniêre prent altyd na ’n mitologiese gebeurtenis of die beslissende draaipunt van ’n verhaal sal verwys (Ryan 2004: 283), en daarom sal dit as narratief beskou kan word.

Foto’s verwys wel nie na mitologiese gebeure nie, maar kan die beslissende draaipunt van ’n nie-fiktiewe vertelling uitbeeld. Dit kan gesien word as ’n gevriesde oomblik in ’n

voortdurende narratief (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). ’n Goeie voorbeeld hiervan sal die gebruik van nuusfoto’s in ’n koerant wees. Hierdie foto’s sal dikwels die voorafgaande vertelling ondersteun en die aandag vestig op die oomblik van konflik (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44).

### 2.11.4 Musiek

Musiek is die kunsvorm wat die bekendste is onder die meeste mense, tog is dit die kunsvorm met die hoogste vlak van tegniese kompleksiteit (Ryan 2004: 267). Dit is dikwels moeilik om musiek met woorde te beskryf en die isolasie en tegniese woordeskat van hierdie dissipline te oorbrug. Dus maak musiek-teoretici meer en meer gebruik van die narratiewe teorie om hul dissipline te beskryf (Ryan 2004: 267). Somtyds is narratiewe metafore die enigste manier om oor musiek te praat.

Die verhouding tussen musiek en narratiewe is veelvoudig (Ryan 2004: 267). Dramatiese narratiewe word dikwels getoonset in die vorm van operas, instrumentele komposisies illustreer soms bekende narratiewe (*The Sorcerer’s Apprentice* deur Paul Dukas), verbale vertellings vergesel musiek (*Peter and the Wolf* deur Prokofiev) en nuwe musiek word geskep om die stemming in films en teater te skep (Ryan 2004: 267). Sommige teoretici glo ook dat musiek self ’n onderliggende narratiwiteit bevat.

Narratiewe stel altyd die vooruitgang van tyd voor deur die verandering wat sekere voorwerpe ondergaan (Ryan 2004: 268). In musiek word tyd ook ervaar as verandering, al beïnvloed die verandering nie tasbare objekte nie. Wanneer daar nie spesifieke semantiese inhoud of ’n tydsdimensie is nie, is die diepe narratiwiteit van musiek ’n metaforiese fenomeen. Al sou daar nie karakters of ligging wees nie, behou musiek altyd die idee van vooruitgang, die begeerte vir iets-wat-moet-kom, vals of vervulde verwagtinge, die opbou en val van spanning, die idee van ’n einde en die herinneringe aan iets wat verby is (Ryan 2004: 268). Musiek bevat dus narratiwiteit, sonder dat dit self ’n formele narratief is. Dit skep altyd die atmosfeer van ’n verhaal, al sou dit nie self ’n spesifieke verhaal vertel nie.

John Neubauer (in Ryan 2004: 268 - 269) verduidelik dat narratiewe uit die musikale teks sal vloei. Die luisteraar skep ’n storielyn deur die leë spasies wat musiek laat met persoonlike voorstellings te vul. Neubauer beskou die narratiewe studie van musiek dus as die versameling en analise van die beelde en gebeure wat luisteraars spontaan assosieer met musiek. Musikale narratiwiteit hang dan af van die luisteraar se interpretasie. Musiek vertel dus nie noodwendig ’n storie nie, maar stel die luisteraar in staat om musiek met stories te assosieer (Ryan 2004: 283).

In argaïese kulture word mites oorgedra deur verhale wat saam met musiek opgevoer word (Ryan 2004: 284). Westerse musiek se narratiewe ontwikkeling het ook begin deur hierdie storievertel-kapasiteit op mitiese inhoud toe te pas. Behalwe dat musiek die voortvloei van tyd voorstel en met vorige verhale geassosieer kan word, kry ’n mens dikwels die gevoel dat iets gebeur in ’n musikale werk (Ryan 2004: 283). Die betekenis of tema wat die komposisie probeer oordra, kan as ’n abstrakte storielyn beskou word.

### 2.11.5 Digitale media

’n Digitale medium moet nie net ’n rekenaar gebruik nie, maar moet afhanklik wees van ’n rekenaar vir die produksie en vertoning daarvan (Ryan 2004: 329). Ware digitale tekste kan dus nie van die rekenaar verwyder word nie, omdat digitale tegnologie die lewensaar daarvan is.

Daar is ’n paar interessante voorbeelde van narratiewe wat van digitale media gebruik maak. Dit sal bekend staan as interaktiewe narratiewe (Ryan 2004: 330):

- **Hiperteks-fiksie**: Dit is die nie-liniêre, vurk-in-die-pad weergawe van die post-moderne verhaal. Michael Joyce het bekendheid verwerf met sy hiperteks-verhaal *afternoon, a story*. Stuart Moulthrop se *Victory Garden* is nog ’n voorbeeld van ’n hiperteks-fiktiewe werk wat redelike sukses behaal het (Universiteit van Ohio s.a.: 1).
- **Interaktiewe dramas**: ’n Storielyn-gedrewe, Aristoteleaanse draaiboek waarin die gebruiker reageer op kunsmatig intelligente karakters. Die maatskappy Interactive

Drama Inc. verkoop byvoorbeeld rekenaarsagteware wat die gebruiker in staat stel om met sekere video karakters gesprekke te voer (Interactive Drama Inc. 2008: 1). Hierdie karakters is meesters, helde of spesialiste op ’n sekere gebied. Die doel van hierdie maatskappy en hierdie sagteware is om hierdie bekende persoonlikhede virtueel te verewig, die gebruiker te inspireer en te motiveer en om positiewe leer te bevorder (Interactive Drama Inc. 2008: 1).

- **Narratiewe wêrelde**: Dit verwys na ontwerpte omgewings waarin gebruikers hul eie karakters skep en gesprekke voer met ander gebruikers in werklike tyd. ’n Voorbeeld hiervan is *Second Life*. Op hierdie webtuiste kan ’n mens ’n karakter, wat in wese ’n tweede self is, skep. Dié karakter staan bekend as die persoon wat dit geskep het se ***avatar*** (Second Life 2010: 1). *Dictionary.com* (2010a: 1) definieer ***avatar*** as ’n grafiese beeld wat ’n persoon op die internet verteenwoordig en wat ook hierdie persoon se uitkyk op die lewe beliggaam. Hierdie karakter kan gaan inkopies doen, geld verdien, virtuele grond koop, ander karakters ontmoet en die omgewing verken (Second Life 2010: 1).

Natuurlik is daar ook rekenaar-speletjies wat ook in samewerking met enige van die bogenoemde voorbeelde gevind kan word (Ryan 2004: 330). Volgens James Merry (2000: 6) is daar drie genres rekenaar-speletjies wat deur narratiewe gedryf word, nl. aksie-speletjies, avontuur-speletjies en strategie-speletjies. Elkeen van hierdie genres gebruik en benodig narratiewe op ’n ander wyse (Merry 2000: 7). Aksie-speletjies verskaf dikwels ’n agtergrondstorie wat die karakters in die speletjie, en dan ook die spelers van die speletjie, motiveer om sekere aksies te neem (Merry 2000: 13 – 14). *Half-life* is ’n voorbeeld van so ’n speletjie waar die speler deur die hoofkarakter se agtergrondstorie motiveer word (Merry 2000: 14). In avontuur-speletjies word plekke verken, raaisels opgelos en voorwerpe geskuif (Merry 2000: 11). *Advent* en Dungeons *& Dragons* is bekende voorbeelde van avontuur-speletjies (Merry 2000: 9 – 10). In strategie-speletjies moet daar dikwels infrastruktuur geskep en probleme opgelos word (Merry 2000: 9). *Sim City* en *Civilasation* is albei strategie-speletjies (Merry 2000: 9).

’n Ander interessante, grootskaalse voorbeeld van digitale media en narratiewe, is die gebruik van digitale media in die groot pretpark-ritte wat op bekende films gegrond is (Phelan & Rabinowitz 2005: 529). *Buzz Lightyear Laser Blast*, geleë in Disneyland in Parys, is ’n voorbeeld van so ’n interaktiewe pretpark-rit. Dit is gebaseer op die film *Toy Story 2* (Disneyland Paris s.a.: 1). Die *Tower of Terror* – rit in Disneyland en Disneyworld is ook ’n voorbeeld van die gebruik van digitale media in pretpark ritte. Hierdie rit is egter op dieselfde tyd bekendgestel as wat die fliek, met Steve Guttenberg in die hoofrol, vrygestel is (Laidlaw s.a.: 2).

Interaktiwiteit en ’n afwyking van die liniêre vertellingspatroon is die grondslag van al hierdie narratiewe in digitale media-formaat (Phelan & Rabinowitz 2005: 530). Daar kan onderskei word tussen selektiewe en produktiewe interaktiwiteit. Selektiewe interaktiwiteit kom voor waar die outeur reeds die verskillende uitkomste neergepen het, en die ontvanger kies die narratiewe pad wat hy/sy wil volg. Produktiewe interaktiwiteit kan gevind word waar die ontvanger in effek self die volgende stap in die narratief skep, soos met rekenaar-speletjies. Hier sal ’n vertellingsruimte, ander karakters en ’n riglyn-storie wees wat deur die outeurs geskep is, maar die res word deur die ontvanger geskep en bepaal.

Daar is ook ’n paar alledaagse voorbeelde van digitale media wat deel uitmaak van of bydra tot narratiewe. So kan digitale foto’s of *Powerpoint*-aanbiedings dieselfde narratiewe funksie vervul as stilstaande prente. Beide voorbeelde kan ’n narratiewe vertelling ondersteun of aan ’n spesifieke, reeds bekende, narratief herinner.

Dit is belangrik om daarop te let dat narratiewe steeds narratiewe bly, ten spyte van al hierdie tegnologiese ontwikkeling (Phelan & Rabinowitz 2005: 531). Hierdie nuwe tegnologie sal dus niks verander aan die struktuur, definisie en verwagtinge van narratief nie.

### 2.11.6 Parateks

Parateks verwys na die materiaal wat op die grens van narratiewe lê (Abbott 2002: 27). Somtyds sal die parateks geen invloed op die narratief en die effek daarvan hê nie. Dit is die geval by die papier waarop die narratief gedruk is of die wyse waarop dit gebind is. Dit kan ook verwys na die verpakking van DVD's en CD's. 'n Voorbeeld hiervan is die spesiale uitgawe van die *Iron Man*-DVD wat in 'n plastiek-Iron Man-masker verpak en verkoop is. Hierdie verpakking het geen invloed op die narratief en die effek daarvan nie.

Ander kere sal die parateks wel 'n invloed op die gehoor se ervaring van 'n narratief hê. Dit is veral die geval waar die parateks 'n sekere verwagting oor die narratief self skep (Abbott 2002: 27). 'n Boek oor middeleeuse christen-martelare, *Fanaties vir Jesus*, is byvoorbeeld op papier gedruk wat verouderd en verskeurd lyk om tot die gevoel van die boek by te dra. Hierdie aanbieding van die boek skep beslis 'n verwagting by die leser. 'n Teater-advertensie van 'n film skep by die gehoor 'n verwagting oor die film (Abbott 2002: 27). Dit kan lei tot teleurstelling in die narratief, indien die narratief nie aan hierdie verwagting voldoen nie.

### 2.11.7 Mites, geskiedenis, legendes

Mites, geskiedenis en legendes kan in stories ingesluit word (Longenecker 2002: 132). Regdeur die kulturele geskiedenis het sekere mites herhaaldelik die verbeelding van skrywer, skilders en komponiste aangegryp (Ryan 2004: 284). Mites kan van een narratiewe tegniek na 'n ander oorgedra word sonder om enige van die belangrikste kwaliteite van die verhaal te verloor. Dit kan dalk verklaar waarom mites so gereeld in verskeie narratiewe voorkom.

Die Griekse mitologiese karakter, Achilles, is 'n voorbeeld van 'n legende wat gereeld sy verskyning in verskeie narratiewe maak. Hy was 'n magtige griek wat in die Trojaanse oorlog geveg het, en dit het hom die ster van Homer se bekende *Illiad* gemaak (Hunter 2005: 1). Die verhaal van Achilles word gereeld tydens preke of motiveringstoesprake vertel, veral met verwysing tot sy hak. Elizabeth Cook het ook in 2002 'n roman oor hom geskryf met die titel

*Achilles* en in 2004 was hy die hoofkarakter in die Hollywood epiese film *Troy* (Gill 2010: 2).

#### 2.11.8 Metafore

Metafore word regdeur die wêreld van verhale en vertelling gevind en dien as hulpmiddele in die oordra van begrippe (De Wet 2006: 31), aangesien metafore ’n direkte vergelyking tussen twee nie-verwante onderwerpe tref (Dictionary.com 2010b: 1). In hierdie vergelyking word daar nie van die terme “soos” of “net soos” gebruik gemaak nie. “Daar is baie ander visse in die see” is ’n bekende metafoor (Casnig 2009: 1). Hier word potensiële lewensmaats met visse vergelyk. Duidelik is hierdie twee onderwerpe nie verwant nie, maar tog word lewensmaats en visse direk met mekaar vergelyk.

#### 2.11.9 Temas en motiewe

Temas en motiewe help met die interpretasie van narratiewe tekste (Abbott 2002: 88). Dit kom voor in die vorm van herhalings binne die teks. Hierdie terme word dikwels afwisselend gebruik, maar eintlik kan ’n tema as meer abstrak en ’n motief as meer konkreet beskou word. Skoonheid, natuur, geweld en liefde is voorbeelde van temas, terwyl rose, tuine, vuiste en sekere frases as motiewe gesien kan word. Temas is altyd ’n implisiete deel van motiewe, maar die teenoorgestelde is nie noodwendig waar nie, aangesien motiewe die minimale tematiese eenheid is.

#### 2.11.10 Outobiografiese openbaring

Geboorte, opvoeding, sosiale omgewing en kulturele erfenis is van die elemente waaruit geskiedenis gevorm en geskep word (Longenecker 2002: 138). Aangesien geskiedenis ’n storie-element is, kan outobiografiese openbarings ook as storie-elemente beskou word.

Outobiografiese openbaring vind plaas wanneer die verteller gebeure uit sy/haar eie lewe aan die gehoor voorhou. Hierdeur kan estetiese, etiese, politieke en sosio-kulturele betekenisse oorgedra word (Phelan & Rabinowitz 2005: 357).

Hier word ook gereeld van stereotipes gebruik gemaak om sodoende die doeltreffendheid van die vertelling te verhoog (Abbott 2002: 132). Wanneer ’n stereotipiese stelling gemaak word, word ’n groot hoeveelheid inligting deur ’n enkele stelling bekend gemaak. So word derduisende mikro-gebeure uit ’n vertelling uitgesny (Abbott 2002: 133). Wanneer self-tipering egter vermy word, kan dit lei tot ’n groot hoeveelheid narratiewe detail (Abbott 2002: 133), wat ook weer ’n sekere doel kan dien.

## 2.12 INTERPRETASIE VAN NARRATIEWE

Daar is hoofsaaklik drie wyses waarop narratiewe geïnterpreteer kan word (Abbott 2002: 93). Dit staan bekend as die intensionele benadering, die simptomatiese benadering en die aanpassingsbenadering.

Voordat hierdie benaderings afsonderlike beskryf kan word, moet ’n sekere aanname eers aandag geniet – die aanname dat narratief as “’n geheel” funksioneer (Abbott 2002: 93). Dit beteken dat alles binne die narratief op die een of ander wyse daar hoort om sodoende by te dra tot die betekenis daarvan.

### 2.12.1 Intensionele benadering

Paul Auster verduidelik hierdie benadering as volg: “In enige fiktiewe werk word daar altyd aangeneem dat ’n bewustelike gedagtegang agter elke woord op die blad sit (Abbott 2002: 95).” Hierdie gedagtegang verwys na dié van die ware outeur, sowel as dié van die geïmpliseerde outeur, aangesien hy/sy ook struktuur aan die vertelling verleen (Abbott 2002:

95). Die ontvanger se interpretasie van die teks sal dan ooreenstem met die bedoeling en motiewe van albei outeurs.

Die groot voordeel verbonde aan die intensionele lees en interpretasie van tekste is dat daar ’n aantal vaste, wyd-erkende standaarde ontstaan waarvolgens tekste geëvalueer kan word (Abbott 2002: 96). Wanneer daar na die narratief as ’n geheel gekyk word om die bedoeling daaragter te ontsyfer, sal die ontvanger dan die teks se geldigheid, op grond van hierdie standaarde, probeer bewys.

### 2.12.2 Simptomatiese benadering

Wanneer daar van hierdie benadering gebruik gemaak word, sal die interpretasie van die teks deur die ontvanger nie ooreenstem met die bedoelde interpretasie van die geïmpliseerde outeur nie. Die ontvanger redeneer dat sy/haar interpretasie nie die goedkeuring van die outeur sal wegdra nie (Abbott 2002: 97), en juis hierin lê die psigologiese en kulturele belang van die teks (Abbott 2002: 98). Die feit dat die outeur nie met die ontvanger se interpretasie sal saamstem nie, of selfs geskok daardeur sal wees, sal dan juis sy/haar posisie ondersteun.

**Dekonstruktiewe lees** is ’n groot deel van die simptomatiese benadering (Abbott 2002: 98). Hier word die intensionele lees van die teks gedekonstrueer om ’n lesing te vind wat die outeur nie doelbewustelik geskep het nie. Nou word die teks se “heelheid” ook bevraagteken, aangesien die werklike outeur se bedoeling en skepping nie ooreenstem nie (Abbott 2002: 99).

Herhaling is ’n belangrike deel van die simptomatiese benadering (Abbott 2002: 99), maar hierdie herhalings wys nie op die heelheid en geïntegreerdheid van die werk nie. Dit wys eerder op die werklike outeur se inmenging in sy werk. Die werklike outeur se persoonlike obsessies en belange sal dikwels deurskemer en in teenstelling wees met dié van die geïmpliseerde outeur.

## 2.13 DOEL EN GEBRUIK VAN NARRATIEWE

Die primêre doel van narratiewe, soos uiteengesit deur vele teoretici, is om mense te help om sin te maak van die wêreld waarin hulle leef (Kruger, Rayner & Wall 2004: 43). Vele sielkundiges en beraders maak gebruik van narratiewe terapie, waar hulle hul pasiënte as karakters in stories plaas (Abbott 2002: 123), om sodoende hierdie pasiënte te help om sin te maak van hulle gebeure.

Narratiewe kommunikasie vervul ’n belangrike sosiale funksie (Abbott 2002: 51), aangesien dit gebruik kan word as ’n voertuig om albei kante van ’n saak te stel, om vrede te bewerkstellig tussen opponerende kante of om mense te leer hoe om saam te leef met onoplosbare konflikte.

Joernaliste en ander media-praktisyns sal dikwels narratiewe gebruik om onsamehangende, irrelevante gebeure op so ’n wyse te organiseer dat die gehoor dit as logies sal ervaar en dit dan met gemak sal verstaan (Kruger, Rayner & Wall 2004: 43).

Narratiewe kommunikasie het die potensiaal om die optrede van mense te beïnvloed (Kruger, Rayner & Wall 2004: 43). Dit kan veral gebruik word om die reaksie van die gehoor op ’n spesifieke gebeurtenis te beïnvloed. Hierdie reaksie word bepaal deur die wyse waarop die inligting in die verhaal aan die gehoor voorgehou word. Die narratief kan gebruik word om die gehoor op so ’n wyse te posisioneer dat die teks net op sekere maniere gelees en verstaan kan word. Die navorser beskou hierdie as die belangrikste funksie van narratiewe. Dit sal in die volgende hoofstuk, Narratiewe kommunikasie as Retoriese strategie, breedvoerig beskryf word.

## 2.14 SAMEVATTING

Gedurende die afgelope paar dekades het ’n ontploffing van belangstelling in die wêreld van die narratief plaasgevind (Macé 2005: 2). Die belangstelling in narratiewe strek oor verskeie dissiplines en verskeie navorsingvrae ontstaan rondom hierdie onderwerp. Stories word gesien as ’n basiese menslike strategie om tyd, proses en verandering te verwerk. Die studie van narratief binne kommunikasiekunde, retoriek en prediking is veral van belang vir hierdie studie.

Hattingh (2004: 1) beskou die mens se lewe as ’n verhaal, van geboorte tot sterwe, gevul met beweging, gebeure en karakters. Mense word egter ook omring deur ’n storiewêreld wat hul lewens aangryp en beïnvloed. Jean-Peal Satre (in *The Jampacked Bible* 2000: 1) som dit goed op met die volgende stelling: “Die mens is ten alle tye die verteller van stories. Hy leef in ’n wêreld waar hy omring is met sy stories en met die stories van ander. Hy sien alles wat met hom gebeur deur die lense van stories en hy probeer om so te leef asof hy besig is om ’n storie te vertel.” Daarom kan narratiewe kommunikasie nie net as ’n teorie beskou en bestudeer word nie, maar ook as ’n kommunikasiemodus, wat as gevolg van verskillende elemente en style op verskeie wyses geïnterpreteer kan word.

Daar is verskeie elemente om ’n teks as “narratief” te kwalifiseer en te identifiseer, naamlik gehoor, tyd, struktuur, verteller, geïmpliseerde outeur, karakter, ligging, rame, en oriëntasie. Daar is ook verskeie narratiewe tegnieke en stylelemente wat gebruik word om ’n teks as “narratief” te katagoriseer. Hierdie tegnieke en stylelemente is klank, gebare, stilstaande prente, musiek, digitale media, parateks, mites, geskiedenis, legendes, metafore, temas, motiewe en outobiografiese openbaring. Wanneer enige van hierdie narratiewe elemente, tegnieke of stylelemente voorkom in ’n teks, kan daardie teks as narratief beskou word.

Die mens gebruik narratiewe kommunikasie om verskeie redes. Die primêre doel van narratiewe is om mense te help om sin te maak van die wêreld waarin hulle leef, maar

narratiewe word ook in berading gebruik en om onoplosbare konflik te ontlont. Joernaliste gebruik narratiewe om onsamehangende gebeure oor te dra op ’n georganiseerde wyse. Narratiewe kommunikasie kan ook gebruik word om die optrede van mense te beïnvloed. In die volgende hoofstuk word gelet op die gebruik van narratiewe kommunikasie as ’n retoriese strategie.

# HOOFSTUK DRIE: NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE BINNE PREDIKING

## 3.1 INLEIDING

“ ‘n Goeie storie kan ons waardevolle lewenslesse leer,” glo dr. James Dobson (2000: vii). Die doel van lewenslesse is nie net om te onderrig nie, maar ook om te oortuig. Uit hierdie perspektief gesien, is lewenslesse ‘n vorm van retoriek, wat dan die “goeie storie” ook ‘n vorm van retoriek maak. Hierdie navorser is van mening dat narratiewe kommunikasie ‘n waardevolle retoriese strategie is en sal dit in hierdie hoofstuk verder ondersoek en beskryf. Daar sal ook aandag gegee word aan narratiewe kommunikasie binne die sfeer van religieuse kommunikasie, veral vir die gebruik in prediking. Die begrippe “retoriek” en “retoriese strategie” moet egter eers gedefinieer word.

## 3.2 OMSKRYWING VAN “RETORIEK” EN “RETORIESE STRATEGIE” AS BEGRIPPE

Plato (in Eidenmuller 2008: 1) het geglo dat retoriek die kuns van die betowering van die siel is, oftewel die kuns om ‘n siel deur middel van voordrag te wen. Aristoteles het retoriek beskou as die vermoë om in enige saak al die moontlike oorredingsmiddele te ontdek, terwyl Cicero retoriek kortliks opgesom het as spraak wat ontwerp is om te oorreed (in Eidenmuller 2008: 1).

Volgens George Campbell (in Eidenmuller 2008: 1) is retoriek die talent waarvolgens spraak aangewend word om ‘n doel te bereik. In ooreenstemming hiermee, definieer Francis Bacon (in Eidenmuller 2008: 1) retoriek as die toepassing van rede tot verbeelding om die wil in beweging te bring.

Daar is drie moderne definisies wat die begrip retoriek goed opsom. Gerard A. Hauser (in Eidenmuller 2008: 2) stel die volgende: "Retoriek is die instrumentele gebruik van taal. Een persoon beset 'n ander persoon deur die uitruil van simbole om 'n sekere doel te bereik. Dit is nie blote kommunikasie vir kommunikasie se onthalwe nie. Retoriek is kommunikasie wat poog om sosiale aksie te reguleer, daarom is retoriese kommunikasie uitsluitlik pragmaties. Die doel daarvan is om menslike keuses oor spesifieke sake, wat onmiddellike aandag nodig het, te beïnvloed". C. H. Knoblauch (in Eidenmuller 2008: 2) sluit by die voorafgaande definisies aan deur te sê: "Retoriek is die proses om taal te gebruik om ervaringe te organiseer en dit aan ander te kommunikeer. Dit is ook die studie van hoe mense taal gebruik om ervaringe te organiseer en te kommunikeer. Die woord verwys na beide 'n kenmerkende menslike aktiwiteit, sowel as na die 'wetenskap' wat met die begrip van hierdie aktiwiteit verband hou". Die Merriam Webster aanlyn-woordeboek (2008: s.p.) som die term "retoriek" op as die kuns om effektief te skryf of te praat, en spraak en skrif te bestudeer om effektiewe kommunikasie en oorreding tot gevolg te hê.

Die begrip "retoriek" sal dus in hierdie verhandeling gesien word as "die kunstige gebruik van spraak en skrif, met die doel om te oorreed en 'n verandering in houding en optrede teweeg te bring."

"Retoriese strategie" is enige strategie wat geïmplementeer word met retoriese doelwitte. The Concise Oxford Dictionary (1979: 1138) bestempel "strategie" as planne wat geformuleer word om die vyand uit te oorlê, of altans, om te bereik wat die strateeg begeer.

"Retoriese strategie" sal voorts in hierdie verhandeling gesien word as "die plan wat aangewend word om die ontvanger van die kommunikasie te oorreed om te doen wat die stuurder van die kommunikasie begeer".

## 3.3 HISTORIESE KONTEKS VAN RETORIEK

Die studie van oorredingskommunikasie is reeds duisende jare oud. Die antieke Grieke het hierdie studie van oorredingskommunikasie *retoriek* genoem (De Wet 2010: 27). Reeds in die vyfde eeu voor Christus het Corax van Sirakuse, die Griekse kolonie op die eiland Sicilië, retoriek omskryf en sy student, Tisias, het dit na die vasteland van Griekeland geneem (De Wet 2010: 27). In hierdie tyd is retoriek hoofsaaklik beskou as die mondelinge kuns van oorreding. Die wye veld van retoriek is egter, volgens Kennedy (in De Wet 2010: 27), gou in drie onder-afdelings ingedeel, naamlik tegniese retoriek, Sofistiese retoriek en filosofiese retoriek.

Later het Plato in sy dialoog *Phaedrus* (380 v.C) vyf rasionele beginsels wat retoriek as kuns onderskryf, uiteengesit (De Wet 2010:28):

- Die oorreder moet kennis besit oor die onderwerp waaroor hy praat.
- Die oorreder moet sy onderwerp aan die begin van ‘n toespraak definieer.
- Daar moet goeie orde in die toespraak wees. Dit moet toepaslik en volledig georganiseer word.
- Daar moet ‘n metode van versameling vir en verdeling in die toespraak wees.
- Die oorreder moet die aard en tipes van mense (*souls*) ken, asook die tipes toesprake wat gepas is vir die verskillende tipes mense (*souls*).

Een van Plato se studente by sy Akademie in Athene, Aristoteles (384 – 322 v.C.), het egter die eerste sistematiese en filosofiese skrywe oor retoriek neergepen (De Wet 2010:28). Die Aristoteleaanse teks, bekend as die *Retoriek*, word vandag steeds as die belangrikste enkele werk in die literatuur van oorredingskommunikasie beskou (De Wet 2010: 29).

Aristoteles het vier spesifieke gebruike van retoriek uiteengesit (in De Wet 2010: 29 - 30):

- Dit laat mense na beide kante van ‘n saak kyk.
- Dit is ‘n wyse van verdediging.
- Dit kan onderrig wanneer wetenskaplike onderrig nie suksesvol is nie.
- Die oorwinning van bedrog en ongeregtigheid kan voorkom word deur die doeltreffende kennis en toepassing van retoriek.

Aristoteles (in De Wet 2010: 30) het ook drie verskille tussen retoriek en dialektiek, die kuns van die ondersoek van die waarheid van menings of die toets van die waarheid deur bespreking en logiese dispuut (The Concise Oxford Dictionary 1979: 284), neergepen:

- Retoriek word gevind binne voortdurende diskoers, terwyl dialektiek die vorm van ‘n debat aanneem.
- Retoriek spreek gewoonlik ‘n groot gehoor aan, en die spreker moet sy gehoor se reaksie antisipeer, terwyl dialektiek gewoonlik ‘n een-tot-een argument behels waar daar eksplisiete instemming of teenkanting plaasvind.
- Retoriek handel oor konkrete of praktiese vrae, terwyl dialektiek met filosofiese of algemene kwessies verband hou.

Na Aristoteles het die Romeine, veral Cicero en Quintilian, groot bydraes tot die veld van retoriek gelewer (De Wet 2010: 33). Hierdie bydraes het ook later die Middeleeuse en Renaissance beskouing van retoriek beïnvloed (De Wet 2010: 34).

## 3.4 RETORIEK AS WYSE VAN KOMMUNIKASIE

Aristoteles kan as die vader van retoriek beskou word. Hy het vas geglo dat die belang van hierdie oorredingskuns lê in die feit dat dit op alle areas en vlakke van die samelewing van toepassing is en gebruik kan word (Bailey 1965: 59).

"Alle ander diskoersvelde onderrig en oorreed net in terme van 'n spesifieke onderwerp en veld," stel Aristoteles sy saak (in Bailey 1965: 59). "Dit wil egter voorkom asof retoriek die oorredingsmetodes vir elke saak wat voorkom, moet ontdek; en dus het hierdie kunsvorm geen spesifieke toepassingsveld of spesialiteitsgehoor nie." Retoriek kan dus in alle plekke van die samelewing, te alle tye, gevind en gebruik word.

Retoriek is die grotendeels verbale kuns waardeur die spreker die hoorder oortuig om te doen wat die spreker begeer, terwyl die hoorder dink dat hy doen wat hy nog altyd eintlik wou doen. Die hoorder kan ook oortuig word om 'n sekere mening te aanvaar of 'n spesifieke houding in te neem (Brooks & Warren 1970: 238). Hierdie menings of houdings sal gewoonlik die een of ander tyd tot aksie oorgaan, of so hoop die spreker. Die hoorder sal egter altyd tevrede wees met sy aksies (Brooks & Warren 1970: 238), en dus kan retoriek gesien word as die "konstruksie van inwilliging". Dit is die uitoefening van mag sonder dat teenkanting geskep word (Brooks & Warren 1970: 238).

Daar kan onderskei word tussen kunstige en nie-kunstige vorme van oorreding of bewyse (Bailey 1965: 59). Nie-kunstige bewyse verwys na dié bewyse wat nie deur die oorreder se persoonlike poging verskaf word nie, maar wat wel voor die tyd bestaan het, soos getuies, geskrewe kontrakte en bekentenisse deur gevangenisse (Bailey 1965: 60). Kunstige bewyse word deur die oorreder tot stand gebring deur van retoriek gebruik te maak. Terwyl nie-kunstige bewyse reeds bestaan en net gebruik moet word, moet kunstige bewyse gevind en

geskep word. Daar is talle maniere waardeur die retoriese spreker kunstige bewyse vind en skep, en dit gaan nou in die breë bespreek word.

### 3.4.1 Retoriese appèlle

Daar is drie middele van oorreding (retoriese middele) wat as die beginpunt van enige bespreking van retoriek, in die vorm van 'n toespraak, moet dien, naamlik ethos, pathos en logos (Bailey 1965: 60). Dit staan ook bekend as retoriese appèlle of Aristoteleaanse appèlle.

Die eerste appèl, ethos, word aangevoer deur die karakter en geloofwaardigheid van die spreker (Bailey 1965: 60). Die spreker se karakter word 'n bewys tot oorreding en hy moet as geloofwaardig voorgestel en uitgebeeld word (Bailey 1965: 60). Hierdie vertroue moet egter deur die toespraak self geskep word (Bailey 1965: 60). Hierdie appèl word dikwels as die belangrikse retoriese middel gesien (Bailey 1965: 60).

Die tweede appèl, pathos, verwys na die skep van 'n sekere houding by die toehoorder (Bailey 1965: 60). Die gehoor moet tot 'n emosionele staat beweeg word, aangesien pyn, vreugde, haat of toegeneëndheid 'n groot invloed op besluite sal hê (Bailey 1965: 60).

Die derde appèl, logos, hou verband met die regmatigheid van die argument, insover die saak werklik bewys kan word (Bailey 1965: 60). Dit is die mees wetenskaplike been van retoriek (Bailey 1965: 60). Dit hou verband met die waarheid of dit wat as waarheid voorkom (Brooks & Warren 1970: 240). Die waarheid, eg of voorgestel, moet in effek aan die gehoor gedemonstreer word (Bailey 1965: 60). 'n Meester van retoriek moet dus menslike karakter en emosies kan analiseer en manipuleer, en hy moet logies redeneer.

### 3.4.2 Identifikasie

Brooks en Warren (1970: 240) verduidelik dat die retoriese spreker poog om konflik te elimineer en hierdie spreker glo dat enige verskil in mening tussen hom en die gehoor slegs die gevolg is van ‘n klein misverstand wat deur gesprekvoering opgelos kan word. Die oorreder sal altyd gemeenskaplike grond met die gehoor soek. Kenneth Burke het in *A grammar of motives* verduidelik dat ‘n ontvanger net sover as wat die retoriese spreker sy taal praat, oortuig kan word (in Brooks & Warren 1970: 240). Die spreker praat die taal van die ontvanger deur sy spraak, gebare, toonaard, orde, beelde, houding en idees met dié van die hoorder te vereenselwig. Die retoriese spreker streef na identifikasie, en nie na konflik nie (Brooks & Warren 1970: 240). Identifikasie kan dus gesien word as die primêre voorbereiding vir oorreding (Brooks & Warren 1970: 241). Dit is in effek die eerste stap van oorreding en daarna kan emosionele of logiese appèlle, of ‘n kombinasie, volg (Brooks & Warren 1970: 241).

Natuurlik kan die retoriese spreker nie identifikasie met die gehoor bewerkstellig as hy nie die gehoor ken nie (Brooks & Warren 1970: 241). Retoriese sprekers klassifiseer gehore met die hoop om die korrekte basiese appèlle te bewerkstelling (Brooks & Warren 1970: 241). Die aard van die gehoor moet altyd in ag geneem word (Brooks & Warren 1970: 242).

Die aard en karakter van die spreker self speel, soos reeds genoem, ‘n kardinale rol in gehoor-identifikasie. ‘n Spreker kan as gevolg van sy status en reputasie die gehoor se guns wen voordat sy toespraak begin (Brooks & Warren 1970: 242). Daar is ook ‘n onmiddellike effek wat die spreker uitoefen die oomblik wat hy die podium inneem, nog voordat hy ‘n woord sê. Dit verwys na‘n persoonlikheidskwaliteit van die spreker en as dit onaanvaarbaar vir die gehoor is, sal identifikasie met die spreker op ‘n gebrekkige wyse plaasvind, of glad nie (Brooks & Warren 1970: 242). Net soos ‘n goeie verkoopsman betaam, moet die spreker eers homself aan die gehoor “verkoop” voordat hy sy idees kan verkoop (Brooks & Warren 1970: 242).

Daar is sekere basiese riglyne waaraan enige spreker moet voldoen om homself so effektief as moontlik te "verkoop". 'n Spreker met min selfvertroue sal nie die vertroue van die gehoor wen nie (Brooks & Warren 1970: 243). Die spreker wat homself aanbid, moet nie die aanbidding van die gehoor verwag nie. Die spreker wat nie ander respekteer nie sal ook nie gerespekteer word nie (Brooks & Warren 1970: 243). Die spreker wat nie simpatie kan gee nie, sal ook nie simpatie ontvang nie (Brooks & Warren 1970: 243). En die spreker wat nie sy onderwerp deurdagtig ondersoek het nie, kan ook nie dieselfde van sy gehoor verwag nie (Brooks & Warren 1970: 243).

Om die beste moontlike vlak van identifikasie te bewerkstellig, neem die retoriese spreker in 'n mate die maniere, voorkeure en aard van die gehoor aan (Brooks & Warren 1970: 245). Die spreker neem nie die wil van die gehoor met mag oor nie, nee, hy sus, betower en verlei dit deur op die begeertes en behoeftes van die gehoor te fokus (Brooks & Warren 1970: 245). Hierin lê 'n paradoks – die gehoor voel asof hulle begeertes bevredig word, en dus gee hulle gewilliglik oor en onderwerp hulle aan die wil van die spreker. Die individue binne die groep verloor dele van hulle identiteit om by die groep in te pas (Brooks & Warren 1970: 245) en so kry die retoriese spreker presies wat hy begeer.

### 3.4.3 Vyf leerstellinge (kanons) van retoriek

In die *Rhetorica ad Herennium* (86 – 82 v.C.) word die vyf kanons, of leerstellinge, van die retoriek soos ontwikkel deur die klassieke retorici, uiteengesit (in De Wet 2010: 33):

- *Inventio*, of uitvinding, hou verband met die ontdekking en ontleding van onderwerpe en bewyse.
- *Dispositio*, of rangskikking, hou verband met die struktuur en rangskikking van die diskoers.
- *Pronuntiatio*, of lewering, hou verband met die stem, artikulasie en liggaamsbewegings tydens die lewering van die toespraak.
- *Elocutio*, of styl, hou verband met die gepaste gebruik van taal.

- *Memoria,* of geheue, verwys na die spreker se retensie en begrip van die inhoud in ‘n opeenvolgende orde, sowel as die beheer van die totale toespraak.

Hierdie leerstellinge is ‘n onlosmaaklike deel van antieke en moderne retoriek. Dit kan ook gevind word in die arena van religieuse kommunikasie.

### 3.4.4 Drie soorte retoriese toesprake

Daar is drie soorte retoriese toesprake. Hierdie drie soorte toesprake word gebaseer op die drie tipes gehore aan wie die toesprake gerig word (Bailey 1965: 65), aangesien die gehoor een van die drie belangrikste elemente van ‘n toespraak is. Die ander twee elemente is die spreker en die onderwerp.

Die gehoor van ‘n toespraak kan blote waarnemers (kritici) wees, of besluitnemers (regters) oor toekomstige of verlede sake (Bailey 1965: 65). Teoretici en akademici kan as waarnemers van toesprake dien, ‘n regter in ‘n hof neem besluite oor die verlede en ‘n staatsman neem besluite oor die toekoms. Aristoteles verdeel retoriese toesprake volgens hierdie drie gehore in drie afdelings in, naamlik (Bailey 1965: 65):

- Beraadslagende retoriese toesprake: Dit is toesprake wat advies en raad verskaf en kan van politiese toesprake in die Parlement tot by persoonlike berading strek (Bailey 1965: 65).
- Forensiese retoriese toesprake: Dit is toesprake wat in enige aanval- of verdedigingsproses gebruik word, maar veral in hofsituasies voorkom (Bailey 1965: 65).
- Effektiewe vertoontoesprake**:** Hierdie toesprake se hoof doelwit is vertoon en vermaak en sluit toesprake van prys en blaam in, sowel as toesprake by afskeidsgeleenthede en begrafnisse (Bailey 1965: 65).

Die gebruik van retoriek tydens prediking, kan beraadslagend of vertonend van aard wees. Tydens prediking word daar voorkeur of afkeur oor sekere sake uitgespreek, of daar word lof of blaam uitgespreek oor sekere optredes van die gehoor.

Retoriek hou verband met verlede, huidige en toekomstige menslike aksie (Bailey 1965: 67). Alle aksies binne elkeen van hierdie drie tipes toesprake moet dus deel wees van die wêreld van die moontlike (Bailey 1965: 67), aangesien menslike aksies net binne die wêreld van die moontlike kan plaasvind. Verder sal alle sprekers, bo en behalwe die moontlikheid van hul standpunt, ook die grootheid of kleinheid van hul saak in vergelyking met ander sake, probeer bewys (Bailey 1965: 67). Hier word gebruik gemaak van proposisies of stellings om die grootheid en kleinheid van sake in vergelyking met ander te bewys (Bailey 1965: 67). Hierdie stellings word dan as "bewyse" gebruik ten gunste van die spreker se saak en staan ook as "topos" bekend.

**3.4.5 Retoriese style**

Volgens Quintilianus (in Bailey 1965: 102), is daar drie tradisionele style binne die wêreld van retoriese toesprake, elkeen net so korrek en aanvaarbaar soos die ander. Dit staan bekend as die eenvoudige toespraak, die grootse of kragdadige toespraak en die bloemryke of oorgangstoespraak.

Eenvoudige toesprake word dikwels gebruik om te onderrig (Bailey 1965: 102). Om hierdie toesprake uit te voer, moet die spreker insig en vernuf besit (Bailey 1965: 102). Hier word feite genoem en bewyse gebruik en die hulp van die ander twee style hoef nie ingeroep te word nie (Bailey 1965: 102).

Kragdadige toesprake beweeg die gehoor tot aksie (Bailey 1965: 102). Hierdie spreker moet op 'n kragtige wyse die emosies van die gehoor in beweging bring (Bailey 1965: 102). Die

regters word van hulle voete afgeslaan en die gehoor meegesleur wanneer hierdie toespraak gebruik word.

Bloemryke toesprake vlei en bevredig die gehoor (Bailey 1965: 102). Die spreker moet sagkens met sy gehoor te werk gaan (Bailey 1965: 102). Metafore en figuurlike beeldspraak word gebruik (Bailey 1965: 102). Aanloklike afleidings word verskaf en ‘n netjiese ritme kom in die toespraak voor. Die vloei van die toespraak is gemaklik en rustig en die gehoor word gelaat met ‘n belofte van ‘n meer aanloklike wêreld.

Quintilianus (in Bailey 1965: 105) het die laasgenoemde toespraakstyl, die bloemryke toespraak, as die beste opsie beskou, maar het ook daarop aangedring dat die styl van die toespraak altyd gepas moet wees vir die geleentheid waartydens dit gebruik word. Tydens die meeste retoriese toesprake word daar egter van ‘n kombinasie van al drie style gebruik gemaak. Al drie hierdie style kan ook tydens prediking gebruik word.

Martin Joos (in Bailey 1965: 286) het ook vyf retoriese style uiteengesit. Hy verwys na hierdie style as die vyf klokke van styl. Hierdie style staan bekend as gevriesde styl, formele styl, konsulterende styl, informele styl en intieme styl. ‘n Spreker hoef geensins slegs van ‘n enkele styl tydens ‘n toespraak gebruik te maak nie en hy kan vrylik van een van hierdie style na ‘n ander beweeg binne dieselfde toespraak, of selfs binne dieselfde sin (Bailey 1965: 289).

Die spreker wat die gevriesde styl gebruik, maak geensins van intonasie gebruik nie (Bailey 1965: 297). Hierdie styl word hoofsaaklik in gedrukte werke en in deklamasie gebruik (Bailey 1965: 297). Die gehoor van ‘n toespraak in die gevriesde styl het geen toegang tot die outeur of spreker nie en kan dus nie die outeur of spreker bevraagteken nie (Bailey 1965: 297). Geen gehoordeelname vind dus plaas nie, maar daar kan gereeld terugverwys word na so ‘n toespraak as ‘n betroubare bron (Bailey 1965: 298).

Wanneer die formele styl gebruik word, vind daar geen gehoordeelname plaas nie (Bailey 1965: 295). Dit word gewoonlik gebruik wanneer die gehoor uit meer as ses lede bestaan, of wanneer die spreker glad nie die gehoor ken nie (Bailey 1965: 294). Die formele styl is ontwerp om in te lig en is dikwels dominerend van aard (Bailey 1965: 296). Die spreker sal ook dikwels in die derde persoon praat en onbetrokke bly deur woorde soos "ek" en "my" te vermy, terwyl terme soos "ekself" of "'n mens" gebruik word (Bailey 1965: 296). Die orde van die teks word baie belangrik, aangesien persoonlikheid ontbreek (Bailey 1965: 296). Die teks word in duidelike paragrawe ingedeel en logiese verbindings kom tussen hierdie paragrawe voor (Bailey 1965: 296). Hierdie styl verg redelike vooruit-beplanning van elke sin, paragraaf en die toespraak as geheel, aangesien die spreker met 'n gevange gehoor te make het (Bailey 1965: 296).

Selfstandigheid en kohesie is die noodsaaklike kenmerke van die formele styl. Dit hou verband met die intonasie van die spreker (Bailey 1965: 296). Die gehoor sal die teks slegs een maal hoor en juis daarom is intonasie van allergrootste belang (Bailey 1965: 296 - 297).

Indien die spreker van konsulterende styl gebruik maak, sal die taalgebruik redelik eenvoudig en verstaanbaar wees. Die spreker sal altyd agtergrond inligting verskaf en sal nooit aanneem dat hy daarsonder verstaan sal word nie (Bailey 1965: 290). Die gehoor neem ook konstant deel aan die toespraak, hetsy op 'n verbale of nie-verbale wyse, wanneer hierdie styl gebruik word. Daar word ook nie te veel vooruit beplan deur die spreker nie (Bailey 1965: 296), aangesien die terugvoer van die gehoor sy hele beplanning omver kan werp. Konsulterende styl word hoofsaaklik gebruik wanneer die spreker nie die gehoor ken nie (Bailey 1965: 290), veral wanneer hulle dieselfde taal as die spreker praat, maar die agtergronde van die spreker en die gehoor verskil.

Informele styl word gebruik wanneer die spreker probeer om deel te word van die gehoor se sosiale groep (Bailey 1965: 290). Informele styl word gebruik wanneer vriende en kennisse toegespreek word, of wanneer daar gepoog word om vreemdelinge deel van die binnekring te

maak (Bailey 1965: 291). Die nodige agtergrondkennis is egter nie teenwoordig nie en gehoordeelname kom dikwels nie voor nie, omdat daar aangeneem word dat die spreker sal weet dat die gehoor luister en verstaan (Bailey 1965: 291).

Groeptaal is een van die kenmerke van die informele styl (Bailey 1965: 291). Dit verwys na taalgebruik wat huidige, dikwels kortstondige terme insluit (Bailey 1965: 291). Dit kan veral ook nuutskeppinge, metafore en vergelykings insluit (Bailey 1965: 291) wat die een of ander kleurryke of humoristiese betekenis het. Dit is ‘n kenmerk van die informele styl, aangesien slegs ‘n gedeelte van die samelewing, diegene wat deel vorm van die spreker se binnekring of groep, sal weet wat die groeptaal beteken (Bailey 1965: 292).

Ellipse of weglatings is ook ‘n kenmerk van die informele styl (Bailey 1965: 291). Die insluiting van ‘n ellips in ‘n toespraak wys duidelik op die spreker se informele styl, in teenstelling met die konsulterende styl, aangesien die gebruik van ‘n ellips net deur iemand in die binnekring van die spreker verstaan sal word (Bailey 1965: 291).

Die intieme styl sluit nie openbare inligting, soos dit dan wel in die geval van konsulterende styl en informele styl voorkom, in nie (Bailey 1965: 293). Indien die spreker van die intieme styl gebruikmaak, sal daar geen inligting aan die gehoor gegee word wat van buite die spreker kom nie (Bailey 1965: 293). Alle inligting sal op die een of ander wyse na die spreker en sy emosies verwys.

Intieme styl duld glad nie die sisteme van ander style nie (Bailey 1965: 294). Geen groeptaal of agtergrondkennis word gebruik nie (Bailey 1965: 294). Daar is wel ‘n intieme kode wat gebruik word en dit staan bekend as kliektaal (Bailey 1965: 294). Dit verwys nie na kortstondige woorde nie, maar wel na woorde wat deel is van die permanente kode van die

spesifieke groep (Bailey 1965: 294). Elke intieme groep moet dan hul eie kode ontwikkel en uitbrei (Bailey 1965: 294).

Volgens Joos (in Bailey 1965: 309) kan die een toespraakstyl nie beter as die ander beskou word nie. Nie een van hierdie style is bloot goed of bloot sleg nie, maar elkeen van hierdie style kan verstandig gebruik word om sodoende tot die spreker se voordeel te dien (Bailey 1965: 309). Formele styl, konsulterende styl, informele styl en intieme styl kan tydens prediking gebruik word, maar nie gevriesde styl nie, aangesien dit nie ‘n verbale styl is nie en prediking hoofsaaklik verbaal geskied.

### 3.4.6 Retoriek en verbale boodskappe

Wanneer die oorreder verbale boodskappe enkodeer, moet hy menslike emosies in ag neem, rasioneel wees en geloofwaardigheid toon (De Wet 2010:40). Al hierdie beginpunte van retoriese kommunikasie hou verband met Aristoteles se konsepte van Ethos, Pathos en Logos (De Wet 2010: 50). Elkeen van hierdie aspekte van verbale retoriese boodskappe sal nou afsonderlik ondersoek word.

#### *3.4.6.1 Neem menslike emosies in ag*

Wanneer menslike emosies in ag geneem word, moet die oorreder aandag gee aan die behoeftes, houdings en die verlange na konsekwentheid van die mense in sy gehoor (De Wet 2010: 40).

Alle mense het behoeftes wat die een of ander tyd bevredig moet word (De Wet 2010: 40). Die oorreder moet reeds vroeg binne die retoriese proses hierdie behoeftes identifiseer, aangesien dit juis hierdie behoeftes is wat mense vatbaar maak vir die proses van oorreding

(De Wet 2010: 40). ‘n Effektiewe oorreder buit dus hierdie behoeftes uit om sy eie doel te bereik (De Wet 2010: 40).

Abraham Maslow (in De Wet 2010: 41) het ‘n afskoppunt verskaf rakende die mens se hoof behoefte vlakke. Hy het geglo dat die mens verskillende tipes behoeftes het wat na vore sal tree totdat hierdie behoeftes versadig is (De Wet 2010: 41). Wanneer primêre behoeftes versadig is, sal hulle plek ingeneem word deur sekondêre behoeftes wat nog versadig moet word (De Wet 2010: 41). Hierdie behoeftes word dikwels in die vorm van ‘n piramide voorgestel, met die laagste vlak van behoeftes op die onderste, breë vlak, en die hoogste vlak van die behoeftes op die boonste, skerp punt:

- Basiese behoeftes: Aan die onderkant van Maslow se piramide is die mens se kragtigste, mees basiese behoeftes, soos die behoefte na water, kos, seks en slaap (De Wet 2010: 41). Om hierdie rede word daar baie aandag gegee aan brood-en-botter kwessies gedurende politieke veldtogte. Slegs wanneer hierdie behoeftes bevredig is, kan daar aandag gegee word aan ander, hoër behoeftes (De Wet 2010: 42).
- Sekuriteitsbehoeftes: Die tweede vlak van die piramide bestaan uit die behoefte vir sekuriteit (De Wet 2010: 42). Alle mense wil veilig voel. Hierdie behoeftes word bevredig deur familie, ‘n huis, ‘n werk, ‘n inkomste en stabiele politieke omstandighede. Wanneer daar gevaar is, kom hierdie behoefte sterk na vore (De Wet 2010: 42).
- Die behoefte om te behoort: Sodra die behoefte aan sekuriteit bevredig word, begin mense strewe na die bevrediging van die behoefte om te behoort (De Wet 2010: 42). Alle mense hou daarvan om te voel dat hulle binne hulle familie, werk, sosiale groep en gemeenskap hoort (De Wet 2010: 42).
- Die behoefte aan liefde of waardering: Die vierde vlak van die piramide bestaan uit die behoefte aan liefde en waardering (De Wet 2010: 42). Hierdie vlak volg nadat die behoefte om te behoort versadig is (De Wet 2010: 42). So kan iemand byvoorbeeld net begeer om liefde of waardering van ‘n groep te ervaar as hy reeds aan daardie groep behoort.
- Self-aktualisasie behoefte: Dit is die toppunt van Maslow se piramide (De Wet 2010: 42). Dit is ‘n integrale deel van menslike natuur (De Wet 2010: 42). Baie van die oorredingstegnieke wat vandag gebruik word, word op hierdie behoefte geskoei.

Wanneer daar na die definisies van retoriek gekyk word, is dit duidelik dat houdings ‘n belangrike rol in die proses van oorreding speel (De Wet 2010: 43). Elke mens het sekere houdings wat ten gunste van, of lynreg teen, die oorreder werk (De Wet 2010: 43). Die oorreder poog dan ook om hierdie negatiewe houding te verander, alhoewel hierdie verandering in houding nie altyd tot ‘n verandering in optrede lei nie (De Wet 2010: 43).

Houdings verskil van opinies, aangesien houdings dikwels opinies rig (De Wet 2010: 43). Opinies kan gesien word as daardie verbale antwoorde wat ‘n persoon sou gee op daardie vrae wat nie ‘n feitlike antwoord verwag nie (De Wet 2010: 43), terwyl houdings dieperliggend is. Houdings is die geneigdheid om op ‘n sekere manier te reageer teenoor sekere onderwerpe, kwessies en situasies (De Wet 2010: 43). Hierdie reaksies kan kognitief (in die denkewêreld), affektief (emosioneel van aard) of gedragtelik (hoe iemand optree of beplan om op te tree) wees (De Wet 2010: 43).

Die idee van konsekwentheid hou verband met mense se behoefte aan voorspelbaarheid en ‘n sin van sekuriteit (De Wet 2010: 43). Mense wil graag die dissonansie binne ‘n sekere situasie oplos en poog na ‘n toestand van harmonie (De Wet 2010: 43).

#### *3.4.6.2 Wees rasioneel*

Die potensiële oorreder moet altyd rasioneel wees (De Wet 2010: 44). Rasionele faktore binne die proses van oorreding hang nie af van persoonlike voorkeure en psigologiese faktore nie, maar wel van getuienis (‘n taktiese element) en redenasies (‘n strategiese element) wat verskaf word om ‘n sekere saak te ondersteun (De Wet 2010: 44). Getuienis en redenasies is die komponente van *bewys* wat ‘n oorreder moet bied om sy saak en sy idees te ondersteun (De Wet 2010: 44).

Getuienis kan direk of indirek (omstandig) wees (De Wet 2010: 44). Direkte getuienis wys op die bestaan van ‘n feit sonder dat die bewys van enige ander feit nodig is. Wanneer iemand gevang word dat hy die radio uit die huis steel en hy het nog die radio in sy hand, kan dit gesien word as direkte getuienis. Indirekte– of omstandigheidsgetuienis wys op die bestaan van ‘n spesifieke feit deur eers ander feite te bewys en dan die bestaan van die spesifieke feit daarvan af te lei. Wanneer daar gesien word hoe ‘n persoon van ‘n huis af weghardloop, en later word daar gevind dat die huis besteel is, kan daar afgelei word dat daardie persoon die huis besteel het.

Larson (in De Wet 2010: 45 - 46) verskaf tien nuttige veralgemenings oor getuienis om die oorreder te help om te besluit watter getuienis meer oorredingsvermoë bevat, hoeveel getuienis gebruik moet word en watter tipe getuienis gebruik moet word:

- Getuienis verhoog die oorreder se oorredingsvermoë indien hy onbekend is of lae tot gemiddelde geloofwaardigheid besit.
- Die oorredingsvermoë van emosionele getuienis is gelykstaande aan dié van rasionele getuienis.
- Gewoonlik is die gebruik van enige getuienis, hoe swak ook al, beter as die gebruik van geen getuienis nie.
- Huiweragtige getuienis (getuienis wat persone lewer teen hulleself of hul eie belange) is nie meer effektief as bevooroordeelde getuienis nie, of as onbevooroordeelde objektiewe getuienis nie.

- Goeie lewering kan die effektiwiteit van getuienis verbeter in die gevalle waar die bronne onbekend is of lae geloofwaardigheid besit.
- Getuienis kan oorredingsveranderings meer permanent maak.
- Getuienis is meer effektief wanneer die gehoor dit vir die eerste maal hoor.
- Die metode van oordrag van die getuienis, hetsy in persoon of op bandopnames, het geen effek op die krag van die getuienis nie.
- Mense is meer geneig om getuienis wat in ooreenstemming met hul eie posisie is, te glo.

- Meer dogmatiese persoonlikhede word meer beïnvloed deur getuienis as minder dogmatiese persoonlikhede.

Redenering, of redenasies, kan in twee afdelings ingedeel word, naamlik induksie en deduksie (De Wet 2010: 46). Induktiewe redenasies vloei van die spesifieke na die algemene, terwyl deduktiewe redenasies van die algemene na die spesifieke vloei (De Wet 2010: 46). Tydens induktiewe redenasies vorder die oorreder vanaf ‘n aantal spesifieke stellings na ‘n algemene gevolgtrekking, maar tydens deduktiewe redenasies sal hy vanaf ‘n oorspronklike algemene stelling na ‘n spesifieke stelling in die slot vorder (De Wet 2010: 46). Hierdie twee tegnieke is nie wedersyds eksklusief nie en sal dikwels mekaar ondersteun.

*3.4.6.3 Toon geloofwaardigheid*

Dit is belangrik dat die oorreder as ‘n geloofwaardige kommunikator moet oorkom (De Wet 2010: 50). Geloofwaardigheid hang af van ‘n kommunikator se skynbare intelligensie of deskundigheid, betroubaarheid en toegeneendheid teenoor die gehoor (De Wet 2010:50). Die kommunikator se reputasie waarmee hy na die retoriese situasie kom, die taal wat gebruik word en die ontwikkeling van die boodskap in goeie smaak, goeie verstand en opregtheid dra alles by tot die geloofwaardigheid van die kommunikator (De Wet 2010:50). Nie-verbale boodskappe speel ook ‘n rol in die vestiging van die oorreder se geloofwaardigheid.

Deskundigheid word getoon wanneer die kommunikator se materiaal, sowel as sy hantering daarvan, wys dat hy die onderwerp goed ken en dat hy dit akkuraat en toepaslik kan hanteer in die situasie waarin hy homself huidiglik bevind (De Wet 2010:50).

Betroubaarheid word ten toon gestel deur ‘n kommunikator wanneer die gehoor dink dat die kommunikator weet waarvan hy praat en dat hy die waardes wat die gehoor hoog op prys stel deel en respekteer (De Wet 2010:50). Gehore is ook geneig om kommunikators te vertrou

wat meer weet as wat hulle weet en wat beter begrip toon as wat hulle toon (De Wet 2010:50).

Toegeneentheid is ‘n karaktereienskap wat aan ‘n sekere persoon toegeskryf word. Mense voel toegeneentheid teenoor iemand wanneer hulle dink dat hulle goedheid in hom bespeur (De Wet 2010:50). ‘n Gevoel van toegeneendheid word in ‘n retoriese situasie oorgedra wanneer daar ‘n gevoel van onontwikkelde vriendskap tussen die kommunikator en die gehoor ontstaan (De Wet 2010:50). ‘n Kommunikator kom dus voor asof hy ten minste ‘n moontlike vriend van die gehoor en hulle belange is (De Wet 2010:50).

### 3.4.7 Retoriek en nie-verbale boodskappe

Die proses van oorreding sluit nie net verbale boodskappe in nie, maar ook nie-verbale boodskappe (De Wet 2010: 51). Mense dra dikwels minder kennis van nie-verbale pogings tot oorreding, alhoewel nie-verbale pogings dikwels meer gewig dra as verbale pogings (De Wet 2010:51). Die volgende stellings deur Rogers (in De Wet 2010: 51) insake die betekenis van nie-verbale retoriese boodskappe is van groot belang:

- Nie-verbale boodskappe het dikwels ‘n ikoniese verhouding met hulle betekenis. Dit beteken dat nie-verbale boodskappe dikwels lyk soos dit wat hulle verteenwoordig en beteken. So kom ‘n gebalde vuis byvoorbeeld vyandelik voor, aangesien hierdie gebaar lyk soos die gebaar wat ‘n mens maak net voordat iemand geslaan word.
- Nie-verbale boodskappe het implisiete, subtiele betekenisse. As iemand vir ‘n vriend ‘n guns vra, kan die vriend verbaal slegs “ja” of “nee” sê, terwyl sy gesigsuitdrukkings egter ‘n gevoel kan toon wat nie duidelik “ja” of “nee” is nie, maar eerder ‘n subtiele skakering van emosie tussen-in.
- Nie-verbale boodskappe maak staat op sosiale kontekste vir hulle volledige betekenis. Die meeste nie-verbale boodskappe beteken niks in isolasie nie en verkry eers hulle spesifieke betekenis binne ‘n sekere sosiale konteks.
- Individuele mannerismes moet in ag geneem word wanneer nie-verbale boodskappe geïnterpreteer word. Indien ‘n persoon gereeld sy oë knip tydens ‘n gesprek, beteken

dit nie noodwendig dat hy op sy senuwees is nie. ‘n Nie-verbale oorredingsboodskap word slegs oorgedra as dit doelbewus gestuur word, aangesien alle oorredingsboodskappe doelbewus gestuur moet word. Anders kan dit bloot beskou word as nie-verbale gedrag. Dit maak die uitkenning van nie-verbale oorredingsboodskappe baie moeilik.

- Nie-verbale boodskappe is dikwels kultuurgebonde, net soos die geval is met verbale boodskappe.

### 3.4.8 Interpretasie van retoriese boodskappe

Dit is noodsaaklik om daarop te let dat wanneer ‘n retoriese boodskap ontvang word, dit deur die ontvanger geïnterpreteer sal word (De Wet 1984: 96).

Van Schoor (in De Wet 1984: 96) stel voor dat daar vier stappe betrokke is voordat die interpretasie van ‘n boodskap ondersoek kan word:

- Die boodskap moet die ontvanger bereik;
- Die boodskap moet die ontvanger se aandag trek en sy belangstelling prikkel;
- Die boodskap moet deur die ontvanger verstaan word. Die ontvanger verstaan die boodskap wanneer hy sy eie beeld vorm oor die sake wat deur die boodskap oorgedra word; en
- Die ontvanger moet self die boodskap interpreteer.

Die proses van interpretasie van ‘n boodskap is ‘n baie komplekse saak wat nie hier in dieper besonderheid bespreek sal word nie. Dit is egter belangrik om die volgende uit te lig (De Wet 1984: 96 - 97):

- Die ontvanger van ‘n boodskap sal, as ‘n unieke individu, die boodskap interpreteer binne die konteks van sy eie persoonlike omstandighede en houdings.

- Die ontvanger sal op sy bestaande feitlike kennis oor ‘n onderwerp staatmaak.
- Die ontvanger sal al die verskillende komponente van die boodskap saam groepeer om die konsekwentheid, waarna hy altyd op soek is, te skep.
- Die ontvanger sal deur sy soeke na konsekwentheid homself oopstel aan die verskillende betekenisse van die boodskap en so kan hy moontlik sy eie vooropgestelde idees oor die onderwerp vergeet.
- Die ontvanger sal ‘n besluit oor die boodskap neem nadat hy ‘n aantal moontlike, en verskillende, interpretasies oorweeg het.

Die mens se subjektiwiteit sal dus altyd ‘n rol speel tydens die interpretasie van ‘n boodskap (De Wet 1984: 97). Hierdie verhandeling se hoof fokus is egter die voorkoms van narratiewe boodskappe as retoriese strategie, en nie die interpretasie daarvan nie.

### 3.5 ROL VAN RETORIEK IN DIE EEN-EN-TWINTIGSTE EEU

Oorreding is mag (Brooks & Warren 1970: 238). Die konstruksie van inwilliging staan sentraal tot die moderne demokratiese, industriële samelewing (Brooks & Warren 1970: 239). Retoriek word in ‘n demokrasie aangewend in interpersoonlike verhoudinge, organisasies, skakelwese, die politiek, godsdiens en die kunste. Die moderne demokratiese samelewing is ‘n massa-samelewing wat gekarakteriseer word deur tegnologie, moderne vervoersisteme, massaproduksie en massaverbruikers (De Wet 2010:69).

In die vroeëre Westerse demokrasieë, byvoorbeeld jong Amerika, het preke, universiteitstoesprake, koerantberigte en staatsdebatte bygedra tot die retoriese geleenthede van die dag (Brooks & Warren 1970: 239). Vandag het daardie geleenthede duisendvoudig toegeneem en kan retoriese boodskappe orals waargeneem word, van die drukperse, luggolwe, televisieskerms tot by die advertensiemanne, propaganda-spesialiste en

motiveringsprekers wat orals gevind kan word (Brooks & Warren 1970: 239). Wat eens op ‘n tyd ‘n sporadiese en beperkte geleentheid was, is nou universeel en nimmereindigend (Brooks & Warren 1970: 239). Retoriek is dus ‘n onlosmaaklike deel van ons moderne bestaan.

Net soos retoriek, is die antieke kuns van narratief ‘n onlosmaaklike en uiters belangrike deel van ons moderne bestaan. Dit is egter nie die enigste ooreenkoms tussen hierdie twee kunsvorme nie. Narratiewe kommunikasie kan ook as ‘n strategie van retoriek gebruik word, veral in die veld van religieuse kommunikasie. Hierdie stelling gaan nou verder ondersoek word. Daar gaan eers gekyk word na narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die algemeen, en dan na narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie in die prediking van die Christelike teologie. Die prediking in die Apostoliese geloofsending, ‘n Christelike-Pinksterkerk, is die afdeling van religieuse kommunikasie wat in hierdie verhandeling aandag geniet.

## 3.6 NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE

Daar is vier basiese natuurlike behoeftes wat tydens diskoers bevredig word (Brooks & Warren 1970: 56). Hierdie vier soorte diskoers staan bekend as eksposisie, oorreding (of retoriek – sien 3.3), beskrywing en narratief.

Tydens eksposisie word ‘n idee of ‘n konsep aan die ontvanger verduidelik (Brooks & Warren 1970: 57). ‘n Karakter of situasie kan hier geanaliseer word, ‘n term kan gedefinieer word, of instruksies kan verskaf word. Eksposisie word dus gebruik om die ontvanger in te lig. Retoriek word gebruik om die ontvanger te oorreed om sy houding, sy sienswyse, sy gevoel oor ‘n saak of sy standpunt te verander (Brooks & Warren 1970: 57). Beskrywing word gebruik om die ontvanger bewus te maak van ‘n gewaarwording van die spreker of

skrywer (Brooks & Warren 1970: 57). Hierdie beskrywing kan na enige voorwerp wat deur die sintuie waargeneem kan word, verwys. Wanneer narratief gebruik word, word 'n ervaring aan die ontvanger oorgedra. Dit sal beskryf wat gebeur het en hoe dit gebeur het (Brooks & Warren 1970: 57). 'n Gebeurtenis moet egter 'n beweging in tyd voorstel, anders is dit net 'n narratiewe stylelement en nie 'n verhaal of storie nie.

Hierdie vier soorte diskoers kom egter nie altyd in hul suiwer, individuele vorm voor nie. Daar kom die meeste van die tyd 'n vermenging van hierdie diskoersvorme voor (Brooks & Warren 1970: 57). So word narratiewe kommunikasie gereeld saam met, of selfs as 'n strategie van, retoriese kommunikasie gebruik. Die navorser glo dat die prediking in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending moontlik 'n voorbeeld hiervan kan wees.

Kruger, Rayner en Wall (2004: 43) stel dat die gebruik van narratief baie effektief is om die reaksie van die gehoor teenoor 'n spesifieke boodskap te beïnvloed. Josselson en Lieblich (1999: 170) bevestig hierdie stelling deur te sê dat 'n narratief se doel nie net is om 'n situasie te beskryf nie, maar om mense te motiveer om op 'n bepaalde wyse op te tree sodat 'n sekere praktyk kan voortduur of kan verander. Dus kan narratief as 'n retoriese strategie gesien word aangesien dit gebruik word om die ontvanger van die kommunikasieboodskap te oorreed om te doen wat die stuurder van die kommunikasieboodskap begeer.

Perelman (1982: 110) glo dat historiese verhale, sowel as fiktiewe verhale wat deur die spreker uitgedink is, gebruik kan word om 'n retoriese effek te skep. Selfs verhale wat doelbewus foutief is kan strategies gebruik word om die ontvanger van 'n saak te oortuig (Perelman 1982: 110). Volgens Perelman (1982: 108) is die enigste vereiste van 'n vertelling, gebruik as 'n retoriese strategie, dat die vertelling die ontvanger se verbeelding moet aangryp.

Abbott (2002: 36) verduidelik dat al die elemente van narratiewe bydra tot die retoriese krag daarvan. Al hierdie elemente word saam gebruik om sterk of subtiele kombinasies van gevoelens en gedagtes by die ontvangers te skep, en dus het al hierdie elemente die een of ander retoriese funksie. Sou een van hierdie elemente weggelaat of verander word, kan die effek wat die hele narratief op die ontvanger het verander word (Abbott 2002: 36). Dus kan narratief, en al die narratiewe elemente, as instrumente van groot retoriese krag beskou word.

Dit is egter nie net volledige narratiewe of vertellings wat as retoriese strategieë gebruik kan word nie. Daar is ook ‘n aantal narratiewe tegnieke en stylelemente wat retories aangewend kan word. Hierdie tegnieke en stylelemente sal nou ondersoek word.

### 3.6.1 Analogie en metafoor as retoriese strategie

Analogie, metafoor en ander simboliek kan as hulpmiddele gebruik word in die oordra van sekere begrippe (De Wet 2006: 31). ‘n Analogie word gebruik wanneer een saak of verhouding met ‘n ander saak of verhouding vergelyk word (Perelman 1982: 114). “Analogie” kan ook gedefinieer word as die vergelyking van twee verskillende voorwerpe wat die een of ander ooreenkoms toon (*Cultural Dictionary* 2010: 3). Die gebruik en uitbreiding van ‘n goeie analogie sal altyd nuttig wees tydens die oorredingsproses (Perelman 1982: 118 – 119). So kan die beskrywing van oorlog in skaakterme byvoorbeeld die gruwels van oorlog in die wind slaan (Perelman 1982: 119). Analogieë word dan veral gebruik om komplekse, of omstrede, idees aan te raak en te verduidelik (Porter s.a.: 3).

Aristoteles (in Perelman 1982: 120) definieer “metafoor” as die proses waar ‘n voorwerp ‘n naam gegee word wat eintlik aan iets anders behoort. Metafoor is dus ‘n gekondenseerde vorm van analogie. Douglas Berggren (in Perelman 1982: 125) gaan so ver om te stel dat ware kreatiewe denke, hetsy in die kunste, die wetenskap of godsdiens, altyd metafories van aard sal wees. Metafore word veral gebruik om sekere sake te beklemtoon of weg te steek (Western Washington University s.a.: 1). Dit werk veral goed wanneer ‘n vergelyking getref

word tussen die situasie wat ‘n karakter beleef, en ‘n situasie wat die ontvanger beleef, of wanneer ‘n vergelyking getref word tussen die ontvanger en ‘n sekere situasie wat die oorreder beskryf (Western Washington University s.a.: 1). So sal ‘n predikant byvoorbeeld vir ‘n gemeente sê hulle is Israel wat moet kies of hulle die beloofde land wil binnegaan en of hulle in die woestyn wil bly. Metaforiese taal kan dus gebruik word om begrippe rakende geloof analogies oor te dra (De Wet 2006: 31). Metafore kan ook beskrywend van aard wees wanneer dit saam met figuurlike taal gebruik word (Porter s.a.: 3).

### 3.6.2 Gebruik van temas as retoriese strategie

‘n Tema is die verbindingselement wat ‘n boodskap struktureel saambind en kan ook die algemene idee oor die lewe wees wat die oorreder wil oordra. Die gebruik van temas staan dan dikwels sentraal tot die sukses van ‘n retoriese boodskap, aangesien die mens ‘n behoefte het aan die strukturele organisering van die boodskappe wat hy ontvang. Narratief, en die temas wat daarin voorkom, is een van die mees fundamentele maniere waarop die mens gebeure en ervaringe orden en juis hieroor is narratief en tema so ‘n kragtige oorredingstrategie (Josselson & Lieblich 1999: 190). Narratiewe en hul temas kan maklik deur die ontvanger geassimileer word om sodoende verandering teweeg te bring.

Alle retoriese strategieë is afhanklik van sekere taalelemente wat in kleiner en kleiner eenhede afgebreek en bestudeer kan word (Dubois, Edeline, Klinkenberg, Minguet, Pire & Trinon 1981: 25). Die taalelemente wat van toepassing is op narratiewe kommunikasie is die gebruik van kort sinne, die gebruik van eenvoudige woorde, die gebruik van die direkte rede, die gebruik van uitroepe, die gebruik van herhaling, alliterasie en assonansie en die gebruik van temporale oorgangswoorde (Hattingh 2004: 3 – 6).

### *3.6.2.1 Gebruik van kort sinne as 'n retoriese strategie*

Wanneer narratiewe kommunikasie as retoriese strategie gebruik word, moet daar nooit te veel detail gegee word en te veel afgedwaal word nie (Hattingh 2004: 3). Die oorreder moet selekteer wat vir die saak nodig is en hiervoor is die stylvolle aanwending van taal, wat die gebruik van kort sinne insluit, nodig (Hattingh 2004: 5). Die oorreder moet eerder van aktiewe sinskonstruksie as passiewe sinskonstruksie gebruik maak (Hattingh 2004: 8).

### *3.6.2.2 Gebruik van eenvoudige woorde as 'n retoriese strategie*

Wanneer narratiewe kommunikasie as retoriese strategie gebruik word, moet die woordkeuses met versigtigheid gedoen word (Hattingh 2004: 5). Die woorde moet 'n spreekstyl in plaas van 'n skryfstyl reflekteer (Hattingh 2004: 5). Die woordkeuse moet ook so eenvoudig as moontlik gehou word en daar moet nie te veel variasie wees in die woorde wat gebruik word nie (Hattingh 2004: 5).

Steven D. Mathewson (in Hattingh 2004: 8) stel voor dat konkrete, spesifieke woorde gebruik sal word. Hierdie konkrete detail, soos name en karaktersketsing, moet altyd verband hou met die tema (Hattingh 2004: 4). Veralgemenings en clichés moet vermy word en storiewoorde, of emosionele woorde, moet liewer gebruik word. Emosionele woorde word veral deur adverteerders gebruik (Western Washington University s.a.: 2). Dit is woorde wat oorredingskrag aan die spreker verskaf deur die assosiasies wat aan hierdie woorde gekoppel is. Woorde soos "wenner," "verloorder," "vryheid," en "moed" is kragtig en kan tot groot voordeel deur die spreker gebruik word (Western Washington University s.a.: 2).

Byvoeglike naamwoorde en bywoorde moet eerder minimaal gebruik word (Hattingh 2004: 8). Die oorreder moet nie te hoogdrawend voorkom deur gedurig beskrywings en kreatiewe woorde te gebruik nie (Hattingh 2004: 8). Die ontvanger moet voel dat hy *gewys* word wat aangaan, eerder as wat hy voel dat hy *vertel* word wat aangaan.

### *3.6.2.3 Gebruik van direkte rede as retoriese strategie*

Hattingh (s.a.: 11) verduidelik dat daar ‘n aantal narratiewe tegnieke is wat moeilik is om te implementeer, en daarom is dialoog en direkte rede uiters belangrik. Dialoog en direkte rede kan ekstensief uitgevoer word in die skryf en vertel van die storie-teks (Hattingh s.a.: 11).

Volgens Hattingh (s.a.: 11) is die Bybel, die sentrale geskrif binne Christelike religieuse kommunikasie, juis geskryf binne ‘n milieu waar retoriek baie belangrik was. Min mense kon lees en die gemeenskap van die dag het hul tradisies hoofsaaklik mondelings oorgedra. Wanneer narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie binne die konteks van Christelike religieuse kommunikasie gebruik word, kan die oorreder direkte rede en dialoog implementeer om die storie meer effektief te maak vir memorisering (Hattingh s.a.: 11). Memorisering speel ‘n uiters belangrike rol wanneer opleiding, en so ook gedragverandering, moet plaasvind (Hattingh s.a.: 11).

In die geval van sekere karakters kan innerlike dialoog ook gebruik word (Hattingh 2004: 4). Hier gee die oorreder ‘n stem aan die karakter se gedagtes. Dit kan ‘n baie effektiewe tegniek wees om gehooridentifikasie met die karakter te skep. Hierdie gehooridentifikasie kan bydra tot die oorreding van die ontvangers van die kommunikasie.

### *3.6.2.4 Gebruik van uitroepe as retoriese strategie*

Die gebruik van sterk imperatiewe dra by tot memorisering wat dan lei tot oorreding (Hattingh s.a.: 11). ‘n “Imperatief” word gedefinieer as ‘n opdrag of versoek wat dringend gerig word (*The Free Dictionary* 2010a: 1). Uitroepe en emotiewe uitlatings, bv. “O tog!”, “Hardloop!” en “Hou moed!” kan ook hier ingesluit en gebruik word (Hattingh s.a.: 11).

Wanneer narratiewe kommunikasie as retoriese strategie gebruik word, moet die storie herleef word (Hattingh 2004: 5). Die verstand en liggaam moet saamwerk terwyl die angs in die liggaam beleef word en die verhaal met die oorreder se eie emosies gevul word (Hattingh 2004: 5). Die gebruik van uitroepe en imperatiewe kan bydra om hierdie doel te bereik.

### *3.6.2.5 Gebruik van herhaling, alliterasie en assonansie as retoriese strategie*

Herhaling is 'n baie effektiewe retoriese tegniek (Hattingh s.a.: 11). Dit kan die herhaling van woorde en / of sintaktiese konstruksies wees (Hattingh s.a.: 11). Dit kan ook die herhaling van klanke, grammatikale strukture of sekere begrippe insluit (Nell 1986: 81). Die herhaling van klanke en woorde kan aan die begin, in die middel of aan die einde van 'n sin of frase wees (Nell 1986: 81). Die herhaling kan in onmiddellik opeenvolgende frases, of in frases wat nie direk op mekaar volg nie, wees.

Repetisie en herhaling word dikwels gebruik om sekere belangrike punte te onderstreep (Hattingh 2004: 7). Herhaling kan ook gebruik word om sekere gebeure te vergroot en anders te laat voorkom as wat dit werklik is (Dubois *et al*. 1981: 141). Sekere standaarde en herhalende patrone kan ook vir dieselfde doel gebruik word (Hattingh 2004: 7). Hieruit kan temas en motiewe dan ook die maklikste afgelei word (Abbott 2002: 88).

Alliterasie en assonansie kan ook as retoriese strategieë gebruik word (Hattingh s.a.: 11). Alliterasie is die herhaling van dieselfde klanke of letters, gewoonlik mede-klinkers, wat aan die begin van 'n woord voorkom (Scaife 2004: 1). Hierdie woorde sal altyd naby mekaar, en soms direk langs mekaar, gevind word. 'n Voorbeeld hiervan is Julius Ceasar wat sê: "Veni, vidi, vici."

Assonansie is die herhaling van dieselfde klanke wat binne-in 'n woord voorkom en die klanke is die meeste van die tyd klinkers (Scaife 2004: 3). Hierdie woorde sal ook naby

mekaar, of direk langs mekaar, voorkom. ‘n Voorbeeld hiervan is die aanhaling “Thy kingdom come, thy will be done,” uit die Onse Vader-gebed (Scaife 2004: 3).

Soos daar verskeie moontlikhede van herhaling is, so is daar ook verskeie moontlikhede van weglating (Nell 1986: 81). Hierdie weglatings, of ellipse, kan doelbewus aangewend word as ‘n retoriese strategie binne die konteks van narratiewe kommunikasie. ‘n Ellips is die weglating van een of meer woorde, wat dan deur die ontvanger van die kommunikasie “ingevul” moet word (Nordquist 2010: 1). Die volgende aanhaling van Plato is ‘n voorbeeld van ‘n ellips: “Wyse manne praat omdat hulle iets het om te sê; Dwase, omdat hulle iets het om te sê.”

Wanneer ‘n ellips reg gebruik word, kan dit ‘n soort kameraderie tussen die oorreder en die ontvanger skep (Nordquist 2010: 2). Die oorreder sê met die gebruik hiervan aan die ontvanger dat hy weet hy het nie nodig om alles vir die ontvanger uit te spel nie. Hy weet dat die ontvanger hom verstaan. Hierdie kameraderie kan baie bydra tot die oorreder se retoriese mag. Die gebruik van ellipse is ook ‘n kunstige en kragtige wyse om ekonomies met die uitdrukking van narratiewe te werk te gaan (Nordquist 2010: 1).

#### *3.6.2.6 Gebruik van temporale oorgangswoorde as retoriese strategie*

Die storielyn van ‘n narratief is verantwoordelik vir die skep van ‘n interpreteerbare, oorredende eenheid binne die narratief (Josselson & Lieblich 1999: 170 – 171). Binne narratiewe word gebeure temporaal aan mekaar verbind (Josselson & Lieblich 1999: 171). Hierdie temporale orde van gebeure lei dan tot die sukses van die storielyn. Die temporale orde word geskep deur gebruik te maak van temporale oorgangswoorde. Voorbeelde van hierdie woorde en terme is “en toe”, “daarna” en “nadat”.

### 3.6.3 Gebruik van humor as retoriese strategie

Die gebruik van humor, en ook verskuilde humor, kan as deel van narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie gesien word (Hattingh 2004: 4). Die gebruik van humor is ‘n uitstekende strategie om die ontvanger van die kommunikasie minder krities, en meer ontvanklik vir die oorreder se boodskap te maak (Western Washington University s.a.: 2).

Verbeelding en kreatiwiteit speel ‘n belangrike rol wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word (Hattingh 2004: 4). Daar moet altyd gepoog word om die onsigbare op te roep en te bevry en die gebruik van humor kan bydra tot die bereiking van hierdie doel (Hattingh 2004: 4). Dit is egter belangrik om daarop te let dat die gebruik van humor as ‘n retoriese strategie ‘n ingewikkelde saak is. Die oorreder bereik nie altyd deur die gebruik van humor die resultate wat hy wou nie en daarom moet humor versigtig, en met baie oorweging, as retoriese strategie gebruik word (Western Washington University s.a.: 2).

### 3.6.4 Gebruik van onomatopieë en sintuiglike waarnemings as retoriese strategieë

Sintuiglike waarnemings en onomatopieë kan as retoriese tegnieke gebruik word om die narratief meer effektief te maak vir memorisering en oorreding (Hattingh s.a.: 11).

Sintuiglike waarnemings is enige deel van die narratief wat die ontvanger se sintuie streel en groter sintuiglike betrokkenheid by die ontvanger vereis as net die blote aanhoor van die vertelling. Hierdie waarnemings kan groter betrokkenheid vereis van die ontvanger se gehoor-, smaak-, sig-, gevoel- of reuksintuig. Onomatopieë**,** of klanknabootsings, is die gebruik van woorde om natuurlike klanke na te boots (Scaife 2004: 4). Op hierdie wyse word klank met die sintuie verbind sodat daar sintuiglike waarneming kan plaasvind (Scaife 2004: 4). Dit is die mees gebruikte vorm van sintuiglike waarneming. “Die by zoem…”, “Die olifant trompetter…” of “Hy stap doef-doef-doef in die gang af” is voorbeelde van klanknabootsings.

### 3.6.5 Gebruik van historiese konteks as retoriese strategie

Historiese en kulturele agtergrondinligting is dikwels nodig om te verseker dat narratiewe kommunikasie ‘n suksesvolle retoriese strategie vorm (Hattingh 2004: 9). Binne die breë studieveld van semantiek, die studie van betekenis, word dit algemeen aanvaar dat konteks betekenis bepaal (Hattingh s.a.: 5). Daar kan twee soorte kontekste onderskei word binne narratiewe, naamlik die historiese konteks en die logiese konteks.

Die historiese konteks is die milieu waarin die teks gekskryf is (Hattingh s.a.: 5). Die implisiete historiese konteks is die milieu van die narratief binne die teks en die eksplisiete historiese konteks is dié van die skrywer van die narratief. Wanneer narratiewe retories gebruik word, is dit altyd belangrik dat die oorreder die betekenis van die sosio-kulturele en geskiedkundige merkers besef (Hattingh s.a.: 5). Die oorreder moet dan besluit of sekere van hierdie inligting noodsaaklik is om by te voeg of nie. Hierdie besluit moet geneem word in die lig van die spesifieke teikengehoor (Hattingh s.a.: 5). Te min inligting of te veel inligting kan moontlik ‘n negatiewe invloed op die retoriese proses hê.

Narratiewe kan ook mites, geskiedenis en legendes insluit wanneer dit as retoriese strategie gebruik word (Logenecker 2002: 132). Mitiese taal kan net soveel soos metaforiese taal en simboliese taal binne narratiewe kommunikasie gebruik word. Somtyds is die gebruik van mites, geskiedenes en legendes onafskeidbaar van die gebruik van narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie

## 3.7 INTERPRETASIE VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE

Die mens is baie vatbaar vir die retoriese mag van narratiewe kommunikasie (Abbott 2002: 79). Narratiewe kan ook sekere kulturele norme oordra en toepas, en juis daarom is dit so ‘n

kragtige retoriese strategie. Tog het die ontvanger van die narratief ook ‘n mate van mag wat hy oor narratiewe kan uitoefen – die mag van die interpretasie van die narratief.

Die ontvanger van narratief as ‘n retoriese strategie absorbeer nie bloot die inligting binne die narratief, of die inligting wat deur die narratiewe stylelemente oorgedra word, nie (Abbott 2002: 79). Nee, die ontvanger sal dikwels sekere inligting miskyk of oorsien, en sekere inligting invoeg wat nie oorspronklik deel van die narratief was nie. Dit word die onderlees en die oorlees van narratiewe genoem.

In die wêreld van religieuse kommunikasie, veral kommunikasie binne die Christelike lewensbeskouing, word narratiewe kommunikasie gereeld gebruik as ‘n retoriese strategie. Snyman (1986: 6) stel dat alle religieuse sisteme retories is, aangesien hulle pogings is om religieuse waarhede te kommunikeer net soos wat politieke diskoers ‘n poging is om politieke doktrines te kommunikeer, en dus noodsaaklik retories is. Retoriese kenmerke word in die Ou en Nuwe Testament van die Bybel gevind (Snyman 1986: 14). Wanneer ‘n mens retories besig is binne die veld van religieuse kommunikasie, dit wil sê wanneer hy kommunikeer met die doel om die ontvanger te oorreed, moet hy een of ander strategie gebruik, anders gaan hy nêrens kom nie (Snyman 1986: 14). Hierdie strategie is dan dikwels narratiewe kommunikasie. Dit maak sin aangesien Dechant en Fasching (2001: 10) verduidelik dat vir die grootste deel van die mens se geskiedenis, die mens geïnspireer is deur, en sy optrede gerig is deur, die groot religieuse stories.

Storievertel is die primêre en mees deurdringende wyse waarop religieuse tradisies etiese optrede skep (Dechant & Fasching 2001: 6). Binne die meeste religieuse tradisies is filosofiese en wettiese rede, sonder stories en rituele, nie in staat om ‘n begrip van reg en verkeerd tuis te bring en optredes te rig nie. Dit verklaar dan waarom Jesus Christus, die unieke “seun van God” volgens die Christelike Kerk (Rensburg 1989: 103), self ‘n baas storieverteller was wat deur stories Sy groot waarheid kom vertel het (Hattingh 2004: 1). In die Nuwe Testament en die vroeë Christelike kerk het Christus en die apostels in die kerk

veral gebruik gemaak van die vrye dialogiese en verhalende wyse van prediking (Hattingh 2004: 2).

Narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne die prediking binne die Christelike milieu gaan nou verder ondersoek word, maar eers moet religieuse kommunikasie en prediking kortliks gedefinieer word.

## 3.8 OMSKRYFWING VAN 'RELIGIEUSE KOMMUNIKASIE' EN 'PREDIKING' AS BEGRIPPE

Die dissipline van religieuse kommunikasie is geensins sterk gevestig op plaaslike bodem nie (Lombaard 2005a: 1). Hiervan getuig die beperkte hoeveelheid wetenskaplike publikasies in hierdie veld, min proefskrifte in hierdie veld en min vakwetenskaplike artikels (Lombaard 2005a: 1). Religieuse kommunikasie is, soos die naam impliseer, 'n oorvleuelingsdissipline (Lombaard 2005b: 1). Om die waarheid te sê is interdissiplinariteit 'n belangrike kenmerk van religieuse kommunikasie. Soos die naam van dié dissipline op sigself al aandui, word onmiddellik reeds twee gevestigde velde van wetenskaplike aktiwiteit betrek (Lombaard 2005b: 1). Dit is naamlik die *Godsdienskunde,* wat vir ons doeleindes hier as sinonimies aan benaminge soos "Teologie", "Religie-studies" of "Bybelkunde" geag word, en die *Kommunikasiekunde.* Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar dus geen besondere beperking op die dissiplinêre invalshoek is van waaruit die veld van die religieuse kommunikasie betree kan word nie (Lombaard 2005b: 2).

Religieuse kommunikasie neem sake in oënskou wat van die ontstaan van die menslike bewussyn af reeds bestaan, en wat betekenisvolle onderdele van die menslike bewussyn en lewe konstitueer (Lombaard 2005a: 2). Binne religieuse kommunikasie word retoriek toegepas om aksies te weeg te bring, of ten minste 'n begeerte na aksie te skep (Perelman

1982: 12). St. Augustine (in Perelman 1982: 12) verduidelik dat die religieuse oorreder, wanneer hy vra dat iets gedoen moet word, nie net sal onderrig ter wille van kennis en tevrede sal stel sodat hy die ontvanger se aandag sal hou nie, maar dat hy sal oorreed tot aksie, want hierin lê sy sukses.

Binne die geesteswetenskappe in den breë het vir 'n lang tyd 'n ongemaklikheid geheers rondom die studie van geloof en godsdiensverwate sake (Lombaard 2005b: 4). Dit is egter onbetwisbaar die geval dat godsdiens 'n belangrike rol speel in, byvoorbeeld, sekere sielkundige afwykinge by mense, en dat religie in samelewings soos dié in Afrika groot, soms selfs deurslaggewende politieke, sosiologiese en kulturele invloed uitoefen (Lombaard 2005b: 4). Daarom moet die belangstelling in religieuse kommunikasie ook vanuit Geesteswetenskaplike hoek aangemoedig word.

Binne die Godsdienskunde is daar reeds 'n sterk tradisie gevestig om vanuit die Geesteswetenskappe te put (Lombaard 2005b: 4). Religieuse kommunikasie behoort oor die volgende aantal jare as meer volwaardige vakgebeid gevestig te word.

Religieuse kommunikasie word dus gedefinieer as ‘n oorvleuelingsdissipline waarin *Godsdienskunde,* sowel as *Kommunikasiekunde* bestudeer word om sodoende ‘n beter begrip te vorm van die oordra van sekere geloofsisteme.

Dwarsdeur die Nuwe Testament van die Bybel word daar op prediking en lering klem gelê (Van Rensburg & Zeeman 1999: 83). Volgens Van Rensburg en Zeeman (1999: 83) is dit dan van uiterste belang dat die suiwer leer ooreenkomstig met die Woord altyd tydens prediking gehandhaaf moet word. Prediking kan dan gedefinieer word as die oordra van religieuse diskoers en die kuns van vermaning of lering (Brainy Media 2010: 1). Dit is ‘n publieke handeling en sluit ook die ernstige, opregte oordrag van advies in (Brainy Media 2010: 1).

Prediking kan ook gedefinieer word as die aanbeveling van die aanvaarding van en onderwerping aan sekere sake (*The Free Dictionary* 2010b: 1). Dit kan natuurlik ook aandring op die aflegging van ‘n sekere idee, lewenstyl of aksie wat deur die ontvanger van die preek gehou of beoefen word (*Merriam Webster Online* 2010: 1).

Prediking word dus in hierdie verhandeling beskou as die oordra van religieuse diskoers binne die Christelike kerk, met die doel om die ontvanger te vermaan, te leer, aanbevelings te maak en te waarsku.

Johan Janse van Rensburg (2003: 27) beskou effektiewe prediking as ‘n samewerkende aksie tussen God en die mens. Die een pilaar van effektiewe prediking is gebou op ewige Waarheid, terwyl die ander pilaar geanker is in die mens se ervaring (Janse van Rensburg 2003: 27). Juis om hierdie rede moet ‘n preek ook die kognitiewe en die emosionele aspekte van mense se bestaan aanspreek (Janse van Rensburg 2003: 40).

Die navorser is van mening dat die gebruik van narratiewe tydens prediking die kognitiewe en emosionele aspekte van die mens aanspreek. Dit behoort dus ‘n baie effektiewe retoriese strategie tydens prediking te wees.

**3.9 PREDIKING EN DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE**

Daar steek groot waarheid in die woorde van Matthéüs 13 vers 34 in die Bybel: “Al hierdie dinge het Jesus vir die mense in gelykenisse geleer en sonder ‘n gelykenis het Hy hulle niks geleer nie” (in Snyman 2007: 34). Sweet en Schmidt (in Snyman 2007: 34) stel dat die verhouding van poësie tot suiwer doktrine in die Bybel ten minste vyftig tot een is en die

meeste van die res van die Bybel bestaan uit stories en gelykenisse, wat veral in die lewe en die leerstellings van Jesus Christus gesien kan word. McLaren (in Snyman 2007: 34) sluit hierby aan as hy opmerk dat die hart van Jesus Christus se leerstellinge oorgedra word deur die gebruik van die unieke literêre genre, bekend as gelykenisse.

Volgens hedendaagse interpreteerders kan ‘n gelykenis beskryf word as ‘n storie (Snyman 2007: 35). Shillington (in Snyman 2007: 35) beskryf dit as ‘n metafoor of vergelyking gevind in die natuur en die alledaagse lewe. Die duidelikheid en vreemdheid daarvan neem die gedagtes van die ontvanger gevange. ‘n Gelykenis is dikwels ‘n kort storie van sedelike aard (*WordNet* 2003: 1). Groenewald (1963: 10) ondersteun hierdie definisies deur “gelykenis” as ‘n eenvoudige vertelling, ontleen aan die natuur of die alledaagse lewe, met die bedoeling om ‘n praktiese les van diepe geestelike inhoud verstaanbaar en onvergeetlik voor te hou, te beskryf. Gelykenisse, stories en narratiewe stylelemente was in Ou Testamentiese tye, Nuwe Testamentiese tye, en in die Eerste-eeuse Christelike kerk goed bekend en graag gebruik as ‘n vorm van prediking. Dit was die beproefde vorm van onderrig van daardie tyd (Groenewald 1963: 11). Dit is dus veilig om te sê dat narratiewe kommunikasie reeds toe as retoriese strategie tydens prediking gebruik is.

Met die huwelik tussen kerk en staat in die vierde en vyfde eeue het daar ‘n verandering in prediking gekom (Hattingh 2004: 2). Die prediking vir die massas het aansluiting gevind by die Griekse denke met die klem op die argument en rede terwyl verhalende prediking as minderwaardig beskou is. Prediking is al meer geskoei op logiese redenasies en die verhaal het plek gemaak vir die argumentatiewe, die ordelike en die logiese. In dié proses is die gevoel, die ervaring, die gevoel van geborgenheid, soeke na die sin van die lewe, die dialogiese en die verhalende grootliks buite rekening gelaat (Hattingh 2004: 2).

Daar is egter vandag, in die een-en-twintigste eeu, ‘n oplewing in die gebruik van narratiewe tydens prediking. Janse van Rensburg (2003: 1) verduidelik dat dit vir baie predikante ‘n “nuwe” vorm van prediking is. Narratiewe prediking word steeds minder gebruik as baie

ander vorme van prediking en dit ontvang nou eers die aandag wat dit verdien binne die Suid-Afrikaanse konteks. Hoewel narratiewe prediking reeds vir ‘n wyle in akademiese kringe erken is, is daar nou eers predikante wat daarvan bewus word as ‘n praktiese vorm van prediking (Janse van Rensburg 2003: 1). Die gebruik van narratiewe in prediking skep ‘n wonderlike geleentheid om die evangelie op ‘n opwindende en onverwagse wyse oor te dra en kan die effektiwiteit van die retoriese kommunikasiehandeling verhoog (Janse van Rensburg 2003: 3). Die idee dat ons almal blote storievertellers en storie-ontvangers is, is baie aanloklik vir die mensdom (Prickett 2002: 4) en juis hieroor is die gebruik van narratiewe tydens die oordrag van belangrike sake en meester-narratiewe so aanloklik.

Die Christelike godsdiens was die eerste en oorspronklike meester-narratief (Prickett 2002: 128). Vir meer as ‘n duisend jaar was dit gesien as ‘n allesomvattende, finale en samehangende “teorie van alles”. Teologie, sterrekunde, plantkunde, dierkunde en die organisering van die menslike samelewing het alles ingeskakel by, en soms afgehang van, die Bybelse narratief (Prickett 2002: 128). Hoewel die idee van ‘n verenigde en verenigende meester-narratief in die post-moderne wêreld bevraagteken word (Prickett 2002: 131), behoort die oordrag van hierdie meester-narratief juis meer suksesvol te wees deur van narratiewe en narratiewe stylelemente gebruik te maak.

Die gebruik van narratiewe tydens prediking is vandag veral gewild onder jonger predikante (Janse van Rensburg 2003: 43). Lowry (in Janse van Rensburg 2003: 43) gaan sover om te impliseer dat alle preke narratief moet wees. Janse van Rensburg (2003: 43) voel egter dat die gebruik van totale narratiewe of vertellings slegs een van die genres is wat gebruik kan word om die evangelie te verkondig. Die afwisseling en kombinasie van narratiewe met ander style van prediking blyk om die sleutel te wees. Juis om hierdie rede kan die gebruik van narratiewe stylelemente tydens die gebruik van ‘n ander preekstyl aangemoedig word.

Soos met die gebruik van enige styl van prediking, is daar groot voordele, sowel as sommige slaggate, verbonde aan die gebruik van narratiewe kommunikasie.

## 3.10 VOORDELE VAN DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS PREDIKING

Volgens Hattingh (2004: 2 – 3) het die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking bepaalde uniekhede en voordele wat dit in die oordra van die evangelie besonders nuttig maak:

- Dit kommunikeer ‘n saak lewendig, duidelik en maklik onthoubaar.
- Dit besit ‘n dinamiese karakter wat voorsiening maak vir beweging, ontwikkeling, doel en ook veskuilde sake.
- Dit verkry en behou die aandag van die ontvanger maklik.
- Dit maak die ontvanger betrokke en neem hulle op reis saam met die oorreder.
- Dit verbind die oorreder en die ontvanger aan mekaar.
- Abstrakte waarhede word in die verhaal tot konkrete lewenswerklikhede gebring, omdat dit vol menslike gebeure en ervarings is.
- Die ontvanger word genooi om met karakters te identifiseer en dit lei tot selfontdekking.
- Daar is ruimte vir betrokkenheid, maar ook genoeg afstand om tot ‘n eie selfstandige besluit te kom.
- Geloof word makliker oorgedra deur vertelling as deur redenasie of deur argumente.
- Dit is ‘n uitstekende wyse vir die kommunikasie van sensitiewe materiaal en vir sake wat andersins moeilik tot woorde gebring word.
- Dit bied ‘n beter benadering vir ‘n vyandige gehoor.
- ‘n Goeie narratief is toeganklik vir alle mense: oud, jonk, intelligent of minder intelligent.
- ‘n Vertelling is dikwels meer interessant as ‘n redenasie.
- Die weerstand teen gesag en die anti-outoritêre gevoel wat nie absolute waarheid wil aanvaar nie, word beter deur die gebruik van narratiewe hanteer.
- Narratiewe kommunikasie stel nie summier direkte eise nie en moralisering, wat makliker weerstand veroorsaak, kom nie voor nie.

- Die affektiewe word aangespreek, eerder as net die kognitiewe, en daar is ruim geleentheid vir emosie en vir die verbeelding.

Janse van Rensburg (2003: 3 – 4) het die volgende voordele verbonde aan die gebruik van narratiewe en narratiewe stylelemente tydens prediking gevind:

- Mense van alle ouderdomme geniet vertellings en stories. Volgens Marquart begin die menslike oor outomaties luister wanneer ‘n storie vertel word. Die ontvanger sal spontaan vorentoe leun en by die intrige ingetrek word.
- Televisie-dramas, boeke, films en toneelstukke het die weg reeds voorberei vir die gebruik van narratiewe tydens prediking. Wanneer narratiewe tydens prediking gebruik word is dit dus nie ‘n vreemde ervaring vir die ontvanger nie, aangesien die mens se lewe reeds vol allerhande ander narratiewe is. Ben Simpson (2009: 3) verduidelik ook dat die tyd verby is dat predikante net die stories van die Bybel moet vertel tydens hul prediking.Volgens Simpson (2009: 3) moet predikante ook die stories van hul gemeentelede, stories van die universele Christelike kerk, stories van dié wat arm en onderdruk is en stories van Christene wat onderdrukkingsmagte oorkom en ontbloot het, vertel.Hierdie stories kan ook vertel word deur van video tegnologie en die internet gebruik te maak (Simpson 2009: 3).
- Die krag van storievertel sorg dat die gebruik van narratiewe tydens prediking ook kragtige gevolge kan hê.
- Die induktiewe aard van narratiewe prediking kan tot suksesvolle oorreding lei.
- Die tradisionele preekstyle is byna altyd linkerbrein-gestruktureerd terwyl baie mense regterbrein-geöriënteerd is. Die gebruik van narratiewe tydens prediking skep ‘n geleentheid om ook met die lede van die gemeente te kommunikeer wat nie logies-geöriënteerd is nie.

Venter (in Janse van Rensburg 2003: 44) stem saam dat die gebruik van narratiewe binne prediking ‘n wêreld vol van wonderlike en opwindende nuwe geleenthede laat oopgaan, maar hy beklemtoon dat dit slegs een van die moontlike benaderings tot prediking is. Die

oorgebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking kan nadelig wees en daar moet besef word dat nie alle skrifgedeeltes sal pas by prediking wat van Narratiewe kommunikasie as retoriese strategie gebruik maak nie (Janse van Rensburg 2003: 4). Daar is ook ‘n aantal ander gevare waarop gelet moet word wanneer die prediker van narratiewe kommunikasie gebruik wil maak.

## 3.11 PROBLEME EN GEVARE MET DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS PREDIKING

Kellerman (in Hattingh 2004: 9) lys ‘n aantal probleme en gevare waarop gelet moet word wanneer die prediker narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie tydens prediking wil gebruik:

- Verwringing van die mensbeeld in die goddelike openbaring kan maklik plaasvind.
- Konteksverskuiwing kan ‘n probleem wees en ‘n verhaal konteks wat vreemd is aan die gemeente moet vermy word.
- Moralisering is ‘n wesenlike gevaar.
- Allerlei innerlike belewenisse kan ingelees word en dan kan daar maklik van die Woord afgedwaal word.
- Pedagogisering moet nie te volledig wees nie. Alles moet nie verklaar word nie, aangesien daar iets aan die verbeelding van die hoorders oorgelaat moet word.
- Die prediker moet hom nie allerlei vryhede veroorloof en dan nie die vertelling van die oorspronklike verteller voortsit nie.
- Soms wil die hoorder hom nie laat inlei binne die grense van die Bybelvertelling nie en dit kan tot ‘n groot kommunikasiebreuk lei.

Narratiewe prediking is moeiliker as wat algemeen aanvaar word en daarom is dit belangrik dat die predikante wat hiervan gebruik wil maak, sal besef dat hulle die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking moet verstaan en dat hulle goed sal voorberei

wanneer hulle hiervan gebruik wil maak (Janse van Rensburg 2003: 4). Miller (in Janse van Rensburg 2003: 50) het ‘n lys opgestel van die gevare en probleme wat voorkom tydens die gebruik van narratiewe kommunikasie in prediking:

- Daar is geen waarborg dat die narratief die korrekte identifikasie van die ontvanger met die karakters en gebeure van die vertelling sal skep nie.
- Narratiewe prediking kan moontlik lei tot die verlies van suiwer lering binne die kerk.
- Narratiewe binne preke kan moontlik meer verstom, fasineer en vermaak as wat dit tot verandering in mense se lewens lei.
- Die effektiwiteit van narratiewe preke hang af van die kreatiewe vaardighede van die ontvanger van die spesifieke preek.
- Die effektiwiteit van narratiewe preke hang af van die kreatiewe vaardighede van die prediker.

Daar is twee reuse gevare betrokke by die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking, naamlik moralisering en literêre vryheid. Hierdie probleme kom ook die meeste voor en hou groot gevaar in vir die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking (Janse van Rensburg 2003: 50).

Moralisering kom voor wanneer die prediker die ontvangers laat met die gedagte dat tensy hulle sekere optredes implementeer, of sekere optredes afleer, hulle verlore sal gaan (Janse van Rensburg 2003: 51). Hier word die ontvangers met die Wet, en met die gevolglike etiese optrede gekonfronteer, maar nie met die Een wat die wette maak nie. Narratiewe kommunikasie tydens prediking moet dus nooit die gevoel skep dat selfregverdiging en redding deur middel van goeie dade die weg vorentoe is nie (Janse van Rensburg 2003: 51 – 52). Moralisering kom gewoonlik voor wanneer daar van ‘n vyandige kommunikasiestyl gebruik gemaak word (Janse van Rensburg 2003: 52). Hier sal ‘n predikant nie eenheid met en liefde vir sy gemeente uitstraal nie, maar eerder veroordeling (Janse van Rensburg 2003: 52). Hier word die belangrikheid van die rol wat ‘n oorreder se verhouding met die ontvangers van sy boodskap speel, beklemtoon (Janse van Rensburg 2003: 52). Dit is ook

moontlik dat die inhoud van die boodskap op liefde dui, maar die predikant se stemtoon, lyftaal en gesigsuitdrukkings projekteer ‘n boodskap van afstand en oordeel (Janse van Rensburg 2003: 52). Dus moet die oorreder aandag gee aan die nie-verbale boodskappe wat hy uitstuur wanneer hy narratiewe kommunikasie tydens prediking gebruik.

Daar is ook die gevaar dat die predikant sal toegee aan literêre vryheid om sodoende die vertelling meer interessant te maak (Janse van Rensburg 2003: 53). Literêre vryheid is toelaatbaar solank dit die ware bedoeling van die Skrif weergee en nie die historiese, tekskritiese en teologiese konteks kontrasteer nie (Janse van Rensburg 2003: 54). Binne die wêreld van narratiewe kommunikasie is daar ‘n onvermydelike element van beperkte literêre vryheid, maar die oorreder moet altyd bewus wees van die moontlike misbruik van literêre vryheid, wat noodlottige gevolge kan inhou (Janse van Rensburg 2003: 55).

Baie van die probleme en gevare van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking kan vermy word wanneer die predikant tyd daaraan bestee om die regte preekstyl, en die regte kombinasie van narratiewe stylelemente, te kies. Hier volg ‘n lys van sommige van die veranderlikes wat die predikant in ag moet neem wanneer hy kies om narratiewe kommunikasie tydens sy prediking te gebruik (Janse van Rensburg 2003: 44):

- Die aard van die skrifgedeelte wat hy wil gebruik, gesien deur die lens van die literêre genre van die teks binne die Bybels-wetenskaplike konteks, byvoorbeeld histories (*Rigters*), poëties (*Job*), profeties (*Jesaja*), apokalipties (*Daniël*), gelykenisse (die verhaal van die verlore seun in *Lukas*), wyshede (*Prediker*) of briewe (*Romeine*) van die Nuwe Testament (Hattingh s.a.: 4 – 5). Die gebruik van narratiewe kommunikasie pas beter by die historiese of poëtiese skrifgedeeltes as by die wysheid-skrifgedeeltes.
- Die aard van die predikant, hetsy linkerbrein-dominerend of regterbrein-dominerend. Predikante wat goeie verklarende preke lewer, moet eerder net narratiewe stylelemente gebruik en nie totale narratiewe preke lewe nie.

Predikante moet somtyds net hou by die preekstyl wat hom / haar die beste pas.

- Die kulturele konteks waarin die preek sal plaasvind. Binne die Afrika-konteks is stories en vertellings tweede natuur en sal die gebruik van narratiewe kommunikasie binne prediking baie effektief wees.
- Die demografiese samestelling van die gehoor sal ‘n groot rol speel. ‘n Gemeente vol ouer gemeentelede, wat gewoond is aan meer tradisionele prediking, mag dalk nie totaal en al ten vinde vir narratiewe kommunikasie tydens prediking wees nie, terwyl ‘n gehoor wat uit studente en tieners bestaan sal floreer op narratiewe kommunikasie tydens prediking.
- Persoonlike voorkeure van individue kan ook ‘n rol speel om te bepaal of narratiewe kommunikasie tydens prediking positief, of negatief, ontvang sal word. Wanneer ‘n predikant sy gemeente goed ken, kan hy bepaal of narratiewe kommunikasie tydens sy prediking gebruik moet word, al dan nie.

Die navorser het besluit om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van twee Bloemfonteinse gemeentes binne ‘n spesifieke denominasie te ondersoek. Voordat hierdie denominasie en gemeentes beskryf word, sal daar net ‘n kort opsomming van narratiewe kommunikasie tegnieke, vir die gebruik in prediking, gegee word.

## 3.12 TEGNIEKE EN RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE AS RETORIESE STRATEGIE TYDENS PREDIKING

Narratief, en die gebruik daarvan, kan dikwels as rigtingwyser dien in hierdie wêreld van onsekerheid (Roberts 2004: 131). Die mens konstrueer sy lewe met en deur verhale (Gerber 2005: 24). Deur verhale gee die mens vorm aan sy lewe en daarmee organiseer hy ook sy lewe (Gerber 2005: 24). Verhale in die mens se geheue, ongeag of dit oorvertel word of nie, help die mens om sin te maak uit die lewe (Gerber 2005: 24). In en deur verhale ontdek die mens sy identiteit, en bou die mens sy identiteit (Gerber 2005: 24). Nie net kan hierdie besef

individue beskerm teen liggelowigheid wanneer hulle aan voortdurend veranderende retoriek blootgestel word nie (Roberts 2004: 132), maar dit kan ook, wanneer sekere riglyne gevolg word, gebruik word om retoriese sukses binne prediking te behaal.

Lategan (1995: 78) bevestig die gedagte dat prediking kommunikasie is. Tydens die prediking kommunikeer die prediker die teks met die gemeente (Lategan 1995: 78). Na die prediking kommunikeer die gemeentelede ook met mekaar die preek en wanneer hierdie mense in hulle omgang met die konkrete werklikheid die imperatief van die preek uitleef, kan dit ook as ‘n kommunikasie-aksie gesien word (Lategan 1995: 78). Die opmerking kan dus gemaak word dat betekenisvolle prediking altyd van betekenisvolle kommunikasie afhang. Volgens Lategan (1995: 79 - 81) behoort die volgende riglyne in die prediking, en veral dan ook in prediking waar narratiewe kommunikasie gebruik word, oorweeg te word:

- Die preek moet by die kerkjaar pas (bv. Advent, Lyding of Pinkster).
- Die preekstyl moet afgewissel word.
- Die predikant moet die gedeelte preek wat hy / sy gelees het. Hier moet gewaak word teen gedagtes wat nie by die teks pas nie.
- ‘n Preek moet nie by die skepping begin en by die kruis eindig nie. Wanneer dit gedoen word, word die spesifieke teks nie in diepte verkondig nie.
- Die predikant moet waak daarteen dat preke nie clichés bevat nie, anders word die indruk geskep dat hy / sy net een preek het en dat elke Sondag net ‘n ander gedeelte gelees word.
- Preke kan by ‘n vorige preek aansluit, of kan ‘n afsonderlike geheel vorm. Dit is veral goed om Sondagaande van preekreekse gebruik te maak.
- Die predikant kan bykomstighede (*props*) in die preek gebruik, mits dit effektief is en relevant is vir die preek. Bykomstighede (*props*) moet nie groter onduidelikheid bring nie, moet stigtelik wees en moet nie die Woord oorskadu nie.
- Die predikant moet, wanneer dit nodig is, vir alle ouderdomsgroepe voorsiening maak in sy preek.

- Die verskillende genres van Bybeltekse moet verskillend benader word. So sal ‘n preek oor die Psalms, ‘n stuk poësie, nie dieselfde lyk as ‘n preek oor die geskiedenis en die aartsvaderverhale (Abraham, Isak en Jakob) nie.
- Die gemeente kan ingespan word om deel te neem aan die preek deur te getuig, die teksgedeelte te lees of selfs deel te word van ‘n bespreking.
- Daar moet ‘n duidelike antwoord op die vraag in die preek volg, anders is die bedoeling van die teks nie duidelik oorgebring nie.
- Daar moet ook ruimte gelaat word dat die ontvanger self verder met die preekinhoud kan gaan worstel, of dat die ontvanger self tot sekere antwoorde sal kom.
- Die preek moet die behoefte van die gemeente, sowel as die behoefte van die individuele ontvangers, aanspreek.
- Die preek moet aktueel wees.
- Die preek moet mense nie veroordeel nie, maar moet eerder hoop bring.
- Die predikant moet nooit mense van die kansel af probeer bykom nie.
- Die predikant moet nooit bloot sê wat hy dink mense wil hoor nie.

Vir die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking om geloofwaardig te wees, moet die persoon en aard van die predikant dit gestand doen (Lategan 1995: 81). Die predikant moet altyd goed voorberei en moet daarteen waak dat sy eie voorkeure en vooropgestelde idees die oorhand kry (Lategan 1995: 81). Verder moet ‘n preek aansluit by die eietydse leefwêreld van die mens om sodoende tot die mense te spreek (Lategan 1995: 81). Die predikant kan ook voorbeelde uit die alledaagse leefwêreld neem om die teksbetekenis te illustreer (Lategan 1995: 82).

Vos (in Hattingh 2004: 5) verduidelik dat elke vertelling ‘n bepaalde intensie het en dat daar met narratiewe prediking rekenskap gegee moet word van die intensies van elke vertelling. ‘n Verhaal moet onderhoudend van aard wees, so dit moet met ander woorde die ontvanger boei (Hattingh 2004: 5). Vos (in Hattingh 2004: 5 - 6) lys ook die volgende riglyne vir die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking, veral in die geval waar ‘n totale narratief gebruik word:

- Daar moet informasie oorgedra word.
- Daar moet ‘n bepaalde boodskap oorgedra word.
- Die inhoud moet gegrond wees in dit wat die Christendom glo.
- Die inhoud moet bewarend van Christelike waardes wees.
- In die narratief van ‘n Bybelse verhaal mag daar nie in die verlede vasgesteek word nie. Die verhaal moet eerder op ‘n relevante wyse by die ontvanger aansluit.
- Die begin, of inleiding, van die narratiewe preek moet ‘n bepaalde invalshoek hê om sodoende aandag te trek en die prediking in beweging te bring.
- Daar moet ‘n tema teenwoordig wees wat ‘n loergaatjie op die landskap van die preekteks bied en die rigting van die preek aandui.
- Daar moet doelgerigte aksie binne die vertelling wees en die aksie moet waarde besit. Die aksie binne die vertelling moet ook nie te vinnig of te stadig beweeg nie.
- Die oordra van tyd en ruimte moet gebruik word om ‘n alternatiewe wêreld te skep en om die ontvanger se verbeelding aan te gryp.
- Karakters moet geskep word deur wat gesê en gedoen word in die narratief. Die beskrywing van verhoudings, die voorkoms van konflik, sekere dade en dialoog kan alles lei tot die karakterisering van sekere karakters. Hierdie karakters moet eg wees binne die konteks van die vertelling en binne die ontvanger se sosiale konteks.
- Die handeling binne die verhaal moet na ‘n klimaks lei.
- Daar moet nie oortollige inligting verskaf word nie, aangesien dit te verhaal mag verduister.
- Die storieverteller of prediker moet die verhaal beheer.
- Die storieverteller moet baie klem lê op lewenservaringe, sodat die ontvanger kan assosieer met die storieverteller en met die vertelling. Hier kan verhoudings, konflik, spanning, drome, hoop, ironie, humor, warmte en menslike foute van die storieverteller ‘n belangrike rol speel.

Steven D. Mathewson (in Hattingh 2004: 8 - 9) lê klem op die volgende wenke en tegnieke om die kuns van storievertel te bemeester:

- Die primêre taktiek is om die storie goed oor te vertel.
- Daar moet ‘n balans tussen ekonomiese woordkeuse en die verskaffing van genoegsame besonderhede gehandhaaf word.
- Die storie moet “lewend gemaak” word deur sintuiglike waarnemings en sensoriese besonderhede op strategiese plekke te gebruik.
- Eenvoud bly die sleutel tot sukses – oortollige besonderhede moet vermy word.
- Die storieverteller moet genoegsame geskiedkundige en kulturele navorsing doen sodat hy met vrymoedigheid geskiedkundige feite, wat relevant is binne die bepaalde kulturele konteks, kan gebruik. Daar is gewoonlik ‘n hele aantal stories wat bepalend is binne die mens se huidige verhaal, byvoorbeeld verhale oor die verlede, verhale oor die hede, en verhale oor die toekoms (Gerber 2005: 25). Hierdie verhale kan die gevolg wees van individuele belewenisse, en / of dit kan die gevolg wees van die verhale van ‘n gemeenskap (Gerber 2005: 25). Daar is dus altyd ‘n konteks (kultuur, geskiedenis, ras en geslag) waarbinne stories vertel word, en hierdie konteks dra by tot die interpretasie en betekenis van hierdie vertellings (Gerber 2005: 26).
- Die storieverteller moet gebruik maak van verduidelikende beelde. Hier word ‘n toneel geskep waarin die ontvanger homself kan indink en moontlik in kan bevind.
- Die storieverteller moet toepassingsbeelde gebruik. Hier word ‘n prentjie geskets van hoe die betrokke waarheid, binne die konteks van die ontvanger se lewe, sal lyk.
- Die storiestruktuur moet ‘n blootlegging, ‘n krisis, ‘n resolusie en ‘n slot insluit (Hattingh s.a.: 12). Dit is die eenvoudigste storiestruktuur wat gebruik kan word.

Soos reeds genoem, word narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie in prediking as ‘n “nuwe” vorm van prediking beskou. Dus kan Van Rensburg en Zeeman (1999: 83 - 91) se “praktiese riglyne vir vernuwende prediking” ook as van toepassing op narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in prediking gesien word:

- Die predikant moet deeglik voorberei. Dit kan as absoluut noodsaaklik beskou word.

- Daar kan reekse oor bepaalse Skrifgedeeltes aangebied word.
- Die kerkjaar en bepaalde heilsfeite kan as temas vir preke, sowel as vir preekreekse, gebruik word.
- Al die Bybelwaarhede moet verkondig word.
- Die preke moet aktueel wees.
- Die preek moet die hoof en die hart aanspreek. Beide die emosies en die logiese denke van die ontvanger moet tydens die preke betrek word.
- Kultuur, en die invloed wat die media en kunste daarop het, moet altyd in ag geneem word.
- Die temas van aardse besit, reg en geregtigheid, die sosiale lewe, liefde en geloof moet aangespreek word.
- Die predikant moet die mense vir wie hulle preek en hulle praktiese lewensituasies en vrae goed ken.
- Wetenskaplike ondersoeke het getoon dat die gehoorspan van die gemiddelde luisteraar hoogstens 25 minute is. 'n Goeie preek hoef selde langer as dit te wees.
- Alhoewel die erediens 'n ernstige saak is, sluit dit nie uit dat daar van goeie humor gebruik gemaak kan en moet word nie. Dit moet egte humor wees sonder dat die predikant op kunsmatige wyse probeer om "snaaks" te wees.
- Die gebruik van goeie hulpmiddels tydens die preek is belangrik. Die gebruik van paslike beelde en voorbeelde, aanhalings uit bekende gedigte of prosa, die woorde van ander predikers en skrywers, die gebruik van oudiovisuele middels, die gebruik van simbole soos kerse, klere of versierings en die gebruik van sekere kleure is alles voorbeelde van goeie hulpmiddel-gebruik.
- Die gebruik van lyftaal en dramatiese voordrag kan in sekere situasies baie handig wees, maar die gebruik hiervan moet goed oorweeg word.
- Die predikant moet voortdurend strewe na eenvoud en verstaanbaarheid.

Dit is duidelik dat die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking kunstige vermoëns en 'n groot voorraad kommunikasievaardighede benodig (Janse van Rensburg 2003: 58). Wanneer daar nie kunstige organisering en vaardige voordrag binne 'n narratief

voorkom nie, word dit ‘n onaantreklike warboel van gebeure en kan dit nie meer as ‘n narratief beskou word nie (Janse van Rensburg 2003: 58).

Volgens Janse van Rensburg (2003: 48) kom narratiewe kommunikasie as deel van prediking nie noodwendig natuurlik vir die meeste predikers nie. Lowry (in Janse van Rensburg 2003: 48) voel egter dat alhoewel baie predikante twyfel oor hul narratiewe vaardighede, hulle verbaas sal wees oor hul eie narratiewe vermoëns. Die mens het immers ‘n natuurlike en onderliggende vermoë om in en deur narratiewe te kommunikeer (Janse van Rensburg 2003: 48). Juis hieroor is meer predikante in staat om van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in prediking gebruik te maak as wat hulle self dalk besef.

Om die uitdaging van die gebruik van narratiewe kommunikasie in prediking te ontmoet, moet daar wel ‘n mate van talent by die prediker wees, maar ‘n gewilligheid om hierdie vaardigheid te bekom deur studie en oefening kan ook tot ‘n groot mate bydra tot die suksesvolle gebruik hiervan (Janse van Rensburg 2003: 48). Wanneer ‘n prediker van die bogenoemde riglyne en tegnieke gebruik maak, behoort hy die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in prediking vinnig onder die knie te kry. Hy sal dan met groot sukses narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne sy prediking kan aanwend.

## 3.13 SAMEVATTING

In die afgelope kwarteeu het “narratiewe teologie”, of narratiewe kommunikasie wat gebruik word as retoriese strategie in prediking, weer na vore getree (Longenecker 2002: 133). Een van die grootste redes hiervoor is die gepastheid van narratiewe kommunikasie binne die Christelike diskoers, aangesien ‘n groot deel van die Christelike teologie op die gelykenis-gebruik, of storie-gebruik, van Jesus Christus gebou is.

In hierdie hoofstuk is “retoriek” en “retoriese strategie” gedefinieer. Die begrip “retoriek” kan gesien word as “die kunstige gebruik van spraak en skrif, met die doel om te oorreed en ‘n verandering in houding en optrede teweeg te bring.” Die begrip “Retoriese strategie” sal in hierdie verhandeling gesien word as “die plan wat aangewend word om die ontvanger van die kommunikasie te oorreed om te doen wat die stuurder van die kommunikasie begeer.”

Aristoteles (in Bailey 1965: 59) het vas geglo die belang van die oorredingskuns lê in die feit dat dit op alle areas en vlakke van die samelewing van toepassing is en gebruik kan word. In hierdie hoofstuk is daar veral gekyk na die toepassing daarvan binne religieuse kommunikasie, en dan veral ook binne die Christelike kerk.

Net soos retoriek, is die antieke kuns van narratief ‘n onlosmaaklike en uiters belangrike deel van ons moderne bestaan. Narratiewe kommunikasie kan ook as ‘n retoriese strategie gebruik word, veral in die veld van religieuse kommunikasie. Hierdie stelling is in diepe besonderheid ondersoek. Daar is eers gekyk na narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die algemeen, en toe na narratiewe kommunikasie as ‘n retoriese strategie in die prediking van die Christelike teologie. Verder is daar ook gekyk na die interpretasie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie.

Die terme “religieuse kommunikasie” en “prediking” is ook kortliks gedefinieer. Religieuse kommunikasie word gedefinieer as “‘n oorvleuelingsdissipline waarin *Godsdienskunde,* sowel as *Kommunikasiekunde* bestudeer word om sodoende ‘n beter begrip te vorm van die oordra van sekere geloofsisteme.” Prediking word beskou as **“**die oordra van religieuse diskoers binne die Christelike kerk, met die doel om die ontvanger te vermaan, te leer, aanbevelings te maak en te waarsku.”

Daar is vandag ‘n oplewing in die gebruik van narratiewe tydens prediking. Johan Janse van Rensburg (2003: 1) verduidelik dat dit vir baie predikante ‘n “nuwe” vorm van prediking is. Daar is vele voordele verbonde aan die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking, maar daar is ook sekere gevare waarop gelet moet word. Mits die predikant hierdie gevare in gedagte hou, en die tegnieke en riglyne wat daargestel is toepas, behoort hy met groot sukses van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne prediking gebruik te maak.

Konteks is baie belangrik wanneer narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne prediking toegepas word. Dus moes die navorser op ‘n spesifieke konteks vir haar studie besluit. Die navorser het besluit om in hierdie verhandeling te fokus op die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne die prediking van die tradisionele, Afrikaanssprekende Apostoliese Geloofsending-gemeentes in Bloemfontein.

# <u>HOOFSTUK VIER: DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA (AGS)</u>

## 4.1 INLEIDING

Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) is deel van die wêreldwye Pinkster-beweging wat sy oorsprong aan die begin van die twintigste eeu het. Die AGS is die oudste en grootste Pinkster-kerk in Suid-Afrika (Apostolic Faith Mission 2008c: 1).

Burger en Nel (2008a: 1) verduidelik dat die Pinkster-beweging glo dat die geestelike krag van die eerste-eeuse kerk die norm van die moderne Christen-kerk kan wees. Dit beteken dat die beginsels en gebruike wat deur eerste-eeuse Christene toegepas is, nagestreef word (Apostolic Faith Mission 2008c: 1).

## 4.2 NAAM VAN DIE KERK

Daar is verskeie teorieë oor die oorsprong van die naam van die kerk (Apostolic Faith Mission 2008c: 1). Dit is egter duidelik dat die naam nie in Suid-Afrika gebore is nie, maar wel saam met die Amerikaanse sendelinge na hierdie land gekom het (Apostolic Faith Mission 2008c: 1). Charles Parham, Pinkster-pionier van Kansas in Amerika, het eerste van hierdie term gebruik gemaak. Hy was seker dat hierdie beweging die terugkeer na die Apostoliese geloof aangedui het, aldus die term “Apostoliese Geloofsending”.

## 4.3 KORT GESKIEDENIS VAN DIE KERK

Dit was ’n lang pad wat die AGS die afgelope honderd jaar gekom het – van sekte tot hoofstroomkerk (Jackson 2008: 13).

Die AGS het op 25 Mei 1908 in Suid-Afrika tot stand gekom nadat die Amerikaanse sendeling John G. Lake in ’n veelrassige kerk in Doornfontein, Johannesburg, gepreek het (Jackson 2008: 13). By hierdie diens het ’n huishulp van ’n welgestelde gesin genesing van ’n opsigtelike siekte ontvang (Burger 1987: 167). Daar word vertel dat die werkgewer dit dadelik agtergekom het en die volgende aand ook in die kerkdiens was. Hier is sy ook van ’n siekte genees. Binne ’n week was die Doornfontein-kerkie tot oorlopens toe vol (Jackson 2008: 13). So het die Suid-Afrikaanse Pinkster-beweging vinnig veld gewen onder mense van alle rasse en alle klasse.

John G. Lake en Thomas Hezmalhalch was die grootste rolspelers in die vroeë jare van die AGS in Suid-Afrika. Hulle was saam hoofpastore by die AGS-moedergemeente in Breëstraat in Johannesburg (*AGS Siloam* 2008b: 3). Hierdie gemeente het bekend gestaan as die Sentrale Tabernakel.

Lake en Hezmalhalch was deel van ’n geselskap van 17 Amerikaners wat op ’n sendingtog na Suid-Afrika gekom het (Burton 1983: 32). Van hierdie 17 het slegs Lake en sy gesin, Hezmalhalch en sy vrou, Meneer Lehman en Mejuffrou Sackett in Johannesburg gearriveer. Lehman was die enigste een van die geselskap wat Afrika voorheen besoek het. Hy het reeds vyf jaar lank onder die Zoeloes bedien en was hulle taal magtig. Daar het hoegenaamd geen organisasie agter hierdie manne gestaan nie. ’n Vriend het op die laaste oomblik twee duisend dollar gegee, maar dit het slegs die reiskoste gedek (Burton 1983: 32 – 33).

Lake het Opsiener Bryant van die Zion Apostolic Church in South Africa geken, en hierdie ouderling het sy gemeente voorberei op die koms van die Lake-geselskap. Hy het in ’n mate ook die weg voorberei vir die opwekking wat gevolg het (Burton 1983: 32 – 33). Hierdie gemeente het hulle ruim gebou in Breëstraat tot diens beskikbaar gestel nadat die kerkie in Doornfontein te klein geword het (Nothnagel 1995: 8). Daar het aand na aand groot skares hier vergader en dit het die AGS se bekende Sentrale Tabernakel geword.

In die begin van 1909 het Lake vir Biskop Furge, die biskop van die Church of England for Africa, ontmoet (*Pinksterboodskapper* 1983: 32). Hy het ’n reeks dienste gereël vir hierdie Church of England-predikante sodat hulle van hom lering kon ontvang. Hierdie dienste het uitgeloop op ’n sending uit Engeland van ’n komitee, bestaande uit leraars van die Church of England, om Lake se werk te ondersoek en verslag daaroor te doen. Lake het ook hierdie groep aan die pinkster- en genesingsboodskap blootgestel (*Pinksterboodskapper* 1983: 32).

Die AGS het so gegroei dat gedeelde sentrale bestuur ’n behoefte geword het. Die uitvoerende raad van die AGS het vir die eerste keer op 27 Mei 1909 vergader (*AGS Siloam* 2008b: 3). Hier is Hezmalhalch as die eerste president van die AGS verkies. Hoewel die beweging uit Amerika gekom het, het dit spoedig onder Afrikaanssprekendes veld gewen. So word P.L. le Roux in 1913 die eerste Suid-Afrikaanse president van die AGS (Burger 1987: 190). Hy was tot in 1942 die leier van die kerk.

Die vroeë AGS-lidmate was oortuig dat hulle bestaansreg in Suid-Afrika direk gekoppel was aan hulle evangelisasie en veral sendingwerk (Burger 1988a: 3). P.L le Roux het byvoorbeeld by die jaarlikse konferensie van 1926 die volgende gesê (Burger 1988a: 3):

“Die president waarsku dat as die AGS nie wakker word ten opsigte van Missionale gebruike nie, die kerk as ’n sendingorganisasie sal uitsterf.”

P.L. le Roux was ’n boesemvriend, vertroueling en dissipel van dr. Andrew Murray (Jackson 2008: 13). Murray se leerstellings, saam met die Sioniste-beweging en die Anglo Boere-

oorlog, het alles bygedra om die weg te baan vir hierdie Pinkster-beweging in Suid-Afrika (Apostolic Faith Mission 2008b: 1).

Gedurende die eerste paar dekades van die AGS se bestaan het daar ’n sterk gevoel van “anti-kerk” geheers (Burger & Nel 2008b: 59). Hierdie gevoel was in reaksie op die historiese kerke se aandrag op vorm en formaliteit, sowel as die verwerping wat lidmate ervaar het wanneer hulle positiewe oortuigings oor die leringe van die AGS uitgespreek het (Burger & Nel 2008b: 59). Weens hierdie sterk gevoel was die AGS tot en met 1961 ook nie as ’n kerk geregistreer nie, maar wel as ’n onbeperkte maatskappy en ’n sendinggenootskap (Burger & Nel 2008b: 82).

In ’n onderhoud met dr. Isak Burger, huidige president van die AGS, skryf Jackson (2008: 13) dat daar dikwels teen die AGS gediskrimineer is. Daar sou byvoorbeeld geen grond in die hoofstraat van ’n dorp aan die AGS verkoop word nie. Burger sê as ’n mens vandag nog gaan kyk, sal daar op baie plattelandse dorpies gesien word dat die AGS se kerkgebou in die sogenaamde onderdorp staan (Jackson 2008: 13). Senator Gerrie Wessels het ’n groot rol gespeel om hierdie situasie te verander. Volgens Burger was hy een van die invloedrykste en mees charismatiese leiers wat die AGS nog opgelewer het, al was hy nooit president van die kerk nie (Jackson 2008: 13). Senator Wessels was ’n pastoor wat in die vroeë 1950’s groot skares mense met sy preke teen kommunisme gelok het. In ’n politieke skuif om stemme te wen, het die Nasionale Party Wessels ’n setel in die senaat aangebied. Die AGS het toe reeds ’n groot hoeveelheid van hul kiesers bedien. Senator Wessels se politieke loopbaan het hom invloed besorg wat hy ook ten bate van die kerk kon gebruik (Jackson 2008: 13). Hierdie pastoor en vise-president van die AGS het nie net die AGS se belange beskerm deur sy setel in die Senaat nie, hy het ook uitsaairegte en beter grondregte vir die AGS beding.

Dr. F.P. Moller het gedurende sy presidentstermyn (1967 – 1988) ’n groot bydrae gelewer tot die teologiese verantwoording van die AGS en die Pinksterbeweging (Jackson 2008: 13). Dit was onder sy leiding wat die Werkersraad van die AGS (die nasionale raad van voltydse en deeltydse werkers van die AGS) reeds in 1983 uitsprake gemaak het oor die eenheid van die

kerk ten opsigte van velkleur, ras, taal en kultuur (*Pinksterboodskapper* 1983: 14) en in 1986 die Apartheidsisteem verwerp het (Burger & Nel 2008b: 240). Hierdie amptelike verklarings was vrylik in die pers beskikbaar. Die verklaring uitgereik oor die eenheid van die kerk word so ingelei en afgesluit (*Pinksterboodskapper* 1983:14):

> Die Raad insake Leerstelling, Etiek en Liturgie van die AGS het bevind en gee uitspraak dat daar geen Bybelse gronde is om by wyse van kerklike verordening te bepaal dat mense van verskillende velkleur, ras, taal of kultuur in verskillende gemeentes moet aanbid nie. So ’n verordening is in stryd met die eenheid van die kerk… Hoe hierdie beginsels in praktiese gestaltes daar sal uitsien, sal eers duidelik wees wanneer die verandering aan kerkwette by die Werkersraad van 1984 ter sprake sal kom.

Die NG Kerk het sedert 1945 die AGS as ’n sekte beskou. Nadat die huidige president van die AGS, dr. Isak Burger, en prof. Johan Heyns, moderator van die NG Kerk, in die laat jare tagtig goeie vriende geword het (Jackson 2008: 13), is die AGS by die NG Kerk se algemene sinode van 1990 as Christelike Kerk erken. Burger is in April 1988 verkies tot die sewende president van die enkelafdeling van die AGS van Suid-Afrika (Hattingh 2008: 17). Burger is ook in April 1996 as president verkies van die verenigde, of saamgesmelte, AGS (Burger & Nel 2008a: 116). Hierdie verkiesing tydens die Eenheidskonferensie in Centurion, is een van die hoogtepunte van Burger se termyn as president van die AGS (Burger 2008: 2). Hy was een van die hoof-rolspelers tydens hierdie verenigingsproses van die AGS van Suid-Afrika en is tot op hede steeds president van die kerk (Apostolic Faith Mission 2008d: 1).

Daar is teen die einde van 2007 ’n opname gemaak van al die AGS-lidmate en –gemeentes. Daar was 1800 gemeentes en 1,2 miljoen lidmate van die AGS in Suid-Afrika (Burger & Nel 2008b: 448). Burger glo dat die AGS vandag sy plek volstaan in die behoudende evangeliese stroom in die land en dat dit een van die hoofstrome van die Christendom geword het (Jackson 2008: 13). “In Afrika is dit veral die Pinksterbeweging wat veld wen en kyk jy na

die kerklike toneel, kom talle van die leiers van die onafhanklike kerke oorspronklik uit die AGS," sê Burger (Jackson 2008: 13).

### 4.4 AGS VANDAG

Die AGS is tans meer as 'n honderd jaar oud (Burger & Nel 2008b: 472). Die AGS se leerstellinge het wortels wat vanaf die Nuwe Testamentiese tyd regdeur die kerkgeskiedenis loop (Möller 1989: 5). Dit onderskryf die belangrikste leerstellings van die sentrale en behoudende Christendom, soos geformuleer in die Apostoliese Geloofsbelydenis (Möller 1989: 5):

> Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde;
>
> En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
>
> Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
>
> Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en in die doderyk neergedaal het;
>
> Wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
>
> Opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.
>
> Ek glo in die Heilige Gees.
>
> Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges;
>
> Die vergewing van sondes;
>
> Die wederopstanding van die vlees;
>
> En 'n ewige lewe.

Volgens Möller (1989: 5) is daar egter drie belangrike verskilpunte tussen die AGS en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK), en die Gereformeerde Kerke (GK), die bekende susterskerke van Suid-Afrika (Köning 2010: 1):

- **Die Doping in die Heilige Gees en die Gawes van die Gees:** Die AGS, saam met talle ander Pinksterkerke reg deur die wêreld, verwerp die idee dat die Heilige Gees vandag anders werk as in die Nuwe Testamentiese tyd (Möller 1989: 5). Die beoefening van die "Gawes van die Gees" word vandag nog in die AGS toegelaat, en sluit 'n woord van wysheid, 'n woord van kennis, geloof, gesondmaking, wonderwerke, profesie, onderskeiding van geeste, talespraak en uitleg van tale in (Krüger 1985: 3). Die Heilige Gees word gesien as 'n helper in die uitlewing van mense se roepings en dienslewering in die kerk, sowel as in die res van die wêreld (Krüger *ibid.*). Daar word ook baie klem gelê op die "Vrug van die Gees", ook bekend as liefde, blymoedigheid, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Krüger *ibid.*).
- **Die sakrament van die doop:** Die AGS glo dat die sakrament van die doop slegs bedien kan word aan persone wat tot geloof en tot bekering gekom het, en dus nie aan suigelinge nie (Möller 1989: 5). Verder moet dit geskied by wyse van indompeling volgens die betekenis van die woord (Grieks: baptizo) en soos wat die doop ook in Bybelse tye bedien is (Möller *ibid.*). Die AGS wy wel kinders aan die Here toe, maar dit is nie 'n sakrament, soos die doop, nie (Möller *ibid.*).
- **Wyse van aanbidding:** Die AGS glo dat lidmate tydens die dienste 'n veel groter aandeel moet hê as om net kollektes te gee, te sing wat aangekondig word en te luister wat van die kansel af gesê word (Möller 1989: 5). Lidmate kan getuienisse lewer, openbarings uit die Bybel met ander deel, profeteer, spreek in tale en tale uitlê (Möller 1989: 6). Lidmate mag ook op sigbare en hoorbare wyse reageer op die prediking en die opsteek van hande, sowel as die klap van hande, is algemeen aanvaarbaar tydens die sing van prys- en aanbiddingsliedere. Die AGS se metode van aanbidding is dus gesamentlike, jubelende sang, begelei deur 'n verskeidenheid van musiekinstrumente (Theron 2009: 17 – 18). Gemeentelede mag ook soms neerbuig tydens die aanbiddingsbelewenis (Theron 2009: 18).

Hoewel die AGS ’n liturgiese patroon het, kan dit enige oomblik gewysig word indien die predikant en gemeentelede voel dat dit tot stigting van die gemeente sal wees, mits hierdie wysiging op ’n ordelike wyse geskied (Möller 1989: 6). Hierdie wysigings kan ook dikwels lei na ’n uitnodiging, waar persone wat gebed benodig na vore, of na die bidkamer, geroep word sodat hulle daar voorbidding kan ontvang. Die AGS verwerp egter alle vorms van fanatisme en geesdrywery, waar daar deur allerlei psigiese en fisieke tegnieke, sowel as onbeheersdheid in emosies en drange, allerlei individuele en groepseffekte geskep word (Möller 1989: 6). Die standaard liturgiese patroon van die AGS lyk egter soos volg (al sou die diens nie noodwendig in hierdie volgorde verloop nie, sal al die elemente in die diens teenwoordig wees):

- verwelkoming en openingsgebed,
- opneem van tiendes en offergawes,
- lof en aanbidding, begelei deur voorsangers en ’n orkes,
- prediking, en
- afsluiting met gebed en aankondigings.

Die doop van die gelowige is nie die enigste sakrament binne die AGS nie. Die ander sakrament binne die AGS is die gebruik van nagmaal. ‘n Sakrament is ’n fisieke handeling of gebeurtenis wat geestelike simboliek of betekenis bevat (Holloway 2010: 2). Die AGS gebruik nagmaal om die dood en die opstanding van Jesus te onthou en te vier (Holloway 2010: 2). Die simbole van die nagmaal is die tafel, wat die familietafel van die kerk simboliseer (Holloway 2010: 2), die wyn, wat Christus se bloed en die vergewing van sondes simboliseer (Holloway 2010: 3) en die brood, wat Christus se liggaam simboliseer wat aan die kruis gebreek is (Holloway 2010: 3). Die nagmaal word gewoonlik een maal per maand aan die hele gemeente bedien, maar mag ook tydens enige ander kerkgeleentheid, of selfs by gemeentelede se huise, bedien word (Holloway 2010: 3). Dit mag ook so dikwels as wat daar ’n behoefte daarna is, gebruik word. Ouderlinge, diakens en geestelike leiers mag nagmaal bedien en enige persoon met ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus mag nagmaal gebruik (Holloway 2010: 3).

Möller (1989: 6) sê dat die AGS vereis dat die predikante die suiwere Woord van God sal verkondig. Daar word baie klem gelê op bekering, bevryding van allerlei bindinge, genesing van siektes, bewuswording van sondes en belydenis daarvan, ’n diepere insig in die Bybel en die betekenis daarvan in die praktiese lewe, uitskakeling van onderlinge geskille, en bo alles ’n groter liefde vir God en die medemens (Möller 1989: 6).

Die amp van predikant en leraar in die AGS staan onder die benaming “pastoor” (Möller 1989: 6). Dit is na aanleiding van die Latynse woord vir “herder” en is ’n term wat algemeen in teologiese kringe gebruik word vir die voorganger van ’n gemeente. Pastore moet na matrikulasie ’n minimum van drie jaar teologiese opleiding ontvang en daarna ’n verdere jaar of meer praktiese skoling in ’n gemeente ondergaan, alvorens hulle georden mag word (Möller 1989: 6). Die ouderlinge en diakens vorm die gemeenteraad, of kerkraad, onder voorsitterskap van die pastoor. Daar word van alle gemeentelede verwag om ’n aktiewe deel te hê in evangelisasie, allerlei kerklike aktiwiteite en barmhartigheidswerk, en om in alle afdelings van die sosiale lewe ’n opbouende en opheffende bydrae te lewer.

Die moderne AGS maak ook gebruik van die selkerk-model. Hier word gemeentelede aangemoedig om deur die week in kleiner groepe van huis tot huis bymekaar te kom, net soos die Nuwe Testamentiese kerk gedoen het (Theron 2009: 19). Die twee pilare van selgroepe, ook bekend as omgeegroepe, is omgee en evangelisasie (Theron 2009: 19). Bestaande gemeentelede moet hier geestelik, emosioneel en liggaamlik versorg word, terwyl ongelowiges vir die kerk gewen moet word (Theron 2009:19). Binne die selgroeptyd sal die selgroeplede met mekaar kuier, die Here aanbid, Bybelstudie doen en soms ook vir mekaar bid (Theron 2009: 19).

Lidmate van die AGS word geleer om ’n tiende van hulle inkomste aan die werk van die Here in hulle eie gemeente te gee (Möller 1989: 7). Gemeentelede word aangemoedig om opsionele offerande te gee (Theron 2009: 9). Die gee van hierdie offerande geskied uit vrye keuse en word dikwels gebruik vir evangelisasie en vir die versorging van armes binne die spesifieke gemeente (Theron 2009: 9 – 10).

Pastore word hoofsaaklik opgelei by die AGS Teologiese Kollege te Auckland Park, Johannesburg, ook bekend as die Aucklandpark Teologiese Seminarium, terwyl ’n aantal ook aan teologiese fakulteite van universiteite, of by privaatkolleges, studeer. Die twee satellietkampusse van die Aucklandpark Teologiese Seminarium is in Umtata en Durban (*Auckland Park Theological Seminary* 2010: 1). Die Aucklandpark Teologiese Seminarium het in 1950 met die opleiding van pastore begin (Hattingh 2008: 18). Op 7 Junie 1993 het Aucklandpark Teologiese Seminarium ‘n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Johannesburg (toe nog die Randse Afrikaanse Universiteit) aangegaan om grade in Teologie aan te bied (Hattingh 2008: 18). Daar is ook ’n groot aantal jeugwerkers, kinderwerkers, sendelinge en hospitaalkapelane voltyds of deeltyds in diens van die AGS.

Die AGS het ’n lang pad die afgelope eeu gekom – van sekte tot hoofstroomkerk. Vandag is die AGS ’n gerespekteerde kerk wat op verskeie maniere sy plek – in sommige opsigte ’n toonaangewende plek – in die samelewing volstaan (Jackson 2008: 13).

**4.5 MISSIE VAN DIE AGS**

Die missie van die AGS, ook bekend as die Sending van die kerk, soos uiteengesit op hul amptelike webtuiste (Apostolic Faith Mission 2008e: 1), is:

- Om God te verheerlik;
- Om die Koninkryk van God te verkondig deur die prediking van die evangelie van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees;
- Om die behoeftes van die totale persoon te bedien;
- Om gelowiges in bedieninge vry te stel, te ontwikkel en toe te rus;
- Om die invloed van die kerk oor grense en oorsee te verbreed;
- Om die broederskap van gelowiges te bevorder en om bedieningsnetwerke te skep.

Volgens Burger is die doel van die AGS in Suid-Afrika nie maar net om die fort te hou en die mense gelukkig te hou nie (1988c: 2). Die AGS poog om ’n dinamiese en kragtige instrument

in God se hand te wees om sondaars uit alle rasse en sosiale agtergronde gewen te kry vir die koninkryk van God (Burger 1988c: 2). Om hierdie doel te bereik, maak die AGS ook staat op die aktiewe deelname van die lidmate van alle gemeentes. Die AGS is dan inderdaad, net soos die res van die Pinksterbeweging, 'n kerk vir die mense, deur die mense (*Religions of South Africa* 2010).

## 4.6 GRONDWET VAN DIE AGS

Die AGS is gebruik die term "kerkwet" in plaas van "kerkorde" (Burger & Nel 2008b; 191). Die kerkwet bestaan uit 'n grondwet, wat die beginsels van die kerkregering uiteensit, en regulasies, wat die grondwet verduidelik en definieer. Die doel van die grondwet is om die goeie orde in die kerk te handhaaf en te bevorder (Apostolic Faith Mission 2008a: 1) en elke lidmaat van die kerk is onderhewig aan hierdie grondwet.

## 4.7 AGS IN BLOEMFONTEIN

Daar is tans twee tradisionele Afrikaanse AGS-gemeentes in sentrale Bloemfontein. AGS Siloam, ook bekend as AGS Wes-Universitas, is geleë op die hoek van Blokstraat en Westphalstraat in Universitas (AGS Siloam 2008a: 4). AGS Jubilate, ook bekend as AGS Sentraal, is geleë op die hoek van Breëstraat en Levystraat in Hilton (South Africa Tourism 2010: 1). Hierdie twee Afrikaanssprekende AGS-gemeentes is deur die navorser besoek, en die twee presederende pastore (hoofpredikante) se prediking is ontleed om te bepaal of narratiewe kommunikasie-metodes wel in die praktyk in die prediking van AGS toegepas word.

### 4.7.1 AGS Siloam

Pastoor Theo Theron is tans die presederende (hoof) pastoor van AGS Siloam (AGS Siloam 2010: 4). Die gemeente het voorheem bekend gestaan as AGS Wes-gemeente, maar in 1999

is die naam verander na AGS Siloam (Theron 2008: 1). Hierdie naam dui die denominasie (AGS – Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika) en die visie van die gemeente aan. *Siloam* is afkomstig van die Griekse woord wat "gestuurdes" en "fontein" beteken. Hiermee word die begeerte van die gemeente uitgespreek dat lidmate aktiewe "ledemate" sal word wat as gestuurdes van Christus op elke gebied van die samelewing as vars en lewegewende "fonteine" sal funksioneer (Theron 2008: 1). Die amptelike visie van die gemeente lees dan as volg (*AGS Siloam* 2009: 3): "Ons wêreld is ons sendingveld."

Hierdie gemeente onderskryf, met enkele uitbreidings en omskrywings, die Geloofsbelydenis soos verklaar deur die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika ingevolge afdeling A.3, tot die grondwet van die kerk (*AGS Siloam* 2009: 1). Die strategiese fokus of missie van die gemeente is om geïnspireerde leierskap en bestuur te ontwikkel en te vestig binne 'n dinamiese struktuur en aksies om (*AGS Siloam* 2009: 3):

- 'n Christosentriese evangeliese karakter en rentmeesterskap in die gemeente te ontwikkel en te versterk;
- te sorg vir die geestelike en tydelike behoeftes van die lidmate van die gemeente, en;
- die lidmate onafhanklik en kollektief te bemagtig om hul talente en roeping in diens van die kerk van Jesus Christus en in die gemeenskap te gebruik, sodat mense hul aan Jesus Christus sal verbind en hulle volle lewenspotensiaal sal bereik.

Die gemeente streef die volgende kernwaardes en beginsels na (*AGS Siloam* 2009: 4):

- Liefde vir en toewyding aan God;
- Liefde vir God se Woord, en die gesonde prediking daarvan;
- Liefde en passie vir mense van alle ouderdomme, geslagte, volke en tale;
- Betrokkenheid by wêreldsending;
- Betrokkenheid by welsyn;
- Betrokkenheid by die gemeenskap van Bloemfontein;
- Die nastreef van 'n Bybelse karakter en integriteit ten opsigte van elke persoon;
- Die aanmoediging en ondersteuning van gesonde gesins- en familielewe, en;

- Dissipilering en toerusting van mense asook die ontwikkeling van hulle gawes en talente.

AGS Siloam wil dus hê dat hul gemeentelede die eredienste sal bywoon, betrokke sal wees by sekere bedieninge, dissipels van Christus in hul daaglikse lewenswandel sal wees, tiendes en offergawes sal bydra en ’n aktiewe gebedslewe sal onderhou (Theron 2008: 4 – 5). Daar is verskeie bedieninge waarby gemeentelede betrokke kan raak (Theron 2008: 2 – 3), naamlik die aanbiddingspan, altaarwerkers, ambassadeurs, begrafnistee-komitee, blommerangskikking, dansgroep, dissipelgroepe of selgroepe, dramagroep, Ehrlichpark-uitreiking, gebedspan, hospitaalbesoek, jeugbediening, kinderbediening, Koelteboom kreatiewe werkswinkels, klankbediening, mannebraai, multi-media, nagmaalbediening, seniorbediening en vroue-bediening. Volgens Maxie van der Westhuizen (telefoniese onderhoud, 21 Julie 2010), die sekretaresse van AGS Siloam, was daar ten tye van die studie van die gebruik van narratiewe kommunikasie as ’n retoriese strategie in die gemeente se prediking (Oktober 2008 – Januarie 2009) 610 ingeskrewe gemeentelede by AGS Siloam. Theron (persoonlike onderhoud, 11 Augustus 2010) sê dat hierdie gemeentelede oorwegend blank en Afrikaanssprekend is, hoewel daar ook lidmate van ander ras- en taalgroepe ingeskryf is. Hierdie gemeentelede is regoor Bloemfontein woonagtig, maar ‘n groot aantal van hulle is gekonsentreer in die Suidwestelike dele van die stad (Theron 2010). Die gemeente is verteenwoordigend van alle ouderdomme. Hoewel daar ’n sterk fokus op kinder- en bejaardebediening is, is die meerderheid gemeentelede werkende mense met gesinne. Hierdie mense is op pad na hul middeljare (Theron 2010).

Daar word twee dienste op ’n Sondag gehou. Die eerste diens vind om 9h30 plaas en kan as meer tradisioneel beskou word (Theron 2010). Dit kan nie as ’n “gesinsdiens” beskryf word nie, aangesien die kinderkerk, Impact Kidz, in daardie selfde tydsgleuf plaasvind. Tydens hierdie diens val die bedieningsklem dus op werkende volwassenes (30 jaar en ouer) en op bejaardes (Theron 2010). Die Sondagaanddienste vind om 18h00 plaas. Hier word gefokus op die jonger generasie en veral op studente en jong werkendes (Theron 2010).

Theron beskryf narratiewe prediking as die gebruik van stories tydens preke en bestempel dit as 'n besondere goeie stuk "gereedskap" om mense te bereik (Theron 2010). Hy wens dat hy self meer kreatief was om sodoende op 'n meer sinvolle wyse van narratiewe prediking gebruik te maak. Hy glo dit is 'n standaard wat deur Jesus Christus self daargestel is, aangesien Hy van gelykenisse en stories gebruik gemaak het om Sy boodskap te verkondig. Hy is egter glad nie bewus daarvan dat die gebruik van sekere narratiewe stylelemente, byvoorbeeld multi-media, metafore en verhale van persoonlike ervaring, ook beskou kan word as deel van narratiewe prediking nie.

Hierdie navorser is 'n lidmaat van die AGS Siloam-gemeente.

#### 4.7.2 AGS Jubilate

Pastoor Deon Bosch is tans die presederende (hoof) pastoor van AGS Jubilate (persoonlike onderhoud, 12 Augustus 2010). Die gemeente het voorheen bekend gestaan as AGS van S.A. Bloemfontein Sentraal-gemeente, maar die naam is verander na AGS van S.A. Bloemfontein Sentraal Jubilate Gemeente (AGS Jubilate 2008b: 1). Hierdie naam dui die denominasie (AGS – Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika) en die ligging van die gemeente aan. Die gemeente is nie in die Noordelike of Suidelike voorstede van die stad geleë nie, en word dus as "sentraal" beskou.

*Jubilate* is afkomstig van die Latynse woord wat "om fees te vier" of "vreugdeskreet" beteken (*Your Dictionary.com* 2010: 2). Dit verwys na Psalm 100 in die King James Bybel waarin daar 'n uitbarsting van vreugde en feesviering oor God voorkom (*Your Dictionary.com* 2010: 3) en kan dus dui op die spesifieke gemeente se begeerte om God vreugdevol te verheerlik. Die amptelike visie van die gemeente, ook bekend as die droom van die gemeente, lees as volg (AGS Jubilate 2010: 5). "Ons droom dat elke persoon 'n volgeling van Jesus sal wees, wat volgelinge van Jesus sal maak…"

Die missie van hierdie gemeente is (AGS Jubilate 2010: 5):

- Wees soos Jesus is,
- Doen wat Jesus sou doen, en
- Neem mense saam met jou op jou reis.

Die waardes of rigtingwysers van hierdie gemeente is (AGS Jubilate 2010: 5):

- Verhoudings,
- Diensbaarheid, en
- Gehoorsaamheid.

Die geestelike basis waarop hierdie gemeente gebou is, of die vertrekpunt van die gemeente, is skrifgetrouheid, geesvervuldheid en gebed (AGS Jubilate 2010: 5). Hierdie gemeente het ook ’n seniorburger-bediening, ’n kinderkerk-bediening en ’n jeugbediening (AGS Jubilate 2008a: 2 – 3). Verder is daar ’n bediening wat spesifiek fokus op werkende mense ouer as 30-jaar, naamlik die Plus Minus Klub (AGS Jubilate 2008a: 3). Volgens Bosch (persoonlike onderhoud, 12 Augustus 2010) is daar 650 ingeskrewe lidmate by die gemeente, maar ongelukkig word hierdie getalle nie in die bywoningsyfers gereflekteer nie. Hierdie gemeentelede is oorwegend blank en Afrikaanssprekend. 40 % van die gemeentelede is in die onmiddellike omgewing van die kerk woonagtig en 60 % van die gemeentelede se wonings is versprei deur die res van die stad (Bosch 2010).

Volgens Bosch is die verskynsel dat mense die gemeente besoek waar hulle tuis voel, al is hierdie gemeente nie in hulle onmiddellike omgewing geleë nie, reeds vir dekades lank ’n kenmerk van die AGS (Bosch 2010). Gemeentelede gee nie om as hulle groot afstande moet ry om by die gemeente uit te kom waar hulle graag wil aanbid nie. Die Jubilate-gemeente is verteenwoordigend van alle ouderdomme, maar die gemiddelde ouderdom van gemeentelede is tussen die ouderdomme van 35 jaar en 50 jaar, dus middeljarig (Bosch 2010). Daar is min jong volwassenes en tieners wat die dienste bywoon, aangesien die gemeente ’n meer tradisionele aanslag volg en dus meer ouer mense aantrek (Bosch 2010).

Daar word twee dienste op ’n Sondag gehou. Die eerste diens vind om 9h00 plaas en kan as tradisioneel beskou word (Bosch 2010). Dit is ’n “erediens” en somtyds sal dit ook ’n “kinderdiens” of ’n “jeugdiens” wees, maar die meeste van die tyd sal die kinderkerk op dieselfde tyd in ’n ander lokaal plaasvind (Bosch 2010). Die Sondagaanddienste vind om 18h00 plaas (AGS Jubilate 2010: 3). Hierdie dienste kan as “vryer” en “losser” beskryf word en daar sal soms kwartaaltema’s in hierdie dienste behandel word (Bosch 2010). Daar sal ook dikwels in die aanddienste ruimte gemaak word vir besoekende sangers of spesiale predikers (Bosch 2010).

Bosch (2010) sê dat sy kennis van narratiewe prediking wentel rondom dit wat hy by Professor Jan Hattingh, ’n kenner op daardie gebied en dosent by die Aucklandpark Teologiese Seminarium (*Pinksterboodskapper* 2002: 15), geleer het. Om narratief te preek, is om ’n Bybelse storie te neem en te moderniseer sodat dit relevant vir die moderne tyd sal wees (Bosch 2010). Dit is glad nie lering-gedrewe nie en die predikant sal byvoorbeeld nie Griekse woorde en moeilike terme gebruik nie. Pastoor Bosch verduidelik dat hy glad nie dink dat hy van suiwer storievertel gebruik maak nie, maar dat hy wel soms scenarios uit vandag se lewe gebruik en dit deel maak van sy prediking. Hy sê hy het nog nooit doelbewus ’n narratiewe preek voorberei nie, maar hy is ook nie bewus daarvan dat die gebruik van sekere narratiewe stylelemente, byvoorbeeld multi-media, metafore en verhale van persoonlike ervaring, ook beskou kan word as deel van narratiewe prediking nie.

## 4.8 SAMEVATTING

Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) is deel van die wêreldwye Pinkster-beweging wat aan die begin van die twintigste eeu sy verskyning in die kerkewêreld gemaak het. Die Pinksterbeweging het in Suid-Afrika, en wêreldwyd, ’n dinamiese faktor geword (Burger 1987: 11). Dit is die kerkbeweging wat die vinnigste groei terwyl die lidmaatskap in die meeste ander kerke afneem (Burger 1987: 14). Die AGS is tans meer as ’n honderd jaar oud en is gevestig as ’n gerespekteerde kerk in Suid-Afrika. Daar is teen die einde van 2007

’n opname gemaak van al die AGS-lidmate en -gemeentes. Daar was 1800 gemeentes en 1,2 miljoen lidmate van die AGS in Suid-Afrika.

Daar is tans twee tradisionele Afrikaanse AGS-gemeentes in sentrale Bloemfontein. AGS Siloam, ook bekend as AGS Wes-Universitas en AGS Jubilate, ook bekend as AGS Sentraal. Hierdie twee Afrikaanssprekende AGS-gemeentes is deur die navorser besoek, en die twee presederende pastore se prediking is ondersoek om te bepaal hoe narratiewe kommunikasie-metodes in die praktyk in die prediking van AGS toegepas word.

Beide Pastoor Theron en Pastoor Bosch is van mening dat narratiewe kommunikasie wel as retoriese strategie tydens prediking gebruik kan word. Hulle is onder die indruk dat narratiewe kommunikasie tydens prediking slegs die gebruik van Bybelse stories, en somtyds moderne stories, insluit. Hulle is egter beide onbewus van die gebruik van narratiewe stylelemente wat as retoriese strategie tydens prediking aangewend kan word.

Die navorser het drie oggenddiens-preke en drie aanddiens-preke van beide predikante waargeneem, opgeneem en geanaliseer om te bepaal watter narratiewe storie-elemente en watter narratiewe stylelemente hierdie predikante gebruik, hetsy bewustelik of onbewustelik. Die beskrywing van hierdie navorsing en navorsingresultate sal in die volgende hoofstukke volg.

# HOOFSTUK VYF: NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om te ondersoek hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende AGS-gemeentes in Bloemfontein manifesteer. Daar is ‘n loodstudie gedoen om te bepaal of narratiewe kommunikasie wel as retoriese strategie gebruik word en daarna is daar gekyk of narratiewe storie-elemente of narratiewe stylelemente of ’n kombinasie van storie-elemente en stylelemente hoofsaaklik gebruik word wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word.

Vervolgens gaan daar gekyk word na die inhoudsanalise en veld-waarneming wat gebruik word om die preke te ontleed, asook na die prosedures en die voor- en nadele van hierdie metodes. Hierna sal die navorsingsvraag geformuleer word en die primêre en sekondêre doelwitte gegee word. Laastens word die steekproef, die eenheid van analise en die kategorieë van analise, wat vir die inhoudsanalise gebruik word, ook bespreek.

## 5.2 INHOUDSANALISE

Die preke van pastoor Theo Theron, van AGS Siloam in Bloemfontein, en pastoor Deon Bosch, van AGS Jubilate in Bloemfontein, word aan die hand van ’n inhoudsanalise ondersoek om te bepaal of hulle van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens hul prediking gebruik maak. Daar is eers ‘n loodsstudie gedoen by AGS Siloam om te bepaal of daar wel narratiewe kommunikasie gebruik word, en daarna volg die gedetailleerde inhoudsanalise van die 12 onderskeie preke. Daar is ook video-opnames van al die preke gemaak sodat die navorser as ’n na-toets weer deur die preke kan gaan om die resultate te bevestig.

Walizer en Wiener (in Wimmer & Dominick 2006: 150) beskryf inhoudsanalise as enige sistematiese prosedure wat gebruik word om die inhoud van opgeneemde inligting te ondersoek. Kerlinger (in Wimmer & Dominick 2006: 150) definieer inhoudanalise as 'n metode om kommunikasie op 'n sistematiese, objektiewe en kwantitatiewe wyse te bestudeer en analiseer. Colorado State University (2010: 1) stel egter dat inhoudsanalise saam met kwantitatiewe navorsing en kwalitatiewe navorsing gebruik kan word. Inhoudsanalise is dus 'n metode om kommunikasie op 'n sistematiese, redelike objektiewe en kwantitatiewe of kwalitatiewe wyse te bestudeer en analiseer. Hierdie definisie bevat vier konsepte wat omskryf moet word, naamlik **sistematies, objektief, kwantitatief** en **kwalitatief.**

Inhoudsanalise is sistematies (Du Plooy 2006: 192), met ander woorde die inhoud wat geanaliseer word, word gekies deur eksplisiete en herhaaldelik toegepaste reëls (Wimmer & Dominick 2006: 151). Die seleksie van die steekproef moet voldoende prosedures volg en elke item moet 'n gelyke kans hê om in die analise ingesluit te word. Die evaluasieproses moet ook sistematies wees (Wimmer & Dominick 2006: 151). Alle inhoud wat geanaliseer word, moet op presies dieselfde wyse hanteer word. Die kodering en analise-prosedures moet eenvormig wees en die navorser moet dieselfde hoeveelheid tyd aan al die materiaal blootgestel word. Dus moet daar slegs een stel riglyne gebruik word vir die analise van die materiaal regdeur die studie (Wimmer & Dominick 2006: 151).

Inhoudsanalise is tot 'n mate objektief (Du Plooy 2006: 192). Dit beteken dat die navorser se persoonlike voorkeure en afkeure nie 'n invloed op die bevindinge van die studie behoort te hê nie (Wimmer & Dominick 2006: 151). Die studie moet dus dieselfde resultate oplewer wanneer 'n ander navorser die studie behartig (Wimmer & Dominick 2006: 151). Operasionele definisies en reëls vir die klassifikasie van veranderlikes moet so duidelik wees dat ander navorsers wat die proses herhaal tot dieselfde gevolgtrekking sal kom (Wimmer & Dominick 2006: 151).

Laastens kan inhoudsanalise kwantitatief van aard wees, maar dit kan ook kwalitatief van aard wees (*Colorado State University* 2010: 1). Die term "kwantitatiewe navorsing" word

gesien as navorsing wat te make het met getalle, statistieke en tabelle (Kruger, Rayner, Wall 2004: 353). Hierdie tipe navorsing poog om ’n sekere fenomeen te meet en in “harde data” te omskep. Hier het die navorser dus gewoonlik te doen met persentasiewaardes en numeriese waardes (Du Plooy 2006: 192). Die doel van inhoudsanalise is dikwels om ’n presiese voorstelling te gee van ’n groep boodskappe (Wimmer & Dominick 2006: 151), veral wanneer daar met ’n groot groep mense gewerk word (Kruger, Rayner, Wall 2004: 353). Hoeveelheidsbepaling, of die gebruik van kwantitatiewe data, is belangrik om daardie doelwit te bereik, aangesien dit navorsers help om noukeurig en presies te werk te gaan. Hoeveelheidsbepaling laat ook navorsers toe om die resultate op te som en effektief en in ’n meer eenvoudige vorm oor te dra (Wimmer & Dominick 2006: 151). Die gebruik van kwantitatiewe data en metodes voorsien dan ook die navorser van bykomende statistiese gereedskap wat kan help tydens die proses van interpretasie (Wimmer & Dominick 2006: 151).

“Kwalitatiewe navorsing” word omskryf as navorsing wat poog om ’n fenomeen te verduidelik, te omskryf of te verstaan (Kruger, Rayner, Wall 2004: 353). Baie besprekings en die analise van mense se houdings en gedrag kan hieruit vloei (Kruger, Rayner, Wall 2004: 353). Die inhoudsanalise wat in hierdie studie gebruik word, kan as beide kwantitatief en kwalitatief omskryf word. Dit is kwantitatief, aangesien daar wel aandag gegee word aan die frekwensie van narratiewe kommunikasie en spesifieke narratiewe kommunikasietegnieke wat in die onderskeie boodskappe gebruik word. Dit is egter ook kwalitatief aangesien sekere afleidings gemaak gaan word oor die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens die boodskappe. Tydens hierdie studie is die inhoudsanalise dus sistematies, en kwantitatief en kwalitatief van aard.

Inhoudsanalise word gebruik tydens verskeie soorte kommunikasienavorsing, soos die analise van massamedia-inhoud, die analise van afskrifte van groepsbesprekings, en ook in die analise van organisatoriese kommunikasie, soos gevind in e-posse, vergaderings en amptelike dokumente (Du Plooy 2006: 191). Skakelwese firmas gebruik inhoudsanalise om die beeld van hul kliënte te monitor (Wimmer & Dominick 2006: 151). Dit is moeilik om al die studievelde wat van inhoudsanalise gebruik maak te klassifiseer en kategoriseer, maar die

meeste van die studies wat inhoudsanalise gebruik, veral in die wêreld van die media, het een van hierdie vyf doelwitte (Wimmer & Dominick 2006: 152):

- Die beskrywing van die kommunikasie-inhoud.
- Die toets van hipoteses van boodskap-eienskappe.
- Die vergelyking van media inhoud met die “regte wêreld”.
- Die assessering van die beeld van spesifieke groepe in die samelewing.
- Die vestiging van ’n wegspringpunt vir die studie van media effekte.

’n Algemene gebruik van inhoudsanalise is om die hoeveelheid kere wat ’n sekere tema of simbool in ’n boodskap voorkom, te bepaal (Du Plooy 2006: 191). Navorsers wat van inhoudsanalise gebruik maak, gebruik graag die volgende eenhede van analise (Du Plooy 2006: 191):

- **Fisiese eenhede**, soos die aantal bladsye wat gebruik word, die ruimte opgeneem in gedrukte media, die tydsduur van ’n uitsending, oudio-visuele kodes in film en televisie en nie-verbale kodes in interpersoolike of groepskommunikasie.
- **Sintaktiese eenhede,** soos paragrawe, sinne, frases of woorde.
- **Tematiese eenhede,** wat verwys na die herhaling van idees wat verband hou met sekere kwessies, byvoorbeeld geweld, geslag, gelykheid, of stereotipes.
- **Proporsionele eenhede**, soos vrae, antwoorde, stellings en argumente.

Wimmer en Dominick (2006: 154) lys die volgende tien stappe wat gevolg moet word wanneer inhoudsanalise gebruik word:

1) Formuleer die navorsingsvraag of hipotese.
2) Definieer die populasie wat bestudeer sal word.
3) Kies ’n gepaste steekproef uit die populasie.
4) Kies en definieer die eenheid van analise.
5) Konstrueer die kategorieë van inhoud wat geanaliseer sal word.
6) Skep ’n kwantifiseringsisteem.
7) Lei kodeerders op en voer ’n toetsstudie uit.
8) Kodeer die inhoud volgens gevestigde definisies.

9) Analiseer die versamelde data.
10) Maak afleidings.

Hoewel die bogenoemde stappe in volgorde gelys word, hoef hierdie stappe nie noodwendig in daardie volgorde uitgevoer te word nie (Wimmer & Dominick 2006: 154). Inteendeel, die eerste fases van die analise word dikwels gekombineer.

**5.2.1 Voordele van die gebruik van inhoudsanalise**

Die gebruik van enige navorsingsmetode hou sekere voordele, sowel as sekere nadele in. Die navorser se toepassing van hierdie navorsingsmetode sal dikwels bepaal of dit tot voordeel of tot nadeel van die studie aangewend sal word.

Inhoudsanalise bied verskeie voordele vir die navorser wat besluit om hiervan gebruik te maak (*Colorado State University* 2010: 1):

- Inhoudsanalise kyk direk na kommunikasie deur die tekste of transkripte en bereik sodoende die sentrale aspek van sosiale interaksie.
- Dit kan saam met kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gebruik word.
- Dit kan gebruik word om tekste te interpreteer om sodoende deskundige sisteme te ontwikkel.
- Dit is ’n onopsigtelike manier waarop kommunikasie interaksies geanaliseer kan word.
- Dit werp die lig op komplekse modelle van menslike denke en taal.

Volgens Palmquist (2010: 4) bied inhoudsanalise die volgende twee voordele:

- Inhoudsanalise bied statistiese analise van die kodes binne die teks.
- Wanneer inhoudsanalise goed uitgevoer word, word dit beskou as ’n presiese vorm van navorsing, gebaseer op harde feite.

Benoy (2006: 3 - 5) lys ook ’n aantal positiewe gebruike van inhoudsanalise, veral binne die konteks van tradisionele navorsing en die wêreld van onderwys en opvoeding. Hierdie voordele kan ook op navorsing in die media en ander dissiplines van toepassing wees:

- Inhoudsanalise maak kwalitatiewe studies objektief.
- Dit kan gebruik word om die moeilikheidsgraad van die inhoud van ’n sekere teks te bepaal.
- Dit kan gebruik word om die kurrikulum vir verskeie vlakke van onderwys te ontwikkel en te hersien.
- Dit kan aangewend word om ’n teks te evalueer, veral binne die onderwyswêreld.
- Dit kan gebruik word om die begripsvlak van studente te meet.
- Dit kan gebruik word om vooroordeel en propaganda in tekste te identifiseer.
- Dit kan gebruik word om algemene praktyk en omstandighede te beskryf.
- Dit kan gebruik word om die relatiewe belangstelling in sekere onderwerpe te bepaal.
- Dit kan gebruik word om die gebruik van simbole wat mense, politieke sisteme en instellings of lande voorstel, te analiseer.
- Dit kan gebruik word om die literêre styl en ideologieë van ’n skrywer te identifiseer.

### 5.2.2 Nadele van die gebruik van inhoudsanalise

Volgens Palmquist (2009: 4) is daar ook ’n aantal moontlike nadele verbonde aan die gebruik van inhoudsanalise as ’n navorsingsmetode:

- Inhoudsanalise kan baie tydrowend wees.
- Foute kan maklik voorkom, veral wanneer relasionele analise gebruik word om ’n hoër vlak van interpretasie te bereik.
- Inhoudsanalise is dikwels verwyderd van die teoretiese basis, of poog soms om betekenisvolle aannames oor die verhoudings en resultate van die studie te maak waar daar geen aannames gemaak kan word nie.
- Inhoudsanalise is inherent reduksionisties, veral by komplekse tekste.
- Inhoudsanalise is somtyds te eenvoudig, veral wanneer daar net bloot getel word hoeveel keer ’n sekere woord gebruik word.

- Inhoudsanalise neem soms nie die konteks waarbinne die teks geskep is, sowel as die stand van sake nadat die teks geskep is, in ag nie.
- Inhoudsanalise kan moeilik wees om te rekenariseer of outomatiseer.

Wimmer en Dominick (2006: 153) stel dat inhoudsanalise nie as die grondslag kan dien vir stellings oor die effek en invloed van die inhoud op ’n spesifieke gehoor nie. Wanneer daar stellings oor die invloed op die gehoor gemaak wil word, moet die gehoor self ook ondersoek word (Wimmer & Dominick 2006: 154). Daar moet ook onthou word dat die bevindinge van ’n spesifieke inhoudsanalise beperk is tot die raamwerk van die kategorieë en definisies wat in daardie spesifieke studie gebruik is (Wimmer & Dominick 2006: 154).

Die navorser wat van inhoudsanalise gebruik maak, moet ook besef dat die boodskappe wat relevant is vir die spesifieke studie, dalk beperk mag wees (Wimmer & Dominick 2006: 154). So is dit byvoorbeeld baie moeilik om ’n studie te doen oor die voorkoms van Asiatiese hoofkarakters in Amerikaanse televisiereekse, aangesien hierdie karakters baie skaars is. Laastens moet die navorser besef dat inhoudsanalise ook baie duur kan wees, veral wanneer daar met video-opnames en die analise daarvan gewerk word (Wimmer & Dominick 2006: 154). Volgende gaan daar gekyk word na die gebruik van veldwaarneming as deel van hierdie navorsingsmetodologie.

## 5.3 VELDWAARNEMING

AGS Siloam en AGS Jubilate word tydens die preke van pastoor Theo Theron en pastoor Deon Bosch deur die navorser besoek sodat daar, in samewerking met die inhoudsanalise, waargeneem kan word hoe daar van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens hul prediking gebruik gemaak word. Hierdie proses vind plaas om te verseker dat daar ook op sekere nie-verbale elemente van narratiewe kommunikasie gefokus word, hoewel die studie

primêr op verbale elemente fokus. Hierdie nie-verbale elemente, wat die gebruik van prente, bykomstighede, multi-media en dramatiese monoloë insluit, kon moontlik tydens die video-opnames wat vir die inhoudsanalise-doeleindes gemaak word, verlore gaan. Daarom moet die navorser ook die dienste in persoon bywoon. Dus kan daar gesê word dat die preke van die betrokke pastore ook deur veldwaarneming ondersoek word.

**Veldwaarneming** kan gedefinieer word as die studie van ’n verskynsel in hierdie verskynsel se natuurlike ligging of omgewing (Wimmer & Dominick 2006: 446). Die pastore en die preke word in die onderskeie kerke waargeneem en bestudeer, wat dus as die natuurlike ligging van die pastore en die preke beskou kan word. Dit is belangrik om daarop te let dat die navorser nie die ligging en die mense wat waargeneem word tydens veldwaarneming sal beheer of beïnvloed nie (Du Plooy 2006: 186). Die gebruik van veld-waarneming is nuttig vir die insameling van data en vir die skep van hipoteses en teorieë (Wimmer & Dominick 2006: 120).

Aangesien toestemming vir die waarneming van die pastore tydens hul preke verkry moes word, kan daar gesê word dat die navorser van sigbare waarneming gebruik maak. **Sigbare waarneming** is wanneer die studie-onderwerp daarvan bewus is dat hy waargeneem word (Du Plooy 2006: 187). Die navorser word ook bekend gestel aan die begin van die studie, sodat almal wat betrokke is sal weet wie hy / sy is (Wimmer & Dominick 2006: 121).

Tydens die kerkdienste vervul die navorser die waarnemer-as-deelnemer rol. Wanneer die **waarnemer-as-deelnemer** rol vervul word, neem die waarnemer nie die rol van ’n groeplid aan nie, hoewel hy / sy met die groep in wisselwerking tree en kommunikeer (Du Plooy 2006: 187). Die navorser kom na die groep en die groepsligging as ’n navorser van buite en word beskou as iemand wat teenwoordig is om navorsing te doen. Die groep is bewus van die navorser se deelname en die feit dat hy waarnemings maak. Dit het tot gevolg dat die navorser ’n meer volledige beeld van die situasie kan kry (Du Plooy 2006: 187). Die

waarnemer-as-deelnemer rol kan egter ’n invloed op die navorser se oordeel hê, wat groter navorsersubjektiwiteit tot gevolg kan hê. Hierdie moontlike nadeel sal later bespreek word.

Daar is ten minste ses fases betrokke tydens ’n tipiese veldwaarnemingstudie (Wimmer & Dominick 2006: 123), naamlik die keuse van die navorsingsligging, die verkry van toegang tot die navorsingsligging, die steekproef, die insamel van data, die analisering van die data en die uittree uit die navorsingsligging.

Die gebruik van enige navorsingsmetode hou sekere voordele, sowel as sekere nadele in. Die voordele en nadele van die gebruik van veldwaarneming gaan nou kortliks bespreek word.

### 5.3.1 Voordele van die gebruik van veldwaarneming

Veldnavorsing, of veldwaarneming, is nie ’n gepaste navorsingsmetode vir alle navorsingsprobleme nie, maar daar is wel sekere voordele aan die gebruik hiervan verbonde (Wimmer & Dominick 2006: 122). Baie massamediaprobleme kan slegs doeltreffend bestudeer word deur die gebruik van veldwaarneming. Veldwaarneming help dan ook dikwels die navorser om die nodige inligting in te samel om ’n hipotese te formuleer (Wimmer & Dominick 2006: 122). Juis om hierdie rede kan veldwaarneming ook met groot sukses tydens toetsstudies en aanvanklike studies gebruik word. Dit was ook die geval tydens hierdie studie, aangesien die navorser van veldwaarneming en inhoudsanalise tydens die toetsstudie gebruik gemaak het.

Tydens veldwaarnmeing word die inligting eerstehands ingesamel en word daar dus nie staat gemaak op die voorwerp van die studie se vermoë om sy gedrag op te som en weer te gee nie (Wimmer & Dominick 2006: 122). Veldwaarneming is veral effektief wanneer groepe bestudeer moet word wat andersins moeilik sou wees om te bestudeer of wanneer dit moeilik sou wees om terugvoer vanaf ’n groep te kry (Wimmer & Dominick 2006: 122). Tydens

veldwaarneming kan uitstekende kontekstuele data oor die ligging, die interaksies en individue van die groep verkry word en ’n goeie begrip van die groep kan by die navorser gevestig word (*Research Connections* s.a.: 1 – 2). Verder is veldwaarneming gewoonlik redelik bekostigbaar (Wimmer & Dominick 2006: 122).

Die belangrikste voordeel verbonde aan die gebruik van veldwaarneming is dat die studie plaasvind binne die natuurlike ligging van die aktiwiteit of kommunikasie-aksie wat plaasvind en dus word baie veelsydige inligting waargeneem en opgeteken (Wimmer & Dominick 2006: 122).

### 5.3.2 Nadele van die gebruik van veldwaarneming

Du Plooy (2006: 189) verduidelik dat sekere meetfoute tydens veldwaarneming kan voorkom indien daar nie genoegsame betroubaarheids- en getrouheidstoetse voor die waarnemingsproses op die meetinstrumente uitgevoer is nie. Die volgende foute kan ook voorkom as gevolg van die reaksies van die waarnemers (Du Plooy 2006: 189):

- Die **halo-effek** kan voorkom wanneer een besondere aangename of besondere negatiewe feit of ervaring die waarnemer se algemene indruk te veel beïnvloed. Hierdie feit of ervaring “verkleur” dan die waarnemings en sodoende is die waarnemer nie so objektief soos wat hy moet wees nie.
- ’n **Toegeeflikheidsfout** kan voorkom wanneer die waarnemer altyd gunstig en positief optree en reageer teenoor dit wat hy waarneem.
- ’n **Sentrale geneigdheidsfout** kom voor wanneer die waarnemer uiterste posisies (baie positief of baie negatief) ignoreer en vermy.
- ’n **Strengheidsfout** kom voor wanneer die waarnemer altyd negatief en te streng optree en reageer teenoor dit wat hy waarneem.
- **Kontrasfoute** kom voor wanneer die waarnemer altyd ander as polêr teenoor hom beskou en dit sal dan sy waarnemings beïnvloed.
- Waarnemersfoute kan deur die opleiding van waarnemers, toetsstudies en die gebruik van meer as een waarnemer geminimaliseer word (Du Plooy 2006: 189 – 190). Die

voortdurende kontrole van die navorsingsproses, triangulering en respondent validasie kan ook toegepas word om die voorkoms van foute te verminder (Du Plooy 2006: 190).

Volgens Brown (s.a.: 3) kan die navorser die volgende probleme ondervind wanneer hy van veld-waarneming gebruik maak:

- Die navorser kan moontlik nie relevante data vir sy studie insamel nie. Sekere sake is baie moeilik om waar te neem en hierdie data sal dus nie deur waarneming ingesamel kan word nie.
- Die navorser kan net op een plek op ’n slag wees en kan net sy fokus op een saak op ’n slag plaas.
- Veldwaarneming kan baie tydrowend wees, aangesien gewoontes en sake herhaalde kere waargeneem moet word om die betroubaarheid van die data te verseker.

Alhoewel veld-navorsing redelik bekostigbaar kan wees (Wimmer & Dominick 2006: 122), kan dit ook ’n baie duur navorsingsmetode raak. Dit raak veral duur wanneer daar verskeie waarnemers is wat betaal moet word en navorsingsdata elektronies of per pos vanaf die navorsingsligging na ’n ander plek, waar die data verwerk word, gestuur moet word (123 HelpMe.com 2010: 3).

Die navorser het twee moontlike probleme met veldwaarneming tydens haar studie identifiseer. Eerstens het die predikante geweet dat hulle waargeneem sou word. Dit kon moontlik ‘n effek op hulle optrede gehad het. Die navorser het egter op so ‘n plek in die gehoor gesit dat dit nie ekstra aandag sou trek nie. Dit het die predikante gerus gestel en dus het hulle nie abnormaal opgetree nie. Tweedens is die navorser ‘n lidmaat van die AGS Siloam gemeente. Dit kon moontlik haar oordeel en objektiwiteit belemmer. Sy het egter opnames van die preke gemaak sodat resultate weer nagegaan en opgevolg kon word. Dit het die objektiwiteit van die studie verhoog.

## 5.4 FORMULERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

Die formulering van ’n navorsingsvraag, of die ontwikkeling van ’n probleemstelling, is noodsaaklik tydens enige navorsingsproses. Hierdie probleemstelling gaan die rigting en beplanning van die studie bepaal. In die geval van hierdie studie handel die probleemstelling oor narratiewe kommunikasie wat as ’n retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende AGS-gemeentes in Bloemfontein gebruik word. Die volgende doelwitte is geïdentifiseer:

### 5.4.1 Primêre doelwit

Die primêre doelwit van die studie is om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes te ontleed. Die navorsingsvraag is hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie manifesteer in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes.

### 5.4.2 Sekondêre doelwitte

Uit die primêre doelwit vloei daar verskeie sekondêre doelwitte, naamlik:

- Om die begrip “narratiewe kommunikasie” as proses van kommunikasie te omskryf;
- Om die toepassing van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie te omskryf;
- Om narratiewe kommunikasie in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te kontekstualiseer;
- Om die frekwensie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te meet;
- Om te bepaal watter narratiewe storie-elemente en stylelemente gebruik word;
- Om te bepaal of daar ’n verskil in die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is;

## 5.5 STEEKPROEF EN LOODSONDERSOEK

Die preke van pastoor Theo Theron, van AGS Siloam in Universitas, en pastoor Deon Bosch, van AGS Jubilate in Hilton, is deur sigbare waarneming en inhoudsanalise geanaliseer. Daar is na drie oggenddiens-preke en drie aanddiens-preke van elke pastoor gekyk.

Die loodsondersoek, om te bepaal of narratiewe kommunikasie wel in die prediking van die Bloemfonteinse AGS-gemeentes voorkom, is op 12 Oktober 2008 by AGS Siloam gedoen. Die navorser het die inhoudsanalise vorm wat sy voorberei het saamgeneem en dit gebruik tydens ‘n preek van pastoor Theron. Daar is gevind dat die inhoudsanalise vorm baie effektief werk, en dat pastoor Theron wel van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens sy preek gebruikmaak. Slegs inhoudsanalise en veldwaarneming is tydens die loodsondersoek gebruik, aangesien dit die hoof fokus van die studie is. Daar is besluit om met die studie voort te gaan. Die formele studie het dan op 19 Oktober 2008 begin.

Pastoor Theron se preke van die oggenddienste van 19 Oktober 2008, 26 Oktober 2008 en 9 November 2008, en die aanddienste van 19 Oktober 2008, 2 November 2008 en 11 Januarie 2009, is geanaliseer. Pastoor Bosch se preke van die oggenddienste van 23 November 2008, 4 Januarie 2009 en 11 Januarie 2009, en die aanddienste van 9 November 2008, 4 Januarie 2009 en 25 Januarie 2009, is geanaliseer. Hierdie preke kan as normale preke, wat gewoonlik in hierdie gemeentes sou voorkom, beskou word aangesien hierdie preke nie tydens spesiale datums op die kerkkalender plaasvind nie.

Die eenheid van analise vir die inhoudsanalise sal vervolgens aandag geniet.

## 5.6 EENHEID VAN ANALISE TYDENS DIE INHOUDSANALISE

Die eenheid van analise is die kleinste element wat tydens ’n inhoudsanalise gebruik word (Wimmer & Dominick 2006: 452). Dit is daardie element wat getel word wanneer dit voorkom. Die eenheid van analise word aan die hand van verskillende kategorieë geanaliseer en kan ’n enkele woord, ’n frase, ’n tema, ’n karakter of self ’n volledige teks wees (Du Preez 2010: 73). Soos reeds genoem, is die eenheid van analise vir hierdie studie die narratiewe storie-elemente en stylelemente wat voorkom in die ses preke van pastoor Theron en die ses preke van pastoor Bosch. ’n Volledige voorbeeld van die tabel wat vir hierdie inhoudsanalise gebruik word, kan in **Aanhangsel A** gevind word. Vervolgens word die kategorieë vir analise bespreek. Daar is twee hoofgroepe kategorieë, naamlik **narratiewe storie-elemente** en **stylelemente.** Vir die doel van hierdie studie kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in ‘n preek aangewend word wanneer daar 50 % van die narratiewe storie-elemente of 50 % van die narratiewe stylelemente binne daardie preek gebruik word.

### 5.6.1 Narratiewe storie-elemente

Daar is verskeie elemente om ’n teks as “narratief” te kwalifiseer en te identifiseer. Hierdie elemente word “storie-elemente” genoem, aangesien hulle hoofsaaklik voorkom as deel van ’n verhaal of vertelling. In **afdeling 2.9 en 2.10** is hierdie elemente breedvoerig beskryf. Nou sal die navorser hierdie elemente wat in die inhoudsanalise ingesluit is noem en kortliks beskryf of definieer.

#### *5.6.1.1 Storielyn*

Die storielyn staan ook bekend as die “golden thread” van die verhaal of vertelling. Volgens Matthewson (in Hattingh s.a.: 7) is die storielyn hoofsaaklik ’n beraming (in Engels bekend as “*plot*”) wat uit vier hoofelemente bestaan, naamlik **blootlegging** (inleiding), **krisis** (katalisator, spanning en klimaks), **resolusie** (ontknoping van konflik) en **slot.** Die verteller moet hierdie elemente kan identifiseer en oordra aan sy gehoor.

#### *5.6.1.2 Inleiding*

Hier moet die verteller die agtergrond vir die verhaal skep deur net die nodigste inligting te gee (Hattingh 2004: 3). Die inleiding moet die aandag van die gehoor trek, hul guns wen en belangstelling in die verhaal skep (McCollum s.a., DVD 3).

#### *5.6.1.3 Katalisator*

Narratiewe moet met ’n toestand van ewewig of vrede, waarin daar ’n duidelike sin van sosiale orde is, begin (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Daarna sal ’n mag van onewewig of verwoesting die verhaal binnekom met die doel om die staat van ewewig te vernietig (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Hierdie mag kan fisiek, psigologies, sosiaal of bonatuurlik wees (Longenecker 2002: 23). Dit staan dan bekend as die katalisator, wat dan die krisis veroorsaak.

#### *5.6.1.4 Spanning en klimaks*

Soos wat die verhaal ontwikkel, sal die spanning groei en bykomende komplikasies kan ingewerk word (Hattingh 2004: 4). Daar mag ook rusposes voorkom om die spanning te breek en weer op te bou (Hattingh 2004: 4). Spanning loop natuurlik dan uit op die klimaks van die verhaal.

Die klimaks van die verhaal moet presies uitgewerk en duidelik wees, sodat die tema en die boodskap hierdeur oorgedra kan word (Hattingh 2004: 4).

#### *5.6.1.5 Ontknoping van die konflik*

Wanneer narratiewe kommunikasie as deel van prediking gebruik word, moet die ontknoping die storie die kans bied om God se antwoord op ’n saak op ’n unieke wyse deur te gee (Hattingh 2004: 4). Hier word die bose mag wat die onewewig veroorsaak het, oorwin en orde en harmonie, of ’n nuwe ewewig, word gevestig (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44).

#### *5.6.1.6 Onverwagse wending van gebeure*

Somtyds kan daar ’n onverwagse wending van gebeure in verhale voorkom om ’n meer dramatiese effek te skep (McCollum s.a., DVD 3). Dit kan ook gebruik word om te verseker dat die gehoor se aandag regdeur die vertelling gehou word. Die onverwagse wending van gebeure kan ook bekend staan as “verrassings” in die storielyn.

#### *5.6.1.7 Gevolglike verbindings*

Coleridge (in Bailey 1965: 145) verduidelik dat die ontvanger van narratiewe kommunikasie die verbindings tussen die gebeure moet verstaan en insien om sodoende die narratief te verstaan. Daar moet dus genoeg besonderhede gegee word sodat die ontvanger hierdie verbindings kan vorm en verwerk. Hierdie besonderhede staan bekend as gevolglike verbindings.

Die voorkoms van gevolglike verbindings is noodsaaklik binne narratiewe (Longenecker 2002: 20). Sonder hierdie verbindings kan ’n kommunikasie-aksie nie as “narratief” bestempel word nie.

#### *5.6.1.8 Karakterisering*

Die teenwoordigheid van karakters is ’n fundamentele vereiste vir die klassifisering van narratiewe (Longenecker 2002: 21). Karakters het sekere rolle en funksies, sowel as sekere eienskappe (Longenecker 2002: 22). Hierdie eienskappe word deur die proses van karakterisering oorgedra, hetsy deur die eksplisiete proses van evaluerende kommentaar deur die verteller of ander karakters, of deur die optrede van die karakter self, wat as implisiet beskou kan word. Die naam van die karakter kan ook as ’n karakteriseringsbron gebruik word (Hattingh s.a.: 8), terwyl die dialoog van die karakter ook betekenis kan aandui en die outeur se doel met die karakter kan onderstreep (Hattingh 2004: 8).

#### *5.6.1.9 Skep identifisering met karakters*

Die ontvangers van narratiewe verlang dat die gebeure in ’n narratief ervaar sal word deur karakters met wie daar geïdentifiseer kan word (Longenecker 2002: 21). Die ontvanger moet die vertelling beleef as die “reisgenoot van die protagonis” en die protagonis moet gesien word as iemand wat ’n lewenservaring beleef om die ontvangers sodoende te help om hulleself beter te leer ken (Hattingh 2004: 7).

Volgens Francois Human (2010: 1) is daar sekere riglyne en tegnieke wat gevolg moet word sodat die ontvanger van die narratiewe kommunikasie met die protagonis of held van die vertelling kan identifiseer. Hierdie riglyne en tegnieke is breedweg in ses kategorieë ingedeel, naamlik (Human 2010: 1): identifisering met die karakter se behoeftes, identifisering met die karakter se motiverings en doelwitte; identifisering met die karakter se persoonlikheidseienskappe; identifisering met die karakter se fisiese eienskappe; identifisering met die karakter se omstandighede; en identifisering met die karakter se handeling.

#### *5.6.1.10 Plat karakters*

Carol Hurst (s.a.: 1) definieer plat karakters, ook bekend as **vlak** karakters, as dié karakters wat slegs enkele kwaliteite vertoon, voorspelbaar is en nie eintlik ontwikkel nie. Plat karakters is ook dikwels newe karakters (Hurst s.a.: 1). Dit beteken dat hierdie karakters nie een van die sentrale karakters, of hoofkarakters, is nie.

#### *5.6.1.11 Ronde karakters*

Ronde karakters, of **vol** karakters, is oortuigend terwyl ontwikkeling, groei en verandering plaasvind, en hulle is meer-dimensioneel (Hurst s.a.: 1). Hierdie karakters is ook dikwels hoofkarakters of sentrale karakters.

##### *5.6.1.12 Antagonis*

Die antagonis probeer verhinder dat die protagonis sy doel kan bereik (Hurst s.a.: 1). Die antagonis kan as die hoof-teenstander van die hoofkarakter gesien word (Hattingh 2004: 7).

##### *5.6.1.13 Protagonis*

Die protagonis is die hoofkarakter van die verhaal (Hattingh 2004: 7). Hierdie karakter streef na ’n sekere doel (Hurst s.a.: 1) en neem die ontvanger van die narratiewe kommunikasie saam op sy reis om sy doelwit te bereik.

##### *5.6.1.14 Derdepersoonsverteller*

’n Derdepersoonsverteller het dikwels ’n alomteenwoordige, alwetende perspektief op die verhaal (Van Aarde 2006: 7). Hierdie verteller beskryf die handelings en houdings van die karakters, sowel as die gebeure, vrylik en sonder dat hy of enige ander karakters teenwoordig was. Daar kan ook van ’n derdepersoonsverteller met ’n beperkte perspektief gebruik gemaak word (Van Aarde 2006: 7). Hierdie verteller beskryf slegs die handeling van ’n sekere karakter, of ’n klein groepie karakters, en kan nie ’n beskrywing van ’n situasie lewer as daardie spesifieke karakter of karakters nie teenwoordig was nie.

##### *5.6.1.15 Eerstepersoonsverteller*

Die eerstepersoonsverteller vertel die verhaal uit die perspektief van die “ek”, soos gevind in die boek *Moby Dick* (Felluga 2003: 1). Hierdie verteller kan aktief in die storie wat vertel word betrokke wees, of hy kan ’n blote waarnemer wees. Die verhaal word hier dus dikwels uit die perspektief van ’n sekere karakter vertel en daarom kan daar vrae gevra word oor die verteller se motiewe (Felluga 2003: 1).

### *5.6.1.16 Narratiewe ligging*

Die verteller moet die historiese, kulturele en geografiese ligging waarin die vertelling afspeel aan die gehoor oordra (Hattingh 2004: 8). Die ontvangers van narratiewe kommunikasie begeer om te weet waar en wanneer die gebeure binne ’n narratief plaasgevind het (Longenecker 2002: 22). Hierdie inligting kan bloot as agtergrondinligting dien, maar dit kan somtyds ook ’n aktiewe rol speel in die oordra van die tema en die boodskap van die vertelling.

### *5.6.1.17 Terugflitse*

Terugflitse kan ’n belangrike organiseringsfunksie binne ’n narratief vervul (Kruger, Rayner & Wall 2004: 46). Wanneer daar van terugflitse gebruik gemaak word, sal die verhaal nie chronologies oorgedra word nie, maar daar sal gereeld verwys word na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Elke keer wat daar na die verlede verwys word, sal daar nuwe, dikwels belangrike, inligting aan die gehoor oorgedra word.

### *5.6.1.18 Ingeboude narratief*

’n Ingeboude narratief kom voor wanneer daar ’n “storie binne-in die storie” voorkom en maak staat op die res van die narratief om die konteks vir die verhaal te skep.

### *5.6.1.19 Ervaringsnarratief*

Die mens is nuuskierig oor ander mense en daarom kan die gebruik van ervaringsnarratiewe, uit die perspektief van die predikant self, baie effektief wees as dit gebruik word as retoriese strategie tydens prediking (McCollum s.a.: DVD 3). Die predikant kan verhale vertel van moeilike tye wat hy beleef het, of hy kan getuig van goeie dinge wat met hom gebeur het (McCollum s.a.: DVD 3). Hierdie kommunikasie-aksie moet egter in die vorm van ’n vertelling of ’n verhaal geskied, anders kan dit nie as suiwer narratiewe prediking beskou word nie.

### 5.6.2 Narratiewe stylelemente

Janse van Rensburg (2003: 72 – 73) stel dat indien die kommunikator die verbeelding van die gehoor wil aangryp en hulle emosioneel by die boodskap wil betrek, daar veral aandag aan die styl van die kommunikasie-aksie of vertelling gegee moet word. Selfs al is daar nie ’n volledige vertelling teenwoordig nie, maar van hierdie stylelemente word gebruik, kan die kommunikasie-aksie as narratief beskou word. Hierdie narratiewe stylelemente sluit ook sekere taalelemente en nie-verbale elemente in.

Die gebruik van direkte aanhalings, metafore, gelykenisse, spreekwoorde, vergelykings, illustrasies en geselstrant, die aanspreek van basiese menslike behoeftes, die gebruik van gedeelde ervarings, die toepassing van die vertelling op realiteit, die vertelling wat afstuur op ’n keuse, waarde-gelaaide boodskappe, die self-openbaring van die verteller, die voorkoms van tema’s en motiewe, anti-outoritêre styl, en die gebruik van kleurvolle detail, humor, sintuiglike waarnemings, stereotipes, mites, legendes, fabels en geskiedenis is narratiewe stylelemente. Die gebruik van poëtiese taal, kort sinne, eenvoudige woorde, direkte rede, uitroepe, alliterasie, assonansie en temporale oorgangswoorde kan as narratiewe taalelemente gesien word. Die spreker se stem en liggaam wat die storie versterk en die gebruik van prente en foto’s, musiek en digitale media kan as nie-verbale narratiewe elemente gesien word. Die navorser sal vervolgens hierdie elemente wat in die inhoudsanalise ingesluit is kortliks beskryf of definieer.

#### *5.6.2.1 Direkte aanhalings*

Volgens Hattingh (2004: 4) word die gebruik van dialoog en direkte aanhalings beskou as ’n narratiewe stylelement. ’n Direkte aanhaling is die herhaling van die presiese woorde wat iemand anders tydens diskoers gebruik het (Princeton University 2010: 1).

#### *5.6.2.2 Metafore*

Snyman (2007: 35) verduidelik dat Jesus metafore as deel van sy stories, of gelykenisse, gebruik het. Metafore is een van slegs vier kenmerkende eienskappe van Jesus se retoriese

vertellings. Jesus het soms ook metafore, beeldspraak en vergelykings gebruik sonder dat dit deel van ’n gelykenis gevorm het (Groenewald 1963: 10).

Aristoteles (in Perelman 1982: 120) definieer “metafoor” as die proses waar ’n voorwerp ’n naam gegee word wat eintlik aan iets anders behoort. Metafoor is dus ’n gekondenseerde vorm van analogie. Metafore word veral gebruik om sekere sake te beklemtoon of weg te steek (Western Washington University s.a.: 1). Dit werk goed wanneer ’n vergelyking getref word tussen die situasie wat ’n karakter beleef, en ’n situasie wat die ontvanger beleef, of wanneer ’n vergelyking getref word tussen die ontvanger en ’n sekere situasie wat die oorreder beskryf (Western Washington University s.a.: 1).

#### *5.6.2.3 Gelykenisse*

Gelykenisse het ’n groot gedeelte van die prediking van Jesus Christus gevorm (Groenewald 1963: 9). ’n Gelykenis is ’n eenvoudige vertelling, ontleen aan die natuur of die alledaagse lewe, met die bedoeling om ’n praktiese les van diepe geestelike inhoud verstaanbaar en onvergeetlik voor te hou (Groenewald 1963: 10).

Die gelykenis is nie noodwendig ’n verheldering nie, maar kan ook ’n bedekking of omhulling van die waarheid wees (Groenewald 1963: 12). So ’n gelykenis moet dan deur die oorreder verklaar word. Snyman (2007: 35) verduidelik dan ook dat ’n gelykenis altyd boeiend en uitlokkend moet wees en dat dit dikwels ’n vreemdheid sal insluit.

#### *5.6.2.4 Spreekwoorde*

Hattingh (2004: 5) sê dat die woordkeuse tydens narratiewe prediking in oorleg gedoen moet word met die spreekstyl van die gemeenskap en nie die skryfstyl nie. Dus moet spreekwoorde en alledaagse taalgebruik aangewend word.

Paul Hernadi en Francis Steen (1999: 1) definieer ’n spreekwoord as ’n frase, sê-ding, sin, stelling of uitdrukking wat algemeen in die volksmond voorkom . Hierdie spreekwoord dra sekere wyshede, waarhede, morele waardes, ervaringe, lesse en advies oor die lewe oor (Hernandi & Steen 1999: 1). Spreekwoorde word ook dikwels oorgedra van generasie tot generasie. Die uitdrukking “waar daar ’n wil is, is ’n weg” is ’n voorbeeld van ’n spreekwoord.

#### *5.6.2.5 Vergelykings*

Dudley Field Malone (in Pilgrim 2010: 1) het gesê dat een goeie vergelyking dieselfde waarde en krag kan dra as drie ure se debat. Analogie, metafoor en ander simboliek kan as hulpmiddele gebruik word in die oordra van sekere begrippe (De Wet 2006: 31). ’n Analogie, of vergelyking, word gebruik wanneer een saak of verhouding met ’n ander saak of verhouding vergelyk word (Perelman 1982: 114). “Analogie” kan ook gedefinieer word as die vergelyking van twee verskillende voorwerpe wat die een of ander ooreenkoms toon (*Cultural Dictionary* 2010: 3). Pilgrim (2010: 4) gee die volgende voorbeeld van ’n vergelyking: “Net soos die swaard die wapen van die soldaat is, is die pen die wapen van die skrywer.”

#### *5.6.2.6 Illustrasies*

’n Illustrasie is ’n voorbeeld wat gegee word, of ’n vergelyking wat getref word, sodat ’n sekere saak verduidelik kan word (Random House 2010: 1). Die gebruik van ’n illustrasie sal verseker dat die saak beter verstaan word en dat die ontvanger en die stuurder van die boodskap ’n gedeelde begrip van die saak het.

#### *5.6.2.7 Geselstrant*

Mathewson (in Hattingh 2004: 7) moedig die narratiewe prediker aan om af te wyk van die “besigheidstaal” van prediking. Die ontvanger van die boodskap moet dus nie voel dat daar vir hom gepreek word nie, maar eerder dat daar met hom gesels word. Die prediker moet ook nie van onnodige tegniese terme gebruik maak nie (Hattingh 2004: 7).

#### *5.6.2.8 Aanspreek van basiese menslike behoeftes*

Wanneer ’n prediker tydens sy preek binne die wêreld van hemelse waarheid, sowel as die realiteit van die mens se behoeftes en swaarkry beweeg, is daardie gehoor geseën met ’n dinamiese narratiewe prediker (Janse van Rensburg 2003: 27). Dit is dus belangrik dat die prediker die basiese menslike behoeftes, wat deur die gehoor ervaar word, tydens sy preek sal aanspreek.

#### *5.6.2.9 Gebruik van algemene en gedeelde ervarings*

Die aanspreek van verhoudings, konflik, spanning, drome en hoop is belangrik, en ideaal, tydens narratiewe prediking (Hattingh 2004: 6). Die mens het ’n behoefte om verhale en staaltjies van probleme en ervarings wat hulle self beleef het, vanaf die kansel te hoor. Die gebruik van algemene en gedeelde ervarings tydens prediking skep ’n geleentheid vir die gehoor om met die kommunikator te identifiseer, wat die kanse vir oorreding verhoog.

#### *5.6.2.10 Toepassing op realiteit*

Jesus het in Sy gebruik van gelykenisse omgegaan met sake wat aktueel is (Snyman 2007: 49). So byvoorbeeld handel die bergrede oor sake soos geld, seks, mag en godsdienstige praktyke wat vanweë die sosio-ekonomiese situasie van daardie tyd besonder aktueel was. Dit het geweldige belangstelling in en reaksie op Jesus se prediking veroorsaak (Snyman 2007: 49). Ook die beelde wat Jesus inspan, is beelde eie aan die tyd en die leefwêreld van die hoorders. Beelde soos visnette, grond en landbougewasse was sake waarmee Jesus se gehore direkte kontak gehad het en verstaan het (Snyman 2007: 49).

Die kommunikator wat van narratiewe prediking gebruik maak, moet dus abstrakte waarhede tot konkrete lewenswerklikhede bring (Hattingh 2004: 2). Daar moet deurentyd uit die boodskap ’n toepassing op die realiteit van die ontvanger gevind kan word. Die sake wat aangespreek word, moet aktueel wees en dit moet sake wees waarmee die gehoor byna daagliks direkte kontak het.

*5.6.2.11 Afstuur op ’n keuse*

Wanneer narratiewe prediking gebruik word, moet daar ruimte vir betrokkenheid wees, maar daar moet ook afstand geskep word sodat die ontvanger tot ’n selfstandige besluit kan kom (Hattingh 2004: 3). Daar moet nie direkte eise en moralisering voorkom nie, want dit kan maklik weerstand by die ontvanger veroorsaak. Elke narratiewe preek moet egter ’n doel hê en alhoewel dit nie direk kan gebeur nie, moet die preek afstuur op ’n antwoord en ’n keuse (Hattingh 2004: 4).

*5.6.2.12 Waarde-gelaaide preek*

Vos (in Hattingh 2004: 5) skryf die volgende oor narratiewe prediking: “Elke vertelling het ’n bepaalde bedoeling en tydens narratiewe prediking moet daar rekenskap gegee word van die intensies van elke vertelling. Die verhaal wat gebruik word moet onderhoudend van aard wees, daar moet inligting oorgedra word en daar moet ’n bepaalde boodskap oorgedra word. Die inhoud moet gegrond wees in dit wat die kommunikator glo en dit moet bewarend van die kommunikator se waardes wees.” Wanneer narratiewe prediking gebruik word, moet die boodskap dus waarde-gelaai wees.

*5.6.2.13 Self-openbaring van die verteller*

Dit is goed wanneer die gehoor kan sien en hoor dat die kommunikator, in hierdie geval die predikant, nie volmaak is nie (Hattingh 2004: 6). Tydens narratiewe prediking word die gehoor genooi om met die karakters te identifiseer en dit lei tot self-ontdekking (Hattingh 2004: 2). Wanneer die predikant staaltjies uit sy eie lewe vertel, word hy die “karakter” en dus sal die gehoor met hom identifiseer. In so ’n geval ontdek die ontvanger dele van sy eie lewe (Hattingh 2004: 2) en dit lei tot die aanvaarding van die boodskap.

*5.6.2.14 Temas en motiewe*

’n **Tema** is die verbindingselement wat ’n boodskap struktureel saambind en kan ook die algemene idee oor die lewe wees wat die oorreder wil oordra.

**Motiewe** is die stel woorde, kleure, terme, uitdrukkings of frases wat herhalend voorkom binne ’n spesifieke stuk literatuur, kuns of musiek (*The American Heritage New Dictionary of Cultural Literacy* 2005: 5). Wanneer ’n sekere woord of gedagte herhalend voorkom, kan hierdie woord of gedagte dus ’n duidelike aanduiding van die tema van die spesifieke preek gee.

#### *5.6.2.15 Anti-outoritêre aanbieding*

Geloof word makliker oorgedra deur vertellings as deur redenasies of deur argumente (Hattingh 2004: 3). ’n Goeie vertelling, of ’n narratiewe preek, is toeganklik vir alle mense en ’n storie of narratiewe preek is ook meer interessant as ’n redenasie. ’n Anti-outoritêre gevoel moet deur die narratiewe preek geskep word, want daar moet nie ’n absolute of universele waarheid in die ontvanger se keel afgedruk word nie. Daar moet ook nie direkte eise en moralisering tydens narratiewe prediking wees nie, want dit sal makliker weerstand veroorsaak.

#### *5.6.2.16 Gebruik van kleurvolle detail*

Die oorreder moet van konkrete, interessante detail tydens die narratiewe preek gebruik maak, veral tydens die karakteriseringsproses en met die gebruik van name (Hattingh 2004: 4). Al die kleurvolle detail moet egter verband hou met die tema, anders is dit oortollig.

#### *5.6.2.17 Humor of verskuilde humor*

Volgens Hattingh (2004: 4) moet die narratiewe prediker humor, en ook verskuilde humor, gebruik. Campbell (in Bailey 1965: 133) definieer humor as ’n sekere uitkyk oor mense en hul optrede. Die gebruik van humor fokus veral op mense se tekortkominge en die mens se reaksie daarop. Die gehoor sal gewoonlik beter reageer op ’n oorreder wat van humor gebruik maak, as op ’n oorreder wat nie van humor gebruik maak nie (Bippus 2007: 106). Bippus (2007: 105) het ook gevind dat mense veral goed reageer wanneer die oorreder op ’n humoristiese wyse sy eie foute en tekortkominge uitwys.

#### *5.6.2.18 Sintuiglike waarnemings*

Sintuiglike waarnemings en onomatopieë kan gebruik word om die narratief meer effektief te maak vir memorisering en oorreding (Hattingh s.a.: 11). Sintuiglike waarnemings is enige deel van die narratief wat die ontvanger se sintuie streel en groter sintuiglike betrokkenheid by die ontvanger vereis as net die blote aanhoor van die vertelling. Hierdie waarnemings kan groter betrokkenheid vereis van die ontvanger se gehoor-, smaak-, sig-, gevoel- of reuksintuig.

#### *5.6.2.19 Stereotipes*

Elke kultuur en sub-kultuur maak van stereotipes gebruik (Abbott 2002: 129). Kruger, Rayner en Wall (2004: 48) stel dat stereotipes gebruik word wanneer sekere karaktertipes, of persoonlikheidstipes, oor en oor binne ’n boodskap voorkom. Stereotipes is dus die kategorisering en groepering van sekere mense, sodat almal in die groep onder dieselfde kam geskeer word (Kruger, Rayner & Wall 2004: 48). So word die eienskappe van een of twee individue binne die groep, aan die hele groep toegeskryf (Kruger, Rayner, Wall 2004: 66). Hierdie eienskappe is ook dikwels oordrewe eienskappe. Van die algemene voorbeelde van stereotipes is: Die **skynheilige**, die **flankeerder**, die **sterk moeder**, die **bedrieër**, die **goeie Samaritaan**, die **rebel,** die **boekwurm**, die **feeks**, die **suksesvolle besigheidsman**, die **arme weeskind** en die **hartebreker** (Abbott 2002: 129). Sekere kulturele groepe is ook al tot geykte stereotipes omvorm, soos **Jode**, **Gipsies** en **Serwiërs**.

#### *5.6.2.20 Mites, fabels en legendes*

Mites, fabels en legendes kan in narratiewe prediking ingesluit word. Regdeur die kulturele geskiedenis het sekere mites herhaaldelik die verbeelding van skrywer, skilders en komponiste aangegryp (Ryan 2004: 284). ’n **Mite** kan gesien word as ’n storie met ’n vergete of vervaagde oorsprong (Doyle 2004: 1). Hierdie storie is religieus of bonatuurlik van aard en probeer een of meer verskynsels van die huidige samelewing verduidelik of rasionaliseer.

’n **Fabel** is ’n kort allegoriese narratief wat ’n spesifieke morele standpunt inneem (Emery 2010a: 1). Die karakters in fabels is gewoonlik diere wat praat en optree soos menslike karakters sou. Hierdie diere sal ook dikwels deelneem aan die gebruike van die mens se moderne bestaan.

’n **Legende** is ’n tradisionele historiese verhaal, of ’n versameling van verhale wat verbind is met mekaar, wat algemeen as waar en korrek aanvaar word, maar gewoonlik ’n vermenging van feit en fiksie is (Emery 2010b: 1). Die legende van Koning Arthur en Camelot is’n voorbeeld hiervan. Die verhaal is hoofsaaklik fiktief, maar historici reken dat sekere aspekte van hierdie verhaal op historiese feite gegrond is.

#### *5.6.2.21 Geskiedenis*

Mites, geskiedenis en legendes kan in narratiewe prediking en stories ingesluit word (Longenecker 2002: 132). Geskiedenis, of geskiedkundige verhale, word deur die Collins English Dictionary (2009: 2) gedefinieer as ’n rekord of chronologiese vertelling van gebeure in die verlede. Hierdie gebeure sluit altyd mense in en kan as feitlik beskou word, aangesien dit neergeskryf is met die doel om later onthou te word.

#### *5.6.2.22 Poëtiese taal*

Volgens Hattingh (2004: 5) is die stylvolle aanwending van taal nodig wanneer daar narratief gepreek word. Hierdie stylvolle aanwending van taal sluit die gebruik van poëtiese taal in. Poëtiese taal word onderskei van algemene taalgebruik deur die vestiging van ’n sisteem van besondersheid (Guilbert & Prud’homme 2006: 1). Die spesifieke gebruik van herhalings, beskrywings en neologismes vorm ook deel van poëtiese taalgebruik (Guilbert & Prud’homme 2006: 1).

*5.6.2.23 Kort sinne*

Wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word, moet daar nooit te veel detail gegee word en te veel afgedwaal word nie (Hattingh 2004: 3). Die oorreder moet selekteer wat vir die saak nodig is en moet dan kort sinne, met die werkwoord so vroeg as moontlik in die sin geplaas, gebruik (Hattingh 2004: 5). Die oorreder moet eerder van aktiewe sinskonstruksie as passiewe sinskonstruksie gebruik maak (Hattingh 2004: 8).

*5.6.2.24 Eenvoudige woordgebruik*

Wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word, moet die woordkeuses met versigtigheid gedoen word (Hattingh 2004: 5). Die woorde moet ’n spreekstyl in plaas van ’n skryfstyl reflekteer (Hattingh 2004: 5). Die woordkeuse moet ook so eenvoudig as moontlik gehou word en daar moet nie te veel variasie wees in die woorde wat gebruik word nie (Hattingh 2004: 5). Hierdeur word ’n saak lewendig, duidelik en maklik onthoubaar gekommunikeer (Hattingh 2004: 2).

*5.6.2.25 Direkte rede*

Hattingh (s.a.: 11) waarsku dat daar ’n aantal narratiewe tegnieke is wat moeilik is om te implementeer, en daarom is die gebruik van dialoog en direkte rede uiters belangrik. Dialoog en direkte rede kan ekstensief uitgevoer word in die skryf en vertel van die storie-teks (Hattingh s.a.: 11). In die geval van sekere karakters kan innerlike dialoog ook gebruik word (Hattingh 2004: 4). Hier gee die oorreder ’n stem aan die karakter se gedagtes. Dit kan ’n baie effektiewe tegniek wees om gehooridentifikasie met die karakter te skep. Hierdie gehooridentifikasie kan bydra tot die oorreding van die ontvangers van die kommunikasie.

*5.6.2.26 Uitroepe*

Die gebruik van sterk imperatiewe dra by tot memorisering wat dan lei tot oorreding (Hattingh s.a.: 11). ’n “Imperatief” of word gedefinieer as ’n opdrag of versoek wat dringend

gerig word (*The Free Dictionary* 2010a: 1). Uitroepe en emotiewe uitlatings, bv. "O tog!", "Hardloop!" en "Hou moed!" kan ook hier ingesluit en gebruik word (Hattingh s.a.: 11).

*5.6.2.27 Alliterasie*

Alliterasie is die herhaling van dieselfde klanke of letters, gewoonlik mede-klinkers, wat aan die begin van 'n woord voorkom (Scaife 2004: 1). Hierdie woorde sal altyd naby mekaar, en soms direk langs mekaar, gevind word.

*5.6.2.28 Assonansie*

Assonansie is die herhaling van dieselfde klanke wat binne-in 'n woord voorkom en die klanke is die meeste van die tyd klinkers (Scaife 2004: 3). Hierdie woorde sal ook naby mekaar, of direk langs mekaar, voorkom.

*5.6.2.29 Temporale oorgangswoorde*

Binne narratiewe word gebeure temporaal aan mekaar verbind (Josselson en Lieblich 1999: 171). Hierdie temporale orde van gebeure lei tot die sukses van die storielyn. Die temporale orde word geskep deur gebruik te maak van temporale oorgangswoorde soos "en toe," "daarna," en "nadat".

*5.6.2.30 Gebruik stem en liggaam om narratief te versterk*

Wanneer mense praat, maak hulle spontane bewegings wat bekend staan as gebare (Ryan 2004: 114). Dit sal gewoonlik bewegings van die hande en arms wees, maar somtyds sal die res van die liggaam ook deelneem. Hierdie bewegings stem ooreen met die vloei van spraak en dra dan by tot die narratiewe diskoers. Volgens Hattingh (2004: 5) moet die aflewering van die boodskap, met ander woorde die gebruik van die stem en die liggaam om die boodskap oor te dra, die inhoud van die boodskap volg en versterk.

Die doelbewuste gebruik van **gebare** en tekens is ’n belangrike wyse waarop betekenis oorgedra kan word (Cherry 2010: 2). Hierdie gebare kan vingerwys, of die gebruik van vingers om getalle aan te dui, insluit. Paralinguistiek is die gebruik van vokale kommunikasie, wat die gebruik van taal uitsluit, om betekenis oor te dra (Cherry 2010: 2). Stemtoon en die hardheid van die stem vorm alles deel van paralinguistiek

*5.6.2.31 Gebruik van digitale media*

’n Digitale medium moet nie net ’n rekenaar gebruik nie, maar is afhanklik van ’n rekenaar vir die produksie en vertoning daarvan (Ryan 2004: 329). Daar is ’n paar alledaagse voorbeelde van digitale media wat deel uitmaak van of bydra tot narratiewe prediking. Digitale foto’s of *Powerpoint*-aanbiedings kan dieselfde narratiewe funksie vervul as stilstaande prente. Beide voorbeelde kan ’n narratiewe vertelling ondersteun of aan ’n spesifieke, reeds bekende, narratief herinner.

*5.6.2.32 Gebruik van prente en foto’s*

Varga glo dat prente nie ’n tweede manier is om ’n verhaal te vertel nie, maar eerder ’n manier is om ’n verhaal te herroep (Ryan 2004: 139). Hierdie stelling is ook van toepassing op musiek en dans. Prente leef in ’n simbiotiese verhouding met die oorspronklike, verbale teks (Ryan 2004: 139). Die ideaal is dat die verbale en visuele saamsmelt in die gedagtes van die ontvanger om een kragtige beeld te vorm. Stilfilms, skilderye, strokiesprente en foto’s kan dieselfde narratiewe funksie as prente vervul.

*5.6.2.33 Gebruik van musiek*

Die verhouding tussen musiek en narratiewe is veelvoudig (Ryan 2004: 267). Dramatiese narratiewe word dikwels getoonset in die vorm van operas, instrumentele komposisies illustreer soms bekende narratiewe (*The Sorcerer’s Apprentice* deur Paul Dukas), verbale vertellings vergesel musiek (*Peter and the Wolf* deur Prokofiev) en nuwe musiek word geskep om die stemming in films en teater te skep (Ryan 2004: 267). Sommige teoretici glo ook dat musiek self ’n onderliggende narratiwiteit bevat. Dus kan musiek gebruik word as ’n

narratiewe, nie-verbale element tydens prediking. Hierdie musiek sal dan die boodskap van die narratiewe preek versterk.

## 5.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ’n oorsig gebied oor die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gebruik is. Daar is gekyk na wat inhoudsanalise en veldwaarneming behels, asook die voordele en nadele verbonde aan die gebruik van elkeen van hierdie navorsingsmetodes. Die prosedures vir die inhoudsanalise en die gebruik van die veldwaarneming is volledig beskryf.

Die navorsingsvraag, die primêre en sekondêre doelwitte van die studie, die steekproef, die eenheid van analise en die kategorieë vir die inhoudsanalise is breedvoerig bespreek.

Soos reeds genoem, is die eenheid van analise vir die inhoudsanalise die narratiewe storie-elemente en stylelemente wat voorkom in die ses preke van pastoor Theron en die ses preke van pastoor Bosch. Daar is twee hoofgroepe kategorieë, naamlik **narratiewe storie-elemente** en **stylelemente.** As daar nege of meer narratiewe storie-elemente voorkom, kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie in daardie preek gebruik is. Wanneer daar 16 of meer narratiewe stylelemente voorkom, kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie in daardie preek voorkom.

In die volgende hoofstuk word die resultate en gevolgtrekking van die studie bespreek. Die primêre doelwit se navorsingsresultate sal baie aandag geniet, terwyl daar net vlugtig na die resultate van die sekondêre navorsingsdoelwitte gekyk sal word.

# HOOFSTUK SES: RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGS

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word resultate en gevolgtrekkings aan die hand van die doelwitte van die studie gedoen. Vervolgens word die primêre doelwit, en die resultate daarvan, bespreek. Daarna sal die sekondêre doelwitte wat nie reeds onder die literatuurstudie bespreek is nie, aandag geniet.

## 6.2 RESULTATE VAN DIE PRIMêRE DOELWIT

Die primêre doelwit van die studie is om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes te ontleed. Die navorsingsvraag is hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie manifesteer in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes. Die navorser ondersoek dus hoe narratiewe kommunikasie hier gebruik word deur van inhoudsanalise, wat ondersteun word deur waarnemer-as-deelnemer veldwaarneming, gebruik te maak.

Na die loodsondersoek gedoen is om te bepaal of narratiewe kommunikasie wel as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse AGS-gemeentes aangewend word, is daar ses preke van pastoor Theron en ses preke van pastoor Bosch geanaliseer om te kyk hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens hierdie preke gebruik word. Daar is drie oggendpreke en drie aandpreke van elke predikant geanaliseer. Die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens elke preek sal nou vlugtig bespreek word. Daar sal ook aangedui word of die predikant narratiewe storie-elemente, of narratiewe stylelemente, of ’n kombinasie van die twee gebruik het. Narratiewe stylelemente sluit ook narratiewe

taalelemente en nie-verbale narratiewe elemente in. ’n Tabel met ’n opsomming van die uitslae van die inhoudsanalise vir elke preek sal ook onder elke afdeling getoon word.

Wanneer daar nege uit die 19 storie-elemente en/of 16 uit die 33 stylelemente in ’n preek voorkom, kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in daardie spesifieke preek aangewend word. Daar moet dus die helfte (of meer) van die storie-elemente of die stylelemente teenwoordig wees vir ’n preek om as “narratief” geklassifiseer te word.

### 6.2.1 AGS Siloam, 19 Oktober 2008, Oggenddiens

In hierdie preek is daar slegs van narratiewe stylelemente gebruik gemaak, en nie van narratiewe storie-elemente nie. Daar is 25 narratiewe stylelemente uit die lys van 33 narratiewe stylelemente gebruik. Daar word dus meer as die helfte van die narratiewe stylelemente gebruik en daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, soos uiteengesit in hoofstuk 3, hier gebruik word.

**TABEL 1: AGS SILOAM, 19 OKTOBER 2008, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 3 |
| 4.2) Gebruik metafore | 5 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 5 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 4 |

| | |
|---|---|
| 4.6) Gebruik illustrasies | 3 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 3 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 4 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | JA |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 12 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | 3 |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legends | 1 |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | GEEN |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |

| | |
|---|---|
| 5.5) Gebruik uitroepe | 3 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 8 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | JA |
| **<u>6) Nie-verbale elemente (stylelemente):</u>** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA (Stap heen en weer) |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.2 AGS Siloam, 19 Oktober 2008, Aanddiens

In hierdie preek is daar beide van ’n hele narratief/storie en storie-elemente, sowel as van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is van 16 uit die 19 storie-elemente gebruik gemaak. Daar is 25 narratiewe elemente uit die lys van 33 narratiewe elemente gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, soos uiteengesit in hoofstuk 3, hier gebruik word.

**TABEL 2: AGS SILOAM, 19 OKTOBER 2008, AANDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | JA |
| **<u>2) Narratiewe storie-elemente:</u>** | |
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | JA |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | JA |
| 2.3) Katalisator | JA |

| | |
|---|---|
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | JA |
| 2.5) Ontknoping van konflik | JA |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | JA |
| 2.7) Gevolglike verbindings | JA |
| 2.8) Karakterisering kom voor | JA |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | JA |
| 2.10) Plat karakters | JA |
| 2.11) Ronde karakters | JA |
| 2.12) Antagonis | JA |
| 2.13) Protagonis | JA |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | JA |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | NEE |
| 2.16) Narratiewe ligging | JA |
| 2.17) Terugflitse | NEE |
| 2.18) Ingeboude narratief | JA |
| 2.19) Ervaringsnarratief | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | Volledige narratief en stylelemente kom voor tydens die preek. |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 1 |
| 4.2) Gebruik metafore | 2 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |

| | |
|---|---|
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | GEEN |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 1 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 3 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | 1 |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | 1 |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |

| | |
|---|---|
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 4 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 5 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **<u>6) Nie-verbale elemente (stylelemente)</u>** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | JA |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.3 AGS Siloam, 26 Oktober 2008, Oggenddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 26 narratiewe stylelemente uit die lys van 33 narratiewe elemente gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, soos uiteengesit in hoofstuk 3, hier gebruik word.

**TABEL 3: AGS SILOAM, 26 OKTOBER 2008, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | Voorkoms van die element |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |

| | |
|---|---|
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 2 |
| 4.2) Gebruik metafore | 5 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 5 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 3 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.11) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 13 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | JA |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 21 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | 2 |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | GEEN |

| | |
|---|---|
| **<u>5) Taalelemente (stylelemente):</u>** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | GEEN |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 1 |
| 5.7) Gebruik assonansie | 1 |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | 1 |
| **<u>6) Nie-verbale elemente (stylelemente):</u>** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | JA |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |
| 7) ANDER: | Klanknabootsing kom voor |

### 6.2. 4 AGS Siloam, 2 November 2008, Aanddiens

In hierdie preek is daar beide van ’n hele narratief/storie en storie-elemente, sowel as van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is van 17 storie-elemente (n = 19) gebruik gemaak. Daar is 22 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, soos uiteengesit in hoofstuk 3, hier gebruik word.

## TABEL 4: AGS SILOAM, 2 NOVEMBER 2008, AANDDIENS

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | JA |
| **<u>2) Narratiewe storie-elemente:</u>** | |
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | JA |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | JA |
| 2.3) Katalisator | JA |
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | JA |
| 2.5) Ontknoping van konflik | JA |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | GEEN |
| 2.7) Gevolglike verbindings | JA |
| 2.8) Karakterisering kom voor | JA |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | JA |
| 2.10) Plat karakters | JA |
| 2.11) Ronde karakters | JA |
| 2.12) Antagonis | JA |
| 2.13) Protagonis | JA |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | JA |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | JA |
| 2.16) Narratiewe ligging | JA |
| 2.17) Terugflitse | JA |

| | |
|---|---|
| 2.18) Ingeboude narratief | JA |
| 2.19) Ervaringsnarratief | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | Volledige narratief en stylelemente kom voor tydens die preek. |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | 2 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 3 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | GEEN |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 4 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 3 |

| | |
|---|---|
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **<u>5) Taalelemente (stylelemente):</u>** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | GEEN |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 2 |
| 5.7) Gebruik assonansie | 1 |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | JA |
| **<u>6) Nie-verbale elemente (stylelemente):</u>** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.5 AGS Siloam, 9 November 2008, Oggenddiens

In hierdie preek is daar beide van 'n hele narratief/storie en storie-elemente, sowel as van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is van 11 storie-elemente (n = 19) gebruik

gemaak. Daar is 24 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word.

**TABEL 5: AGS SILOAM, 9 NOVEMBER 2008, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | JA |
| **<u>2) Narratiewe storie-elemente:</u>** | |
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | JA |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | JA |
| 2.3) Katalisator | JA |
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | JA |
| 2.5) Ontknoping van konflik | GEEN |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | GEEN |
| 2.7) Gevolglike verbindings | JA |
| 2.8) Karakterisering kom voor | JA |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | JA |
| 2.10) Plat karakters | GEEN |
| 2.11) Ronde karakters | JA |
| 2.12) Antagonis | GEEN |
| 2.13) Protagonis | JA |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | JA |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | GEEN |
| 2.16) Narratiewe ligging | JA |

| | |
|---|---|
| 2.17) Terugflitse | GEEN |
| 2.18) Ingeboude narratief | GEEN |
| 2.19) Ervaringsnarratief | GEEN |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | Volledige narratief en stylelemente kom voor tydens die preek. |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | 4 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 3 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | GEEN |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 4 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 2 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 3 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | JA |

| | |
|---|---|
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 6 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | 1 |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 1 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 3 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente)** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | JA |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.6 AGS Jubilate, 9 November 2008, Aanddiens

In hierdie preek is daar beide van ’n hele narratief/storie en storie-elemente, sowel as van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is van ses storie-elemente (n = 19) gebruik gemaak. Daar is 21 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar word wel net ses storie-elemente (n = 19) gebruik, wat minder as die helfte van die storie-elemente is, maar daar word wel 21 stylelemente (n = 33) gebruik, wat meer as die helfte van die stylelemente is. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 6: AGS JUBILATE, 9 NOVEMBER 2008, AANDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | JA |
| **<u>2) Narratiewe storie-elemente:</u>** | |
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | GEEN |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | JA |
| 2.3) Katalisator | GEEN |
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | GEEN |
| 2.5) Ontknoping van konflik | GEEN |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | GEEN |
| 2.7) Gevolglike verbindings | JA |
| 2.8) Karakterisering kom voor | GEEN |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | GEEN |
| 2.10) Plat karakters | JA |
| 2.11) Ronde karakters | GEEN |

| | |
|---|---|
| 2.12) Antagonis | GEEN |
| 2.13) Protagonis | JA |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | GEEN |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | JA |
| 2.16) Narratiewe ligging | JA |
| 2.17) Terugflitse | GEEN |
| 2.18) Ingeboude narratief | GEEN |
| 2.19) Ervaringsnarratief | GEEN |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | Volledige narratief en stylelemente kom voor tydens die preek. |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | 3 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 5 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 2 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |

| | |
|---|---|
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 2 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 3 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 1 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 2 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | JA |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |

| | |
|---|---|
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | JA |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.7 AGS Jubilate, 23 November 2008, Oggendddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 16 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 7: AGS JUBILATE, 23 NOVEMBER 2008, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | 7 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | 1 |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | NEE |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | NEE |

| | |
|---|---|
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | NEE |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 2 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | NEE |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | GEEN |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotypes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 1 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 3 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |

| | |
|---|---|
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **<u>6) Nie-verbale elemente (stylelemente)</u>** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2. 8 AGS Jubilate, 4 Januarie 2009, Oggenddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 19 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 8: AGS JUBILATE, 4 JANUARIE 2009, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 1 |
| 4.2) Gebruik metafore | 11 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | GEEN |

| | |
|---|---|
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | NEE |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 3 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 1 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | JA |
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |

| | |
|---|---|
| 5.5) Gebruik uitroepe | GEEN |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 2 |
| 5.7) Gebruik assonansie | 1 |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | GEEN |

### 6.2.9 AGS Jubilate, 4 Januarie 2009, Aanddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 19 narratiewe stylelemente uit die lys van 33 narratiewe stylelemente gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 9: AGS JUBILATE, 4 JANUARIE 2009, AANDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 1 |
| 4.2) Gebruik metafore | 3 |

| | |
|---|---|
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | GEEN |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | JA |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 6 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 2 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | GEEN |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |

| | |
|---|---|
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 2 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 3 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.10 AGS Jubilate, 11 Januarie 2009, Oggenddiens

In hierdie preek is daar beide van ’n hele narratief/storie en storie-elemente, sowel as van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is van 14 storie-elemente (n = 19) gebruik gemaak. Daar is 18 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 10: AGS JUBILATE, 11 JANUARIE 2009, OGGENDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | JA |
| **2) Narratiewe storie-elemente:** | |

| | |
|---|---|
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | JA |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | JA |
| 2.3) Katalisator | JA |
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | JA |
| 2.5) Ontknoping van konflik | JA |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | JA |
| 2.7) Gevolglike verbindings | JA |
| 2.8) Karakterisering kom voor | JA |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | GEEN |
| 2.10) Plat karakters | JA |
| 2.11) Ronde karakters | JA |
| 2.12) Antagonis | JA |
| 2.13) Protagonis | JA |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | JA |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | GEEN |
| 2.16) Narratiewe ligging | JA |
| 2.17) Terugflitse | GEEN |
| 2.18) Ingeboude narratief | GEEN |
| 2.19) Ervaringsnarratief | GEEN |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | Volledige narratief en stylelemente kom voor tydens die preek. |
| **4) Narratiewe stylelemente:** | |

| | |
|---|---|
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | 3 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 1 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | GEEN |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | NEE |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | NEE |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 1 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | GEEN |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | JA |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 1 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |

| <u>**5) Taalelemente (stylelemente):**</u> | |
|---|---|
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | JA |
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | 1 |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 2 |
| 5.7) Gebruik assonansie | 1 |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| <u>**6) Nie-verbale elemente (stylelemente):**</u> | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | GEEN |

### 6.2.11 AGS Siloam, 11 Januarie 2009, Aanddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 25 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Narratiewe kommunikasie word dus as retoriese strategie hier gebruik.

**TABEL 11: AGS SILOAM, 11 JANUARIE 2009, AANDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |

| | |
|---|---|
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | 1 |
| 4.2) Gebruik metafore | 7 |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 3 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | JA |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | NEE |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 2 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 3 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | JA |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | 1 |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |

| | |
|---|---|
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | GEEN |
| 5.2) Gebruik kort sinne | JA |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | JA |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | GEEN |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 3 |
| 5.7) Gebruik assonansie | 1 |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | JA |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | JA |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

### 6.2.12 AGS Jubilate, 25 Januarie 2009, Aanddiens

In hierdie preek is daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak. Daar is 16 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar kan dus gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie hier gebruik word, al word dit in ’n mindere mate gebruik as tydens die preke by AGS Siloam.

**TABEL 12: AGS JUBILATE, 25 JANUARIE 2009, AANDDIENS**

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | NEE |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | JA |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | GEEN |
| 4.2) Gebruik metafore | GEEN |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | GEEN |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | 3 |
| 4.5) Gebruik vergelykings | 1 |
| 4.6) Gebruik illustrasies | 1 |
| 4.7) Geselstrant | NEE |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | NEE |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | 3 |
| 4.10) Toepassing op realiteit | JA |
| 4.11) Stuur af op keuse | JA |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | JA |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | 2 |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | JA |
| 4.15) Anti-outoritêr | JA |
| 4.16) Kleurvolle detail | GEEN |

| | |
|---|---|
| 4.17) Humor of verskuilde humor | GEEN |
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | GEEN |
| 4.19) Gebruik stereotipes | GEEN |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | GEEN |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | JA |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | JA |
| 5.2) Gebruik kort sinne | GEEN |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | GEEN |
| 5.4) Gebruik direkte rede | JA |
| 5.5) Gebruik uitroepe | GEEN |
| 5.6) Gebruik alliterasie | 2 |
| 5.7) Gebruik assonansie | GEEN |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | GEEN |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | JA |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | GEEN |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | GEEN |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | JA, *Powerpoint* |

## 6.3 BESPREKING VAN DIE PRIMêRE DOELWIT

Die navorser het bevind dat elemente van narratiewe kommunikasie as ’n retoriese strategie tydens al 12 van die geanaliseerde preke van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending aangewend word. Daar word tydens sewe van die preke (n = 12) net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak, terwyl daar tydens vyf van die preke (n = 12) van ’n kombinasie van hele narratiewe of vertellings en storie-elemente en narratiewe stylelemente gebruik gemaak word. Daar word nooit net van hele narratiewe of vertellings en storie-elemente gebruik gemaak nie. Die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsendig se toepassing van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie maak dus meer staat op die gebruik van narratiewe stylelemente as die gebruik van hele vertellings of volledige narratiewe.

Daar is gemiddeld 24,5 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik tydens die ses preke by AGS Siloam waar daar van narratiewe stylelemente gebruik gemaak is. Daar is ook gemiddeld 14,7 storie-elemente (n = 19) gebruik tydens die drie preke by AGS Siloam waar daar van hele narratiewe in samewerking met narratiewe stylelemente gebruik gemaak is.

Tydens die ses preke by AGS Jubilate waar daar van narratiewe stylelemente gebruik gemaak is, is daar gemiddeld 18,2 narratiewe stylelemente (n = 33) gebruik. Daar is ook gemiddeld van tien storie-elemente (n = 19) gebruik gemaak. Hierdie storie-elemente is tydens die hele vertellings of volledige narratiewe gebruik wat tydens twee van die preke by AGS Jubilate voorgekom het.

Uit die bogenoemde blyk dit dat daar van meer narratiewe stylelemente, meer narratiewe storie-elemente en meer hele vertellings tydens die preke by AGS Siloam gebruik gemaak is as tydens die preke by AGS Jubilate. Dus kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie as ’n retoriese strategie in ’n groter mate by AGS Siloam gebruik word as by AGS Jubilate.

Die hoeveelheid kere wat die verskeie narratiewe storie-elemente en narratiewe stylelemente gebruik word, sal nou bespreek word. Daar gaan ook bepaal word of daar ’n verskil in die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is.

## 6.4 GEBRUIK VAN NARRATIEWE STORIE-ELEMENTE

Daar is verskeie elemente om ’n teks as “narratief” te kwalifiseer en te identifiseer. Hierdie elemente word “storie-elemente” genoem, aangesien hulle hoofsaaklik voorkom as deel van ’n verhaal of vertelling. Die hoeveelheid kere wat die verskeie narratiewe storie-elemente gebruik word, sal nou bespreek word. Daar sal eers ’n kort definisie van elke element gegee word, en daarna sal die voorkoms daarvan in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending bespreek word.

### 6.4.1 Storielyn

Volgens Matthewson (in Hattingh s.a.: 7) is die storielyn hoofsaaklik ’n beraming wat uit vier hoofelemente bestaan, naamlik **blootlegging** (inleiding), **krisis** (katalisator, spanning en klimaks), **resolusie** (ontknoping van konflik) en **slot.** Die storie-element, storielyn, word in vier van die vyf preke waar volledige vertellings voorkom, gebruik.

### 6.4.2 Inleiding

Hier moet die verteller die agtergrond vir die verhaal skep deur net die nodigste inligting te gee (Hattingh 2004: 3). Hierdie storie-element word in vyf van die preke (n=12) gebruik.

### 6.4.3 Katalisator

Narratiewe moet met ’n toestand van ewewig of vrede, waarin daar ’n duidelike sin van sosiale orde is, begin. Daarna sal ’n mag van onewewig of verwoesting die verhaal binnekom met die doel om die staat van ewewig te vernietig (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Dit

staan dan bekend as die katalisator, wat dan die krisis veroorsaak. Hierdie storie-element word in vier van die preke (n=12) gebruik.

### 6.4.4 Spanning en klimaks

Soos wat die verhaal ontwikkel, sal die spanning groei en bykomende komplikasies kan ingewerk word (Hattingh 2004: 4). Spanning loop dan uit op die klimaks van die verhaal. Hierdie storie-element word in vier van die preke (n = 12) van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending gebruik.

### 6.4.5 Ontknoping van die konflik

Tydens die ontknoping van die konflik word die bose mag wat die onewewig veroorsaak het, oorwin en orde en harmonie, of ’n nuwe ewewig, word gevestig (Kruger, Rayner & Wall 2004: 44). Die storie-element word in drie van die preke (n = 12) gebruik.

### 6.4.6 Onverwagse wending van gebeure

Somtyds kan daar ’n onverwagse wending van gebeure in verhale voorkom om ’n meer dramatiese effek te skep (McCollum s.a., DVD 3). Hierdie storie-element is in twee van die preke (n = 12) gevind.

### 6.4.7 Gevolglike verbindings

Coleridge (in Bailey 1965: 145) verduidelik dat die ontvanger van narratiewe kommunikasie die verbindings tussen die gebeure moet verstaan en insien om sodoende die narratief te verstaan. Daar moet genoeg besonderhede gegee word sodat die ontvanger hierdie verbindings kan vorm en verwerk. Hierdie besonderhede staan bekend as gevolglike verbindings. Daar word in vyf van die preke (n = 12) van gevolglike verbindings gebruik gemaak.

### 6.4.8 Karakterisering

Die teenwoordigheid van karakters is ’n fundamentele vereiste vir die klassifisering van narratiewe (Longenecker 2002: 21). Karakters het sekere rolle en funksies, sowel as sekere eienskappe (Longenecker 2002: 22) wat deur die proses van karakterisering oorgedra word. Karakterisering kom in vier van die preke (n = 12) voor.

### 6.4.9 Skep identifisering met karakters

Die ontvangers van narratiewe verlang dat die gebeure in ’n narratief ervaar sal word deur karakters met wie daar geïdentifiseer kan word (Longenecker 2002: 21). Daar word in drie van die preke (n = 12) identifisering met die karakters geskep.

### 6.4.10 Plat karakters

Carol Hurst (s.a.: 1) definieer plat karakters, ook bekend as **vlak** karakters, as dié karakters wat slegs enkele kwaliteite vertoon, voorspelbaar is en nie eintlik ontwikkel nie. Daar kom in vier van die preke (n = 12) plat karakters voor.

### 6.4.11 Ronde karakters

Ronde karakters, of **vol** karakters, is oortuigend terwyl ontwikkeling, groei en verandering plaasvind, en hulle is meer-dimensioneel (Hurst s.a.: 1). Daar word in vier van die preke (n = 12) ronde karakters gebruik.

### 6.4.12 Antagonis

Die antagonis kan as die hoof-teenstander van die hoofkarakter gesien word (Hattingh 2004: 7). Daar word in drie preke (n = 12) van ’n antagonis gebruik gemaak.

### 6.4.13 Protagonis

Die protagonis is die hoofkarakter, of die held, van die verhaal (Hattingh 2004: 7). Daar kom in vyf preke (n = 12) ’n protagonis voor.

### 6.4.14 Derdepersoonsverteller

’n Derdepersoonsverteller het dikwels ’n alomteenwoordige, alwetende perspektief op die verhaal (Van Aarde 2006: 7). Daar kan ook van ’n derdepersoonsverteller met ’n beperkte perspektief gebruik gemaak word (Van Aarde 2006: 7). Daar word tydens vier preke (n = 12) van die derdepersoonsverteller gebruik gemaak.

### 6.4.15 Eerstepersoonsverteller

Die eerstepersoonsverteller vertel die verhaal uit die perspektief van die “ek” (Felluga 2003: 1). Hierdie verteller kan aktief in die storie wat vertel word betrokke wees, of hy kan ’n blote waarnemer wees. Die verhaal word hier dus dikwels uit die perspektief van ’n sekere karakter vertel (Felluga 2003: 1). Daar word twee keer van die eerstepersoonsverteller tydens die preke (n = 12) gebruik gemaak. Een van hierdie kere word dit in samewerking en in afwisseling met die derdepersoonsverteller gebruik.

### 6.4.16 Narratiewe ligging

Die verteller moet die historiese, kulturele en geografiese ligging waarin die verhaal afspeel aan die gehoor oordra (Hattingh 2004: 8). Die narratiewe ligging word in vyf van die preke (n = 12) deurgegee.

### 6.4.17 Terugflitse

Terugflitse kan ’n belangrike organiseringsfunksie binne ’n narratief vervul (Kruger, Rayner & Wall 2004: 46). Wanneer daar van terugflitse gebruik gemaak word, sal die verhaal nie chronologies oorgedra word nie, maar daar sal gereeld verwys word na gebeure wat in die

verlede plaasgevind het. Elke keer wat daar na die verlede verwys word, sal daar nuwe, belangrike inligting aan die gehoor oorgedra word. Hierdie storie-element word slegs in een preek (n = 12) gebruik.

### 6.4.18 Ingeboude narratief

’n Ingeboude narratief kom voor wanneer daar ’n “storie binne-in die storie” voorkom en maak staat op die res van die narratief om die konteks vir die verhaal te skep. Daar word tydens twee preke (n = 12) van ingeboude narratiewe gebruik gemaak.

### 6.4.19 Ervaringsnarratief

Die mens is nuuskierig oor ander mense en daarom kan die gebruik van ervaringsnarratiewe, uit die perspektief van die predikant self, baie effektief wees as dit gebruik word as retoriese strategie tydens prediking (McCollum s.a.: DVD 3). Die predikant kan verhale vertel van moeilike tye wat hy beleef het, of hy kan getuig van goeie dinge wat met hom gebeur het (McCollum s.a.: DVD 3). Hierdie kommunikasie-aksie moet egter in die vorm van ’n vertelling of ’n verhaal geskied, anders kan dit nie as ’n ervaringsnarratief beskou word nie. Hierdie storie-element nooit gebruik tydens die geanaliseerde preke nie.

## 6.5 GEBRUIK VAN NARRATIEWE STYLELEMENTE

Janse van Rensburg (2003: 72 – 73) stel dat indien die kommunikator die verbeelding van die gehoor wil aangryp en hulle emosioneel by die boodskap wil betrek, daar veral aandag aan die styl van die kommunikasie-aksie gegee moet word. Selfs al is daar nie ’n volledige vertelling teenwoordig nie, maar van hierdie stylelemente word gebruik, kan die kommunikasie-aksie as narratief beskou word. Hierdie narratiewe stylelemente sluit ook sekere taalelemente en nie-verbale elemente in.

Die hoeveelheid kere wat die verskeie narratiewe stylelemente gebruik word, sal nou bespreek word. Daar sal eers ’n kort definisie van elke element gegee word, en daarna sal die voorkoms en toepassing daarvan in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending bespreek word.

### 6.5.1 Direkte aanhalings

’n Direkte aanhaling is die herhaling van die presiese woorde wat iemand anders tydens diskoers gebruik het (Princeton University 2010: 1). Hierdie stylelement word nege keer in ses van die geanaliseerde preke (n = 12) gebruik.

### 6.5.2 Metafore

Aristoteles (in Perelman 1982: 120) definieer “metafoor” as die proses waar ’n voorwerp ’n naam gegee word wat eintlik aan iets anders behoort. Metafore word veral gebruik om sekere sake te beklemtoon of weg te steek (Western Washington University s.a.: 1). Hierdie stylelement word 52 keer in 11 van die preke (n = 12) gebruik. Tydens die oggenddiens preek van 4 Januarie 2009 word daar 11 metafore deur pastoor Bosch by AGS Jubilate gebruik.

### 6.5.3 Gelykenisse

Gelykenisse het ’n groot gedeelte van die prediking van Jesus Christus gevorm (Groenewald 1963: 9). ’n Gelykenis is ’n eenvoudige vertelling, ontleen aan die natuur of die alledaagse lewe, met die bedoeling om ’n praktiese les van diepe geestelike inhoud verstaanbaar en onvergeetlik voor te hou (Groenewald 1963: 10). Hierdie narratiewe stylelement word slegs een keer tydens een preek (n = 12) gebruik. Pastoor Bosch het ’n gelykenis tydens die oggenddiens van 23 November 2008 te AGS Jubilate gebruik.

### 6.5.4 Spreekwoorde

Paul Hernadi en Francis Steen (1999: 1) definieer ’n spreekwoord as ’n frase, sê-ding, sin, stelling of uitdrukking wat algemeen in die volksmond voorkom. Hierdie spreekwoord dra sekere wyshede, waarhede, morele waardes, ervaringe, lesse en advies oor die lewe oor (Hernandi & Steen 1999: 1). Daar word tydens al 12 preke van spreekwoorde gebruik gemaak. In totaal word hierdie stylelement 28 kere gebruik.

### 6.5.5 Vergelykings

’n Analogie, of vergelyking, word gebruik wanneer een saak of verhouding met ’n ander saak of verhouding vergelyk word (Perelman 1982: 114). “Analogie” kan ook gedefinieer word as die vergelyking van twee verskillende voorwerpe wat die een of ander ooreenkoms toon (*Cultural Dictionary* 2010: 3). Vergelykings word tien keer tydens sewe preke (n = 12) gebruik.

### 6.5.6 Illustrasies

’n Illustrasie is ’n voorbeeld wat gegee word, of ’n vergelyking wat getref word, sodat ’n sekere saak verduidelik kan word (Random House 2010: 1). Die gebruik van ’n illustrasie sal verseker dat die saak beter verstaan word en dat die ontvanger en die stuurder van die boodskap ’n gedeelde begrip van die saak het. Hierdie stylelement kom 22 kere voor en word tydens 11 preke (n = 12) gebruik.

### 6.5.7 Geselstrant

Mathewson (in Hattingh 2004: 7) moedig die narratiewe prediker aan om af te wyk van die “besigheidstaal” van prediking. Die ontvanger van die boodskap moet dus nie voel dat daar vir hom gepreek word nie, maar eerder dat daar met hom gesels word. Die prediker moet ook nie van onnodige tegniese terme gebruik maak nie (Hattingh 2004: 7). Daar word in agt preke (n = 12) van hierdie narratiewe stylelement gebruik gemaak.

### 6.5.8 Aanspreek van basiese menslike behoeftes

Wanneer 'n prediker tydens sy preek binne die wêreld van hemelse waarheid, sowel as die realiteit van die mens se behoeftes en swaarkry beweeg, is daardie gehoor geseën met 'n dinamiese narratiewe prediker (Janse van Rensburg 2003: 27). Dit is dus belangrik dat die prediker die basiese menslike behoeftes, wat deur die gehoor ervaar word, tydens sy preek sal aanspreek. Basiese menslike behoeftes word tydens tien van die preke (n = 12) aangespreek. Van die behoeftes wat aangespreek word is verhoudings, aanvaarding en die behoefte om te voel dat daar 'n doel met jou lewe is.

### 6.5.9 Gebruik van algemene en gedeelde ervarings

Die aanspreek van verhoudings, konflik, spanning, drome en hoop is belangrik, en ideaal, tydens narratiewe prediking (Hattingh 2004: 6). Die mens het 'n behoefte om verhale en staaltjies van probleme en ervarings wat hulle self beleef het, vanaf die kansel te hoor. Die gebruik van algemene en gedeelde ervarings tydens prediking skep 'n geleentheid vir die gehoor om met die kommunikator te identifiseer, wat die kanse vir oorreding verhoog. Daar word tydens al 12 preke van hierdie stylelement gebruik gemaak. Daar word in totaal 19 keer na algemene en gedeelde ervarings verwys.

### 6.5.10 Toepassing op realiteit

Jesus het in Sy gebruik van gelykenisse omgegaan met sake wat aktueel is (Snyman 2007: 49). Dit het geweldige belangstelling in en reaksie op Jesus se prediking veroorsaak (Snyman 2007: 49). Ook die beelde wat Jesus inspan, is beelde eie aan die tyd en die leefwêreld van die hoorders (Snyman 2007: 49). Die kommunikator wat van narratiewe prediking gebruik maak, moet dus abstrakte waarhede tot konkrete lewenswerklikhede bring (Hattingh 2004: 2). Die sake wat aangespreek word, moet aktueel wees en dit moet sake wees waarmee die gehoor byna daagliks direkte kontak het. 11 uit die 12 preke is aktueel en is van toepassing op die hoorder se daaglikse realiteit.

### 6.5.11 Afstuur op ’n keuse

Wanneer narratiewe prediking gebruik word, moet daar ruimte vir betrokkenheid wees, maar daar moet ook afstand geskep word sodat die ontvanger tot ’n selfstandige besluit kan kom (Hattingh 2004: 3). Daar moet nie direkte eise en moralisering voorkom nie, want dit kan maklik weerstand by die ontvanger veroorsaak. Elke narratiewe preek moet egter ’n doel hê en alhoewel dit nie direk kan gebeur nie, moet die preek afstuur op ’n keuse (Hattingh 2004: 4). Die 12 preke wat geanaliseer is, stuur almal af op ’n keuse.

### 6.5.12 Waarde-gelaaide preek

Die verhaal wat gebruik word moet onderhoudend van aard wees, daar moet inligting oorgedra word en daar moet ’n bepaalde boodskap oorgedra word. Die inhoud moet gegrond wees in dit wat die kommunikator glo en dit moet bewarend van die kommunikator se waardes wees (Hattingh 2004: 5). Wanneer narratiewe prediking gebruik word, moet die boodskap dus waarde-gelaai wees. Die 12 preke wat geanaliseer is, is almal waarde-gelaai volgens hierdie definisie.

### 6.5.13 Self-openbaring van die verteller

Dit is goed wanneer die gehoor kan sien en hoor dat die kommunikator, in hierdie geval die predikant, nie volmaak is nie (Hattingh 2004: 6). Tydens narratiewe prediking word die gehoor genooi om met die karakters te identifiseer en dit lei tot self-ontdekking (Hattingh 2004: 2). Wanneer die predikant staaltjies uit sy eie lewe vertel, word hy die “karakter” en dus sal die gehoor met hom identifiseer. Die self-openbaring van die predikante vind in 11 van die preke (n = 12) plaas. Daar word in totaal 43 voorbeelde en kort staaltjies uit die predikante se eie lewens voorgehou.

### 6.5.14 Temas en motiewe

’n **Tema** is die verbindingselement wat ’n boodskap struktureel saambind. **Motiewe** is die stel woorde, kleure, terme, uitdrukkings of frases wat herhalend voorkom binne ’n spesifieke

stuk literatuur, kuns of musiek (*The American Heritage New Dictionary of Cultural Literacy* 2005: 5). Temas en motiewe kom in al 12 van die 12 preke voor.

### 6.5.15 Anti-outoritêre aanbieding

Geloof word makliker oorgedra deur vertellings as deur redenasies of deur argumente (Hattingh 2004: 3). ’n Anti-outoritêre gevoel moet deur die narratiewe preek geskep word, want daar moet nie ’n absolute of universele waarheid in die ontvanger se keel afgedruk word nie. Daar word tydens tien van die preke (n = 12) ’n anti-outoritêre aanbieding gevind.

### 6.5.16 Gebruik van kleurvolle detail

Die oorreder moet van konkrete, interessante detail tydens die narratiewe preek gebruik maak, veral tydens die karakteriseringsproses en met die gebruik van name (Hattingh 2004: 4). Al die kleurvolle detail moet egter verband hou met die tema, anders is dit oortollig. Daar word tydens vyf van die preke (n = 12) van kleurvolle detail gebruik gemaak.

### 6.5.17 Humor of verskuilde humor

Volgens Hattingh (2004: 4) moet die narratiewe prediker humor, en ook verskuilde humor, gebruik. Campbell (in Bailey 1965: 133) definieer humor as ’n sekere uitkyk oor mense en hul optrede. Die gehoor sal gewoonlik beter reageer op ’n oorreder wat van humor gebruik maak, as op ’n oorreder wat nie van humor gebruik maak nie (Bippus 2007: 106). Daar word tydens tien preke (n = 12) van humor, en ook verskuilde humor, gebruik gemaak. Hierdie stylelement word in totaal 53 kere aangewend. Tydens die oggenddiens van 26 Oktober 2008 het pastoor Theron van AGS Siloam 21 keer van humor gebruik gemaak.

### 6.5.18 Sintuiglike waarnemings

Sintuiglike waarnemings en onomatopieë kan gebruik word om die narratief meer effektief te maak vir memorisering en oorreding (Hattingh s.a.: 11). Sintuiglike waarnemings is enige

deel van die narratief wat die ontvanger se sintuie streel en groter sintuiglike betrokkenheid by die ontvanger vereis as net die blote aanhoor van die vertelling. Hierdie waarnemings kan groter betrokkenheid vereis van die ontvanger se gehoor-, smaak-, sig-, gevoel- of reuksintuig. Daar word nooit van sintuiglike waarnemings as 'n narratiewe stylelement gebruik gemaak tydens hierdie studie nie.

### 6.5.19 Stereotipes

Kruger, Rayner en Wall (2004: 48) stel dat stereotipes gebruik word wanneer sekere karaktertipes, of persoonlikheidstipes, oor en oor binne 'n boodskap voorkom. Stereotipes is dus die kategorisering en groepering van sekere mense, sodat almal in die groep onder dieselfde kam geskeer word (Kruger, Rayner & Wall 2004: 48). Hierdie stylelement word ses keer tydens drie preke (n = 12) aangewend.

### 6.5.20 Mites, fabels en legendes

Mites, fabels en legendes kan in narratiewe prediking ingesluit word. 'n **Mite** kan gesien word as 'n storie met 'n vergete of vervaagde oorsprong (Doyle 2004: 1). 'n **Fabel** is 'n kort allegoriese narratief wat 'n spesifieke morele standpunt inneem (Emery 2010a: 1). Die karakters in fabels is gewoonlik diere wat praat en optree soos menslike karakters sou. 'n **Legende** is 'n tradisionele historiese verhaal, of 'n versameling van verhale wat verbind is met mekaar, wat algemeen as waar en korrek aanvaar word, maar gewoonlik 'n vermenging van feit en fiksie is (Emery 2010b: 1). Daar word in totaal twee keer in twee van die preke (n = 12) van mites, fabels en legendes gebruik gemaak.

### 6.5.21 Geskiedenis

Geskiedenis kan in narratiewe prediking en stories ingesluit word (Longenecker 2002: 132). Geskiedenis, of geskiedkundige verhale, word deur die Collins English Dictionary (2009: 2) gedefinieer as 'n rekord of chronologiese vertelling van gebeure in die verlede. Hierdie gebeure sluit altyd mense in en kan as feitlik beskou word, aangesien dit neergeskryf is met

die doel om later onthou te word. Hierdie narratiewe stylelement word tydens nege preke (n = 12) aangewend.

### 6.5.22 Poëtiese taal

Poëtiese taal word onderskei van algemene taalgebruik deur die vestiging van ’n sisteem van besondersheid (Guilbert & Prud’homme 2006: 1). Die spesifieke gebruik van herhalings, beskrywings en neologismes vorm ook deel van poëtiese taalgebruik (Guilbert & Prud’homme 2006: 1). Daar word tydens vier preke (n = 12) van poëtiese taal gebruik gemaak.

### 6.5.23 Kort sinne

Wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word, moet daar nooit te veel detail gegee word en te veel afgedwaal word nie (Hattingh 2004: 3). Die oorreder moet selekteer wat vir die saak nodig is en moet dan kort sinne, met die werkwoord so vroeg as moontlik in die sin geplaas, gebruik (Hattingh 2004: 5). Hierdie taalelement word tydens ses preke (n = 12) aangewend.

### 6.5.24 Eenvoudige woordgebruik

Wanneer narratiewe kommunikasie gebruik word, moet die woordkeuses met versigtigheid gedoen word (Hattingh 2004: 5). Die woorde moet ’n spreekstyl in plaas van ’n skryfstyl reflekteer (Hattingh 2004: 5). Die woordkeuse moet ook so eenvoudig as moontlik gehou word en daar moet nie te veel variasie wees in die woorde wat gebruik word nie (Hattingh 2004: 5). Daar word tydens ses preke (n = 12) eenvoudige woordgebruik gevind.

### 6.5.25 Direkte rede

Hattingh (s.a.: 11) waarsku dat daar ’n aantal narratiewe tegnieke is wat moeilik is om te implementeer, en daarom is die gebruik van dialoog en direkte rede uiters belangrik. Dialoog

en direkte rede kan ekstensief uitgevoer word in die skryf en vertel van die storie-teks (Hattingh s.a.: 11). In die geval van sekere karakters kan innerlike dialoog ook gebruik word (Hattingh 2004: 4). Daar word in al 12 preke van die direkte rede gebruik gemaak.

### 6.5.26 Uitroepe

Die gebruik van sterk imperatiewe dra by tot memorisering wat dan lei tot oorreding (Hattingh s.a.: 11). ’n “Imperatief” of word gedefinieer as ’n opdrag of versoek wat dringend gerig word (*The Free Dictionary* 2010a: 1). Hierdie taalelement word 14 kere in sewe van die preke (n = 12) aangewend.

### 6.5.27 Alliterasie

Alliterasie is die herhaling van dieselfde klanke of letters, gewoonlik mede-klinkers, wat aan die begin van ’n woord voorkom (Scaife 2004: 1). Daar word 36 gevalle van alliterasie, versprei oor al 12 van die preke, gevind.

### 6.5.28 Assonansie

Assonansie is die herhaling van dieselfde klanke wat binne-in ’n woord voorkom en die klanke is die meeste van die tyd klinkers (Scaife 2004: 3). Daar word vyf gevalle van assonansie in vyf van die preke (n = 12) gevind.

### 6.5.29 Temporale oorgangswoorde

Binne narratiewe word gebeure temporaal aan mekaar verbind (Josselson en Lieblich 1999: 171). Hierdie temporale orde van gebeure lei tot die sukses van die storielyn. Die temporale orde word geskep deur gebruik te maak van temporale oorgangswoorde soos “en toe,” “daarna,” en “nadat”. Daar word in vyf van die geanaliseerde preke (n = 12) van temporale oorgangswoorde gebruik gemaak.

### 6.5.30 Gebruik van stem en liggaam om narratief te versterk

Wanneer mense praat, maak hulle spontane bewegings wat bekend staan as gebare (Ryan 2004: 114). Dit sal gewoonlik bewegings van die hande en arms wees, maar somtyds sal die res van die liggaam ook deelneem. Hierdie bewegings stem ooreen met die vloei van spraak en dra dan by tot die narratiewe diskoers. Die stem en liggaam word in al 12 van die preke aangewend om die boodskap te versterk.

### 6.5.31 Gebruik van digitale media

'n Digitale medium moet nie net 'n rekenaar gebruik nie, maar is afhanklik van 'n rekenaar vir die produksie en vertoning daarvan (Ryan 2004: 329). Daar is 'n paar alledaagse voorbeelde van digitale media wat deel uitmaak van of bydra tot narratiewe prediking. Digitale foto's of *Powerpoint*-aanbiedings kan dieselfde narratiewe funksie vervul as stilstaande prente. Daar word in tien van die preke (n = 12) digitale media gebruik. In al tien gevalle word *Powerpoint*- of ander voorleggingsagteware aangewend.

### 6.5.32 Gebruik van prente en foto's

Varga (in Ryan 2004: 139) glo dat prente nie 'n tweede manier is om 'n verhaal te vertel nie, maar eerder 'n manier is om 'n verhaal te herroep. Hierdie stelling is ook van toepassing op musiek en dans. Prente leef in 'n simbiotiese verhouding met die oorspronklike, verbale teks (Ryan 2004: 139). Die ideaal is dat die verbale en visuele saamsmelt in die gedagtes van die ontvanger om een kragtige beeld te vorm. Stilfilms, skilderye, strokiesprente en foto's kan dieselfde narratiewe funksie as prente vervul. Daar word in twee van die preke (n = 12) van prente en foto's as 'n narratiewe retoriese strategie gebruik gemaak.

### 6.5.33 Gebruik van musiek

Die verhouding tussen musiek en narratiewe is veelvoudig (Ryan 2004: 267). Dramatiese narratiewe word dikwels getoonset in die vorm van operas, instrumentele komposisies illustreer soms bekende narratiewe, verbale vertellings vergesel musiek en nuwe musiek word

geskep om die stemming in films en teater te skep (Ryan 2004: 267). Sommige teoretici glo ook dat musiek self ’n onderliggende narratiwiteit bevat. Dus kan musiek gebruik word as ’n narratiewe, nie-verbale element tydens prediking. Hierdie nie-verbale narratiewe element word tydens twee preke (n = 12) as ’n retoriese strategie aangewend.

## 6.6 BESPREKING VAN EN GEVOLGTREKKING OOR DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE STORIE-ELEMENTE EN NARRATIEWE STYLELEMENTE

Die navorser het gevind dat bykans al die narratiewe storie-elemente (n = 19) en narratiewe stylelemente (n = 33) tydens die 12 geanaliseerde preke gebruik is. Daar is slegs 1 narratiewe storie-element (n = 19) wat nooit voorgekom het nie, naamlik die **ervaringsnarratief**. Daar is ook net 1 narratiewe stylelement (n = 33) wat nooit gebruik is nie, naamlik die **gebruik van sintuiglike waarnemings**.

Die narratiewe storie-elemente wat die meeste gebruik is, is **inleiding** (vyf keer)**, gevolglike verbindings** (vyf keer)**, protagonis** (vyf keer) en **narratiewe ligging** (vyf keer). Elkeen van hierdie storie-elemente is tydens al vyf preke waarin daar ’n hele verhaal voorkom, gebruik.

Uit die geïdentifiseerde 33 narratiewe stylelemente, is daar agt narratiewe stylelemente wat in al 12 preke voorgekom het. Hierdie stylelemente is **spreekwoorde** (kom 28 keer voor tydens die 12 preke)**, die gebruik van algemene en gedeelde ervarings** (kom 19 keer voor tydens die 12 preke)**, die afstuur op ’n keuse** (kom voor tydens al 12 preke)**, ’n waarde-gelaaide boodskap** (kom voor tydens al 12 preke)**, die voorkoms van temas en motiewe** (kom tydens 12 van die preke voor)**, direkte rede** (kom tydens 12 van die preke voor)**, alliterasie** (kom 36 keer voor tydens die 12 preke) en **die stem en liggaam wat die storie versterk** (kom tydens 12 van die preke voor).

Die gebruik van **humor**, die gebruik van **metafore** en die **self-openbaring van die verteller** is die stylelemente wat by verre die meeste voorgekom het. Daar is 53 kere van humor tydens 10 van die preke (n = 12) gebruik gemaak. Daar is 52 metafore tydens 11 van die preke (n = 12) gebruik. Daar is 43 gevalle van self-openbaring van die verteller tydens 11 van die preke (n = 12) gevind.

Daar is in totaal baie meer van die narratiewe stylelemente gebruik gemaak as van die narratiewe storie-elemente. Daar is 445 gevalle van die gebruik van die narratiewe stylelemente tydens die 12 preke aangeteken. Dit sluit die gebruik van die taalelemente en die nie-verbale elemente in. Die narratiewe storie-elemente is slegs 64 keer aangewend tydens die 12 geanaliseerde preke. Die rede hiervoor is die feit dat narratiewe stylelemente tydens elke preek (n = 12) gebruik is, terwyl daar slegs tydens 5 van die preke (n = 12) hele vertellings gebruik is. Narratiewe storie-elemente kan dus net voorkom wanneer daar hele verhale gebruik word. Nou sal daar gekyk word of daar ’n verskil in die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is.

## 6.7 GEBRUIK VAN NARRATIEWE KOMMUNIKASIE TYDENS OGGENDDIENSTE EN AANDDIENSTE

Nadat al die preke geanaliseer is om te bepaal of die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie gebruik maak, is daar gekyk of daar ’n verskil in die gebruik van narratiewe kommunikasie tussen die preke van die oggenddienste en die preke van die aanddienste voorkom. Daar is ses oggendpreke en ses aandpreke geanaliseer. Die navorser het gekyk of narratiewe stylelemente, of ’n kombinasie van narratiewe stylelemente en volledige narratiewe, meer tydens die oggenddienste of aanddienste gebruik word. Daar is ook gekyk of die voorkoms van die narratiewe storie-elemente en narratiewe stylelemente meer is tydens die oggenddienste of meer is tydens die aanddienste.

Daar is drie aanddienspreke waar daar ’n kombinasie van hele narratiewe en narratiewe stylelemente voorkom. Daar is ook drie aanddienspreke waar daar net van narratiewe stylelemente gebruik gemaak word. Die kombinasie van hele narratiewe en narratiewe stylelemente word egter net tydens twee oggenddienste gebruik, terwyl die gebruik van slegs narratiewe stylelemente tydens vier oggenddienste voorkom. Dit wil dus voorkom of die gebruik van volledige narratiewe, in samewerking met die gebruik van narratiewe stylelemente, meer dikwels tydens die aanddienste voorkom. Die predikante fokus dus meer op die gebruik van narratiewe stylelemente tydens die oggenddienste.

Tydens die oggendpreke waar ’n hele narratief voorkom, is daar ’n gemiddeld van 12,5 storie-elemente (n = 19) gebruik. Tydens die aandpreke waar ’n hele narratief gebruik word, is daar ’n gemiddeld van 13 storie-elemente (n = 19) aangetref. Daar is dus geen noemenswaardige verskil tussen die hoeveelheid van die storie-elemente wat voorkom tydens die oggenddienste en aanddienste nie.

Tydens die oggendpreke waar daar slegs narratiewe stylelemente voorkom, is daar ’n gemiddeld van 21,3 stylelemente (n = 33) gebruik. Tydens die aandpreke waar daar slegs narratiewe stylelemente gebruik word, is daar ’n gemiddeld van 21,3 stylelemente (n = 33) aangetref. Daar is dus geen verskil tussen die hoeveelheid van die stylelemente wat voorkom tydens die oggenddienste en aanddienste nie.

257 van die 445 aangetekende gevalle van narratiewe stylelemente word tydens die ses oggenddienste gevind. Slegs 188 van die 445 gevalle van narratiewe stylelemente word tydens die ses aanddienste gevind. Die enigste verskil in die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, wanneer daar gekyk word na die oggenddienste en aanddienste, is dus dat daar tydens die oggenddienste meer gefokus word op die gebruik van narratiewe stylelemente as tydens die aanddienste. Die kombinasie van hele narratiewe en narratiewe stylelemente word net tydens twee oggenddienste gebruik, terwyl die gebruik van slegs narratiewe stylelemente tydens vier oggenddienste voorkom. Tydens die aanddienste

word daar dus meer gefokus daarop om ’n kombinasie van narratiewe storie-elemente en narratiewe stylelemente te gebruik.

## 6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die primêre doelwit sowel as die sekondêre doelwitte van die studie in diepte bespreek en daar is tot ’n gevolgtrekking gekom. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat narratiewe kommunikasie wel as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende gemeentes van die Apostoliese Geloofsending in Bloemfontein gebruik word. Daar word meer van narratiewe stylelemente as hele narratiewe en narratiewe storie-elemente gebruik gemaak en AGS Siloam maak meer van narratiewe kommunikasie gebruik as AGS Jubilate.

Daar is agt narratiewe stylelemente wat in al 12 preke voorgekom het. Hierdie stylelemente is spreekwoorde, die gebruik van algemene en gedeelde ervarings, die afstuur op ’n keuse, ’n waarde-gelaaide boodskap, die voorkoms van temas en motiewe, direkte rede, alliterasie en die stem en liggaam wat die storie versterk. Die gebruik van humor, die gebruik van metafore en die self-openbaring van die verteller is die stylelemente wat by verre die meeste voorgekom het in terme van die hoeveelheid kere wat elkeen van daardie elemente gebruik is.

Die gebruik van volledige narratiewe, in samewerking met die gebruik van narratiewe stylelemente, kom meer dikwels tydens die aanddienste voor. Die predikant fokus dus meer op die gebruik van narratiewe stylelemente tydens die oggenddienste. Daar is egter geen verskil tussen die oggenddienste en aanddienste in die gemiddelde gebruik van narratiewe storie-elemente en narratiewe stylelemente nie.

# HOOFSTUK SEWE: OORSIG, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

## 7.1 OORSIG

Mense sien en verstaan die wêreld deur die lense van hul stories. Sprekers gebruik stories om te verseker dat hulle die gehoor se aandag behou. Die kerkewêreld is ook geen uitsondering nie. Ook hier gebruik predikante stories, of dele daarvan, om hulle punt te maak en om die gehoor te oortuig om hulle aanbevelings te volg.

Daar is vier basiese natuurlike behoeftes wat tydens diskoers bevredig word (Brooks & Warren 1970: 56). Hierdie vier soorte diskoers staan bekend as eksposisie, oorreding (of retoriek), beskrywing en narratief.

Tydens eksposisie word ‘n idee of ‘n konsep aan die ontvanger verduidelik (Brooks & Warren 1970: 57). ‘n Karakter of situasie kan hier geanaliseer word, ‘n term kan gedefinieer word, of instruksies kan verskaf word. Eksposisie word dus gebruik om die ontvanger in te lig. Retoriek word gebruik om die ontvanger te oorreed om sy houding, sy sienswyse, sy gevoel oor ‘n saak of sy standpunt te verander (Brooks & Warren 1970: 57). Beskrywing word gebruik om die ontvanger bewus te maak van ‘n gewaarwording van die spreker of skrywer (Brooks & Warren 1970: 57). Hierdie beskrywing kan na enige voorwerp wat deur die sintuie waargeneem kan word, verwys. Wanneer narratief gebruik word, word ‘n ervaring aan die ontvanger oorgedra. Dit sal beskryf wat gebeur het en hoe dit gebeur het (Brooks & Warren 1970: 57).

Hierdie vier soorte diskoers kom egter nie altyd in hul suiwer, individuele vorm voor nie. Daar kom die meeste van die tyd ‘n vermenging van hierdie diskoersvorme voor (Brooks & Warren 1970: 57). So word narratiewe kommunikasie gereeld saam met, of selfs as ‘n strategie van, retoriese kommunikasie gebruik.

Kruger, Rayner en Wall (2004: 43) stel dat die gebruik van narratief baie effektief is om die reaksie van die gehoor teenoor ‘n spesifieke boodskap te beïnvloed. Josselson en Lieblich (1999: 170) bevestig hierdie stelling deur te sê dat ‘n narratief se doel nie net is om ‘n situasie te beskryf nie, maar om mense te motiveer om op ‘n bepaalde wyse op te tree sodat ‘n sekere praktyk kan voortduur of kan verander. Dus kan narratief as ‘n retoriese strategie gesien word aangesien dit gebruik word om die ontvanger van die kommunikasieboodskap te oorreed om te doen wat die stuurder van die kommunikasieboodskap begeer.

Die Apostoliese Geloofsending (AGS) het op 25 Mei 1908 tot stand gekom onder die bediening van John G. Lake en Thomas Hezmalhalch (*Die AGS is 100 Jaar!!!* 2008b: 3). Hierdie kerkgenootskap het in 2008 sy eeufees gedenk. Hierdie kerkgenootskap is deel van die Pinkster-beweging (Burger 1987: 14). Volgens Burger (1987: 11) is die AGS ook die oudste en grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika. In hierdie studie is daar gekyk na die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie binne die prediking van die Apostoliese Geloofsending in Bloemfontein.

Die primêre doelwit van die studie was om die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes te ontleed. Die navorsingsvraag was hoe narratiewe kommunikasie as retoriese strategie manifesteer in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending-gemeentes. Uit die primêre doelwit het daar verskeie sekondêre doelwitte gevloei, naamlik:

- Om die begrip “narratiewe kommunikasie” as proses van kommunikasie te omskryf;
- Om die toepassing van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie te omskryf;
- Om narratiewe kommunikasie in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te kontekstualiseer;
- Om die frekwensie van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in die prediking van die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending te meet;
- Om te bepaal watter narratiewe storie-elemente en stylelemente gebruik word;

- Om te bepaal of daar ’n verskil in die voorkoms van narratiewe kommunikasie tydens die oggenddienste en die aanddienste is;

Daar is op 12 Oktober 2008 ‘n loodsondersoek gedoen om te bepaal of narratiewe kommunikasie as retoriese strategie wel in AGS Siloam gebruik word. Tydens hierdie ondersoek is daar van inhoudsanalise en veldwaarneming gebruik gemaak en daar is gevind dat narratiewe kommunikasie wel gebruik word. Die res van die studie kon dus voortgaan.

Die preke van pastoor Theo Theron, van AGS Siloam in Universitas, en pastoor Deon Bosch, van AGS Jubilate in Hilton, is deur sigbare waarneming en inhoudsanalise geanaliseer. Daar is na drie oggenddiens-preke en drie aanddiens-preke van elke pastoor gekyk. Pastoor Theron se preke van die oggenddienste van 19 Oktober 2008, 26 Oktober 2008 en 9 November 2008, en die aanddienste van 19 Oktober 2008, 2 November 2008 en 11 Januarie 2009, is geanaliseer. Pastoor Bosch se preke van die oggenddienste van 23 November 2008, 4 Januarie 2009 en 11 Januarie 2009, en die aanddienste van 9 November 2008, 4 Januarie 2009 en 25 Januarie 2009, is geanaliseer. Hierdie preke kan as normale preke, wat gewoonlik in hierdie gemeentes sou voorkom, beskou word aangesien hierdie preke nie tydens spesiale datums op die kerkkalender plaasgevind het nie. Daar is ook video-opnames van al die preke gemaak sodat die navorser as ’n na-toets weer deur die preke kon gaan om die resultate te bevestig. Inhoudsanalise was dus die primêre navorsingsmetode tydens hierdie studie.

AGS Siloam en AGS Jubilate is tydens die preke van pastoor Theo Theron en pastoor Deon Bosch deur die navorser besoek sodat daar, in samewerking met die inhoudsanalise, waargeneem kon word of daar van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens hul prediking gebruik gemaak word. Hierdie proses het plaas gevind om te verseker dat daar ook op sekere nie-verbale elemente van narratiewe kommunikasie gefokus word, hoewel die studie primêr op verbale elemente fokus. Hierdie nie-verbale elemente, wat die gebruik van prente, bykomstighede en digitale media insluit, kon moontlik tydens die video-opnames wat vir die inhoudsanalise-doeleindes gemaak is, verlore gegaan het. Daarom het die navorser

ook die dienste in persoon bygewoon. Aangesien toestemming vir die waarneming van die pastore tydens hul preke verkry moes word, kan daar gesê word dat die navorser van sigbare waarneming gebruik gemaak het. Tydens die kerkdienste het die navorser die waarnemer-as-deelnemer rol ingeneem.

Die eenheid van analise vir hierdie studie se inhoudsanalise was die narratiewe storie-elemente en stylelemente wat voorgekom het in die ses preke van pastoor Theron en die ses preke van pastoor Bosch. ’n Volledige voorbeeld van die tabel wat vir hierdie inhoudsanalise gebruik is, kan in Aanhangsel A gevind word. Die kategorieë van analise (storie-elemente en stylelemente) is volledig bespreek en die inhoudsanalise-resultate vir elke preek is in tabelvorm gegee. Die voorkoms en gebruik van elke storie-element en stylelement is ook afsonderlik bespreek as deel van een van die sekondêre doelwitte van die studie. Vir die doel van hierdie studie is daar gesê dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in ‘n preek aangewend word wanneer daar 50 % van die narratiewe storie-elemente (n = 19) of 50 % van die narratiewe stylelemente (n = 33) binne ‘n spesifieke preek gebruik word. Daar is tydens elke geanaliseerde preek aan hierdie minimum vereiste voldoen en dus kan daar gesê word dat narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens elke geanaliseerde preek aangewend is. Daar is tydens vyf preke van hele vertellings en storie-elemente, in samewerking met stylelemente, gebruik gemaak. Tydens sewe preke is daar net van stylelemente gebruik gemaak. Narratiewe kommunikasie word dus as retoriese strategie aangewend tydens die prediking in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending.

Die begrip “narratiewe kommunikasie” as proses van kommunikasie is in hoofstuk 2 omskryf en die toepassing van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie in in hoofstuk 3 omskryf. Narratiewe kommunikasie in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending is in hoofstuk 4 gekontekstualiseer. Die voorkoms en gebruik van elke storie-element en stylelement is afsonderlik bespreek as deel van hoofstuk 6. Daar is slegs 1 narratiewe storie-element (n = 19) wat nooit voorgekom het nie, naamlik die ervaringsnarratief. Daar is ook net 1 narratiewe stylelement (n = 33) wat nooit gebruik is nie, naamlik die gebruik van sintuiglike waarnemings. Die narratiewe storie-elemente wat die meeste gebruik is, is

inleiding, gevolglike verbindings, protagonis en narratiewe ligging. Elkeen van hierdie storie-elemente is tydens al vyf preke waarin daar ‘n hele verhaal voorkom, gebruik. Uit die geïdentifiseerde 33 narratiewe stylelemente, is daar agt narratiewe stylelemente wat in al 12 preke voorgekom het. Hierdie stylelemente is spreekwoorde (kom 28 keer voor tydens die 12 preke), die gebruik van algemene en gedeelde ervarings (kom 19 keer voor tydens die 12 preke), die afstuur op ‘n keuse (kom voor tydens al 12 preke), ‘n waarde-gelaaide boodskap (kom voor tydens al 12 preke), die voorkoms van temas en motiewe (kom tydens 12 van die preke voor), direkte rede (kom tydens 12 van die preke voor), alliterasie (kom 36 keer voor tydens die 12 preke) en die stem en liggaam wat die storie versterk (kom tydens 12 van die preke voor).

Die gebruik van humor, die gebruik van metafore en die self-openbaring van die verteller is die stylelemente wat by verre die meeste voorgekom het. Daar is 53 kere van humor tydens 10 van die preke (n = 12) gebruik gemaak. Daar is 52 metafore tydens 11 van die preke (n = 12) gebruik. Daar is 43 gevalle van self-openbaring van die verteller tydens 11 van die preke (n = 12) gevind.

Daar is in totaal baie meer van die narratiewe stylelemente gebruik gemaak as van die narratiewe storie-elemente. Daar is 445 gevalle van die gebruik van die narratiewe stylelemente tydens die 12 preke aangeteken. Dit sluit die gebruik van die taalelemente en die nie-verbale elemente in. Die narratiewe storie-elemente is slegs 64 keer aangewend tydens die 12 geanaliseerde preke. Die rede hiervoor is die feit dat narratiewe stylelemente tydens elke preek (n = 12) gebruik is, terwyl daar slegs tydens 5 van die preke (n = 12) hele vertellings gebruik is. Narratiewe storie-elemente kan dus net voorkom wanneer daar hele verhale gebruik word.

257 van die 445 aangetekende gevalle van narratiewe stylelemente word tydens die ses oggenddienste gevind. Slegs 188 van die 445 gevalle van narratiewe stylelemente word tydens die ses aanddienste gevind. Die enigste verskil in die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie, wanneer daar gekyk word na die oggenddienste en

aanddienste, is dus dat daar tydens die oggenddienste meer gefokus word op die gebruik van narratiewe stylelemente as tydens die aanddienste. Die kombinasie van hele narratiewe en narratiewe stylelemente word net tydens twee oggenddienste gebruik, terwyl die gebruik van slegs narratiewe stylelemente tydens vier oggenddienste voorkom. Tydens die aanddienste word daar dus meer gefokus daarop om ‘n kombinasie van narratiewe storie-elemente en narratiewe stylelemente te gebruik.

## 7.2 TEKORTKOMINGE

Subjektiwiteit tydens die inhoudsanalise van die 12 preke kan as ‘n eerste moontlike tekortkoming gesien word. Eie oordeel is by die ontleding en analise van die 12 preke gebruik en dit is moontlik dat ‘n ander navorser, ook dalk iemand van ‘n ander godsdienstige agtergrond, die preke in ‘n ander lig kan interpreteer en analiseer.

Die navorser het die waarnemer-as-deelnemer rol ingeneem tydens die dienste wat bygewoon is. Die predikante moes ook toestemming gee vir die navorser se teenwoordigheid tydens die preke. Dit kon ‘n invloed op die voorbereiding van en aflewering van die preke gehad het. Dit is moontlik dat die predikante van minder of meer narratiewe storie-elemente en minder of meer narratiewe stylelemente gebruik kon maak indien hulle nie geweet het dat hulle waargeneem word nie.

Die navorser moes ook deurentyd daarteen waak dat haar persoonlike voorkeur vir die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking nie die ontleding beïnvloed nie.

## 7.3 AANBEVELINGS EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Daar is gevind dat die predikante se kennis oor die gebruik van narratiewe kommunikasie, en veral oor die gebruik van narratiewe stylelemente, tydens prediking redelik beperk is. Uit die literatuurstudie het dit egter geblyk dat narratiewe kommunikasie baie effektief as ‘n retoriese strategie tydens prediking aangewend kan word. Die samestelling van ‘n narratiewe model vir prediking in die Apostoliese Geloofsending, en prediking binne ander denominasies, kan dus van groot nut wees.

Die reaksie van kerkgangers op die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking kan ook tydens ‘n latere studie gemeet en ontleed word.

Die studie oor die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens die prediking in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending kan uitgebrei word na ‘n studie oor die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, en ander denominasies, se gebruik van narratiewe kommunikasie. Daar kan ook gekyk word na die opleiding van pastore en ander predikante in die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie. Verder kan daar ook in die toekoms ‘n studie gedoen word wat verskillende denominasies se gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking vergelyk.

## 7.4 SAMEVATTING

Nadat die inhoudsanalise en veldwaarneming voltooi is, is daar is tot die gevolgtrekking gekom dat narratiewe kommunikasie breedvoerig en gereeld as retoriese strategie in die prediking van die tradisionele Afrikaanssprekende gemeentes van die Apostoliese Geloofsending in Bloemfontein gebruik word. Daar word meer van narratiewe stylelemente as hele narratiewe en narratiewe storie-elemente gebruik gemaak. Die gebruik van volledige narratiewe, in samewerking met die gebruik van narratiewe stylelemente, kom meer dikwels

tydens die aanddienste voor. Die predikant fokus dus meer op die gebruik van narratiewe stylelemente tydens die oggenddienste.

Die subjektiwiteit van die navorser kon moontlik ‘n invloed op die navorsing gehad het, en die navorser moes waak teen hierdie subjektiwiteit en haar persoonlike voorkeur vir narratiewe kommunikasie tydens prediking.

Daar is gevind dat die predikante se kennis oor die gebruik van narratiewe kommunikasie tydens prediking redelik beperk is. Die samestelling van ‘n narratiewe model vir prediking in die Apostoliese Geloofsending, en ander denominasies, kan ‘n uitvloeisel van die navorsing wees. Die reaksie van kerkgangers op die gebruik van narratiewe kommunikasie as retoriese strategie tydens prediking kan ook tydens ‘n latere studie gemeet en ontleed word.

Narratiewe kommunikasie word dus aangewend as retoriese strategie tydens die prediking in die Bloemfonteinse Apostoliese Geloofsending.

# LYS VAN VERWYSINGS


Abbott, H.P. 2002. *The Cambridge introduction to narrative.* Cambridge: Cambridge University Press.

AGS Siloam. 2008a. *Bulletin: 21 – 28 September 2008.* (Pamflet). Bloemfontein: AGS Siloam.

AGS Siloam. 2008b. Die AGS is 100 jaar! *Die Spilpunt*, Mei: 3.

AGS Siloam. 2009. *Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika: Siloam-gemeentebeleid.* Bloemfontein: AGS Siloam.

AGS Siloam. 2010. *Bulletin: 18 – 25 Julie 2010.* (Pamflet). Bloemfontein: AGS Siloam.

AGS van SA Bloemfontein Sentraal Jubilate Gemeente. 2008a. *Afkondigings 9 – 16 November 2008.* (Pamflet). Bloemfontein: AGS Jubilate-gemeente.

AGS van SA Bloemfontein Sentraal Jubilate Gemeente. 2008b. *Afkondigings 23 -30 November 2008.* (Pamflet). Bloemfontein: AGS Jubilate-gemeente.

AGS van SA Bloemfontein Sentraal Jubilate Gemeente. 2010. *Afkondigings 8 - 15 Augustus 2010.* (Pamflet). Bloemfontein: AGS Jubilate gemeente.

Apostolic Faith Mission. 2008a. *Constitution of the Apostolic Faith Mission of South Africa.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.afm-ags.org/constitution.asp [Besoek op 13 Oktober 2008].

Apostolic Faith Mission. 2008b. *History of the Church.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.afm-ags.org/history.asp [Besoek op 13 Oktober 2008].

Apostolic Faith Mission. 2008c. *Introduction to AFM.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.afm-ags.org/intro.asp [Besoek op 13 Oktober 2008].

Apostolic Faith Mission. 2008d. *Main office bearers of the AFM.* [Aanlyn]. Herwin van: http://afm-ags.org/office_bearers.asp [Besoek op 13 Oktober 2008].

Apostolic Faith Mission. 2008e. *The Confession of Faith.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.afm-ags.org/confession.asp [Besoek op 13 Oktober 2008].

Auckland park Theological Seminary. 2010. *About ATS.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.afmtc.org/site/index.php/about_ats [Besoek op 21 Julie 2010].

Bailey, D. 1965. *Essays on rhetoric.* New York: Oxford University Press.

Benoy, J. 2006. *Content analysis as a research tool.* [Aanlyn]. http://www.en.articlesgratuits.com/content-analysis-as-a-research-tool-id998.php [Besoek op 25 Augustus 2010].

Bippus, A. 2007. Factors predicting the perceived effectiveness of politicians' use of humor during a debate. *International Journal of Humor Research* 20 (2): 105 - 121.

Bosch, D. 2010. Persoonlike onderhoud. Bloemfontein: 12 Augustus.

Brainy Media. 2010. *Definition of preaching.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.brainyquote.com/words/pr/preaching205726.html [Besoek op 9 Augustus 2010].

Brooks, C. & Warren, R. P. 1970. *Modern rhetoric.* (3de uitgawe). New York: Harcourt, Brace & World.

Brown, L. s.a. *Observational field research.* [Aanlyn]. Herwin van http://www.socialresearchmethods.net/tutorial/Brown/lauratp.htm [Besoek op 26 Augustus 2010].

Burger, I. 1987. *Geloofsgeskiedenis van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika 1908-1958.* Westdene: AGS Drukkers.

Burger, I. Augustus 1988. Die plek en rol van die AGS in Suid-Afrika. *Pinksterboodskapper.* Deel 13 (8): 3.

Burger, I. September 1988. Die plek en rol van die AGS in Suid-Afrika (vervolg). *Pinksterboodskapper.* Deel 13 (9): 2 – 3.

Burger, I. Oktober 1988. Die plek en rol van die AGS in Suid-Afrika (vervolg). *Pinksterboodskapper.* Deel 13 (10): 2.

Burger, I. 2008. *Centennial programme: Apostolic Faith Mission of South Africa.* (pamflet). Auklandpark: AGS.

Burger, I. & Nel, M. 2008a. *The Apostolic Faith Mission of South Africa 1908-2008.* Centurion: Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika.

Burger, I. & Nel, M. 2008b. *The Fire Falls in Africa: A History of the Apostolic Faith Mission of South Africa.* Vereeniging: Christian Art Publishers.

Burton, W. F. 1983. Historiese opwekking in Suid-Afrika. *Pinksterboodskapper.* Deel 8 (7): 32 – 33.

Casnig, J. D. 2009. *A language of metaphors.* [Aanlyn]. Herwin van: http://knowgramming.com/fishing_metaphors.htm [Besoek op 7 Julie 2010].

Cherry, K. 2010. *Types of nonverbal communication.* [Aanlyn]. Herwin van: http://psychology.about.com/od/nonverbalcommunication/a/nonverbaltypes.htm [Besoek op 2 September 2010].

*Collins English Dictionary – Complete and unabridged 10th edition*. 2009. [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/history [Besoek op 2 September 2010].

Colorado State University. 2010. *Advantages of content analysis.* [Aanlyn]. Herwin van: http://writing.colostate.edu/guides/research/content/com2d2.cfm [Besoek op 25 Augustus 2010].

Cragan, J. F. & Shields, D. C. s.a. Understanding communication theory: The communicative forces for human action. In *Toegepaste kommunikasieteorie: Studiegids vir KOM 322 in 2005.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

*Cultural Dictionary*. 2010. [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/analogy [Besoek op 29 Julie 2010].

DC Talk & The Voice of the Martyrs. 2001. *Fanaties vir Jesus*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

DeChant, D. & Fasching, D.J. 2001. *Comparative religious ethics. A narrative approach.* Oxford: Blackwell Publishing.

Deur opleiding en bemagtiging ‘n modelkerk! 2002. *Pinksterboodskapper* 8: 15.

De Wet, J. C. 1984. *News and ideological control: The Mugabe election.* Suid-Afrika: Universiteit van Suid-Afrika.

De Wet, J. C. 2010. *The art of Persuasive Communication: A Process.* (3de uitgawe). Claremont: Juta.

De Wet, R. 2006. *Ontwerp en toepassing van 'n pastorale narratiewe model.* Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Dictionary.com. 2010a. *Avatar*. [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/avatar [Besoek op 6 Julie 2010].

Dictionary.com. 2010b. *Metaphor*. [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/metaphor [Besoek op 7 Julie 2010].

Die eenheid van die kerk: Verklaring uitgereik in opdrag van die AGS Werkersraad. Junie 1983. *Pinksterboodskapper*. Deel 8 (6): 14.

Disneyland Paris. s.a. *Journey through time: Discoveryland.* [Aanlyn]. Herwin van: http://parks.disneylandparis.co.uk/disneyland-park/lands/discoveryland/attractions/buzz-lightyear-laser-blast.xhtml [Besoek op 7 Julie 2010].

Dobson, J. 2000. *Life lessons from… Stories of the heart and home.* Nashville: Word Publishing.

Dominick, J. R. & Wimmer, R. D. 2006. *Mass media research: An introduction.* (8ste uitgawe). Boston: Wadsworth.

Doyle, B. 2004. *Definitions of myth.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.pantheon.org/articles/m/mythology.html [Besoek op 2 September 2010].

Dr. John G. Lake: Soos 'n apostel na Afrika. Desember 1983. *Pinksterboodskapper.* Deel 8 (12): 32.

Dubois, J., Edeline, F., Klinkenberg, J.-M., Minguet, P., Pire, F. & Trinon, H. 1981. *A general rhetoric.* Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

Du Plooy, G. M. 2006. *Communication research: Techniques, methods and applications.* Lansdowne: JUTA.

Du Preez, H. P. 2010. ‘n Tematiese inhoudsanalise van die boodskappe in spotprente in *Punch* gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902). Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Eidenmuller, M.E. 2008. *Scholarly definitions of rhetoric.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.americanrhetoric.com/rhetoricdefinitions.html [Besoek op 3 September 2008]**.**

Eidenmuller, M. E. 2010. *American rhetoric: Top 100 speeches*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.americanrhetoric.com/speeches/mlkihaveadream.htm [Besoek op 3 Julie 2010].

Emery, D. 2010a. *Fable.* [Aanlyn]. Herwin van: http://urbanlegends.about.com/od/glossary/g/fable.htm [Besoek op 2 September 2010].

Emery, D. 2010b. *Legend.* [Aanlyn]. Herwin van: http://urbanlegends.about.com/od/glossary/g/legend.htm [Besoek op 2 September 2010].

Felluga, D. 2003. *First-person narration.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.cla.purdue.edu/academic/engl/theory/narratology/terms/firstperson.html [Besoek op 1 September 2010].

Fisher, W. R. 1987. *Human communication as narration: Toward a philosophy of reason, value, and action.* Columbia: University of South Carolina Press.

Fourie, P. J. 2008. *Media studies. Volume 2. Content, audiences and production.* Lansdowne: Juta.

Gerber, R. 2005. *‘n Narratiewe pastorale betrokkenheid by gesinne.* Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Gill, N. S. 2010. *Achilles: Greek hero at Troy*. [Aanlyn]. Herwin van: http://ancienthistory.about.com/cs/achilles/g/Achilles.htm [Besoek op 7 Julie 2010].

Groenewald, E. P. 1963. *In gelykenisse het Hy geleer*. Pretoria: Van Schaik.

Guilbert, N. & Prud'homme, J. 2006. *Poetic language*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.signosemio.com/riffaterre/a_langagepoete.asp [Besoek op 16 Oktober 2010].

Hattingh, J. 2004. *Narratiewe prediking: 'n Kontemporêre wyse van preek.* (Lesingnotas vir die Auklandpark Teologiese Seminarium). Johannesburg: Auklandpark Teologiese Seminarium.

Hattingh, J. 2008. *Eenhonderd jaar van bestaan!* (Brosjure). Auklandpark: AGS.

Hattigh, J. s.a. *Narratologiese tegnieke vir die (her)skryf van Ou Testament narratiewe (Sondagskool Fase).* (Lesingnotas vir die Auklandpark Teologiese Seminarium). Johannesburg: Auklandpark Teologiese Seminarium.

Hernandi, J. & Steen, F. 1999. *What is a proverb?* [Aanlyn]. Herwin van: http://cogweb.ucla.edu/Discourse/Proverbs/Definitions.html [Besoek op 2 September 2010].

Holloway, S. 2010. *Fondasieselle: Sessie 7 – Die Doop en Nagmaal*. Bloemfontein: AGS Siloam.

Human, F. 2010. *Identifisering met die held en die emosionele betrokkenheid van kykers by rolprentdramas.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=86927&cat_id=250 [Besoek op 1 September 2010].

Hunter, J. 2005. *Achilles.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.pantheon.org/articles/a/achilles.html [Besoek op 7 Julie 2010].

Hurst, C. s.a. *Karakters.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.onnet.up.ac.za/karakters.html [Besoek op 1 September 2010].

Interactive Drama Inc. 2008. *IDI: Interactive Drama Inc.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.idrama.com/idihome/index.htm [Besoek op 6 Julie 2010].

*Iron Man: Ultimate 2-disc edition.* 2008. (DVD). Regie deur Jon Favreau. VSA: Marvel Entertainment.

Jackson, N. 2008. AGS – nou in hoofstroom; lank nie meer ‘n sekte. *Volksblad.* 29 Mei 2008.

Janse van Rensburg, J. 2003. Narrative Preaching - Theory and praxis of a new way of preaching*. Acta Theologica; Supplementum 4.*

Josselson, R. & Lieblich, A. (red.). 1999. *Making meaning of narratives – in Narrative Study of Lives (6).* London: Sage.

Köning, A. 2010. *Die groot geloofswoordeboek: Afrikaanse kerke – Susterskerke.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.bybelkennis.co.za/Die-Groot-Geloofswoordeboek/Die-Groot-Geloofswoordeboek [Besoek op 13 Oktober 2010].

Kruger, S., Rayner, P. & Wall, P. 2004. *As Media Studies: The essential introduction.* 2de uitgawe. New York: Routledge.

Krüger, V. Julie 1985. Wat is Pinkster? *Pinksterboodskapper.* Deel 10 (7): 2 – 3.

Laidlaw, B. s.a. *Scifans.com looks at The Haunted Mansion (2003).* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.angelfire.com/mn/nn/HauntedMansion.html [Besoek op 7 Julie 2010].

Lategan, L. O. K. 1995. Kom nou prediker! Enkele riglyne vir betekenisvolle prediking as kommunikasie. *Communitas* 2 (1995): 78 – 82.

Lombaard, C. 2005a. *Religieuse kommunikasie – 'n ontluikende akademiese dissipline, Deel 1*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=109 [Besoek op 5 Augustus 2010].

Lombaard, C. 2005b. *Religieuse Kommunikasie – 'n ontluikende akademiese dissipline, Deel 2: Onderweg na breër insig in die aard van die vakgebied Religieuse Kommunikasiekunde.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=113 [Besoek op 5 Augustus 2010].

Longenecker, B.W. (red.). 2002. *Narrative dynamics in Paul: A critical assessment.* London: Westminster John Knox Press.

Macé, M. 2005. *Routledge Encyclopaedia of Narrative Theory*. [Aanlyn]. Herwin van: http://people.cohums.ohio-state.edu/herman145/RENT.html [Besoek op 29 Februarie 2008].

McCollum, R. s.a. *Preaching School: Every Nation Productions* (DVD). VSA: Destiny Video Media.

Media @ ESF. S.a. *Narrative Theory*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.esfmedia.com/page/Narrative+theory [Besoek op 2 Julie 2010].

*Merriam Webster Dictionary*. 2008. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.merriam-webster.com/dictionary/rhetoric [Besoek op 3 September 2008].

*Merriam Webster Online.* 2010. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.merriam-webster.com/dictionary/preach [Besoek op 9 Augustus 2010].

Merry, J. 2000. *Animation (MA).* [Aanlyn]. Herwin van: www.scribd.com/doc/40384/Narrative-in-Computer-Games [Besoek op 7 Julie 2010].

Möller, F. P. 1989. Ontmoet die AGS van Suid-Afrika. *Pinksterboodskapper.* Deel 14 (2): 5 - 7.

Nell, I. A. 1986. Styl en (semiotiese) betekenis in enkele gedeeltes uit die Filippensebrief. *Acta Academica – Reeks D* (6): 79 - 83.

Nordquist, R. 2010. *Ellipsis (grammar).* [Aanlyn]. Herwin van: http://grammar.about.com/od/e/g/ellipsisterm.htm [Besoek op 5 Augustus 2010].

Nothnagel, P.D. 1995. *Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika, Suid-Kaap Streek. Historiese Oorsig 1915 – 1995.* Goodwood: Suid-Kaapse Streekraad.

Palmquist, M. 2009. *Content analysis.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.ischool.utexas.edu/~palmquis/courses/content.html [Besoek op 25 Augustus 2010].

Perelman, C. 1982. *The realm of rhetoric.* VSA: University of Notre Dame Press.

Phelan, J. & Rabinowitz, P.J. (red.). 2005. *A companion to narrative theory.* VSA: University of Nebraska Press.

Pilgrim, G. 2010. *Analogy examples.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.buzzle.com/articles/analogy-examples.html [Besoek op 2 September 2010].

Porter, H. M. s.a. *Rhetorical strategies of idea development and organization: MSU Writing Center.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www1.english.montana.edu/wc/Information/rhetorical-strategies. [Besoek op 2 September 2008].

Prickett, S. 2002. *Narrative, religion and science: Fundamentalism versus irony, 1700 – 1999.* Cambridge: Cambridge University Press.

Princeton University. 2010. *WordNet – A Lexical database for English: Direct Quotation.* [Aanlyn]. Herwin van: http://wordnetweb.princeton.edu/perl/webwn?s=direct%20quotation [Besoek op 1 September 2010].

Random House. 2010. *Illustration.* [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/illustration [Besoek op 2 September 2010].

Rankin, J. 2002. "What is narrative? Ricoeur, Bakhtin, and Process Approaches." *Concrescence: The Australian Journal of Process Thought.* Vol 3: 1.

*Religions of South Africa.* 2010. (Televisieprogram). SABC 1. 25 Julie.

Rensburg, R. S. 1989. *Vertikale kommunikasie: 'n Kommunikasiekundige ondersoek van die transendente ervaring.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Suid-Afrika: Universiteit van Suid-Afrika.

Research Connection. s.a. *Child care and early education: Research connections*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.childcareresearch.org/childcare/datamethods/fieldresearch.jsp [Besoek op 25 Augustus 2010].

Roberts, K. G. 2004. Texturing the Narrative Paradigm: Folklore and Communication. *Communication quarterly* 52 (2): 129 – 141.

Ryan, M. 2004. *Narrative across media: The languages of storytelling.* USA: Universiteit van Nebraska Drukkers.

Scaife, R. 2004. *A glossary of rhetorical terms with examples*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.uky.edu/AS/Classics/rhetoric.html [Besoek op 3 September 2008].

Second Life. 2010. *What is Second Life?* [Aanlyn]. Herwin van: http://secondlife.com/whatis/?lang=en-US#Welcome [Besoek op 6 Julie 2010].

Simpson, B. 2009. *Media and spiritual formation.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.collidemagazine.com/article/277/media-and-spiritual-formation [Besoek op 28 Januarie 2010].

Snyman, A. H. 1986. Retoriese kritiek en die Nuwe Testament. Die bydraes van en verband tussen Kennedy en Perelman. *Acta Academica – Reeks D* (6): 1 – 15.

Snyman, G. 2007. *Die Bergrede van Matteus 5 – 7 en die koninkryksgelykeniss van Matteus 13 as interpretante van die Koninkryk van God. – 'n Teologies-kommunikastiewe ondersoek.* Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

South Africa Tourism. 2010. *AGS Bloemfontein Sentraal: Jubilate gemeente.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.southafrica.net/sat/content/en/us/product-detail?oid=164048&sn=Detail&pid=1 [Besoek op 21 Julie 2010].

Terblanche F.H. & Terblanche L. 2007. Aspekte van Fisher se narratiewe teorie as vertrekpunt vir 'n retoriese kritiekbenadering tot die *De la Rey*-liriek? *Communitas* 12 (2007): 93 – 113.

*The American Heritage New Dictionary of Cultural Literacy.* 2005. [Aanlyn]. Herwin van: http://dictionary.reference.com/browse/motif [Besoek op 2 September 2010].

*The Concise Oxford Dictionary of current English.* 1979. 6de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

*The Free Dictionary by Farlex*. 2010a. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.thefreedictionary.com/imperative [Besoek op 4 Augustus 2010].

*The Free Dictionary by Farlex*. 2010b. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.thefreedictionary.com/preaching [Besoek op 9 Augustus 2010].

The Jampacked Bible. 2000. *The Hagadah - Telling Stories.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.aj6.org/jpbo/105/page3.html [Besoek op 8 Julie 2010].

Theron, T. 2008. *Ontdek jou plek.* Bloemfontein: AGS Siloam.

Theron, T. 2009. *AGS Siloam: Geestelike Wegspringkursus.* Bloemfontein: AGS Siloam.

Theron, T. 2010. Persoonlike onderhoud. Bloemfontein: 11 Augustus.

Universiteit van Ohio. s.a. *Sites on Hypertext and Hypertext Fiction.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www-as.phy.ohiou.edu/~rouzie/569A/compcreative/hypertext.htm [Besoek op 6 Julie 2010].

Van Aarde, A. G. 2006. *Vertellersperspektiefanalise van Nuwe-Testamentiese tekste.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Westhuizen, M. 2010. Telefoniese onderhoud. Bloemfontein: 21 Julie.

Van Rensburg, E. 2008. *100 stories vir jong-ore omnibus.* Wellington: Lux Verbi.

Van Rensburg, J. & Zeeman, T. 1999. *Kom, Skepper-Gees, Heilige Gees!* Bloemfontein: Drufoma.

Western Washington University. s.a. *Persuasive words, logical fallacies and intent signals*. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.ac.wwu.edu/~gmyers/esssa/rhetoric.html [Besoek op 2 September 2008].

*WordNet 2.0*. 2003. [Aanlyn]. Herwin van: http://define.com/Parable [Besoek op 9 Augustus 2010].

*Your Dictionary.com.* 2010. [Aanlyn]. Herwin van: http://www.yourdictionary.com/jubilate [Besoek op 18 Augustus 2010].

123HelpMe.com. 2010. *Field Research.* [Aanlyn]. Herwin van: http://www.123helpme.com/view.asp?id=148737 [Besoek op 26 Augustus 2010].

## AANHANGSEL A

| **Element van Narratiewe Kommunikasie** | **Voorkoms van die element** |
|---|---|
| **1) Hele narratief/vertelling/storie** | |
| **2) Narratiewe storie-elemente:** | |
| 2.1) Storielyn/"golden thread" | |
| 2.2) Inleiding wat agtergrond skep | |
| 2.3) Katalisator | |
| 2.4) Spanning en klimaks kom voor | |
| 2.5) Ontknoping van konflik | |
| 2.6) Onverwagse wending van gebeure | |
| 2.7) Gevolglike verbindings | |
| 2.8) Karakterisering kom voor | |
| 2.9) Skep identifisering met karakters | |
| 2.10) Plat karakters | |
| 2.11) Ronde karakters | |
| 2.12) Antagonis | |
| 2.13) Protagonis | |
| 2.14) Derdepersoonsverteller | |
| 2.15) Eerstepersoonsverteller | |
| 2.16) Narratiewe ligging | |
| 2.17) Terugflitse | |

| | |
|---|---|
| 2.18) Ingeboude narratief | |
| 2.19) Ervaringsnarratief | |
| **3) Slegs narratiewe stylelemente teenwoordig** | |
| **<u>4) Narratiewe stylelemente:</u>** | |
| 4.1) Gebruik direkte aanhalings | |
| 4.2) Gebruik metafore | |
| 4.3) Gebruik gelykenisse | |
| 4.4) Gebruik spreekwoorde | |
| 4.5) Gebruik vergelykings | |
| 4.6) Gebruik illustrasies | |
| 4.7) Geselstrant | |
| 4.8) Spreek basiese menslike behoeftes aan | |
| 4.9) Gebruik algemene/gedeelde ervarings | |
| 4.10) Toepassing op realiteit | |
| 4.11) Stuur af op keuse | |
| 4.12) Is vertelling waarde-gelaai? | |
| 4.13) Self-openbaring van verteller | |
| 4.14) Voorkoms van temas en motiewe | |
| 4.15) Anti-outoritêr | |
| 4.16) Kleurvolle detail | |
| 4.17) Humor of verskuilde humor | |

| | |
|---|---|
| 4.18) Gebruik sintuiglike waarnemings | |
| 4.19) Gebruik stereotipes | |
| 4.20) Gebruik mites, fabels, legendes | |
| 4.21) Gebruik geskiedenis | |
| **5) Taalelemente (stylelemente):** | |
| 5.1) Gebruik poëtiese taal | |
| 5.2) Gebruik kort sinne | |
| 5.3) Gebruik eenvoudige woorde | |
| 5.4) Gebruik direkte rede | |
| 5.5) Gebruik uitroepe | |
| 5.6) Gebruik alliterasie | |
| 5.7) Gebruik assonansie | |
| 5.8) Temporale oorgangswoorde | |
| **6) Nie-verbale elemente (stylelemente):** | |
| 6.1) Stem en liggaam versterk storie | |
| 6.2) Gebruik prente/foto's as vertelling | |
| 6.3) Gebruik musiek om vertelling te versterk | |
| 6.4) Digitale media om vertelling te versterk | |